

KARAKTERTYPES BY TERENCE.

DEUR

W.C. KLOPPER.

Verhandeling voorgelê ter gedeeltelike vervulling
van die vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM

in die Fakulteit

LETTERE EN WYSBEGEERTE

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT

VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS.

NOVEMBER 1959.

VOORWOORD .

Die uitgawe van Terentius se komedies wat in besonder vir hierdie studie geraadpleeg is, is die van R. Kauer en W.M. Lindsay: P. Terenti Comoediae, Clarendon Press, Oxford, 1953.

Vir die doel van die studie is die karakters wat in die ses komedies optree, verdeel in vyf klasse: Senes, Adulescentes, Servi, Feminae en Professionele Karakters. Elke karakter word onder sy bepaalde soort afsonderlik beskryf en ontleed. Die verskillende karakters en al hulle karaktereienskappe word dan in elke bepaalde soort in tabelvorm voorgestel om die verskille en ooreenkomste aan te toon, en uiteindelik vergelyk om sodoende te toon dat Terentius se karakters nie bloot stereotipe tipes is nie, maar mense.

Graag wil ek 'n woord van hartlike dank en waardering rig aan Prof.dr. W.N. Coetzee vir sy raad en leiding. Dit was 'n voorreg om onder hom te werk. My dank ook aan my kollegas vir hulle taalkundige advies.

POTCHEFSTROOM:
November 1959.

I N H O U D S O P G A W E.Bladsy.

VOORWOORD.....

D E E L E E N.HOOFSTUK I : DIE AGTERGROND VAN TERENCE'SE KARAKTERS.

A. Griekse Komedie.....	1 - 3
B. Romeinse Komedie.....	4 - 6
C. Die Teater : Manier van Opvoering.....	6 - 10
D. Tema en Behandeling.....	11 - 12

D E E L T W E E.ONTLEDING VAN KARAKTERTIPES.HOOFSTUK II : SENEX.

A. <u>Andria</u> :	1. Simo.....	13
	2. Chremes.....	18
	3. Crito.....	21
B. <u>Heautontimorumenos</u> :	4. Chremes.....	22
	5. Menedemus.....	28
C. <u>Eunuchus</u> :	6. Laches.....	31
D. <u>Phormio</u> :	7. Demipho.....	33
	8. Chremes.....	37
E. <u>Hecyra</u> :	9. Laches.....	39
	10. Phidippus.....	43
F. <u>Adelphoe</u> :	11. Micio.....	45
	12. Demea.....	50
	13. Hegio.....	55
G. <u>Tabel</u>		58
H. <u>SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING..</u>		59

HOOFSTUK III : ADULESCENS.

A.	<u>Andria</u>	:	1.	Pamphilus.....	65
			2.	Charinus.....	68
B.	<u>Heautonti- morumenos</u>	:	3.	Clitipho.....	70
			4.	Clinia.....	73
C.	<u>Eunuchus</u>	:	5.	Phaedria.....	76
			6.	Chaerea.....	78
			7.	Chremes.....	82
			8.	Antipho.....	83
D.	<u>Phormio</u>	:	9.	Antipho.....	84
			10.	Phaedria.....	87
E.	<u>Hecyra</u>	:	11.	Pamphilus.....	89
F.	<u>Adelphoe</u>	:	12.	Aeschinus.....	92
			13.	Ctesipho.....	97
G.	<u>Tabel</u>				101
H.	<u>SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING</u>				102

HOOFSTUK IV : SERVUS.

A.	<u>Andria</u>	:	1.	Davos.....	107
			2.	Byrria.....	110
			3.	Sosia.....	111
B.	<u>Haautonti- morumenos</u>	:	4.	Syrus.....	112
			5.	Dromo.....	115
C.	<u>Eunuchus</u>	:	6.	Parmeno.....	115
			7.	Sanga.....	118
D.	<u>Phormio</u>	:	8.	Geta.....	118
			9.	Davos.....	121
E.	<u>Hecyra</u>	:	10.	Parmeno.....	121
			11.	Sosia.....	124
F.	<u>Adelphoe</u>	:	12.	Syrus.....	125
			13.	Geta.....	127
G.	<u>Tabel</u>				129
H.	<u>SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING</u>				130

HOOFSTUK V: FEMINAE

A. Matrona:

1.	Sostrata - Heautontimorou-	
	menos.....	134
2.	Nausistrata - Phormio....	135
3.	Sostrata -)	137
4.	Myrrina -) Hecyra.....	140
5.	Philumena-)	142
6.	Sostrata - Adelphoe.....	143

V.

B. Meretrix:

1.	Chrysis - Andria.....	144
2.	Bacchis - Heautontimoru- menos.....	145
3.	Thais - Eunuchus.....	147
4.	Bacchis -)	152
5.	Philotis-) Hecyra.....	155

C. Virgo:

1.	Glycerium - Andria.....	156
2.	Antiphila - Heautontimoru- menos.....	157

D. Servae:

(a) Ancilla:

1.	Mysis - Andria.....	159
2.	Phrygia - Heautontimoru- menos.....	160
3.	Pythias -)	161
4.	Dorias -) Eunuchus.....	162

(b) Nutrix:

5.	Canthara - Heautontimoru- menos.....	162
6.	Sophrona - Phormio.....	163
7.	Canthara - Adelphoe.....	164

(c) Anus:

8.	Syra - Hecyra.....	164
----	--------------------	-----

(d) Obstetrix:

9.	Lesbia - Andria.....	165
----	----------------------	-----

E. Tabel..... 166

F. SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING..... 167

HOOFSTUK VI: PROFESSIONELE KARAKTERS.

A. Parasitus:

1.	Phormio - Phormio.....	175
2.	Gnatho - Eunuchus.....	179

B. Miles:

3.	Thraso - Eunuchus.....	181
----	------------------------	-----

C. Leno:

4.	Dorio - Phormio.....	184
5.	Sannio - Adelphoe.....	185

D. Eunuchus:

6.	Dorus - Eunuchus.....	187
----	-----------------------	-----

E. Advocati:

7.	Hegio -)	187
8.	Cratinus-) Phormio.....	188
9.	Crito -)	188

F. <u>Tabel</u>	189
G. <u>SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING</u>	190

D E E L D R I E.

HOOFSTUK VII: <u>FINALE SAMEVATTING EN GEVOLG-</u> <u>TREKKING.</u>	194 - 201
<u>AANTEKENINGE EN BRONNE</u>	202 - 210
<u>BIBLIOGRAFIE</u>	211

DEEL I.

DIE AGTERGROND VAN
TERENTIUS SE KARAKTERS.

1. DIE AGTERGROND VAN TERENCE SE KARAKTERS.

A. GRIEKSE KOMEDIE.

Drama het by byna alle volke sy oorsprong in godsdienstige rites gehad. Beide Griekse tragedie en komedie het ontstaan uit die liedere en danse by die feeste wat ter ere van Dionysos, die god van die wyn, gehou is. Geleidelik het twee soorte komedie ontwikkel, nl. die Doriese en die Attiese, en dit het die vorm en tegniek van die ouere tragedie oorgeneem.

Griekse komedie het deur drie stadia van ontwikkeling gegaan. Die eerste was die Ou Komedie wat sy hoogtepunt bereik het in die werke van Aristophanes, die komedie van politieke satire. Die karikatuur was nou beperk tot die mitologie en tot die literêre, filosofiese en sosiale lewe. Dit was die Middel Komedie wat eintlik slegs 'n oorgang was van die Ou tot die Nuwe Komedie. Hierdie tydperk strek vanaf die einde van die Peloponnesiese Oorlog in 404 v.C. tot die troonbestyging van Alexander die Grote in 336 v.C. Die Atheners het geleidelik alle belangstelling in publieke strydvrage verloor en die komedie het van persoonlikhede tot algemeenheid verander.

Die Nuwe Komedie was dus die natuurlike gevolg van alles wat voorafgegaan het. Dit het amper 'n eeu lank geduur, vanaf 336 tot 250 v.C. Menander was die mees uitstaande digter van die tyd, uitstaande veral vir sy uitbeelding van karakters. Nuwe Komedie trek sy stof byna geheel en al uit die private lewe. Dit was wesenlik 'n „Comedy of Manners”,¹⁾ want die skrywers van Nuwe Komedie het in 'n veranderende wêreld geleef. Die Atheners wat onderwerp was aan Macedoniese oorheersing, het 'n kosmopolitiese lewensuitsig begin kry. Hulle het nou die besit van rykdom nagestreef, en plesier. Andere het hulle gekeer na die najaag van geestelike waardes, filosofiese norms. „It was a world in which

...../2 wars,

wars, sudden reversals of fortune, the enslavement of men and women, the separation and reunions of families, were frequent",
 sê Duckworth.²⁾ En Harsh sê: „The subjectmatter of New Comedy was taken almost exclusively from the everyday life of the upper middle class at Athens. New Comedy is much more generalized in subject and in appeal. It's sons and fathers are very much like the sons and fathers of any age, and its milieu of family life is perhaps the richest mine³⁾ of comic material to be found."

Die karakters van Nuwe Komedie verteenwoordig bekende tipes of klasse eerder as individue, want die veralgemening van stof en die losmaking van die historiese agtergrond moes lei tot 'n een-tonige herhaling van dieselfde intriges en dieselfde situasies. Onder die tipes was die streng vader en die toegewende oom, die bestendige en die wispelturige seun, die gierige en die onbaatsugtige meretrix, die getroue en goeie slaaf en die oorlamse slaaf wat vol bedrog is, die parvenu, en die grootprater, Kaptein van huursoldate, - tipes wat reeds in die drama van Sisilië was en bekend in die alledaagse lewe van die Griekse volk. Elke karakter het sy paslike masker en grimering gehad sodat die toeskouers hom maklik kon herken.

In teenstelling met Ou Komedie was die komedie nou „better constructed, was domestic or social instead of political, and refined instead of violent."⁴⁾ Die komedie het nou 'n verhaal uitgebeeld waarvan die hoofgedagte die verloop van ware liefde was, en die handeling het die pogings van die jongeling voorgestel om sy minnares te bekom, meestal met bittere teenkanting van sy vader of voogd en met behulp van 'n skelm slaaf. Die heldin word aan die begin van die verhaal beskou as 'n hetaera, maar daar word dan gevind dat sy 'n Atheense burgeres is, sodat sy met die held mag trou.

...../3 Die

Die karakters wat voorgestel word, was tipes wat die beste geskik was om vermaak te verskaf aan die groot en gemengde gehore vir wie se genot die drama van die tyd geskep is. Die morele lewe van die Nuwe Komедie was nie op 'n baie hoë vlak nie, maar skrywers soos Menander en sy Romeinse navolgers moet nie volgens moderne standaarde geoordeel word nie, maar volgens die standaarde van die tyd waarin hulle geleef het. In die lig daarvan kan gesê word dat die skrywers van Nuwe Komедie gladnie aanstoot gegee het aan die smaak van hulle tyd nie. Hulle skets slegs die sosiale lewe in die Athene van die tyd, „a representation of Athenian life in which the seamy is the prominent side.”⁵⁾ Tog het die sosiale drama waarin die komedie ontwikkel het, nie bloot ten doel gehad om vermaak te verskaf nie, maar eerder die uitbeelding van ingewikkelde probleme van die alledaagse lewe.

Dit was hierdie Nuwe Griekse Komедie wat die hoogtepunt van sy gewildheid bereik het toe Rome haar tot die skryf van dramas gekeer het; want Menander se dramas was nie slegs beperk tot sy eie tyd en land nie: dit was die weergawe van universele gevoelens en emosies van alle tye, die liefde, hoop en vrees van gewone mans en vroue. Hy skryf met groot deernis vir sy karakters, verdraagsaam teenoor hulle menslike swakheid, hulle liefde en jaloesie, haat en vrees. Hy is beskou as die volmaakte spieël van sy tyd, die lewe van hellenistiese Athene teen die einde van die derde eeu v.C.: 'n gemeenskap wat slegs belanggestel het in sosiale vermaak en plesier, nie in hulle vaderland se veiligheid of die geskiedenis van hulle volk nie; slegs die alledaagse lewe van die hoër middestand wie se lewe gebaseer was op geld en die genieting van die lewe. Daarom neig die karakters tot die stereotipe. Tog was Menander ook beroemd vir sy uitbeelding van lewensgetroue mense. „Menander portrayed the society with which he was familiar, the life of the upper middle class; he dealt with universal emotions, the loves, hopes and fears of ordinary men and women.”⁶⁾

B. ROMEINSE KOMEDIE.

In Italië het drama ook sy oorsprong gehad in die seremonies wat deel was van die aanbidding van verskeie van die goddelikhede van die lande. Die Romeine het 'n voorliefde gehad vir gebaarspel en mimiek. Die vroegste vorm van drama in Rome het dus bestaan as 'n ruwe vorm van dramatiese dialoog in versvorm, volgens Horatius.⁷⁾ Dit is die Versus Fescennini genoem. Dit is begelei deur 'n mengeling van sang en danse, genoem die Satura, „impletas saturas," (Livius), „saturam modos," (Valerius Maximus),⁸⁾ en het waarskynlik geen verhaal of argumentum bevat nie.

Twee ander belangrike vorms van vroeë drama was die Fabula Atellana en die Minus. Die Atellana was kort en is gebruik as exodia, naspele na tragedie-opvoerings. Belaglike situasies, bedrog, skelmstreke en algemene lawwigheid het 'n groot rol daarin gespeel, maar musiek en sang was net so 'n belangrike deel daarvan. Dit is opgevoer deur bepaalde karakters (personae Oscae), en die toneelspelers het maskers gedra om die voorstelling van die tipes te vergemaklik. Daar was Maccus, die onnosel hanswors, Bucco, die vraat of grootprater, Pappus, die geklike ou man wat maklik bedrieg is, en Dossenus, die geslepe bedrieër.⁹⁾ Die Minus was 'n soort klugspel waarin mimiek, - dans, gebare en gesigsuitdrukking, 'n belangrike rol gespeel het. Hierdie Minus is sterk beïnvloed deur die ouere Griekse en gevolglik word dit gewoonlik die Graeco-Romeinse Minus genoem. Al hierdie vorms van drama het baie in gemeen gehad. „They portrayed broadly humorous situations of universal appeal; they parodied serious themes, presented the characters as exaggerated and ridiculous, and did not shrink from indecency and filth."¹⁰⁾

Nogtans was daar nog geen formele skrywer van drama in Rome nie, want die Romeine was besig met gewigtiger dinge, „with affairs of state, - with the passage of laws, the maintenance of armies, -

the building up of the state on its practical and material side.¹¹

Die Griekse letterkunde het reeds sy bloeitydperk bereik en saam met die Griekse beskawing na die val van Tarentum in 272 v.C. sy weg na Rome begin baan. In 240 v.C. skryf Livius Andronicus 'n tragedie en daarna 'n komedie, albei verwerkings van Griekse oorspronklikes, om by die Romeinse Spele opgevoer te word, en hy word dus die eerste skrywer van Romeinse komedie.

Hierdie praktyk om Griekse dramas te vertaal en te verwerk, is spoedig deur ander skrywers, onder wie Gnaeus Naevius, oorge- neem. Hulle het die Griekse Nuwe Komedie as model geneem, omdat dit die algemene Griekse drama van daardie tyd was. As gevolg van hulle kosmopolitiese aard kon hulle maklik verwerk word, want die onderwerp waaroor hulle gehandel het, was universele menslike verhoudinge. Hierdie komedies is Fabulae Palliatae, komedies in Griekse kleeed, genoem en dit was gebaseer op die komedies van Diphilus, Philemon, Menander en andere van hulle tydgenote. Na Livius en Naevius volg Quintus Ennius, Marcus Pacuvius en Lucius Accius.

Op die gebied van komedie was daar drie groot skrywers wat hulle geheel en al gewy het aan die skryf van Fabulae Palliatae, nl. Plautus, Caecilius en Terentius. Van Plautus is daar een-en-twintig komedies, maar sy werke is veel meer verwerkings om aan te pas by sy Romeinse gehore en hulle smaak, as vertalings van die Griekse.

PUBLIUS TERENTIUS AFER, (c. 195-159 v.C.) is te Carthago gebore en op jeugdige ouderdom na Rome gebring as die slaaf van die Romeinse senator, Terentius Lucanus, wat hom nie alleen die allerbeste opvoeding gegee het aangesien hy baie intelligent en aantreklik van voorkoms was nie, maar hom ook later sy vryheid geskenk het. Terentius het 'n intieme vriend geword van Scipio Africanus en Laelius en 'n lid van die geleerde Scipioniese kring wat hulle ten doel gestel het om die Griekse letterkunde en kul-

kultuur te versprei en daardeur ook die Latynse taal te verfyn en te verbeter. Daar is dan ook gesê dat sy invloedryke vriende hom gehelp het met sy letterkundige pogings. Toe hy vyf- en-twintig jaar oud was, het hy reeds ses komedies geskryf, almal gebaseer op oorspronklikes van die Griekse skrywers Menander en Apollodorus. Almal was Palliatae, want dit was die neiging van die tyd. Verder was die smaak van die sosiale kring waarin hy beweeg het, ook oorheers deur bewondering vir die Griekse kultuur. Daarom het hy hom daarop toegelê om die atmosfeer van die Griekse werke so getrou moontlik weer te gee. „He set himself to the task of Hellenizing Roman comedy more completely, and by a close imitation of his Greek models, he succeeded in combining with the better and purer Latin of the cultivated class much of the flexibility, delicacy, and smoothness of Attic idiom.”¹²⁾ Sy doel was om aan die Romeinse publiek in die suiwerste Latyn 'n opregte beeld te gee van die Griekse lewe en gewoontes soos geteken was in die geskrifte van die latere Griekse komedieskrywers. „He was not a mere translator but rather an adaptor from the Greek; and his aim was to give a true picture of Greek life and manners in the purest Latin style. -- Through him Roman literature possesses a living image of Greek society in the third century B.C., the life of Athens after the loss of her religious belief, her great political activity, and speculative and artistic energy - or rather, one of the phases of that life, as it was shaped by Menander.”¹³⁾

C. DIE TEATER: MANIER VAN OPVOERING.

Die Ludi: In die tweede eeu v.C. is dramatiese opvoerings gehou by geleentheid van verskillende Ludi Romani. Hierdie spele is gereeld elke jaar deur die aediles gegee, nl. die Ludi Circenses en Ludi Scaenici. By die twee feeste gewy aan Iuppiter, die Ludi Romani in September en ^{die} Ludi Plebei in November, is verskeie dae gewy aan Ludi Scaenici of toneelopvoerings. Ook in Julie is spele

...../7 opgevoer

opgevoer by die Ludi Apollinares, gewy aan Apollo, en in April by die Ludi Megalenses ter ere van die Groot Moeder. Maar daar was ook spesiale spele om 'n groot oorwinning te vier, by die wyding van 'n tempel of die grafspele van 'n beroemde Romein.

Die talryke jaarlikse feeste met die herhaalde opvoerings en die bykomstige spele, altesaam ongeveer vyf- en -twentig dae per jaar, het aan die Romeinse teaterganger 'n groot aantal geleenthede gebied om na toneelopvoerings te kyk. Die Romeinse opvoerings self het geen religieuse waarde gehad nie. Dit het slegs 'n deel gevorm van die publieke spele. „The play was in fact a mere side-show at these great festivals.”¹⁴⁾

Opvoering: Die opvoering van die komedie in die tweede eeu v.C. het gerus in die hande van 'n dominus gregis, die bestuurder van die grex of toneelgeselskap. Hy was ook die leier van die toneelspelers. Die actor en dominus gregis van Terentius se komedie was L. Ambivius Turpio. In die Ou Attiese Komedie was die aantal spelers beperk tot drie, net soos in die tragedie, maar in die Nuwe Komedie is die aantal vermeerder. In die Romeinse Palliatae was daar selde minder as vier hoofspelers. Die toneelspelers was gewoonlik slawe, want die Romeine het op die histrio en sy beroep neergesien.

Die onkoste verbonde aan die opvoerings moes betaal word uit toekennings wat die beamptes in beheer van die spele (aediles of praetores), gegee het. Die beampte het 'n kontrak met die dominus gregis aangegaan en hy het dan self die komedie van die digter gekoop of een aanbeveel wat die beampte kon koop. Dan het hy die spelers gehuur en alle nodige voorbereidings getref vir die oefening en opvoering. Hy het ook gereël vir die musiekbegeleiding en die kostuums, maskers en ornamente gekry. Die dramaturg het geen beheer gehad oor die drama nadat dit sy hande verlaat het nie, en hy het slegs die oorspronklike koopson ontvang, al is die drama weer opgevoer. Gevolglik was die dramaturg gretig dat sy toneelstuk deur die publiek wat die teater besoek het, goedgekeur moes word.

Teater en Verhoog: Circus spele en uitvoerings van swaardgevegte het reeds in die vroegste tye van die Romeinse geskiedenis bestaan. Tog was daar geen permanente teatergebou nie. Die vroegste teater het bestaan uit tydelike verhoë van hout wat vir elke opvoering in die buitelug opgerig is en daarna weer afgetakel is. Agter die verhoog het 'n houtafskorting as 'n muur diens gedoen, nl. die scaena. Die verhoog was 'n proscaenium of pulpitum, en die plek waar die toeskouers moes staan of sit, die caeva: dit was teen die kant van 'n heuwel. Later is houtpawiljoene opgerig. Die gelykte tussen die verhoog en die hoofgroep toeskouers is vir die senatore en mense van belang gereserveer. Die eerste klipteater is eers in 55 v.C. deur Pompeius te Rome gebou op die Campius Martius.

Die verhoog het 'n straat (via) voorgestel, die agtergrond (scaena) die gewone huise met deure op die straat. Alle tonele moes dus op straat afgespeel word. Aan die agtergrond van die verhoog was daar 'n angiportum of laan wat die huise verbind het. Aan albei kante van die verhoog was ingange: die een links van die toeskouers het 'n uitgang na die hawe en die buiteland voorgestel, die een regs, na die markplein of platteland. Op die verhoog voor een van die huise het 'n altaar (ara) gestaan.

Kostumering: Die kostumering van die spelers in die Palliatae was die van die Grieke in Nuwe Komedie, d.w.s. die kleredrag van gewone Griekse burgers en slawe wat voorgestel is. Dit het bestaan uit 'n onderkleed, tunica, daar bo-oor 'n lang mantel, pallium, wat vry burgers gedra het, en 'n korter vorm, die chlamys vir soldate en jongmanne. Almal het sandale gedra, socci in komedie, cothurni in tragedie. Pruik van verskillende kleure is gebruik, wit vir ou manne, swart om jongmanne voor te stel, en rooi vir slawe. „From this it appears that the typical or conventional character of the personages appearing on the stage was emphasized through dress.”¹⁵⁾

...../9 Karakters.

Karakters: Daar was verskillende tipes wat voorgestel is. Die term Senex word gegee aan 'n man van 40 jaar en ouer. „He is described as whitehaired (canocapite, albicapillus), occasionally bearded (barbatus), toothless (eduntulus), quivering (tremulus), feeble (decrepitus). He is often portrayed with a staff and sometimes with a purse.”¹⁶⁾

Die Adulescens, jongman, het 'n pallium gedra, wat helder-kleurig was en van ryk materiaal. Die Miles, soldaat, het 'n eienaardige hoë silindervormige helmet gedra. Die Servus, slaaf, het gewoonlik rooi hare gehad, groot voete en 'n donker gelaatskleur. Die rolle van Feminae is deur manlike spelers vertolk wat 'n loshangende kleed bo-oor die onderkleed gedra het. Daar was ook die kok, coquus, wat 'n kort tunica gedra het en 'n lepel of een of ander kossoort in die hand gehad het. Die parasitus het 'n langmou onderkleed en 'n chlamys-mantel gedra, terwyl daar ook nog die leno was, onaansienlik van voorkoms, soms bebaard, met 'n staf of beursie in die hand. In Griekse Nuwe Komedie het die spelers pruike gedra, maar die algemene mening is dat pruike eers na die dood van Terentius in Romeinse toneelopvoerings gebruik is. Gevolglik het die spelers van grimering gebruik gemaak om die rolle wat hulle voorgestel het, aan te toon.

Die agtergrond en décor het nie gedurende die opvoering verander nie en die handeling was dus feitlik aaneenlopend. Daar was geen verdelings in bedrywe nie, slegs kort pouses. Die komedies is verdeel in *diverbia*, tonele wat gepraat is sonder musiekbegeleiding, en *cantica*, tonele wat voorgedra of gesing is met musiekbegeleiding.

Gehore: Die proloë van Terentius se dramas gee ons 'n goeie insig in die aard van die gehore in die tweede eeu v.C.¹⁷⁾ Die teaters was slegs gedurende die dag oop vir dramatiese opvoerings en hierdie opvoerings het teen ongeveer 3 nm. geëindig, 'n uur voor die cena.¹⁸⁾ Duff-Wight sê: „At Rome one piece was played a day. It started about noon and occupied nearly three hours.” Die gehoor is voor

...../10 die

die tyd ingelig oor die naam en aard van die komedie, oor die skrywer en oor die oorspronklike Griekse stuk waarop die komedie gebaseer is. Daar was baie ander vermaaklikhede waarvan die Romeine veel meer gehou het as van toneelopvoerings, bv. swaardgevegte, stoeigevecte, circus spele, ens. Gevolglik moes 'n toneelopvoering hulle smaak tevrede stel, of anders het hulle eenvoudig na 'n ander vorm van vermaaklikheid gegaan.

Die komedie was dus vir die gehoor slegs 'n vorm van ligte vermaak, 'n minder belangrike deel van al die vermaaklikhede: want die gehoor het bestaan uit mense van alle stande en rasse: waardige senatore, uitbundige plebejers, slawe, skreeuende kinders en kekkelende vroue. „The playwright's constant plea for silence and a fair hearing implies that the spectators were a noisy and unruly lot.”¹⁹⁾

Die Romeine was oor die algemeen nie opgevoed in die fyn kultuur van die Grieke nie; hulle beskawing was nog ru, onafgewerk. Daarom het die toeskouers slegs vermaak gesoek, nie 'n fynafgewerkte komedie met karakters wat lewensgetrou en opreg uitgebeeld was nie, nie skoonheid van taal of begrip nie. Hulle wou intrige hê en bedrog wat duidelik verstaanbaar was vir die toeskouers: „gross incidents of eating, drinking and wenching; dialogue piquant with retorts, scolding matches, pun, proverbs, coined words and illustrations from manifold walks in life; rapid changes of metre and music, with gesticulation and dancing, made up of a rich and varied compound attractive to both ear and eye.”²⁰⁾

Die gehore het hulleself nie gekwel oor die feit of die werke oorspronklik was of nie; hulle wou slegs 'n storie hê wat hulle maklik kon verstaan en wat aan hulle genot sou verskaf. Hulle het nie omgee of dit 'n komedie was wat 'n letterlike vertaling van die Griekse was of slegs 'n verwerking nie. „What the spectators demanded were ingenious plots, amusing characters, and an abundance of laughter.”²¹⁾

D. TEMA EN BEHANDELING.

Die Romeinse dramaturg was dus gebonde deur soveel konvensies dat daar nie veel ruimte gelaat is vir sy eie skeppingsmag nie. Hy moes baie vernuftig wees om 'n komedie van blywende waarde te skryf. Ook wat die stof self betref, was hy gebonde aan sy oorspronklike wat hy slegs kon verwerk, want beide Plautus en Terentius en hulle voorgangers het die intrige en karakters van die Griekse komedies, die sosiale drama van Griekse Nuwe Komédie, gebruik en verwerk.

Ons kennis van Nuwe Komédie is te beperk om beslis te kan sê wat die aard daarvan was. Die paar fragmentariese dele van Menander toon dat die hoofelemente in die komedies saamgestel is uit liefdes-intrige, misverstand wat uit onkunde ontstaan, en 'n gelukkige ontdekking wat die verwarring opklaar en 'n gelukkige einde bewerk. Die verhaal was altyd naastenby dieselfde, „somewhat stereotyped, but admitted of countless possibilities for variety of detail.”²²⁾ Die liefdesverhaal was die van 'n arm jongeling wat op 'n jongmeisie verlief raak, maar sy weet nie wie haar ouers of familie is nie, en sy vervul dikwels die rol van 'n meretrix. Die jongeling word bygestaan deur sy behulpsume, maar geslepe slaaf wat hom help om sy streng vader te bedrieg en om geld te bekom om die meisie los te koop uit die hande van die genadelose leno. Daar word dan gevind dat sy wel 'n Atheense burgeres is wat as kind van haar ouerhuis ontvoer was of weggeraak het, en wat nou weer haar ouers vind. Die jongeling mag dan met haar trou en sodoende hulle onwettige verhouding wettig maak.

Dit was hierdie argumenta wat Plautus en Terentius oorgeneem het en verwerk het om aan te pas by die gehore en gees van die tyd. Plautus het hom dan ook daarop toegelê om die komiese effek van die oomblik uit te bou en te verskerp. Terentius het hom strenger aan die oorspronklike gehou. Hy het ook die gemeenskap van Menander geskets, die ryk middelstand in Hellenistiese Athene van die derde eeu v.C.²³⁾

As gevolg van die beperktheid van die stof, neig die verhale tot die stereotipe, maar dit raak slegs die uiterlike vorm en konstruksie van die verhaal en, ten spyte van al die basiese ooreenkomste, is daar 'n wonderbaarlike verskeidenheid in die intriges van die dramas. In die keuse van hulle karakters was hulle gebonde aan die konvensies van die teater, want die karakters wat hulle gebruik, tref ons ook aan in die komedies van ander dramaskrywers. Hulle kom uit die Nuwe Griekse Komedie. Die karakters wat die meeste voorkom in die komedies van Plautus en Terentius is manlik, - ou manne: senes, jongmanne: adulescentes, slawe: servi. Die manlike karakters speel gewoonlik die hoofrolle. Die vrouerolle wat uitgebeeld word, is getroude vroue: matronae, diensmeisies: servae, en straatvroue: meretrices. Ook hierdie rolle is in die Romeinse teater deur mans vertolk, want aangesien jongmeisies nie toegelaat was om in die openbare lewe in die Griekse samelewing deel te neem nie, tree hulle ook nie in 'n toneelopvoering op die verhoog op nie. Wanneer hulle wel 'n rol het, en daar is gewoonlik een virgo in elke drama, speel hulle hulle rolle agter die skerm sodat slegs hulle stemme gehoor word, of daar net van hulle gepraat word. In ander gevalle tree hulle op as meisies wat beskou word as meretrices omdat hulle in hul kinderdae van hulle ouers af weggevoer is, maar hulle word dan gered uit die hande van die leno en in ere herstel as jongdames en burgeresse van Athene. Hulle is dan ook gewoonlik die heldinne in die dramas.

Ander rolle wat dikwels voorkom en belangrik is vir die ontwikkeling van die handeling en ook vir die komiese effek, is soldate: milites, parasiete: parasiti, geldskietters: trapezitae, koks: coqui, en slawehandelaars: lenones.

DEEL 2.

ONTLEDING VAN DIE
KARAKTERS.

11. SENEX.A. ANDRIA.1. Simo

Al Simo se aandag word gewy aan sy seun en al sy handelinge word aangedryf deur 'n begeerte vir wat hy beskou as die hoogste belange van sy seun. Hy het sy seun baie lief. Dit hoor ons uit sy trotse vertelling aan Sosia hoe bly hy was omdat Pamphilus so 'n matige lewe gevoer het, sodat al sy bure hom gelukgewens het met sy goeie seun, (v.89): „gaudebam”. Uit liefde vir sy seun het hy selfs na Chrysis se begrafnis gegaan omdat hy gesien het dat Pamphilus so bedroef was, (v.115). Hy wil nie die stories oor Pamphilus glo nie, (146sqq., 835sqq.), want hy vertrou hom en kan nie glo dat hy sy vader sal bedrieg nie.

Hy is ook baie toegewend en liberaal in die opvoeding van sy seun. Collins noem hom „an indulgent father who dreads nothing so much as having to find fault with his son at all.”¹⁾ Alhoewel hy gehoor het dat Pamphilus 'n minnares het, wil hy geen navraag daaroor doen nie, want dan sou hy onredelik wees, en dit wil hy nie graag wees nie, (186 sqq.):—

„sed nunc ea me exquirere

iniqui patris est; nam quod antehac fecit nihil ad me attinet.

dum tempus ad eam rem tulit, sivi animum ut expleret suum.”

Hy bestraf Pamphilus wel, maar nie sonder baie goeie rede nie. Wanneer hy sien hoe besorgd Pamphilus oor Glycerium is, meen hy: „nec satis ad obiurgandum causae.” (v. 138). Selfs wanneer Chremes kom kla omdat hy gehoor het dat Pamphilus Glycerium as sy vrou beskou, tree hy nog nie op nie. (151 sqq.). Eers as Pamphilus sou

...../14 weier

weier om met die meisie van sy vader se keuse te trou, sou hy optree (155 sqq).

Pamphilus self sien nie kans om teen sy vader se wense te handel nie en eerbiedig hom, (262 sq.):-

„tum patri' pudor, qui me tam leni passus est animo usque adhuc quae meo quomque animo lubitumst facere. eine ego ut advorser?"

Simo is baie regverdig en sorg altyd dat hy doen wat reg is. Hy het Sosia altyd goed behandel en hom die beloning vir sy getroue diens gegee, (35sqq):-

„a parvulo ut semper tibi
apud me iusta et clemens fuerit servitus
scis."

Hy is baie gesteld daarop dat andere sal dink dat hy 'n goeie man is. Om daardie rede probeer hy eers sorgvuldiglik Pamphilus se houding teenoor die huwelik uitvind voordat hy hom bestraf, want anders, „ipsu' sibi esse iniuriu' videatur, neque id iniuria" (v. 377). Hy sorg eers dat sy seun hom belowe dat hy met die meisie sal trou, selfs al glo hy nie dat hy die waarheid praat nie. Daarna sou hy kon optree, (157 sqq, 530 sq.):-

„nam gnatu' quod pollicust, haud dubiumst mihi, id
si nolit, quin eum merito possim cogere."

want hy is ook 'n streng vader, en Pamphilus vrees hom ook:

„ni metuam patrem," (v. 918; cf. v. 613, vv. 699 sq.) Donatus noem die ou manne in die Andria „severi senes."²⁾ Ook Davos erken dat sy baas geen gek is nie (v. 211):-

„quoi verba dare difficilest....." Hy vrees sy dreigemente (v.210) en noem hom „astute" (v. 183). Hy besef dat hy reeds van Glycerium uitgevind het en hulle goed dophou: „me infensus servat..." (v. 212); want Simo is slim genoeg om nie dadelik op te tree nie (379 sq.):-

„ibi culpam in te transferet:

tum illae turbae fient." (Cf. 405 sqq.) Hy meen dat

...../15 hy

hy sy seun en Davos baie goed verstaan en dat hy al hulle planne in die wiele kan ry. Hy is baie agterdogtig teenoor Davos en vertrou niks wat hy doen nie. Hy meen dat hy sy seun se hand-
langer is en dat hulle saam planne teen hom beraam. Daarom waar-
sku hy Sosia om hulle dop te hou (v.170), en besluit hy om hulle
ook te bedrieg.³⁾ Hy waarsku Davos dat hy geen skelmstreke moet
uithaal nie (vv.196-201, 204 sq.). Wanneer Pamphilus instem
om te trou, is Simo verstom, maar hy bly baie kalm en prys hom:

„facis ut te decet,

quom istuc quod postulo impetro cum gratia." (421 sq.) Hy
gee voor dat hy baie verdraagsaam is, maar hierin bedrieg hy hom-
self, want Davos ken sy baas en vertrou hom nie (175 sq.).

„eri semper lenitas

verebar quorsum evaderet."

Wanneer hy Davos pols oor sy seun se gevoelens, kry Davos 'n kans
om sy baas te bedrieg (432 sqq.) Simo maak of hy hom glo, tog
bly hy in werklikheid vol wantroue, en hierdie ongeloof van hom
lei uiteindelik tot selfbedrog.⁴⁾ Hy hoor hoe Mysis Pamphilus prys
omdat hy sy kind gaan erken, en hy is dan eers verstom, maar meen
gou dat hy verstaan (v. 471): „haec primum adfertur iam mi ab
hoc fallacia." Selfvoldaan prys hy sy skerp verstand: „vix tandem
sensi stolidu!" (v. 470), en spot Davos omdat hulle plan so swak
is. Hy is baie bly omdat hy dit betyds uitgevind het en so be-
spotting vrygespring het, want dit is sy grootste vrees (v. 479):

„quos mihi ludos redderet."

Baie bombasties roep hy uit teenoor Davos (492 sq.):-

„O Dave, itan contemnor abs te? aut itane tandem idoneus
tibi videor esse quem tam aperte fallere incipias dolis?"

Met vreugde besef Davos wat gebeur: dat Simo nou besig is om hom-
self te bedrieg (v. 495):

„certe hercle nunc hic se ipsu' fallit, haud ego."

Simo wil dan ook niks verder luister nie: hy weet alles, (v. 502)

en as gevolg van hierdie selftevredeheid van hom kry Davos die geleentheid om die bedrog deur te voer. Alhoewel Simo nie heeltemal glo nie (v. 525), word hy tog gedwing om Davos te vertrou, want hy verduidelik vir hom die saak net soos hy dit self ingesien het. Sy vrees om bedrieg te word, is nou weg. (582 sqq.). Hy vertrou Servos nou en erken eerlik dat hyself ook bedrog gepleeg het (v. 588): „simulavi, vos ut pertemptarem.” Hy glo dat alles nou reg is en in sy blydschap probeer hy ook Chremes oortuig dat Davos die waarheid praat. Vurig is sy pleitrede en hy is baie seker dat alle probleme nou opgelos is (823 sqq.)

Maar wanneer hy besef wat eintlik gebeur het: dat hy deur sy seun en sy slaaf bedrieg en belaglik gemaak is, is hy rasend van woede.: Sy waardigheid is diep gekrenk (860 sqq.), want hy word maklik en dikwels kwaad:

„redeo inde iratus atque aegre ferens” (v. 137; cf. 199 sqq., 213 sqq, 238 sq.). Dan tree hy selfs onredelik op. Nou wil hy geen stories van Davos meer hoor nie en luister nie eers na sy gepleit nie (v. 865), sodat Chremes hom maan (v. 868):-

„ah, ne saevi tanto opere.”

Hy kan nie kalm redeneer nie, maar bars in groot woede los:

„o ingentem confidentiam!” (876 sqq.)

Ja, hy wil selfs nie meer hê dat Pamphilus hom „Vader” moet noem nie (v. 890): „” mi pater?” quasi tu huius indigeas patris.” So onredelik is hy in sy woede dat hy sommer teen Crito ook uitvaar en hom onverdiend beskuldig (909 sqq.). Skerp sarkasties is sy aanmerkings en vol beledigings (919 sqq.).

Sy woede is des te hewiger omdat hy besef dat hy tog bedrieg is, dat sy seun wel teen sy wense gehandel het: „praeter sui voluntatem patris” (879 sq). Dit raak hom die diepste en jammerlik kla hy (868 sqq):-

„O Chreme,

pietatem gnati! nonne te miseret mei?

tantum laborem capere ob talem filium."

Al sy moeite was dus tevergeefs, sy waaksaamheid, sy slimheid.

Hy is vol selfbejammering, maar ook pateties in die wyse waarop hy probeer voorgee dat hy nie omgee nie (vv.886-9):-

„sed quid ego? quor me excrucio? quor me macero?

quor meam senectutem huius sollicito amentia?

an ut pro huius peccatis ego supplicium sufferam?

immo habeat, valeat, vivat cum illa."

Dit is egter net bravado, want hy kan tog nie glo dat hy werklik bedrieg is nie, omdat hy te veel vertrouwe in homself het:

(v. 902) „quidvis cupio dum ne ab hoc me falli comperiar."

Hy staan dan ook baie krities teenoor Crito se verhaal (925 sqq.) maar hy word tog eindelik oortuig van die waarheid daarvan.

Sy blydschap is opreg as hy uitvind dat Glycerium in werklikheid Chremes se dogter is (v.939):

„ne istam multimodis tuam inveniri gaudeo."

want sy liefde vir sy seun laat hom alles vergewe. Dit maak hom selfs selfsugtig in sy vriendskap. Chremes beskuldig hom daarvan dat hy nie ander mense se gevoelens in ag neem solank sy eie wense net vervul wordnie:(165 sq en 825 sqq.):

„vide quam iniquo' sis prae studio: dum efficias quod lubet,

neque modum benignitati' neque quid me ores cogites."

Ook Pamphilus beskuldig sy vader dat hy slegs sy eie wense in ag neem (238 sq). Dit is ook wat hy in werklikheid doen: self sy liefde vir sy seun is besitlik: hy wil 'n seun hê met wie hy kan spog.

Maar nou is sy eiewaarde weer herstel. Hy is volkome versoen omdat hy besef dat hy 'n goeie skoondogter kry, en hy tree weer op as die „lepidum patrem" (v.948).

„iamdudum res redduxit me ipsa in gratiam" (v.947).

2. Chremes

Chremes is, in teenstelling met sy vriend, 'n standvastige ou man en hy gee voor dat hy 'n goeie vriend vir Simo is. Simo het 'n baie hoë dunk van hom (v.574): „merito te semper maximi feci, Chreme," en hy praat van hulle jarelange vriendskap (v. 539):

„quae incepta a parvis cum aetate adcrevit simul" (cf 820).

Chremes self getuig dat hy 'n man van sy woord is, iemand wat nie gedurig van mening verander nie (v. 545):

„alium esse censes nunc me atque olim quom dabam." Davos glo ook in sy standvastigheid (391 sq), en selfs teenoor Crito is hy 'n ware vriend: hy verdedig hom vuriglik teen Simo se aantygings (915 sqq).

Maar hy het 'n baie hoë dunk van homself en tree hooghartig op teenoor Simo. Op sarkastiese wyse spreek hy hom aan (v.535,

832 sq.), en wanneer Simo hom wil vertel wat aangaan, beveel hy hom kortaf (v.537): „ausculto: loquere quid velis." Hy is altyd reg en neem nie ander persone se verklarings aan nie (v. 789):

„Novi omnem rem." Hy doen homself as baie wêreldwys voor en verseker Simo dat wat hy van sy seun gehoor het net stories is, (553 sqq.): „Fabulae!

sic hercle ut dicam tibi:

amantium irae amoris integratiost."

Nogtans gee hy voor dat hy nie van mooi woorde hou nie, maar reguit en opreg is. Hy wil nie hê dat Simo hom moet smeek nie, (543 sq) maar hy laat hom tog ompraat omdat Simo se woorde sy eie-waarde streel. Hy wil baie graag goeddoen en Simo se vleitaal oorweldig hom (567 sqq.) Daarom gee hy sy toestemming alhoewel hy Pamphilus nie juis vertrou nie. Hy skroom dan ook nie om dit reguit vir Simo te sê nie (563 sq.): „at ego non posse arbitror

neque ullum hanc perpetuo habere neque me perpeti."

Wanneer hy later uitvind dat sy vermoede tog reg was, hou hy self-

...../19 voldaan

voldaan vol: „Recte ego has semper fugi nuptias" (v.766).

Hy is eintlik bly dat sy mening van Pamphilus tog reg was en is vol selftevreidenheid dat hy nie bedrieg is nie (v.782):

„iocularium in malum insciens paene incidi."

Hy wantrou alles en almal en vind altyd iets om oor te kla. Hy laat hom deur niks mislei nie en glo niks voor hy nie heeltemal seker daarvan is nie (v.940): „at mi unu' scrupulus etiam restat." Pamphilus hou nie van hom nie omdat hy so uiters noukeurig is in alles wat hy doen en omdat hy hom nie vertrou of as skoonseun wil hê nie (248 sqq.) Hy beskuldig hom (940 sq.):-

„dignus es

cum tua religione, odium: nondum in scirpo quaeri'."

Hy tref noukeuriglik alle voorbereidings vir sy dogter se huwelik (740 sqq). Ook stel hy goed ondersoek in in 'n saak voor hy optree: daarom maan hy Simo om eers na Pamphilus te lui-ster voor hy oordeel (872 sq.):

„ah,

rem potius ipsam dic ac mitte male loqui."

Hy is gewoonlik baie kalm wanneer 'n saak hom nie aangaan nie (868 sqq.), maar kan baie opgewonde word as hy veronreg voel, en dit gebeur dikwels. Hy steur hom te maklik aan stories en is te bekommerd oor wat die mense sê. Aangedryf deur gerugte, „hac fame impulsus (v.99), het hyself na Simo gegaan en sy dogter aan hom gebied as vrou vir Pamphilus. Daarna het hy weer slegte gerugte oor Pamphilus gehoor en baie bekommerd by Simo gaan kla (144 sq):

„clamitans:

indignum facinu'".

Deur verdere stories aangedryf het hy weereens gekom, vol verontwaardiging oor wat sy vriende hom vertel het, (v.833):

„illam hinc civem esse aiunt." (cf 534) Hy is baie verontwaardig oor Simo se bedrog, want hy meen dat hy hom opsetlik bedrieg het.

Hy meen dat hy veronreg is (v.827) en verwyf hom (v.820):

„sati' iam sati', Simo, spectata ergo te amicitiaſt mea."

Hy het alles dus nie soseer uit vriendskap gedoen nie, maar eerder uit selfsug. Hy het self sy dogter aangebied toe die mense almal Pamphilus geprys het, alhoewel hy altyd gereed was om na stories teen Pamphilus te luister. Nou sê hyself (v.832)

„impetrasti: incepti, dum res tetulit nunc non fert: feras"

Nou glo hy ook nie meer Simo se gerustellinge nie, maar sê hom reguit en baie selfversekerd:

„erras: cum Davo egomet vidi iurgantem ancillam" (v.838).

Vir sy dogter is hy egter 'n goeie en sorgsame vader en meeste van sy handelinge spruit ook uit sy liefde vir haar. Hy wil vir haar net die beste hê; daarom het hy haar met 'n groot bruidskat gebied as vrou vir Pamphilus, want sy was sy enigste dogter:

„unicam gnatam suam" (v.100). Daarom was hy bekommerd oor die gerugte oor Pamphilus en het hy by Simo gaan kla (v.144) en wou toe nie meer sy dogter gee nie (241 sq.). Hy laat hom egter deur Simo oorhaal omdat hy nie iets goeds in die weg wil staan nie (v.546), dog vra hom ernstiglik (547 sqq):

„sed si ex ea re plus malist quam commodi

utrique, id oro te in commune ut consulas,

quasi si illa tua sit Pamphilique ego sim pater."

Hy verseker Simo dat hy nie ontrouheid teenoor sy dogter sal duld nie. Dit is geen saak om ligtelik oor te besluit nie (v.566):

„at istuc periculum in filia fieri gravest."

Om daardie rede is hy so verontwaardig en gekrenk as hy meen dat hy amper bedrieg is. Hy besef dat hy met sy dogter se lewe gespeel het (v.822): „dum studeo obsequi tibi, paene inlusi vitam Filiae."

Hy verwyf Simo dat hy hom gedwing het om sy toestemming tot die huwelik te gee, en hy is baie ernstig en diep gegriefd (v.831).

Hy wil nou niks meer van die huwelik hoor nie, maar is net bly dat sy dogter betyds gered is, want sy dogter se belange raak hom diep.

Teenoor haar is hy altyd toegewend en sag, soos hy aan Simo sê:
 „pro peccato paullum supplici satis est patri." (v.903).

Wanneer hy uitvind dat ook Glycerium sy lang verlore dogter is
 (931 sq), is sy blydschap net so opreg. „Certe meast" (v.933)
 roep hy uit, en haas hom dadelik om haar te gaan sien (v.951).
 Hy gee haar gewilliglik aan Pamphilus as vrou, met groot blyd-
 skap, want „Causa optumast" (v.949), en wanneer 'n saak reg is,
 is hy altyd gereed om saam te werk omdat hy dan sy sterkte van
 karakter kan handhaaf.

3. Crito

Crito word eintlik net gebruik om die ontknoping, die
 peripeteia, van die drama te weeg te bring. Donatus, (oor v.796),
 noem hom „persona ad catastrophen machinata," wie se uitdruklike
 doel is om die error fabulae aan die lig te bring;⁵⁾ en Harsh sê:
 „Crito appears with something of the suddenness of ^adeus ex
 machina."⁶⁾ Hy verskyn net op die geskikte oomblik, betyds om
 alle probleme vir die ander op te los. „Crito is made interesting
 by his alert, friendly and shrewd remarks. But the chief merit
 is this: the very fact which has made Crito necessary has also
 brought him", sê Norwood van hom.⁷⁾ Dit is die dood van Chrysis,
 wat ook die hele moeilikheid veroorsaak het, wat hom na Athene
 bring.

Tog word hy ook geteken as 'n interessante persoonlikheid.
 Hy word 'n goeie vriend van Chremes genoem en 'n eerbare man:
 „bonus est hic vir," sê Chremes self van hom (v.915). Mysis
 noem hom: „o optume hospes! pol, Crito, antiquom obtines." (v.817)
 Ook Davus verseker Simo dat hy 'n betroubare man is (v.857):
 „tristi' severitas inest in voltu atque in verbis fides."

Uit sy eie mond hoor ons dat hy nie van oneerlikheid hou
 nie, want hy verwyt Chrysis haar lewenswyse (796 sqq.) Hyself
 het skynbaar 'n eerbare lewe as 'n armman in sy eie vaderland

gevoer en kom nou slegs om sy regmatige deel op te eis.

Maar hy is tog ook bekommerd oor Glycerium, alhoewel sy geen familielid van hom is nie, en hy is opreg jammer as hy hoor dat sy nog nie haar ouers gevind het nie (806 sqq.). Hy wil haar nie beroof nie, en erken eerlik dat hy jammer is dat hy gekom het: „haud auspicato huc me appuli."

nam pol, si id scissem, numquam huc tetulissem pedem."
(807 sq.). Hy is verstandig en besef dadelik dat hy nou uitgeskel sal word dat hy die arme beroof (814 sqq.): „clamitent me sycophantem, hereditatem persequi mendicum."

Sy voorkoms gee wel die indruk van selfversekering, te selfversekerd om eerlik te wees, want Davus spot met hom (855 sq.):

„nescioquis senex modo venit, ellum, confidens catus;
quom faciem videas, videtur esse quantivis preti."

Hy is dan ook kalm en vol selfvertroue as hy gaan om met Simo te praat. Hy gaan reg op die saak af. Dit is al waarin hy belangstel, en hy vererg hom dadelik vir Simo wat hom nie wil glo nie omdat sy koms te verdag lyk (915 sqq). As Simo hom beledig, voel hy diep gekrenk en roep woedend uit:

„Sanun es?" (v.912).

Hy weier om so beledig te word, dog slaag nogtans daarin om sy waardigheid te behou (919 sqq). Kalm vertel hy sy hele verhaal om so die saak vir almal op te klaar en almal gelukkig te maak.

B. HEAUTONTIMORUMENOS.

4. Chremes

Chremes se lewensfilosofie is:

„homo sum: humani nil a me alienum puto." (v.77)

Omdat hy meen dat alle mense se sake hom ook aangaan, dring hy homself ongevraagd aan Menedemus op en vra hom skaamteloos uit

...../23 oor

oor die oorsaak van sy selfmarteling (53 sqq, 82 sqq., 84 sqq)
 Ook vermaan hy hom (v.59): „te audacter moneam et familiariter,"
 en hy laat hom deur geen antwoord van Menedemus van stryk bring
 nie. Hy laat sy eie sake vaar om Menedemus te help, en erken dat
 hy hom baie kwel oor wat hy vir sy buurman kan doen (491 sq).
 Menedemus se lot beweeg hom selfs tot trane (v.167):

„lacrimas excussit mihi
 miseretque me eiu'." 8)

Hy probeer hom op alle maniere help en wanneer sy seun terugkom,
 gaan hy so gou moontlik om hom in te lig, maar ook om hom raad te
 gee (413 sqq.):

„verum quom videam miserum hunc tam excruciarier

Hand faciam, quom ille periclit. n. ex indicio siet?
 eius abitu, celem tam insperatum gaudium,
 nam quod potero adiutabo senem."

Hy voel baie jammer vir hom terwyl hy dink dat Bacchis Clinia se
 minnares is (462 sq., 749 sqq), en Menedemus erken self dat hy
 hom altyd van wyse raad bedien (v.507):

„hic mihi nunc quanto plus sapit quam egomet mihi."

Sy houding teenoor sy vriend is altyd vol simpatie (cf. 82 sqq.,
 159, 185 sqq., 460 sqq., 491; 566, 749).

Hy vra Syrus om te help terwille van Clinia (v.546):

„ad te adiutore oportet adolescentuli causa,"

en hy vermaan Clitipho dat hy sy vriend baie veronreg het (v.566).
 Sy optrede teenoor hom is taktvol en wys: hy gee hom goeie raad
 (v.578).

Maar in werklikheid is hy net bemoeisiek en wysgerig. Duckworth⁹⁾
 sê van hom: „Chremes does not practise what he preaches; actually he
 is meddlesome, deceitful, and miserly, and it is only fitting that he
 should be the victim of deception rather than Menedemus, as he had
 expected. Hy meën altyd dat hy die antwoord op alle vrae ken (cf. vv
 53-74, 77 sqq; 119 sq. 196, 200 sqq., 438 sqq., 469 sqq., 539, 569
 sqq.). Hy dring sy lewenswysheid gedurig aan almal op in lang filo-
 sofiese betogings omdat hy werklik glo dat hy almal kan reghelp
 (vv. 53-74)

Met Menedemus kan hy dit wel regkry, omdat hy glo dat hy almal kan reghelp en oortuigend is (85 sq):

„ne retice, ne verere, crede inquam mihi:

aut consolando aut consilio aut re iuvero."

Hy kan presies aan hom sê wat met hom en sy seun verkeerd is: dat hulle mekaar nie verstaan nie. Maar hy, wat nog maar net een gesprek met Menedemus gehad het, weet reeds:

„ingenio te esse in liberos leni puto (151 sqq.).

Hy weet dadelik hoe Menedemus hom teenoor Clinia moet gedra en waarsku hom wyslik (412):

„in eandem fraudem ex hac re atque ex illa incidēs."

Menedemus, egter, stel die saak reg, want Chremes kan net sy vriende help: homself kan hy nie help nie (v.504):

„aliena ut melius videant et diiudicent quam sua!"

Hy is te vol selfvertroue, te selfversekerd. In sy alwetenheid vertrou hy Syrus nie, maar meen dat hy planne teen Menedemus smee (473 sqq. 495, 514). Hy doen dus sy bes om Syrus oor te haal om hom te help. Tog besef hy nooit dat hyself bedrieg word nie. Hy kan nie glo dat enigiemand hom sou kan bedrieg nie. Gevolglik kry Syrus dan ook so maklik reg hom vir die gek te hou (541 sq). Hy is so selftevrede dat hy nie eers snap as Syrus hom waarsku nie (556 sq):

„et ne ego te, si usu' veniat, magnifice, Chreme, tractare possim."

Deur slegs die waarheid aan hom te vertel, bedrieg Syrus hom maklik want hy is te vol wantroue ten opsigte van die stories van slawe en sy seun. Syrus weet dat Chremes nooit hulle plan sal snap nie (v.776) : „vah, tardus es."

Nogtans vertrou Chremes hom nadat hy sy hulp gevra het, en gewilliglik doen hy alles wat Syrus hom vra (588, 761).

Hy is egter nie standvastig nie en hy verdien om bedrieg te word. In die oë van sy medemense is hy 'n opregte, eerlike man,

en oënskynlik is sy optrede altyd baie eerlik en opreg, want hy vra Syrus verontwaardigd (v.782): „non meast simulatio;

egon quoi daturu' non sum, ut ei despondeam?"

Maar hyself skroom nie om bedrog te pleeg nie, en voer as regverdiging aan (v.538): „quippe qui

magnarum saepe id remedium aegritudinumst."

Daarom sê hy aan Menedemus om aan sy seun te vertel dat hy sy toestemming gee vir die huwelik (867 sq.):-

„tanto ocius te ut poscat et tu, id quod cupis,
quam ocissime ut des."

Sy wysheid en waardigheid is nie opreg nie, en Menedemus teken sy karakter raak (874 sqq.):

„sed hic adiutor meus et monitor et praemonstrator Chremes
hoc mihi praestat: in me quidvis harum rerum convenit,
quae sunt dicta in stulto, caudex stipes asinu' plumbeus;
in illum nil potest: exsuperat eius stultitia haec omnia."

Wanneer dit dus eindelik aan die lig gebring word dat hy in werklikheid bedrieg is en nie Menedemus nie, kan hy dit nie glo nie. Ja, hy wat ander mense se sake alles weet en verstaan, kon sy eie nie hanteer nie. Menedemus spot met sy alwetenheid (v.897) en vermaan hom om nou sy wysheid op homself toe te pas (922 sq).Hy wou Menedemus leer hoe om teenoor sy seun op te tree, maar tog voer hyself daardie idees nie uit nie. Hy het hom gemaan om verdraagsaam en vergewensgesind te wees (440 sqq), maar wanneer hy uitvind dat sy eie seun hom bedrieg het, vergeet hy al sy wysheide en sweer wraak: (v.918) „at ne illud haud in ultum, si vivo, ferent!"

Sy houding teenoor sy seun is streng, soms selfs hard, maar hy gee altyd weer in, want hy is ook 'n toegewende vader. Daarom vertrou Clitipho hom so dat hy dadelik na hom gaan met Clinia se moeilikhede (180 sqq). Hy skok ook nie sy seun se vertroue in hom nie, maar ontvang Clinia gasvry en vriendelik, en selfs Bacchis

met haar hele gevolg verduur hy, al val dit hom swaar, want hy is baie bekommerd oor sy besittings, baie suinig (cf. 450 sqq., 835 sq., 909, 940 en 1050)

„egon mea bona ut dem Bacchidi dono sciens?"

As streng vader, kies hy Menedemus se kant (205 sqq.), en meen dat Clinia geen reg het om ellendig te voel nie, en hy vermaan hom wyslik (195 sq.):-

„atque haec perinde sunt ut illius animus qui ea possidet.

qui uti scit ei bona; illi qui non utitur recte mala."

Hy meen dat die strengheid van vaders net een doel het: hulle wil nie hê dat hulle seuns te losbandig moet wees nie:

„atque haec sunt tamen ad virtutem omnia" (v.207).

Hy gee voor dat hy baie streng en kwaai is, maar Clitipho sien deur hom: dat hy tog nie so kwaai is nie (v. 219):

„non ut meus, qui mihi per alium ostendit suam sententiam."

Nogtans het hy baie respek vir sy vader, selfs vrees, want hy wil gladnie hê dat Bacchis na hulle huis moet kom nie (v.313) en hy sien geen rede waarom hy homself aan die gevaar moet blootstel nie (v.337). Maar Syrus weet dat die ergste slegs 'n vermaning sal wees (v.356): „tibi erunt parata verba."

Dit kan Chremes ook goed doen: sy seun berispe en vermaan.

Hy kla oor sy gedrag teenoor Bacchis, spreek hom hard aan (565 sqq) Hy skaam hom vir sy seun want hyself voel beledig (v.581):

„Syre, pudet me." Ten spyte van Syrus se waarskuwings vertrou hy sy seun en is diep geskok as hy die waarheid besef, ook diep seerge-maak.

„ah nescis quam doleam," (v.934), erken hy pateties aan Menedemus. Hy is selfs vir homself kwaad omdat hy so onnosel was (915 sq), want hy is grootmoedig genoeg om sy foute te erken.

„derides merito. mihi nunc ego suscenseo.

quot res dedere ubi possem ^{presentificare} pertinescere."

Maar sy woede teenoor sy slaaf en seun ken geen perke nie (v.920)

...../27 Hy

Hy is onversoenbaar en dreig selfs om sy seun te onterf (v. 945 sq.). Clitipho beskuldig sy vader van onregverdigheid omdat hy hom straf vir iets wat mense orals doen (v.954): „ut pater

tam in brevi spatio omnem de me elecerit animum patris?"

Ook Mendumus waarsku hom dat hy te hardvogtig optree (v.933)

„difficilem te esse ostendes."

Dog selfs nou is hy ongenaakbaar en sê dat hy dit uit insig en wysheid doen (v.961). Hy meen nog steeds dat hy reg is, en niks sal hom van sy nuwe plan laat afsien nie. (v.975). Hy is dan nie meer kwaad nie, maar kalm, hooghartig en vol selftevreedenheid (v.976):

„nil suscenseo.

neque tibi nec tibi; nec vos est aequom quod facio mihi."

Hy wil na niemand luister nie, (v.1007), en sy woorde is hard, nie dié van 'n vader nie (v.1035). Hy is onmenslik: (v.1046):

„nimi'que inhumane."

As eggenoot is Chremes baie hard, oënskynlik selfs gevoelloos. Hy dink nie veel van vrouens oor die algemeen nie, en vra veragterend aan Sostrata, wanneer sy hom wyslik vermaan: (1006 sq.)

„oh pergin mulier esse? nullamne ego rem umquam in vita mea?

volui quin tu in ea re mi fueris adversatrix, Sostrata?"

Hy praat voortdurend verkleinerend van sy vrou, selfs teenoor sy slaaf, Syrus (v.621). Hy speel geheel en al baas oor haar en sy is bang vir hom (v.623):

„primum hoc te oro, nequid credas me adversum edictum tuom facere esse ausam."

Hy glo graag die slegste van haar (v.624) en geniet dit om haar op haar foute te wys, selfs as sy deemoedig erken dat sy nie eers weet wat sy verkeerd gedoen het nie (v.642):

„quid cum illis agas qui neque ius neque bonum atque aequom sciunt."

Hy is ongeduldig oor haar blydschap (v.879) en baie bombasties (v.1020) Maar sy weet hoe om met hom te werk: sy beroep haar net op sy

regverdigheidsin, want daarteen is hy nie bestand nie: hy glo te graag dat hy 'n goeie mens is (789 sqq., 797).

„scilicet equidem istuc factum ignoscam; veru, Sostrata, (647 sq)
male docet te mea facilitas multa.

Selfs Sostrata is verbaas dat hy so goedhartig kan wees (664 sq).

„quam timui male

ne nunc animo ita esses duro ut olim in tollendo, Chreme."

Sy hardheid is net 'n skild, want in werklikheid is hy baie toegewend en sag en die gelukkigste as almal met sy wense saamstem en hy voel dat sy gesag en wyse insig eerbiedig word. En hy het sy les geleer:³⁾ die raad wat hy aan Menedemus opgedring het, moet hy ook op homself toepas, soos Menedemus hom maan (924 sqq).

5. Menedemus

In teenstelling met Chremes, is Menedemus 'n hardwerkende teruggetrokke persoon wat vol diepe berou is oor sy strenge behandeling van sy seun en daarvoor probeer vergoed deur homself halfdood te werk en soveel moontlik te martel.¹¹⁾ Hy is die heautontimorumenos, die selfkweller, en sy karakter vorm 'n skerp teenstelling met die van Chremes.¹²⁾

Hy is 'n eerlike, opregte ou man wat dadelik ingee as hy sien dat hy verkeerd gehandel het, en dan probeer om te verbeter. Chremes kry wel baie kans om hom te kritiseer en beskuldig hom veral van oordrywing (440 sq.)

„vehemens in utramque partem, Menedeme, es nimis
aut largitate nimia aut parsimonia."

Dit is dan veral ook dié eienskap wat hy toon: hy oordrywe alles. Eers was hy te streng teenoor sy seun (100 sqq). Hy het hom nie verstaan nie, maar hardhandig teenoor hom opgetree omdat hy verlief geraak het op die dogter van 'n arm ou vrou van Korinthe (v.101): „Vi et via pervolgata patrum."

Hy het voortdurend gekerm (v.114):

...../29 „saepe

„saepe eadem et graviter audiendo victus est."

Sy optrede laat Clitipho hom beskuldig as nors en nukkerig: (197 sq.)

„immo illi fuit senex inportunu' semper, et nunc nil magis vereor quam nequid in illum iratu' plus satis faxit."

Chremes erken dat hy miskien te streng was, „iniquior" (v.201), maar hy sê dat hy nie hardvogtig, „durus" (v.204) was nie. Clinia vertel hoe sy vader vir hom gepreek het (v.260): „contabat mihi." Hy is bang vir sy kwaai vader (v.435):

„ne tua duritia antiqua illa etiam adaucta sit."

Hy sien nie kans om Bacchis na sy vader se huis te neem nie (v.700). Ook Syrus het van Menedemus se wrede optrede verneem en vrees nou (v.402):

„immo ut patrem tuum vidi esse habitum, diu duras dabit."

Menedemus erken self dat hy hard was (v.439):

„sati' iam, sati' pater durus fui."

Hy besef egter dat hy verkeerd was en is nou baie jammer daaroor (v.158)

„ita res est, fateor: peccatum a me maxumest."

Hy het dit gedoen omdat hy gemeen het dat hy so die belange van sy seun die beste dien; want hy is baie lief vir sy seun en wanneer hy sien dat hy hom van hom af weggedryf het, is hy totaal gebroke, so dat hy tot die ander uiterste oorgaan en te toegewend word. Hy het al sy besittings verkoop (140sq) en was so verbitterd teenoor homself dat hy homself probeer martel het deur hard te werk, en dit alles vir sy seun (138 sq).

„interea usque illi de me supplicium dabo

laborans parcens quaerens illi serviens."

Hy is vol berou en beskuldig homself van onregverdigheid teenoor Clinia (v.134): „eum ego hinc miserum iniustitia mea!" Hy word nou baie pessimisties (v.420) en vol selfbejammering, want hy beskou dit as sy plig om homself ellendig te maak, (147 sq).

„decrevi tantisper me minus iniuriae,

Chreme, meo gnato facere dum fiam miser."

...../30 Hy

Hy gun homself geen genot nie, en nie eens tyd om te gesels nie (75 sqq.) Hyself werk harder as die slawe (60 sqq):

„praeter quam res te adhortatur tua," want hy meen hy moet dit doen (v.165). Hy verlang so om sy seun weer te sien en 'n toegewende vader te wees (v.496):

„cupio illi dare

quod volt, cupio ipsum iam videre."

want hy bekommer hom voortdurend oor hom (423 sqq):

„nam mihi quidem cotidie augescit magis

de filio aegritudo, et quanto diutius

abest magis cupio tanto et magis desidero."

Hy verlang so dat hy enigiets sal doen wat Chremes hom aanraai, omdat hy Chremes vertrou en sy heldersienende verstand respekteer al is hy verstandig genoeg om daaroor te wonder, (505 sq):

„an eo fit quia in re nostra aut gaudio

sumu' praepediti nimio aut aegritudine?"

Chremes besef hoe sag en goedhartig hy in werklikheid is, hoe toegewend, (v.151): „ingenio te esse in liberos leni puto." Hy kry dit dan ook maklik reg om baas oor hom te speel. Menedemus is egter so gelukkig as hy hoor dat sy seun veilig teruggekom het, (v.842) „fortunatissimum

factum puto esse quom te, gnate, intellego, resipiasse."

Hy wil nou alles vir hom doen, hom alles vergewe (464 sqq.):

„faciat quidlibet:

sumat consumat perdat, decretumst pati,

dum illum modo habeam mecum."

Selfs as Chremes hom oortuig dat alles net 'n set is, gee hy niks om nie solank hy net sy seun kan behou (v.855): hy sien selfs kans om Bacchis met haar hele gevolg te onderhou (464 sqq.). Hy stem gewilliglik in om alles te doen wat Chremes hom aanraai (v.495, 749 sqq, 857).

As hy dan hoor dat sy seun in werklikheid met Chremes se

...../31 dogter

dogter wil trou, is hy in vervoering (842 sqq). Chremes beskuldig hom dat hy alweer oordryf (v.861): „nimium illi, Menedeme, indulges." As hy, egter eenmaal met iets begin het, hou hy daarmee vol, want hy is opreg en standvastig en kinderlik eenvoudig teenoor Chremes se bedrog. Wanneer hy eindelik besef dat dit nie hy is wat bedrieg is nie, maar sy wyse vriend, som hy die posisie raak op sonder om homself te prys (874 sqq):

„Ego me non tam astutum neque ita perspicacem esse id scio."

Hy is nou selfs sarkasties teenoor Chremes (897 sq) en hy geniet dit om hom in sy eie woorde te vermaan (924 sqq).

„id quod me fecisse aiebas parum

fac te patrem esse sentiat; fac ut audeat

tibi credere omnia, abs te petere et poscere."

Hy toon dat sy liefde vir sy seun opreg is en dat hy net die beste vir hom begeer. Hy wil net Antiphila vir hom as vrou hê, nie 'n bruidskat nie (v.939): „nil nos dos movet."

As gevolg van sy eie opregtheid verstaan hy nie Chremes se motief as hy sy seun wil onterf nie (v.958), en sy jammerhartigheid kan dit nie verdra dat Chremes Clitipho so behandel nie. Hy is vreedeliewend en gaan dadelik om te help, (v.1046)

„exeo ergo ut pacem conciliem."

Hy maan hom om Clitipho te vergewe: „da veniam, Chreme:

sine te exorent" (v.1049).

Hy het die beloning gekry wat hy verdien het: hy het sy seun teruggekry en 'n goeie skoondogter, en na alles wat hy gely het, kan hy ook aan Clitipho wyse raad gee (1058 sq):

„haec dum incipias, gravia sunt,

dumque ignores; ubi cognori', facilia."

C. EUNUCHUS.

6. Laches

„The deception of the old father, hitherto lacking, is suddenly introduced near the close, not as the achievement of

Parmenos, but through the trickery of Pythias, and neatly brings about the happy ending instead of the usual confusion and intrigue -" ¹³⁾

Laches kom dus net om 'n gelukkige einde te bring. Hy is skynbaar 'n gemoedelike, rustige ou man wat nie te veel aandag aan sy seuns wy nie. Hy is gemaksugtig en daarom is hy bly dat sy plaas so naby die stad is (v. 971 sq):

„Ex meo propinquo rure hoc capio commodi:

neque agri neque urbis odium me umquam percipit."

Hy is gewoond om homself in alles tevrede te stel en te doen waarvan hy hou (v. 973):

„ubi satias coepit fieri, commuto locum."

Parmeno is wel bang vir sy baas, (v. 1016), maar nie baie nie, want hy besluit dat hy hom die hele storie moet vertel al weet hy daar wag 'n straf op hom (v. 968 sq.):

„ei dicam hercle; etsi mihi magnum malum
scio paratum."

Laches self tree heeltemal simpatiek op teenoor die verskrikte Parmeno en moedig hom aan om alles te vertel (v. 978):

Maar hy is ook suinig, (v. 984): „emit? perii hercle quanti?" en as hy van Chaerea se verliefdheid hoor, raak hy baie opgewonde (vv. 986): „hem, quid? amat? an scit ill' iam quid meretrix siet?
an in astu venit? aliud ex alio malum!"

Hy dreig Parmeno, woedend (v. 989): „ego te, furcifer,
si vivo!"

en tree onmiddellik op as hy alles gehoor het (v. 996). Hy is 'n man van wisselvallige buie. Chaerea wonder of hy sy geluk kan toeskryf „an mei patris festivatem et facilitatem?" (v. 1048). Ook hy kom egter onder Thais se bekoring (v. 1039), ¹⁴⁾ sodat hy haar onder sy beskerming neem en haar sy seun se minnares maak, en so almal gelukkig maak (v. 1040).

D. PHORMIO.7. Demipho

Demipho is 'n heethoofdigste ou vuurvreter wat almal vrees en ontsag inboesem, behalwe natuurlik Phormio. Hy is 'n baie streng vader (cf. 118 sq., 161, 425), en hoewel hy die belange van sy seun op die hart dra, soos Antipho self erken (v.153):

„qui mi consultum optume velit esse,”

handhaaf hy sy gesag op so 'n wyse dat sy seun 'n onkeerbare vrees vir hom koester as hy verkeerd gedoen het (154 sq.):

„patrem ut extimescam, ubi in mentem eius
adventi veniat!”

Hy is baie gesteld op sy gesag en is rasend van woede en bitter verontwaardig as hy uitvind dat sy seun en slaaf sonder sy toestemming gehandel het (231 sqq.):

„Itane tandem uxorem duxit Antipho iniussu meo?

nec meum imperium, ac mitto imperium -, non simultatem meam
reveri saltem! non pudere! o facinus audax!”

Dan het hy net een begeerte: om sy seun te sien wat van hom, 'n toegewende vader, so 'n harde, streng vader gemaak het (261 sq):

„ut sciat

lenem patrem illum factum me esse acerrimum.”

Hy beskou sy seun as dwaas en domineer hom geheel en al. Hy sal sy gesag handhaaf al gebeur wat ookal (423 sqq):

„omnia haec

illum putato quae ego nunc dico dicere;

aut quidem cum uxore hac ipsum prohibebo domo!”

Maar hy is werklik bekommerd oor die saak, want hy het probeer om Antipho as 'n gehoorsame seun op te voed (441 sqq): tog besef hy nie hoe 'n lafaard hy van sy seun gemaak het met sy meerderwaardige houding nie.

Sy groot gebrek is natuurlik sy gierigheid.¹⁵⁾ Geta sê

...../34 dat

dat hy na Clinia gegaan het omdat sy vriend hom berge van goud beloof het, want „sic est ingenium." (v.70). Antipho was bang om met Phanium te trou omdat sy so arm was (v.120):

„ille indotatem virginem atque ignobilem
daret illi? numquam faceret."

Phormio beskuldig hom dat hy nie sy neef wil erken nie, omdat die te arm was (v.353): „vide avaritia quid facit."

Ook Geta skimp dat almal sy suinigheid ken. (v.302). Demipho is woedend as hy hoor hoeveel Phormio van hulle wil afpers en hy weier om te betaal (668 sq):

„sescentas perinde scribito iam mihi dicas:
nil do. inpuratu' me ille ut etiam invideat?"

Gevolgtlik is hy dan ook baie versigtig as hy eindelik die geld gee. Hy sal dit alleen voor getuies doen en noukeuriglik uiteensit waarvoor en vir wie dit is, want hy wantrou Phormio (v.715):

„ut cautust, ubi nil opust!"

Dit gries hom bitterlik dat hulle die geld aan so 'n skurk gegee het en dit net uit gretigheid om eerlik en opreg genoem te word (v.767):

„dum nimium dici nos bonos studemus et benignos."

Hy is baie reguit en gladnie skynheilig nie: hy gee nooit om om te sê presies wat hy dink of meen reg is nie. Wanneer hy hoor dat Phanium in werklikheid Chremes se dogter is, is sy eerste gedagte dat hulle die geld van Phormio moet terugkry (v.896). Hy gaan selfs so ver om te dreig om Phormio voor die hof te sleep: hy, wat self baie bang is vir die gereg; want hy is 'n vredeliewende man, soos hyself sê (407 sq) maar hy is so bekommerd oor die geld dat hy enigiets sal doen (v.935): „quin tu mi argentum cedo."

Hy is baie opvlieënd van geaardheid en onkeerbaar as hy eers kwaad is, sonder enige genade vir die persoon wat hom veronreg of kwaad gemaak het. Almal weet dit en Davos is baie jammer vir Geta oor die roekelose plan wat hulle uitgevoer het (136 sq.).

...../35 Antipho

Antipho hardloop skoon weg uit vrees as hy sy vader sien aankom, en ook Geta is radeloos want hy ken sy heer en sy onredelikheid as hy kwaad is! (185 sqq.):

„quod quom auderit, ^{quod} ei^{us} remedium inveniam iracundiae?
loquarne? incendam; taceam? instigem; purgem me?
laterem lavem."

Deur net te sê dat hy gesien is, is genoeg om almal in vrees te dompel (219 sqq).

Hierdie vrees vir hom is dan ook nie ongegrond nie, want wanneer Demipho self verskyn, kook hy oor van woede en verontwaardiging (v.240):

„ita sum irritatus animum ut nequeam ad cogitandum instituere."
Sy optrede teenoor Phaedria en Geta is meerderwaardig, bombasties (254 sqq.) In sy wysheid het hy reeds alles oordink en weet hoe om al hulle argumente lam te slaan, want hy ken hulle deur en deur. Beterweterig sê hy aan Phaedria (264 sq):

„ecce autem similia omnia! omnes congruunt:
unum quom noris omnis noris."

Sy welsprekendheid en logika is byna onweerlegbaar. Maar as Geta hom troef, is hy rasend, genadeloos, en hy verloor al sy waardigheid as hy uitvaar (303 sqq):

„non, non sic futurumst: non potest.
egon illam cum illo ut patiar nuptam unum diem?
nil suave meritumst."

Sy woede is eintlik teen Phormio gemik, en daarom neem hy versigtigheidsonthalwe sy vriende saam, as hy gaan om hom te ontmoet: want hy moet altyd voorbereid wees op alles. As hy met Phormio praat, is hy eers koel, bytend sarkasties, (378 sq), maar Phormio se koel spot laat hom spoedig alle beheer oor homself verloor. Hy is immers 'n regverdige man, en sy voorstel is regverdig en dan lag Phormio hom uit! (v.411). Dit is te veel vir sy trots dat hy van onverdraagsaamheid beskuldig word, en veral dat hy teen

die wet handel (417 sq). Hy is heeltemal hulpeloos in sy woede, (v.431), en al sy viende help ook niks: hulle raad laat hom net meer sy onmag voel (v.459)

„incertior sum multo quam dudum."

Sy welsprekendheid „ea loquentia," waarvan Geta praat, (v.629) help niks teen Phormio nie, maar loop uit op beledigings en redelose uitbarstings van woede. Dit is vir hom 'n groot vernedering dat hy, 'n eerlike en opregte man, met so 'n skurk moet onderhandel, en dan boonop nog die slegste daarvan afkom: „ut ludos facit." (v.945). Onbeteuelbaar is sy woede want hy voel bitterlik gekrenk in sy waardigheid (955 sq) „hicine ut a nobis hoc tantum argenti auferat

tam aperte invidens? emori hercle satius est."

Hy wil Phormio tronk toe sleep en selfs alles aan Nausistrata vertel want hy het nou genoeg terwille van sy swak, onbesonne broer verduur.

Hy het alles terwille van Chremes gedoen. Hy het sy broer baie lief en was altyd lojaal teenoor hom. Dit was om sy geheim te bewaar dat hy alles verdra het. Chremes erken dit (v.581)

„te mihi fidelem esse^{aeque} atque egomet sum mihi scibam."

Hy beloof vuriglik dat hy hom sal bystaan en sy belofte getrou sal nakom (588 sqq):-

„scio ita esse istaec mihi res sollicitudinist,
neque defetiscas usque adeo experier,
donec tibi id quod pollicitus sum effecero."

Hy staan dan ook deurgaans by hom en is ook saam met hom bly as hy sy dogter vind, want dit is ook in sy eie voordeel: op die wyse kry hy ook 'n goeie skoondogter. Vroom dank hy die gode (894 sqq), want hy is 'n opregte man, wys en verstandig. Selfs Phormio erken dit (v.403): „at tu qui sapiens es."

Hy praat baie taktvol met Nausistrata en sy is heeltemal gewillig om hom te help (786 sqq.). Wanneer sy tog die hele storie

gehoor het, troos hy haar (. 1016 sqq) en erken eerlik dat sy nie so 'n behandeling verdien het nie (v.1032): „novi aequae omnia tecum;”

want, ten spyte van al sy tekortkominge, is hy tog 'n man van sterk karakter en opreg.

8. Chremes

In teenstelling met die eerlike opregtheid van sy jonger broer¹⁶⁾ is Chremes 'n oneerlike lafhartige ou man wat in sy jeug 'n skandelijke onbesonnenheid gepleeg het en 'n lewe van bedrog gevoer het om dit van sy vrou weg te steek. Sy beskou hom as agtelosig omdat die opbrengs van hulle landgoed in Lemnos so swak was vandat hy dit bestuur het, (v.788):

„quia pol mei patris bene parta indiligenter tutatur.”

In werklikheid is hy egter 'n lafhartige swakkeling wat sy handelinge met leuens probeer toesmeer en 'n ewige vrees vir sy vrou het (585 sqq.): „vereorque ne uxor aliqua hoc resciscat mea; quod si fit, ut me excutiam atque egrediar domo; id restat; nam ego meorum solu' sum meus.”

Hy gaan gereeld na Lemnos, oënskynlik om na die plase te gaan kyk wat sy vrou daar het, maar in werklikheid om na sy ander vrou en dogter te gaan. Dit probeer hy ten alle koste geheim hou: net sy broer weet dit en hy het hom beloof om sy seun met sy dogter te laat trou om die geheim te bewaar.

Hy skroom nooit om te lieg nie en gee voor dat dit as gevolg van sy vrees vir sy vrou is, en hy noem haar „uxorem saevam” (v.744). Sophrona is wel verbaas wanneer sy hoor hoe hy hulle bedrieg het (742 sq): „quid? non obsecro es

quem semper te esse dictitasti?”

maar dit is presies wat hy is: 'n tweegesig. Omdat hyself nie skroom om bedrog te beoefen nie, meer hy dat almal nes hy is.

Wanneer hy hoor dat Antipho met sy dogter getroud is, vra hy sommer: „quid? duasne uxores habet?" (v.754).

Hy dink net aan homself. In sy selfsug was hy eers baie gretig dat Antipho se huwelik opgebreek moes word, op so 'n wyse dat hy selfs die nodige geld vir Phormio betaal het om die meisie weg te neem, - uit sy vrou se huurgeld! Vroom verklaar hy dan (v.673): „*mea causa eicitur: me hoc est aequum amittere.*"

Hy is heeltemal vrygewig en gereed om te betaal wat nodig is, so-lank hy net kan kry wat hy wil hê (v.670). Hy is baie gesteld daarop om te doen wat reg is, om sy plig te doen, sodat die wêreld sal dink hy is 'n goeie man (cf. 718 sqq., 723 sqq.).

„*non satis est tuum te officium fecisse si non id fama adprobat.*"

Tog kom hy ook gou verneem of die geld al betaal is, nadat hy gehoor het wie Antipho se vrou in werklikheid is (796 sq), en hy wens dat dit nog nie gegee is nie. Nogtans is hy te lafhartig om dit te probeer terugkry. Hy gaan wel saam met Demipho om met Phormio te onderhandel, maar hy help hom glad nie. Hy fluister slegs lafhartiglik vir hom wat hy moet sê (v.918).

Sy vrees vir sy vrou oorheers alles wat hy doen. Wanneer hy haar sien aankom, skrik hy so en babbel so deurmekaar dat Demipho niks kan wys word nie, en tereg vra: „quid? deliras." (v.801). Maar hy wil dan niks vertel nie en eis slegs dat hy hom moet vertrou en dan is hy nog boonop verontwaardig as Demipho nie wil nie! (v.810). Hy neem hom selfs in die huis in, want ook hulle seuns mag niks weet nie (v.819).

Wanneer hulle met Phormio probeer onderhandel, hou hy hom eers manhaftig en vra kasting onverskilliglik: „quid id nostra?" (v.940), maar as hy besef Phormio weet alles, verlaat al sy moed hom en hy smeek jammerlik: „obsecro, ne facias." (v.944). Hy wil dan nie eens vir Demipho help nie omdat hy te bang is vir sy vrou. Phormio verwyt hom tereg (970 sqq):

„ain tu? ubi quae lubitum fuerit peregre feceris
neque huius sis veritu' feminae primariae,
quin novo modo ei faceres contumeliam,
venias nunc precibu' lautum peccatum tuom?"

Hy skroom selfs nie om te erken dat hy hulpeloos van vrees is
nie (vv979): „in id redactu' sum loci.

ut quid agam cum illo nesciam prorsum."

Hy verdien al Phormio se spot (v.994) want alhoewel hy so bang lyk,
probeer hy dit nog ontken, (v.999): „egon times?"

Wanneer Nausistrata dan alles verstaan, al sy reise na Lemnos
en al sy bedrog, is daar geen verskoning vir hom nie. Hy is 'n
swakkeling (vv1022):

„aetate porro minu' peccaturum putem?

iam tum erat senex senectus si verecundus facit."

Hy het egter nog die vermetelheid om kwaad te wees vir sy seun,
maar Nausistrata se verwyte maak hom stil (1040 sqq.)

Al sy wysgerigheid waarmee hy gedurig te koop loop (cf
575 sq., 725 sqq., 757 sqq.), het hom nou verlaat. Hyself het
geen enkele woord op al die aanklagtes nie. Hy luister gedwee,
selfs wanneer sy besluit dat sy hulle seun Phaedria as regter sal
aanstel om te besluit wat die beste in hierdie saak sal wees. (1045sq).

E. HECYRA.

9. Laches

Laches is 'n despotiese, driftige vader en eggenoot wat oor
almal probeer baasspeel en sy vrou van alles beskuldig wat verkeerd
gaan. Hy wil sy sin in alles hê en het sy seun, Pamphilus, gedwing
om Bacchis te laat staan en met Philumena te trou. Nogtans het hy
hom nie openlik beveel nie, maar op sy gevoel gespeel deur hom op
sy plig te wys (118 sq.):—

„sese senem esse dicere, illum autem unicum:

praesidium velle se senectuti suae."

Hy meen natuurlik dat hy in belang van sy seun handel en beter weet wat die beste vir hom is. Maar Philotis verwens hom (v.134):

„at te di deaeque perduint cum isto odio, Lache!"

Sy hele optrede toon dat hy altyd die beste weet: teenoor Pamphilus, Phidippus, en natuurlik Sostrata.

Sy optrede teenoor sy vrou is baasspelerig, onverdraagsaam en onredelik. Hy is uiters prikkelbaar en by die geringste aanleiding vaar hy woedend uit teen alle vrouens (198 sqq.). Wysgerig verklaar hy (vv199):

„utin omnes mulieres eadem aeque studeant nolintque omnia.

neque declinatam quicquam ab aliarum ingenio ullam reperias!"

Onredelik beskuldig hy sy eie vrou, en hyself is baie selfversekerd: (v.204): „ei ludo, si ullus est, magistrum hanc esse sati'certo scio." Selfs haar sagmoedige, vroom bede dat hulle saam oud mag word, beantwoord hy ewe dwarstrekkerig (v.207):

„di mala prohibeant."

Wanneer sy haarself verdedig en hom verseker dat hy haar onredelik beskuldig, is hy bitter verontwaardig en slinger onkeerbaar-kwaad verdere beskuldigings teen haar (vv209):

„te inmerito? an quicquam pro istis factis dignum te dici potest?

quae me et te et familiam dedecoras, filio luctum paras."

Harsh¹⁷⁾ sê van hierdie toneel: „In this scene Laches and Sostrata are not portrayed with the seriousness and depth that might elicit any real sympathy with them. Indeed, they are here the stereotyped ridiculous old married couple of New Comedy, and Laches indulges in the usual jokes on married life (207)u

Maar die rede waarom hy kwaad is, is geregverdig: dit is omdat sy goeie naam geskend is, sy goeie naam waarop hy so gesteld is. Hy meen altyd dat hy beter is as ander mense, en ook Phidippus beskuldig hom van hoogmoed (v.507): „sublati animi sunt."

Dan is hy vol selfbejammering: dat sy hom, 'n man van vlees en bloed

...../41 vir

vir 'n klip kan aansien! (214 sqq.). Hy het soveel vir haar opgeoffer en hom afgesloof op die plaas (v.226):

„meo labori haud parcens praeter aequom atque aetatem meam."

Al bly hy op die plaas weet hy nogtans alles wat in die stad aangaan, en weier om haar verklarings te glo. Ten spyte van al haar gepleit, bly hy koud en hard en daar is geen einde aan sy beledigings nie (228 sqq).

Hy gee voor dat hy baie goedgezaard en toegewend is, maar nie te erg nie, want hy weet altyd presies hoe om op te tree en homself te handhaaf (247 sq):

„ego meis me omnibus scio esse adprime obsequentem,

sed non adeo ut mea facilitas corrumpat illorum animos."

So verwaand is hy dat hy aan Phidippus sê dat, as hy soos hyself gehandel het, dit beter sou gewees het vir albei huisgesinne. Ook teenoor Phidippus is hy meerderwaardig en hy verwyt hom omdat hy nie wou sê wat verkeerd was met sy dogter nie. Hy is meer bekommerd oor Philumena as haar eie vader, terwille van sy seun (v.259):

„id adeo gnati causa." Phidippus prys sy ywer, vriendelikheid en eerlikheid. (263 sq):-

„et diligentiam vstram et benignitatem

novi et quae dicis omnia esse."

In werklikheid is hy egter skynheilig en eiegeregtig. Phidippus self beskuldig hom daarvan (463 sqq., 736 sqq). Sy gierigheid laat hom sy seun wegstuur na Imbros waar 'n familielid gesterf het, en feitlik sy eerste vraag aan hom as hy terugkom is (v.458):

„cedo, quid reliquit Phania

consobrinu' noster?"

Wanneer hy hoor dat die nalatenskap klein is, maak hy ewe vroom of hy nie omgee nie (v.463), maar Phidippus sê aan homself (v.465):

„et tamen utrum malis scio."

Teenoor Pamphilus probeer hy om die sagmoedige, toegewende vader te wees, om hom so ver te kry om sy wense uit te voer. Maar wanneer

nie Phidippus of Pamphilus na hom wil luister nie, gaan hy woedend na sy vrou om sy woede op haar te wreek (v.515):

„atque in eam hoc omne quod mihi aegrest evomam."

Haar karakter is egter te sterk, en hy word gedwing om te erken dat sy wys handel. Hy besef dat hy dieselfe moet doen en erken eerlik (v.619): „odiosa haec est aetas adulescentulis.

e medio aequom excedere est: postremo nos iam
fabulae

sumu', Pamphile, 'senex atque anus.'"

As hy van die kind hoor, is hy verheug. Daarom ken sy verontwaardiging geen perke as Pamphilus nog nie wil ingee nie (v.672)

„prodemu' quaeso potiu'? quae haec amentia est?"

Sy woede teenoor sy seun is heeltemal geregverdig en maak hom nie bespotlik soos wanneer hy vir sy vrou kwaad is nie. Norwood¹⁸⁾
sê: „The famous 'choleric' father, too, makes his expected bow. But in the place of the usual bad-tempered old imbecile whose one function is to swindle out of the statutory forty minae, we find a man who is naturally angered by an important cause: Laches is quite reasonably incensed by Pamphilus' refusal to take back his wife even when all objections appear to have been removed, and so inevitably suspects Bacchis which suspicion directly leads to the solution of the whole trouble."

Hy weet dadelik wat die oorsaak van Pamphilus se vreemde gedrag is (v.675). Sy verstand sê baie duidelik vir hom dat sy seun nog onder Bacchis se invloed is. So seker is hy van homself en so oortuigend is sy redenasie, dat Phidippus hom prys (v.696), en hy laat hom deur Phidippus lei om Bacchis te laat haal.

In sy onderhoud met Bacchis kom die swakste deel van sy karakter na vore. Bombasties verseker hy haar dat sy niks van hom hoef te vrees as sy net die waarheid praat nie (v.736). Hy meen dat hy alles van Bacchis se soort weet; nogtans verstaan hy haar glad nie. „He confronts this magnificent woman, of whose nature he not only knows nothing, but fancies he knows everything, with

the threadbare *savoir vivre* of a jaded minister preparing to receive a strikers' deputation."¹⁹⁾ Ongevoelig beskuldig hy haar en raai haar in sy wysheid aan (v.746):

„quare alium tibi firmiorem amicum, dum tibi tempu'consulendi est.”
Hy glo nie wat sy hom vertel nie, maar maak sarkastiese aanmerkings (v.753). Hy is heeltemal stomp, gevoelloos en dreig haar (v.766 sq):
„verum hoc te moneo unum, qualis sim amicus quid possiem
potiu' quam inimicus, periculum facias.”

Asof hy alle beheer oor haar het, verseker hy Laches dat hy haar maar self kan vra (v.783). Hy meen dat hy haar 'n groot guns bewys en is so taktvol, so bedagsaam (v.765) „reprimam me ne aegre
quicquam ex me audias?

Hy is aanstootlik in sy verwaandheid en stompsinnigheid, want nadat sy weg is, verklaar hy teenoor homself (vv 794):

„quid est quod mihi malim quam quod huicintellego evenire,
ut gratiam ineat sine suo dispendio et mihi prosit?”

Dit is dan ook reg dat hy nie ingelig word oor die ware toedrag van sake nie (865 sqq), maar gelaat word in die salige eiewaan dat hy in sy wysheid 'n gelukkige oplossing vir die probleem gebring het (793 sqq). Hy besef egter nie dat dit nie deur sy ingewing is nie, maar heel anders as wat hy meen.

10. Phidippus

Daar is ook 'n skerp teenstelling tussen die twee senes. Duckworth sê van hulle:²⁰⁾ „Of the two old men Laches is firmer and more hot tempered, Phidippus is better-natured and weak.” Phidippus is 'n saggeaarde eggenoot en vader, toegewend en oorheers deur sy vrou en dogter al wil hy dit nie erken nie. Hy dwing nie sy dogter om na sy wil te handel nie, maar erken self (244 sq.):~
„ego tamen patrio animo victu' faciam
ut tibi concedam, neque tuae lubidini advorsabor.”

Laches beskuldig hom ook dat sy vrou oor hom heers (v.250):

„nunc video in illarum potestate esse te."

Hy weet self dat dit 'n gebrek is, dog skroom nie om te bely nie (270 sq.): „aliud fortasse aliis viti est: ego sum animo leni natus non possum advorsari meis."

Teenoor Laches is hy vriendelik en toegewend, tog laat hy hom nie toe om oor hom baas te speel nie. Daarvoor is hyself te prikkelbaar. Hy wil baie graag hê dat sy dogter na haar man moet teruggaan en gesteurd beantwoord hy Laches se bevel (v.467):

„noli fodere. iussi."

Ook vererg hy hom bloediglik as Pamphilus nie wil luister nie, en roep verontwaardig uit (v.496): „quae haec est pertinacia?"

Dan is hy sommer baie kwaad en hardkoppig verklaar hy (v.500):

„ita nunc is sibi me supplicaturum putat?"

Hy gee dan ook nie meer om of Pamphilus sy vrou sal terugneem nie, maar hy wil net sy bruidskat hê as hy dit nie doen nie (501 sq).

As Laches hom probeer kalmeer, bevlieg hy hom ook en beskuldig hulle van hoogmoed oor hulle erfenissie. Hy is selfs vermakerig (508sq).

Sy vrou ken hom en is bang dat hy die geheim sal uitvind.

Wanneer hy dit ook werklik uitvind, is hy baie kwaad dat sy hom so kon veronreg het (v.524):

„vir ego tuo' sim? tum virum me aut hominem deputas adeo esse?"

Hy meen dadelik dat sy vrou die oorsaak van die rusie is en vind ook sommer 'n rede vir haar gedrag. Tog is hy ook vol wysheid en troos haar (v.542):

„verum id vitium numquam decrevi esse ego adolescentiae; nam id omnibus innatumst."

Teenoor Pamphilus is hy verdraagsaam want hy meen dat hy 'n baie goeie eggenoot vir sy dogter sal wees as hy homself so moeilik losseur van Bacchis (554 sq.). Hy wil graag die beste vir sy geliefde dogter hê. Hy voel wel veronreg omdat hy nie geraadpleeg

was in die saak nie, maar hy vergewe dit maklik en erken (v.564):
 „sed ego stultior meis dictis parere hanc qui postulem."

Hy is opreg en gaan dadelik na Laches om sy fout te erken
 (v.632): „a Myrrina haec sunt^{mea} uxore exorta omnia".

Hy pleit nou bedeesd dat hulle nie die familiebande moet verbreek
 nie. Hy sal egter berus in wat hulle ookal besluit, want hyself is
 sonder skuld en kan nie help as sy vrou iets doen nie (647 sqq.).

Hy is soms ook onredelik wanneer hy meen dat hy reg is. Wanneer
 Laches die gedagte lug dat Pamphilus nog onder Bacchis se invloed
 is, is hy gou om haar te beskuldig, en hy raai Laches selfs aan om
 met haar te gaan praat, te pleit as dit nodig is, of selfs te dreig.
 Nogtans is hyself te bang om dit vir haar te sê: hy laat dit liewers
 aan Laches oor. Sy gedrag teenoor Bacchis is dan ook skandelik bru-
 taal, (767 sqq.) want hy verstaan haar ook nie. Vroom en regverdig
 verklaar hy, want hy glo dit eerlik (v.772):

„nec pol istae metuont deos neque eas respicere deos opinor."

F. ADELPHOE.

11. Micio

Die onderwerp waaroor hierdie drama handel is fundamenteel
 die vraag: Wat moet die verhouding tussen vader en seun wees?²¹⁾
 Gevolglik word die karakters van die twee broers direk teenoor me-
 kaar gestel.²²⁾ Micio, die jonger broer, 'n man vol lewensblyheid,
 maar ook wysheid en insig, word beskou as Terentius se sterkste ka-
 rakter. Norwood,²³⁾ noem hom „beyond question Terence's greatest
 male character." En Duckworth²⁴⁾ sê van hom: „Micio's tolerance and
 wisdom, his understanding of human nature, make him Terence's most
 attractive male character."

Sy lewensfilosofie is daarop gebaseer dat vriendelikheid en
 vergewensgesindheid 'n beter man van 'n jongeling sal maak as te
 veel strengheid en die onderdrukking van al sy begeertes. Om daardie

rede is hy bo alles toegeeflik teenoor Aeschinus en ook Ctesipho.

Hy is die broer wat nooit getrou het nie, maar sy broer se seun aangeneem het as sy eie en hom liberaal probeer grootmaak.

Bond ²⁵⁾ ~~en~~ Walpole noem hom „an easy-going jolly fellow, full of the maxim 'boys will be boys', and carried away by his annoyance with his brother to indiscreet praise of : immorality."

Hy laat Aeschinus alles doen wat hy wil (51 sqq.):

„do praetermitto, non necesse habeo omnia
pro meo iure agere; postremo, alii clanculum
patres quae faciunt, quae fert adulescentia,
ea ne me celet consuefecit filium."

Want sy teorie is (57 sqq):

„pudore et liberalitate liberos
retinere satius esse credo quam metu."

Hy is altyd gereed om te vergewe en alles oor te sien (cf. 100 sqq., 141 sqq., 630, 643 sqq., 680 sqq, 701). Vurig verdedig hy die seun wat hy as sy eie aangeneem het (101 sqq), want hy het hom baie lief (48 sq):

„eduxi a parvulo; habui amavi pro meo;
in eo me oblecto, solum id est carum mihi."

Op 'n kalme, verstandige wyse verdedig hy Aeschinus se daade teenoor Demea: hyself word nooit kwaad nie (wl100 - 122). Nogtans is hy nie blind vir Aeschinus se foute nie. In sy hart is hyself ook bekommerd omdat hy nie die vorige nag huis toe gekom het nie, (26sqq.) en oor al die stories wat daar van hom vertel word (147 sqq.). Teenoor homself erken hy eerlik dat daar veel waarheid in Demea se woorde steek (141 sqq.). Dit is ook nie as gevolg van valse trots dat hy dit nie teenoor Demea wil erken nie, maar omdat hy sy broer baie goed ken en verstandiglik besluit (143 sqq):

„nam itast homo
quom placo, advorsor sedulo et deterreo,
tamen vix humane patitur."

want hy het 'n diepe mensekennis (cf. 28 sqq., 65 sqq, 98 sqq, 803 sqq., 820 sqq). Tog bly hy nog geestig ook (29 sq):

...../47 „evenire

„venire ea satius est

quae in te uxor dicit et quae in animo cogitat

irataquam illa quae parentes propitii."

Hy hou daarvan om sy ernstige broer te terg (702 sqq.) Lighartig amper ligsinnig, is hy wanneer sy broer hom in woede beskuldig dat hy Aeschinus in die verderf sleep (vv745 - 757). Om daardie rede beskou Demea hom as „senex delirans" (v.761). Op al Demea se klagtes oor Aeschinus se gedrag en sy eie houding bly hy beleefd en kalm (98 sq, 127, 135, 141 sqq, 723 sqq., 794, 806 sqq). Gelate verduur hy al die beskuldigings en aanvaar dit filosofies (737 sqq)

„non, si queam

mutare. nunc quom non queo, animo aequo fero.

ita vitast hominum quasi quom ludas tesseris:

si illud quod maxume opus est iactu non cadit,

illud quod cecidit forte, id arte ut corrigas."

Demea noem hom „communi' corruptela nostrum liberum"(v.793) maar hy verdedig homself op bekwame wyse (vv803 - 835) , want hy sien altyd die goeie in 'n saak. Hy is vol vertroue in sy medemens en glo dat albei seuns sal opgroei soos hulle wil hê (826 sqq):

„quae ego inesse in illis video, ut confidam fore

ita ut volumu'. video eos sapere intellegere, in loco

vereri, inter se amare; scire est liberum

ingenium atque animum: quovis illos tu die

redducas."

„It is no ordinary man who is capable of a view so original and so ably expounded," sê Norwood van hom.²⁶⁾

Hy verwyf Demea op saggeestige wyse, maar dring skerp tot die kern van die saak deur.

Hy het 'n teenargument vir al Demea se besware, sodat Demea moet ingee, maar hom waarsku dat hy sy verdraagsaamheid te ver dryf

(835 sqq.): „ne nimium modo

bonae tuae istae nos rationes, Micio,

et tuos iste animus aequo' subvortat."

Hy oordryf sy goedhartigheid en gee te veel toe aan al Aeschinus se misstappe. Syrus praat van:

„inepta lenitas

patris et facilitas prava" (v.390).

Sy stelsel slaag ook nie, want Aeschinus is ook nie heeltemal openhartig teenoor hom nie. Sy goedhartigheid het Aeschinus se karakter ondermyn. Wanneer hy egter uitvind dat hy misluk het, word hy nie kwaad nie. Vol erns en waardigheid beloof hy Hegio dat hy sy plig sal doen, en hy is opreg verbaas dat Hegio hom daaroor prys (592 sq).

„ego in hac re nil reperio quam ob rem lauder tanto opere, Hegio :
meum officium facio, quod peccatum a nobis ortumst corrigo."

Hy is bereid om alles te doen wat nodig is. Norwood²⁷⁾ prys sy optrede: „He shows no trace of loose roguishness, but simple gravitas.

Om daardie rede gaan hy dadelik om Aeschinus te soek. Norwood²⁸⁾ noem die toneel waarin hy met Aeschinus praat „by far the most excellent scene - the noble eclaircissement between him and Aeschinus, which is equal to anything ever compared in the manner of high comedy." Wanneer Micio sy seun voor Sostrata se deur aantref, in verwarring en vrees, besluit hy om eers met hom die gek te skeer om hom daardeur te dwing om self te beken wat hy gedoen het. Dit moet ook as vergelding dien omdat hy nie sy vader in sy vertroue geneem het nie, want dit het hom as vader diep seergemaak; en dit is die soort straf wat hy toedien (639 sq.).

„quor non ludo hunc aliquantisper? melius est,
quandoquidem hoc numquam mihi ipse voluit credere."

Hy word ook nie teleurgestel in sy verwagtinge van sy seun nie, want sy seun voel tog skaam oor sy gedrag (v.643). Versigtig lei hy hom om die waarheid uit hom te lok, terwyl hy hom indirek verwyt (670 sqq.) en aanspoor tot openhartigheid. Wanneer Aeschinus se weerstand eindelik breek, is Micio dadelik vol besorgdheid en liefde. Hy verlang niks meer nie, maar troos sy seun (679 sq):

...../49,,Aeschine,

„Aeschine, audiui omnia
et scio; nam te amo, quo mage quae agi' curae
sunt mihi."

Tog is hy 'n waardige vader want hy bettig Aeschinus dan „in
language both of severe rebuke and of sympathy,"²⁹⁾ (vv685 - 695).

Maar sy skerp verwyte eindig met die troostende toegewing:
(v.696): „bono animo es, duces uxorem."

want hy kan nooit vir lank kwaad bly of iemand seermaak nie. Hy
terg sy seun dan weer geestiglik, vriendelik (v.702), die lepidus
senex. Aeschinus is oorstelp van vreugde en kan nie woorde genoeg
vind om sy vader te dank en te prys nie (681 sq., 701, 705 sqq.).

„hic non amandus? Hicine non gestandus in sinust? hem.

itaque adeo magnam mi iniicit sua commoditate curam
ne imprudens forte faciam quod nolit."

Dit is Micio se beloning, die vrugte wat hy pluk, en hy verdien dit
ook.

Sy hele lewe is „clementem vitam" soos hyself erken (v.42)
en almal getuig daarvan en prys hom daarvoor. Demea lê hom daarop
toe om aan almal te toon dat Micio se gewildheid eintlik net hier-
op berus, sy vrygewigheid, „dando et obsequando" (v.880). Hy noem
dit (864 sqq.):-

„clemens placidu', nulli laedere os, adridere omnibus;

sibi vixit, sibi sumptum fecit: omnes bene dicunt, amant."

Hy slaag dan ook daarin om aan te toon dat Micio in hierdie opsig
belaglik is wanneer hyself Micio se lenitas toepas en hom dwing om
al sy versoeke toe te staan, om met Sostrata te trou (v.944):

„etsi hoc mihi pravum ineptum absurdum atque alienum a vita mea
videtur, si vos tanto opere istuc vultis, fiat,"

om aan Hegio 'n plaas te skenk, beide Davus en sy vrou vry te laat
en 'n voorskot aan hulle te gee (vv924 - 982) Harsh se³⁰⁾: „By
making Micio protest he has presented the urbane brother as a weaker
character who is unable to refuse a request even when he really de-
sires to do so." (986 sqq.): „quod te isti facilem et

...../50 festivum

festivom putant,

id non fieri ex vera vita neque adeo ex aequo et bono,

sed ex adsentando, indulgendo^{et} largiendo Micio."

Demea wys hom op die gebrek in sy stelsel, soos Duckworth³¹⁾ dit stel: „he points up the basic flaw in Micio's method and reveals how the latter's character has been undermined by his generosity and indulgence."

Micio word dus gedwing om te erken dat hy verkeerd was: hy maak die grootste toegewing,³²⁾ maar tog toon Demea ook dat Micio nie heeltemal verkeerd was nie, want hy besluit self ook om vrygewig en toegewend te word (860 sqq en 997).

12. Demea

Demea is net die teenoorgestelde van Micio; 'n streng, hardvogtige vader wat geen meegevoel met die jeug het nie en hulle ook nie verstaan nie, en juis daarom die middelpunt van bedrog en bespotting word. Hy vorm 'n baie skerp en duidelike teenstelling met sy broer. „Demea is drawn with at least equal sympathy and discretion. ----- He must of course be contrasted strongly and illuminatingly with his brother, whose novelty, charm and educational theory might seem certain to reduce Demea to a mere stage property. But Demea is no foil to Micio."³³⁾ Vergelyk ook wat Bond en Walpole³⁴⁾ van hulle sê.

Sy teorie van opvoeding is om so streng te wees as moontlik, om nooit toe te gee aan die grille van die jeug nie, maar om hulle met 'n ysterhand te regeer. Duckworth³⁵⁾ sê van hom: „Terence's outstanding portrayal of the 'harsh father' is that of Demea in the Adelphoe: he was severe beyond all reason in his rearing of Ctesipho and in his angry condemnation of Aeschinus." Hy het dan ook Ctesipho so groot gemaak, en hy het werklik en eerlik gemeen dat hy 'n voorbeeldige seun is, gehoorsaam en hardwerkend soos sy

...../51 vader

vader: want in teenstelling³⁶⁾ met Micio, het Demea 'n hardwerkende, spaarsame lewe op die plaas gevoer (45 sq., 859 sqq):

„semper parce ac duriter

se habere; uxorem duxit; nati filii

duo."

Hy het twee seuns gehad, en alhoewel hy die oudste aan Micio gegee het, bly hy nogtans vir hom 'n voortdurende bron van kommer want hy bly nog sy werklike vader: „curaest mihi" (v.129). Micio kla oor sy broer se onmenslike strengheid (v.64):

„nimium ipse durust praeter aequomque et bonum."

Gevolgtlik kerm hy gedurig by Micio omdat hy Aeschinus so losbandig grootmaak. Dit maak hom seer om altyd soveel stories te hoor, en omdat hy van nature opvlieënd en vurig is, maak dit hom rasend van woede (cf. 111 sqq., 136 sqq., 143, 369 sqq., 725 sqq.).

Hy preek voortdurend vir Micio (v.79) „iam ut solet iurgabit."

(Cf. 60 sqq., 92 sqq., 111 sqq., 128 sqq., 792 sqq., 820 sqq.).

Maar sy woede is heeltemal geregverdig en nie, soos die tradisionele komiese vader van Nuwe Komedie, oor geld wat sy seun spandeer het nie, maar omdat hy teen alle wette van die gemeenskap handel en hulle goeie naam deur die modder sleep (92 sq):

„hoc advenienti quot mihi, Micio,

dixere! in orest omni populo."

Dit laat hom kook van verontwaardiging (82 sqq.):

„rogas me ubi nobis Aeschinus

siet? quid tristis ego sum?"

(cf. 11 sqq., 721 sqq., 789 sq.).

Hy hou Ctesipho voor as 'n toonbeeld van deugdelikheid terwyl Micio self weet dat sy seun ook maar losbandig is (cf. vv.94, 398, 409, 436 sqq., 536). Hy is baie lief vir Ctesipho en ook teenoor Aeschinus kan hy nie vreemd staan nie. Sy gedrag maak hom diep seer; (v.137): „aegrest; alienus non sum." Hy probeer egter om homself te bedwing en beloof om homself by Ctesipho te bepaal: sy

geliefde seun (v.138): „et est dis gratia

quom ita ut volo est."

Hierin word hy natuurlik heeltemal bedrieg; want alhoewel hy Syrus nie vertrou nie, is hy nie bestand teen sy vleitaal nie (v.394): „tu quantu' quantu's nil nisi sapientia es,

ill' somnium."

Wanneer Syrus Ctesipho se deugde loof (403 sqq., 560 sqq.) voel hy baie gelukkig en trots (535 sqq.) en hy word aangevuur om soveel wysshede te uiter dat hy homself belaglik maak (411 sqq.). Verwaand is hy in sy selfvertroue (413 sq): „fit sedulo:

nil praetermitto; consuefacio."

Syrus spot met sy selfversekering (v.548): „rideo hunc: primum ait se scire: is solu' nescit omnia."

Tog is sy raad goed. Donatus sê oor hom (413)³⁷⁾

„Non philosophice, sed civiliter monet. Non enim dixit 'hoc bonum' sed 'hoc laudi' est! Nec 'hoc malum' sed 'vitio datur'! Ergo ut idiota et comicus pater, non ut sapiens et praeceptor."

Tog is Demea nie die komiese vader van Nuwe Komedie nie. „Demea is far from being a stupid old man of the usual comic type. He is saved from this by his profound sincerity and his great concern for the welfare of the young men. --- One of the ironic aspects of Demea's character is that he is continuously busy trying to straighten out affairs but actually never accomplishes anything.³⁸⁾

Hy is vol lof vir Hegio, want hy is 'n regverdige man en prys iemand wat dit verdien (439 sqq.) Wysgerig betreur hy (440 sqq) „o di boni,

ne illiu' modi iam magna nobis civium

paenuriast), homo antiqua virtute ac fide!"

Dog van Hegio moet hy van nog 'n wandaad van Aeschinus verneem, waaroor hy diep beskaamd voel (v.485).

...../53 „pudet

„pudet: nec quid agam nec quid huic respondeam
scio."

Ook sy selfversekering lei daartoe dat hy bedrieg word, want hy voel dat dit net so is soos hy altyd gesê het en hy gaan soek sy broer om hom te wys dat hy reg was (v.510):

„ut in eum haec evovam."

Gevolgtlik kry Syrus weereens die geleentheid om met hom die gek te skeer, want sy eie geliefde Ctesipho is in die huis besig om te fuif, en hy het 'n doodse vrees vir sy vader (521 sqq.) Hy word weer getroos met stories van Ctesipho se woede oor hulle wandade (554 sqq) en hy word op 'n nuttelose soektog na sy broer deur Athene gestuur terwyl hierdie „bandelose" huishouding hulleself geniet. Uitgeput, moeg en kwaad kom hy weer terug (v.713) en as hy Micio dan voor die huis kry, val hy hom aan oor hierdie „nova capitalia" (v.722), „alia flagitia," (v.721). Hy is bitterlik geskok as hy uitvind dat Micio alles weet en goedkeur (748 sqq.) Hy kan dit nie glo nie, en verbitterd roep hy uit (v.757)

„O Iuppiter,
hancin vitam! hoscin mores! hanc dementiam!
uxor sine dote veniet; intu' psaltriast;
domu' sumptuosa; adulescens luxu perditus;
senex delirans."

Dit is egter nog nie die einde van alles wat hy moet deurmaak nie. Sy grootste ontnugtering en ook sy grootste vernedering kom wanneer hy uitvind dat sy Ctesipho ook in daardie „malhuis" is en die lewe daarbinne geniet. Dan is hy hulpeloos (v.789):

„ei mihi! quid faciam? quid agam? quid clamem aut querar?"

Nou kan hy homself nie bedwing nie, en hy vlieg Micio in in sy woede (792 sqq). Hy luister met moeite na Micio se kalme uiteensetting van die saak want dit is nie omdat hy suinig is dat dit hom grief nie, maar die beginsel (v.820):

...../54 „mitto

„mitto rem: consuetudinem amborum."

Nogtans toon hy hier dat hy nie hardkoppig is nie. Grootmoediglik laat hy hom oorhaal omdat die geleentheid dit vereis (839 sqq.) al is hy nog vol dreigemente oor wat hy alles met die ~~siter~~ speelstertjie gaan maak (845 sqq.).

As hy dan alleen is, kom hy tot nadenke en in sy alleenspraak kom sy hele sterk persoonlikheid uit (v.855 - 881). Hy oordink alles, sy lewe en die van sy broer, en besluit om sy streng lewe vaarwel te sê. „Demea reviews his life and finds that it has been somewhat futile. In a way he summarizes the lessons which the action of the play has taught him. Now he decides to change, and he proceeds to do so with a vengeance."³⁹⁾

Eerlik teken hy homself (v.866):

„ego ille agresti' saevo' tristi' parcu' truculentus tenax." Pateties is hy in sy besef van watter vrugte hy gepluk het op sy streng opvoeding van sy kinders (870 sqq.):

„nunc exacta aetate hoc fructi pro labore ab eis.fero,
odium; ille alter sine labore patria potitur commoda.
illum amant, me fugitant; illi credunt consilia omnia,
illum diligunt, apud illum sunt ambo, ego desertu' sum."

Hy is sterk genoeg om te besluit om te verander, om te erken dat hy verkeerd was, maar hy wil eers Micio 'n les leer met sy eie metode: hy sal ook almal se liefde wen deur sy broer se „bonhomie" na te boots (v.880):

„si id fit dando atque obsequendo, non posteriores feram "

Hy slaag dan ook uitstekend daarin in die laaste toneel (882 sqq). Eers wen hy Syrus, dan Geta en Aeschinus en hy haal Micio oor om met Sostrata te trou. Hy is die liefvalligheid en vrygewigheid self en Micio is verstom (v.984):

„quid istuc? quae res tam repente mores mutavit tuos?"

Sy antwoord hierop toon hom onteenseglik as die sterkere van die twee. Hy sal nou die middeweg kies omdat nie sy metode of die van

sy broer bevredigend is nie. „In the final arrangement Demea resumes his stern dignity, and all admit the desirability of a certain amount of discipline along with timely complacence.”⁴⁰⁾

Sterk en fier is hy, en hy bied homself aan Aeschinus as raadgewer: hy sal nie meer met vrees regeer nie, ook nie met blinde toegewing nie: hy sal die twee verbind in wyse simpatie:

(992 sqq.): „sed si id vultis potius, quae vos propter adules-

centiam
minu' videtis, magis impense cupitis, consulitis
haec reprehendere et corrigere me et obsecundare in
parum,

loco:

ecce me qui id faciam vobis.”

Ook Aeschinus erken sy gesag en met eerbied verseker hy hom nou:

„plus scis quid opus factum est,” (v.996).

Tereg loof Norwood hom⁴¹⁾: „A splendid old man is this who so late in life can learn such a lesson, announce his conversion without pettishness, and retain with dignity both the centre of the stage and the mastery of the moral situation.”

13. Hegio

Hegio is die goeie vriend en helper van Sostrata en haar dogter en ook 'n kennis van Demea en Micio. Sostrata self getuig dat hy altyd behulpzaam was en haar oorlede man se beste vriend(v352): „nam is nostro Simulo fuit summus et nos coluit maxime.”

Gevolgtlik roep hy dadelik sy hulp in om hulle saak te kom verdedig, en hy doen dit ook op bekwame en waardige wyse (462 sqq.). Demea praat ook met die grootste lof van hom en noem hom 'n getroue standvastige vriend, en 'n opregte en eerbare man (v.442):

„homo antiqua virtute ac fide.”

Hy beskou hom as 'n man in wie daar geen kwaad is nie (v.443):

„haud cito mali quid ortum ex hoc sit publice.”

Hegio se optrede is beslis en vas, want hy is oortuig van sy reg. Hy is baie verontwaardig (v.447):

...../ 56 „facinus

„facinus indignum, Geta!"

Dit is geen pleidooi wat hy teenoor Demea lewer nie, maar hy wys hom beslis op sy plig (489 sqq). Hy is vol kalme lewenswysheid en vergewe Aeschinus sy eerste sonde omdat „humanumst." (v.471). Maar dan eis hy dat Demea moet optree en reg laat geskied. Hy beroep hom op sy eer (v.489):

„illaec fidem nunc vostram inplorat, Demea."

Hy is 'n goeie, vredeliewende man en daarom bid hy dat Demea self reg sal handel (v.491). Anders sal hy self optree, en hy is heeltemal vasberade om sy uiterste bes te doen (v.493):

„summa vi defendam hanc atque illum mortuom."

Vurig is die betuiging van sy getrouheid teenoor sy gestorwe vriend: (497 sqq.) en kalm is sy vermaning en sy wysheid (500 sqq).

„sed Demea, hoc tu facito cum animo cogites:

quam vos facillime agiti', quam estis maxime

potentes dites fortunati nobiles,

tam maxime vos aequo animo aequa noscere

oportet, si vos vultis perhiberi probos."

Ook teenoor Micio is hy selfversekerd, maar uit 'n vriendelike krag en sonder enige trots. Hy prys Micio dat hy sy plig doen (597 sqq) en vra hom om self met Sostrata te praat, want hy is vol meegevoel vir haar (v.598). Verstandig wys hy hom daarop hoe die armes met takt behandel moet word (607 sqq) en Micio loof dit (v.609) „et recte et verum dici!" Norwood sê van hom:⁴²⁾

„Hegio does, of course, show dignity and resolution. There is much quiet knowledge of the world, too, in this man, particularly when he reminds Micio how important is tact in dealing with the poor."

Ook hy kry sy beloning in die vorm van 'n klein plasie omdat, soos Demea dit stel, (v.951):

„pro patre huic est, bonus est, noster est; recte datur."

Karaktertreienskappe.	Andria			Heauton-timorumenos			Phormio			Hecyra			Adelphoe							
	12	Chremes	Crito	4	Chremes	Crito	6	Laches	7	Demi pho	8	Chremes	9	Laches	10	Demi pho	11	Chremes	12	Adelphoe
Karaktertreienskappe.	12	Chremes	Crito	4	Chremes	Crito	6	Laches	7	Demi pho	8	Chremes	9	Laches	10	Demi pho	11	Chremes	12	Adelphoe
Positief	12	Chremes	Crito	4	Chremes	Crito	6	Laches	7	Demi pho	8	Chremes	9	Laches	10	Demi pho	11	Chremes	12	Adelphoe
Benvoud																				
Waardigheid																				
Trots																				
Konserwatisme																				
Vroomheid																				
Verbaarheid																				
Regverdigheid																				
Strengheid																				
Erns.																				
Standvastigheid																				
Selfbeheersing																				
Herlikheid																				
Lewenswysheid																				
Grootmoedigheid																				
Verdraagsaamheid																				
Simpatie																				
Bedagsaamheid																				
Toegewendheid																				
Vredeliewendheid																				
Beleefdheid																				
Takt																				
Verstandigheid																				
Fyngevoeligheid																				
Liefde (vader)																				
Hulpvaardigheid																				
Gasvryheid																				
Vrygewigheid																				
Vriendelikhed																				
Lewensblyheid																				
Lighartigheid																				
Geestigheid																				
Hardwerkendheid																				
Spaarsaamheid																				
Noukeurigheid																				
Waaksaamheid																				
Welsprekendheid																				
Getrouheid																				

A = Sterk

B = Middelmatig

C = Effens

...../59 Opsomming

H. SAMEVATTING EN GEVOLGTREKING

Die Senes van Romeinse Komedie kan, volgens Duckworth,⁴³⁾ ingedeel word in vier groepe, nl.: 1) vader; 2) behulp same vriend; 3) eggenoot; 4) minnaar. Maar Terentius se senes is bowe-al vaders wat hulleself ernstiglik besig hou met die opvoeding van hulle kinders. Dit is die een karaktereienskap wat die sterkste dryfveer agter al hulle handeling is, hulle ouerliefde. Van die dertien senes vir Terentius se ses dramas word elf hoofsaaklik geteken as vaders. Tog verskil hulle optrede teenoor hulle kinders geheel en al, want by hulle vaderliefde kom in ~~ekenander~~ eienskappe wat hulle eintlike karakter bepaal. „We find numerous gradations from the excessively indulgent and compliant father to the father who lacks sympathy and understanding and who, because of his harshness and severity, becomes the subject of deception and ridicule”.⁴⁴⁾

Simo in die Andria is toegewend en verdraagsaam teenoor sy seun se misstappe, maar tog ook in so 'n mate streng dat hy gehoorsaamheid van sy seun verwag. Sterker as sy vaderliefde is egter sy liefde vir homself, sy eie waan, en gevolglik word hy ook bedrieg en belaglik gemaak. Chremes het sy dogter baie lief en probeer altyd optree om haar belange te bevorder, maar sy hooghartigheid en selfsug is veel sterker. Hy is veral verwaand en seker van homself, en die bedrog van Simo se seun en slaaf is gevolglik ook vir hom 'n slag wat sy eiewaarde krenk.

In die Heautontimorumenos vind ons ook twee vaders wat teenoor mekaar gestel word, want dit is veral dié wyse waarop Terentius sy karakters teken, deur twee karakters langs mekaar te stel wat geheel en al van mekaar verskil. Op dié wyse teken die een die ander se karakter. Dit is die sleutel van sy dramatiese tegniek.⁴⁵⁾ So kry ons Simo en Chremes (Andria), Chremes en Menedemus (Heautontimorumenos), Demipho en Chremes (Phormio), Laches en Phidippus (Hecyra), en Micio en Demea (Adelphoe).

...../60 Menedemus

Menedemus in die Heautontimorumenos was eers oordrywend streng, maar word dan heeltemal sag en toegewend sodat hy homself deur Chremes se wysheid laat lei. Chremes, daarenteen, gee voor dat hy toegewend is teenoor sy seun, maar hy is in werklikheid baie selfsugtig en opvlieënd en word heeltemal hard as hy gedwarsboom word in sy wense en word dan heeltemal belaglik gemaak.

Laches in die Eunuchus het 'n geringe rol, en tree slegs op teen die einde om die handeling af te rond. Hy is ook 'n ouer, maar steur hom nie veel aan sy kinders nie, want sy gemaksug laat hom liewers alleen op die plaas bly. In die Phormio tree Demipho en Chremes op, maar alhoewel Demipho hier stry om sy seun die regte weg te laat volg, doen hy dit net soveel in belang van sy broer Chremes, want by sy ouerliefde en strengheid, kom sy liefde vir sy broer wat hom dinge laat doen wat teen sy regverdigheidsin en eerlikheidsin indruis. Chremes, daarenteen, is nie bekommerd oor sy dogter nie, maar veel eerder oor homself, want sy vrees vir sy vrou as gevolg van sy oneerlikheid, maak hom 'n lafaard.

In die Hecyra kry ons Laches, die heethoofdigste, streng vader wat sy seun wil dwing om te doen wat hy hom beveel, en meerderwaardig teenoor sy vrou optree en Phidippus, oorheers deur sy vrou en dogter, sagmoedig en vroom, maar tog ook soms opvlieënd. In die Adelphoe is Demea, die strengste van al die vaders, wat deur sy onredelike hardheid sy seuns van hom vervreem, en so bedrieg word, en Micio, die lighartige, toegewende vader wat ook te ver gaan hierin en as gevolg daarvan ook deur sy seun bedrieg word.

Oor die algemeen dus is hulle toegewende vaders. Donatus (ad Ad. 141) toon aan dat Terentius 'n voorliefde het vir lenissimi patres.

Crito in die Andria en Hegio in die Adelphoe tree op as vriende van die veronregte meisies, maar Hegio is 'n veel sterker karakter, eerlik en opreg, terwyl Crito om sy eie ontwil kom om geld op te eis en daardeur heel toevallig die ontknoping bewerkstellig. Hy word

...../61 dan

dan ook deur Donatus⁴⁶⁾ 'n „persona ad catastropham machinatio” genoem, wie se hoofdoel is om die „error fabulae” te openbaar. Die vaders help ook mekaar as vriende en broers, soos veral Demipho in die Phormio en Chremes (Heautontimorumenos), maar waar Demipho eerbaar en opreg is, is Chremes bemoeisiek en verwaand.

As eggenoot tree Chremes in die Phormio op, ontrou teenoor sy eggenote, lafhartig, beledigend. Hy is ook die enigste wat as 'n ontroue eggenoot geteken word: daar is geen senex wat as minnaar optree nie, want Terentius se senes is bowe-al eerbaar. In die Hecyra is Laches baasspelerig en onredelik oorheersend, hy probeer sy vrou in alles slegmaak en probeer om alle skuld op haar te pak, en Phidippus is sagmoedig en toegewend en laat hom deur sy vrou en dogter oorheers.

Die karaktereienskappe wat die senes as mense oorwegend toon is dus Eerlikheid (9), Opvlieëndheid (9), Selfversekering (8), Eerbaarheid (7), Regverdigheid (7), Erns (7), Standvastigheid (7), Simpatie (7), Vaderliefde (7), Wysgerigheid (7), Baasspelerigheid (7), Onredelikheid (7). Maar dit is nie eienskappe wat gepersonifieer word nie, wel mense wat elkeen in 'n groot mate dieselfde oorwegende eienskappe toon omdat hulle in dieselfde milieu en naastenby dieselfde situasie geplaas word. Die verskillende basiese eienskappe, wat ook die basiese eienskappe van elke mens is, word afgewissel deur soveel varierende eienskappe wat van elkeen 'n nuwe mens vorm, 'n lewende persoon met sy eie gewoontes en ideale, gedagtes en handeling wat sy eie probleme op sy eie manier benader.

Van die dertien senes is nege besonder eerlik en opreg, want Terentius verkies om sy ou manne die lewe ernstig te laat opneem en skilder hulle as eerbare, regverdige manne, stoere Romeine. „The senes of Terence take life and its problems more seriously; they are more dignified and respectable, in other words they are truer to life and gain in verisimilitude what they lose in vigor.”⁴⁷⁾ Gevolglik is hulle waardig en opreg en vol wysheid, vol erns: gravitas. Ver- al Demipho (Heauton) en Demea (Adelphoe) het 'n besondere groot

maat hiervan. Maar dit is dan ook in hulle selfversekering wat hulle bedrieg word en ook belaglik gemaak word.

Simo (Andria) se eerlikheid strek nie baie ver nie, want hy is self geslepe en slaag daarin om al die planne van sy seun en slaaf omver te gooi. Crito (Andria) is baie eerlik, maar hy is geen vader nie en kom slegs sy erfporsie eis. Chremes (Heauton) is ook eerlik, tog nie in 'n hoë mate nie, want hy hits sy slaaf aan om planne te beraam teen sy buurman omdat hy meen dat hy hom sodoende beter kan help. Menedemus (Heauton) is baie eerlik en opreg en hy word ook hierin beloon deurdat hy sy seun terugkry wat hy weggestuur het. Demipho (Phormio) is ook baie eerlik, maar hy is ook heethoofdig en word daarom deur sy seun bedrieg omdat hy te wysgerig was. Laches (Hecyra) is ook in 'n mate eerlik, maar tree onredelik op teenoor sy vrou en teenoor Bacchis, terwyl Phidippus self ook eerlik is, sodat hy niks verdra wat verkeerd is nie, en woedend uitvaar, ook teenoor sy vriend en sy vrou, as hy uitvind dat daar verkeerd gehandel word. In die Adelphoe is Demea ook uiters eerlik en hy verwag daarom eerlikheid van alle mense, maar hy is so seker van sy eie wysheid en insig dat hy te ver gaan en bedrieg word in sy vertroue in sy seun. Micio is ook eerlik, maar hy is blymoedig en vriendelik en daarom wen hy ook die vertroue van beide die seuns van sy broer.

'n Ander eienskap wat sterk na vore kom in meeste van die seuns, is opvlieëndheid. Ook nege van hulle is besonder opvlieënd, gou kwaad en gesteld op hulle regte, maar hulle opvlieëndheid lei in sommige gevalle tot onredelike woede soos by Simo (Andria), Chremes (Heauton) Demipho (Phormio), Laches (Hecyra) en Demea (Adelphoe), in sommige in hoër mate as in ander want daar kom soveel varierende eienskappe by hierdie basiese eienskappe dat geen twee van die senes eenders is of eenders optree nie, alhoewel die intrige in so 'n groot mate ooreenstem in al ses die dramas. Ook die feit dat selfs hulle name dikwels dieselfde is, veroorsaak nie verwarring nie. Sommige is waaksaam teenoor die liste van hulle slawe (Simo: Andria en

...../63 Chremes

Chremes: Heauton), andere is te onnosel om dit raak te sien, te be-
 hep met hulle eie waarde (Demipho: Phormio en Demea: Adelphoe).
 Sommige is self listig en beraam self planne: Simo (Andria) en Chre-
 mes (Heauton). Sommige is kwaad en vernederd as hulle bedrieg word,
 onredelik selfs: Chremes (Heauton), Demipho (Phormio), Demea
 (Adelphoe), maar terwyl Chremes selfsugtig bly, word Demea se sterkte
 en krag juis daarin getoon dat hy sy woede laat vaar en besluit om
 self te toon dat sy beleid tog gedeeltelik reg is; Demipho bly ook
 die sterkere wat sy broer aanhelp in sy lafhartigheid.

Eerlik is die Senes dus, regverdig, eerbaar en ernstig, wys-
 gerig en opvlieënd van geaardheid, soms streng en soms toegewend.
 Hulle word in naastenby dieselfde situasies geplaas, want al die
 dramas handel oor die alledaagse lewe van 'n huisgesin in Hellenis-
 tiese Athene. Hulle karaktereienskappe is oorwegend positief, want
 Terentius teken sy karakters as mense, met meegevoel vir hulle swak-
 hede en gebreke. Hy probeer hulle nie bespotlik voorstel om daar-
 deur die komiese in die komedie te bring nie. Cicero sê wel (De
 Amicitia, 26, 100): „Selfs op die verhoog is die verspotste ka-
 rakter die van die ou man wat geen insig het nie en maklik bedrieg
 word,” maar soos Duckworth sê⁴⁸⁾ „to look upon the senex as a
 stock type of the curmudgeonly father, always harsh (iratus, saevus,
 severus) and readily deceived, is far from accurate.”

Terentius neem wel die stereotipe karakter, die iratus senex,
 maar hy maak van hom veel meer as 'n personifikasie van eienskappe.
Hy voeg soveel eienskappe by dat hy van elkeen 'n mens maak. Daar
 is soveel variasies binne die tipe en elke karakter toon 'n wye ver-
 skeidenheid van deug en feilbaarheid.

Dit is dus nie eienskappe wat gepersonifieer word nie, maar
 lewende manne wat voor probleme gestel word, meestal probleme in
 verband met die opvoeding van hulle kinders, en wat elkeen dan dit
 op sy eie manier oplos. Op subtile manier onderskei hy die karak-
 ters. Sommige is wel sterker geteken as andere, soos Demea en Micio

in die Adelphoe, maar hulle bly mense en tree op soos mense van alle tye. „Its sons and fathers are very much like the sons and fathers of any age," sê Harsh van Nuwe Komedie⁴⁹⁾, en aangesien Terentius hom streng bepaal het by die karakters van die oorspronklike werke van Menander, is dit ook waar van sy karakters. Hulle is veral vaders ernstig besig met die opvoeding van hulle kinders, maar beslis nie kleurloos en eentonig nie.

111. ADULESCENS.A. ANDRIA.1. Pamphilus

Pamphilus verkeer in 'n stryd wat veroorsaak word deur sy liefde vir Glycerium en sy respek vir sy vader, want hy het hulle albei lief, maar hy weet nie hoe om albei se liefde en eerbied te behou nie: (260 sqq.):

„Tot me impediunt curae, quae meum animum divorsae trahunt:
 amor, misericordia huius, nuptiarum sollicitatio,
 tum patri pudor, qui me tam leni passus est animo usque
 adhuc"

Hy is 'n opregte jongman en dit maak hom seer om sulke bedrog te beoefen. Van jongsaf was hy bestendig en matig in alles wat hy aangepak het. Sy vader getuig self daarvan (55 sqq):

„quod plerique omnes faciunt adolescentuli, -

 horum ille nil egregie praeter cetera
 studebat et tamen omnia haec mediocriter."

Ook meen hy dat Pamphilus 'n toonbeeld van selfbeheersing is -

„magnum exemplum continentiae" (v.92). Die hele dorp het Simo geluk gewens met sy goeie seun (96 sqq.), en Chremes het uit eie beweging sy enigste dogter as vrou vir Pamphilus aangebied (99 sqq.) Simo was baie trots op hom, ook omdat hy so hulpvaardig en simpatiek was met Chrysis se dood (106 sqq.) Dit het hom diep geraak (108 sq)

„tristis interim,

nonnumquam conlacrumabat."

Ook Mysis het 'n baie hoë dunk van Pamphilus, omdat hy een van die weinige mans was wat getrou kon bly (462 sqq.):

„sed hic Pamphilus firmavit fidem."

Lesbia prys ook sy karaktervastheid:- „bonum ingenium" (466 en 487)

Pamphilus is dan self ook 'n goeie, gehoorsame seun wat sy vader respekteer en, sover moontlik, sy wense probeer uitvoer, en as sy vader se wense met sy eie bots, hom baie kwel daaroor (262 sqq.)

...../66 „tum

„tum patri' pudor.....

quae meo quomque animo lubitumst facere. einaego ut advorser?"

Hy belowe om te doen wat sy vader wil hê (v.420) en dit is vir Simo genoeg, want hy weet dat sy seun nie sy beloftes sal breek nie (526 sqq.). Wanneer sy bedrog teenoor sy vader tog aan die lig gebring word, voel Pamphilus gebroke, maar hy gee homself gelate oor (897 sq):

„tibi, pater, me dedo: quidvis oneris inpone, impera.

vis me uxorem ducere? hanc vis (a)mittere? ut potero feram."

Hy verdra al sy vader se beledigings soos 'n eerbiedige seun, want hy voel dat hy verkeerd gehandel het (876 sqq.), en hy is nou sterk genoeg om alles op te offer, selfs haar ter wille van wie hy alles gedoen het.

Hy het al die bedrog gepleeg terwille van sy liefde vir Glycerium. Deurgaans bly hy aan haar getrou en span al sy kragte in om haar te behou. „His love, anxiety and loyalty towards her are almost the only means which the poet has employed for his characterization," sê Norwood.¹⁾ Sy vader het hierdie mooi liefde eers met Chrysis se begrafnis opgemerk (106 sqq.) Glycerium was die oorsaak van sy droefheid: Uit jammerte vir haar:

„hinc illae lacrumae, haec illast misericordia" (v.126).

Hy het self haar uit die vlamme gered en so sy liefde, wat hy tot op daardie tydstip so sorgvuldig weggesteek het, getoon (v.132):

„bene dissimulatum amorem et celatum indicat."

Chrysis het op haar sterfbed Glycerium aan hom opgedra om te beskerm en nie in die steek te laat nie (290 sqq.), en dit is hierdie belofte van hom wat hy probeer nakom, want hy is 'n eerbare jongman. Plegtig verklaar hy (v.298): „accepi: acceptam servabo."

Hy is dan ook baie verontwaardig as Mysis aan hom sê dat Glycerium bang is dat hy ontrou sal wees, want hy het haar hartstogtelik lief (270 sqq.):

„hem egone istuc conari queam?

egon propter me illam decipi miseram sinam,

...../67 quae

quae mihi suom animum atque omnem vitam credidit,

quam ego animo egregie caram pro uxore habuerim?"

Hy is baie besorgd oor Glycerium (· 299 sqq.) en het selfs so ver gegaan om te belowe dat hy hulle kind sou erken (v.401) Sy vader beskou sy liefde as van verbygaande aard, net die hartstog van 'n jongeling (551 sqq) en meen dat hulle aan hom 'n vrou moet gee om hom te red. Maar Chremes, wat eerste aan Simo die berig van hierdie verbintenisgebring het (144 sqq.), glo nie aan hulle kastige rusie nie, want hy ken minnaars (v.555): „amantium irae amoris integratiost."

Pamphilus laat hom deur niks keer nie. Vir Glycerium sou hyenigiets waag, maar hy voel dat hy nie alleen die saak kan behartig nie, en hy roep dus Davos se hulp in omdat hy in twee geskeur voel deur sy vrees vir sy vader en hierdie liefde van hom. Swartgallig bekla hy sy lot (· 241 sqq.) en hy is bitter verontwaardig oor sy vader en Chremes se optrede (236 sq., 242 sqq.) Dit gee hom die moed om selfs bedrog te pleeg en sy vader te belowe dat hy met Chremes se dogter sal trou (v.346)

Al Davos se planne lei natuurlik tot niks en bewerk net Pamphilus se ondergang, omdat hy te blindelings op Davos vertrou het (v.642):

„et me et te inprudens, nisi quid di respiciunt, perdidit."

Hy is wel kwaad, maar besef dit is sy eie skuld. Tog beledig hy Davos (673 sqq.) en hou hardkoppig vol dat hy hom weer in dieselfde posisie moet plaas waarin hy hom gevind het (v.681).

Al lyk dit of almal teen hom is, sweer hy nogtans roekeloos trou aan Glycerium, want dit is terwille van haar dat hy alles deurmaak (v.694):

„per omnis tibi adiuro deos numquam eam me deserturum

non si capiundos mihi sciam esse inimicos omnis homines."

Vurig is sy liefde (696 sqq.): hy sal nou selfs sy vader teengaan en vir hom sê hy kan nie voortgaan met die huwelik nie (701 sqq.), want hy het nou eindelik geleer dat dit niks baat om oneerlik te wees nie. Gelate moet hy aanhoor hoe sy vader hom beskuldig en beledig (872 sqq.)

Tog ook hier kom sy opregtheid aan die lig: hy laat nie sy vader toe om Crito onverdiend te beskuldig nie (899 sqq.), omdat hy van nature onselfsugtig is. In sy eie ongeluk het hy Charinus ook beloof dat hy sy bes vir hom sal doen (v.327):

„dabo equidem operam.”,

en baie ongelukkig het hy aan hom vertel wat Davos se planne veroorsaak het (642 sqq.)

Sy liefde en getrouheid word egter beloon: Glycerium is in werklikheid Chremis se verlore dogter en sy mag sy vrou bly, en sy vader word weer met hom versoen (948 sqq.) Sy vreugde is so groot dat hy dit met iemand moet deel en sy vader smee om Davos weer te laat losmaak van sy boeie (v.955). Hy betuig dan ook sy opregte dank aan Davos (963 sqq), maar hy dink ook nog aan Charinus en gaan dadelik om hom die blye nuus te vertel (974 sq). Hy is die gelukkigste jongman op aarde en vriendelik teenoor almal. Davos noem hom tereg (v.973):

„solus est quem diligant di.”

2. Charinus

Charinus word, in teenstelling met Pamphilus, geteken as 'n hoogs vervelige minnaar wat aanhoudend oor sy liefde kerm sonder om self iets te doen. Beare²⁾ sê tereg: „The reason for the introduction of Charinus must have been not, as Donatus suggests, to supply Philumena with a husband, but to provide an interesting contrast in character and situation to Pamphilus.”

Hy is verlief op Philumena en dit is al waaroor hy dink, maar hy doen niks om haar liefde te wen of om sy saak by Chremes te bevorder nie. Hy is 'n lafhartige pessimis. Harsh³⁾ sê van hom: „Charinus is a romantic and idealistic young gentleman ...who... debates with sensitive modesty the advisability of approaching Pamphilus.” Maar hy is soms vervelig en vorm 'n skerp teenstelling met Pamphilus se meer kragtige optrede.

Wanneer hy hoor dat Pamphilus met Philumena gaan trou, is hy

...../69 dadelik

dadelik wanhopig en kerm dit uit (· 302 sqq.):

„vae misero mihi!

ut animus in spe atque in timore usque ant(e)hac attentus fuit,
ita, postquam adempta spes est, lassu' cura confectus stupeat."

Wanneer sy slaaf, Byrria, hom wyslik aanraai om, as dit, waarvoor hy wens, onmoontlik is, liewers te wens vir wat moontlik is, hou hy hardkoppig vol (v.306): „nil volo aliud nisi Philumenam."
Gedurig bekla hy sy lot: sy liefde is 'n siekte (v.309).

Hy is baie manhaftig as hy alleen is (· 312 sqq.), maar wanneer hy met Pamphilus praat, is hy te lafhartig om te sê wat hy wil (v.323): „vereor dicere," en hy vra Byrria om dit vir hom te doen. Hy wil Pamphilus ook nie help om sy eie geliefde te behou nie, maar is tevrede om te wag dat andere alles vir hom doen. Boonop is hy nog on-dankbaar en beledig arme Byrria (· 336 sq.)

Hy vertrou selfs nie Pamphilus nie, maar stuur Byrria om hom dop te hou (· 412 sqq.). Om daardie rede hoor hy hoe Pamphilus homskynbaar bedrieg en is vol verontwaardiging en veronregting. In 'n lang monoloog (vv.625 - 641) lug hy sy griewe, en gaan selfs om Pamphilus te beledig (· 643 sqq.) Hy wil niks verstaan nie maar hou hardkoppig vas aan sy idees.

Sy selfsug ken geen perke nie. Net nadat hy Davos beledig het, is hy gretig om sy nuwe planne te hoor (· 709 sqq.) Hy laat hom deur niks van stryk bring nie, maar dring daarop aan dat Davos na hom moet kom as hy 'n plan vind: hy sal by die huis wees (v.714): „domi erō". Wanneer hy later Pamphilus met homself hoor praat, neem hy dadelik aan dat alles vir hom ook reg is (v.973):

„salvo' sum si haec vera sunt"

Hy het nie lus om na Pamphilus se geluk te luister nie, maar vra hom dadelik om hom ook te help (v.975):

„age, me in tuis secundis respice."

Hy het dus geen invloed op die ontwikkeling van die intrige nie, maar dien wel as 'n teenstelling met Pamphilus, omdat hy so vervelig trots oor sy liefde en so hulpeloos is: „A youth tedious and dull."⁴⁾

B. HEAUTONTIMORUMENOS.3. Clitipho

Clitipho word deur sy vader beskryf as 'n luiaard, 'n bedrieër, 'n vraat, losbandig en 'n deurbringer (v.1033):

„gerro iners fraus helluo

ganeo's damnosu?",

en dit is ook wat hy in werklikheid is.⁵⁾

Hy is wel 'n goeie vriend vir Clinia en probeer hom help in sy nood. Hy ontmoet hom by die hawe en bring hom na sy vader se huis omdat hulle van jongsaf groot vriende was (v.183):

„nam mihi cum eo iam inde usque a pueritia

fuit semper familiaritas."

Hy is hom baie simpatiekgesind en hou hom by hulle aan huis omdat Clinia so bang is vir sy vader (v.198). Clitipho se vader word dan ook deur sy hulpvaardigheid aangespoor om Menedemus te help (417sqg). Hy vertroos Clinia in sy droefheid en bekommernis (.175 sqq., 241, 295 sqq.) Tog doen hy dit op meerderwaardige wyse, berispend (.175 sqq.):

„Nil adhuc est quod vereare, Clinia:

proin tu sollicitudinem istam falsam quae te excruciat mittas."

Hy is ongeduldig oor Clinia se pessimistiese gekla, want hy is self prakties en sien alle kante van 'n saak in: hy vind 'n rede vir alles en openbaar 'n besondere lewenswysheid (239 sq):

„Non cogitas hinc longule esse? et nosti mores mulierum:

dum moliuntur, dum conantur, annus est." (Cf.vv.254 sqq.,295sqg).

Hy bly deurgaans meerderwaardig en dominerend in sy houding teenoor Clinia. (cf. 235 sqq., 251 sqq., 274, 309 sqq.). Hy snap dadelik Syrus se verhaal en waarom dit Antiphila se onskuld bewys(295 sqg):

".....

magnum hoc quoque signumst, dominam esse extra noxiam,

quom eius tam necleguntur internuntii."

Selfs wanneer hy hom bedank, bly hy nog meerderwaardig (v.360):

„merito te amo, Clinia."

Dog, alhoewel hy Clinia berispe oor sy pessimisme, kan hy homself ook maar nie help nie. Hyself is dolverlief op Bacchis (227 sq., 809), maar hy is baie bang dat sy vader dit sal hoor, en hy voel ellendig omdat hy nie geld het om geskenke aan haar te gee nie (v.224): „neque me quisquamst miserior."

Tog gee hy nie om om haar te bedrieg nie, want hy is te trots om te erken dat hy niks besit nie (v.228).

In sy hulpeloosheid dra hy met graagte sy moeilikhede aan Syrus op (cf. 825 sqq, 996 sqq., 1066):

„et me et meum amorem et famam permitto tibi.

tu es iudex....." (.350 sq.).

Tog is hy uiters ongeduldig en ondankbaar en wil eers nie Syrus se planne aanvaar nie omdat hy te bang is vir sy vader, te lafhartig om berisping te verduur (.316, 337 sqq.). Syrus teken sy selfsug en lafhartigheid raak (.322 sqq):

„vis amare, vis potiri, vis quod des illi effici;

tuom esse in potiundo periculum non vis."

Ongeduldig verwerp hy al Syrus se planne (.311 sqq.), maar wanneer hy Bacchis sien aankom, kan hy homself ook nie bedwing nie. Tereg beskuldig Syrus hom van onversigtigheid en onbeheersdheid (369 sqq):

„sed heus tu, vide sis nequid inprudens ruas!

ego te autem novi quam esse soleas inpotens."

Ook sy vader moet hom vermaan omdat hy hom so skandelik gedra (.564 sqq.), want hy is hopeloos bedorwe en losbandig (.945 sq):

„ut eius animum, qui nunc luxuria et lascivia

diffluit, retundam redigam, ut quo se vortat nesciat."

Hy is opvlieënd van geaardheid en verloor amper alle selfbeheersing as Syrus hom berispe (.579 sqq). Syrus, wat alles doen net om hom te help, beskuldig en verwens hom tereg (.810 sqq.) As Syrus hom beskuldig dat sy hardkoppigheid : protervitas (v.814), byna sy einde beteken het, sê hy ondankbaar (v.815):

„vellem hercle factum, ita meritu's."

Hy skroom nie die minste om sy vader te bedrieg nie, terwyl

hy voorgee dat hy gehoorsaam en onderdanig is (v.211, 829) en sy bevele gehoorsaam uitvoer (587 sqq.) Agteraf beskuldig hy sy vader van onregverdigheid (213 sqq), want hy meen dat hy veronreg word. Hy vrees hom natuurlik en probeer sy liefde vir Bacchis van hom wegsteek (v.229):

„hoc ego mali non pridem inveni neque etiamdum scit pater."

Tog doen hy nie veel om dit geheim te hou nie: hy vertrou op Syrus om dit vir hom te doen, terwyl hy homself oorgee aan sy harts-tog. Sy vader beskuldig hom van ongehoorsaamheid en skaamteloosheid (1041 sq.):

„non mihi per fallacias adducere ante oculos pudet

at te id nullo modo

facere pudit."

Hyself meen gladnie dat hy verkeerd handel nie, en is boonop nog vol selfbejammering. Hy regverdig sy handeling (818 sqq., 956):

„quodnam ob facinu'?' quid ego tantum sceleris admisi miser?
volgo faciunt."

Dit is sy moraal en die regverdiging vir sy bandeloosheid. Hy dink net aan homself en die genot van die oomblik (961 sqq.):

„tibi prospexi et stultitiae tuae.

ubi te vidi animo esse omissio et suavia in praesentia

quae essent prima habere neque consulere in longitudinem."

Hy laat toe dat Bacchis na Clinia se vader se huis geneem word en ^{dat} die leuen vertel word dat sy Clinia se nooi is, terwyl hy intussen gaan om haar te besoek (902 sqq.) en ^{om}aan haar die geld ^{te}gee wat met bedrog van sy vader verkry is (790 sqq).

Wanneer al sy bedrog uitgevind is en hy die waarheid van sy vader hoor, wens hy somer hy kan doodgaan (v.971):

„emori cupio". Tog laat hy in sy dwaasheid homself weer deur

Syrus ompraat om te glo dat hy nie sy ouers se eie seun is nie

(990 sqq.) Vol selfbejammering bekla hy dan sy lot by sy moeder

(1024 sqq.). Eers nadat hyself ingesien het dat hy verkeerd ge-handel het, smee hy sy vader om vergifnis (v.1051) en belooft om

...../73 gehoorsaam

gehoorsaam te wees (v.1055):

„pater, omnia faciam: impera.

Sy liefde vir Bacchis is dan ook maar net oppervlakkige harts-
tog (v.229, 809), want hy sien kans om dadelik van haar af te sien
en met 'n ander meisie te trou, wel 'n meisie van sy eie keuse
(v.1063), want hy is ook kieskeurig (v.1064):

„immo, quandoquidem ducendast, egomet habeo propemodum."

Ook hierin kry die bedorwe seuntjie sy sin (v.1065)!

4. Clinia

In teenstelling met Clitipho is Clinia 'n opregte, goed-
geaarde seun wat graag aan sy vader se wense voldoen sover dit vir
hom moontlik is. Wanneer hy wel teen sy vader se bevele handel,
is dit as gevolg van sy opregte liefde vir Antiphila. Sy liefde
vir haar bots met sy liefde vir sy vader. Dit dwing hom om teen
sy vader se wete te handel (97 sq.):

„eius filiam ille amare coepit perditte,

prope iam ut pro uxore haberet: haec clam me omnia."

Hy het dit van sy vader geheim gehou omdat hy besef het dit
sou hom seermaak. Eerbied vir sy vader laat hom homself ook onder-
werp aan sy vermanings. Hy verlaat sy geliefde en sy vaderland
en gaan na Asië om daar geld en roem te verwerf soos sy vader voor-
heen (115 sqq.):

„putavit me et aetate et benevolentia

plus scire et providere quam se ipsum sibi."

Chremes sê dat hierdie daad van hom eerbied en durf toon (119 sq.):

„etsi illud inceptum tamen

animist pudenti' signum et non instrenui."

Hy meen dat Clinia 'n toegewende seun sal wees as hy reg behandel
word (152 sq.):

„etillum obsequentem siqui' recte aut commode tractaret!"

Dit is dan ook waar dat hy nie sy vader verstaan nie, en sy
vader hom ook nie, want hy vrees sy strenge vader en vertrou hom

nie (v.189): „timet omnia, patris iram."

Hy is bang dat hy nie sy liefde vir Antiphila sal verstaan nie. Chremes beskuldig hom dat hy sy vader se onregverdigheid moes verduur het, en dus nie sy plig nagekom het nie (v.200):

„ut ut erat, mansum tamen oportuit."

Hyself besef dat hy verkeerd gehandel het, en daarom vrees hy sy vader se strengheid (v.434): „propter peccatum hoc timet."

Hy is vol berou en skaamte oor sy ongehoorsaamheid teenoor sy vader (259 sq):

„propter quam in summa infamia sum et meo patri minus sum
obsequens
quous nunc pudet me et miseret, qui harum mores cantabat mihi,"
en as hy eindelik met sy vader versoen is, is hy vol vreugde. Hy het boonop sy geliefde gekry, en nou sien hy kans om altyd gehoorzaam aan sy vader te wees (v.681):

„dedo patri me nunciam ut frugalior sim quam volt."

Gevolgtlik sien hy nie kans om aan Clitipho se versoek te voldoen om Bacchis na sy vader se huis te neem nie. So wil hy sy vader nie weer teleurstel nie. Dit stuit teen sy edel inbors (699 sqq.)

„nam quo ore appellabo patrem? tenes quid dicam?"

Alles wat hy verkeerd gedoen het, het hy terwille van sy Antiphila gedoen. Hy het soveel opgeoffer terwille van haar: van sy vader weggegaan, sy huis en sy vaderland (v.259):

„propter quam in summa infamia sum."

Clitipho verduidelik aan sy vader hoe vuriglik Clinia sy meisie bemin (v.190): „eam misere amat; propter eam haec turba atque abitio evenit."

Dog sy pessimistiese natuur laat hom niemand vertrou nie, ook nie die meisie wat hy liefhet nie. Hy is vol vrees en wantroue en selfbejammering (230 sqq.)

„sed vereor ne mulier me absente hic corrupta sit."

Hy glo altyd die ergste (v.236):

„profecto mi animu' praesagit mali."

Dit is egter slegs omdat hy haar so liefhet en so bang is dat

hy haar mag verloor; (v.240): „O Clitipho, timeo!" roep hy uit teenoor sy vriend. As sy dan kom, is alles reg, alle vrees vergeet (v.244):

„ego vero audio nunc demum et video et valeo, Clitipho."

Hy is uiters emosioneel: die een oomblik uitbundig gelukkig, en dan weer vol wantroue en ongeluk (v.256):

„O Iuppiter, ubinamst fides?"

Hy vra Syrus om te verduidelik wat hy alles gesien het, en as hy die waarheid hoor, is hy oorstelp van vreugde en teken self die teenstelling in sy karakter (v.308):

„prae gaudio, ita me di. ament, ubi sim nescio:
ita timui."

Hy kan nie glo dat hy Antiphila eindelik weer by hom het nie, Antiphila, sy enigste begeerte (v.408):

„maxume animo exspectatam meo."

As hy boonop hoor dat sy Chremes se dogter is, en dat hy met haar mag trou, kan hy oor niks anders dink, na niks luister nie. Hy het nou die hoogtepunt van alle geluk bereik (679 sqq.) :sy blydschap is volkome:

„tanta haec laetitia obortast." (v.680).

Syrus kry byna geen woord in nie, en sy verskoning is pateties (v.692): „quid faciam? Syre mi, gaudeo: fer me."

Hy dink nie eers daaraan om sy vader geld te vra vir geskenke, klere, of enigiets anders nie; hy dink net oor die huwelik, dat dit so spoedig moontlik mag voltrek word (686 sqq.).

In sy geluk vind hy tog ook tyd om aan sy vriend te dink, om hom dankbaarheid te betuig vir sy hulp. Hy stem selfs in om Syrus se plan uit te voer deur voor te gee dat Bacchis sy meisie is. Later dink hy ook aan Clitipho en beskuldig Syrus dat sy plan Clitipho se ondergang sal wees (v.707).

Hy kan nie help om pessimisties te wees nie. Hy is so bang dat Chremes hom sy dogter sal weier (v.720): „metuo quid agam." Sy vrees word natuurlik nie bewaarheid nie, want sy vader tree ook namens hom op en hy kry sy hartewens, wat van hom die gelukkigste jongman op aarde maak.

C. EUNUCHUS.5. Phaedria

Phaedria is Thais se minnaar en so smoorverlief op haar dat, alhoewel hy meen dat sy sleg is, hy homself tog nie kan help nie (70 sqq.)

„nunc ego

et illam scelestam esse et me miserum sentio:

et taedet et amore ardeo, et prudens sciens,

vivos vidensque pereo, nec quid agam scio."

Parmeno is self verbaas oor die verandering wat die liefde in sy jonge heer gebring het: hy wat eers so bedaard en ernstig en vol selfbeheersing was (. 226 sqq): „hoc nemo fuit

minus ineptu', mage severu' quisquam nec mage continens."

Phaedria besef self hoe swak hy is, hoe onbeheersd, dat hy nie eers vir drie dae van haar af kan wegbly nie, en hy maan homself(v222):

„eiciunda hercle haec est mollities animi; nimi' me indulgeo."

Hy probeer homself regruk en voorgee dat hy nie weer sal teruggaan nie, en dat hy kwaad is vir haar oor haar ontrouheid (v.49):

„exclisit; revocat: redeam? non si me obsecret."

As hy haar egter net weer sien, verloor hy alle selfbeheersing, word sy bene lam (83 sq.): „totus, Parmeno,

tremo horreoque, postquam aspexi hanc."

Sy liefde folter hom omdat hy jaloers is en haar nie vertrou nie. In wanhoop roep hy uit dat hy wens dat hulle eenders kon voel: dat sy hom net so lief kon hê, of hy net so onverskillig kon wees (91 sqq.). Hy verstaan nie haar optrede nie en beskuldig haar valslik omdat hyself so jaloers is (159 sqq.) Hyself het al soveel vir haar gedoen, soveel vir haar opgeoffer en hy voel diep veronreg. Hy verwyt haar dat hy altyd gereed is om te doen wat sy sê, om vir haar te gee wat sy ookal vra. Selfs wanneer sy 'n klein Aethiopiese bediende vra, laat vaar hy alles en koop dit vir haar. Hy is wanhopig want hy het dit tog gedoen,

...../77 hoewel

hoewel sy hom van haar af weggehou het (170 sq.):

„tamen contemptus abs te haec habui in memoria:

ob haec facta abs te spernor?"

Thais kan hom om haar pinkie draai: net 'n paar bemoedigende woorde, en sy hart word week (v.185): „Scilicet

faciundumst quod vis."

Weereens sal hy doen wat sy vra: al is dit so 'n marteling vir hom, sal hy vir drie dae weggaan want „mos gerendust Thaidi."

(v.188) Sy afskeidswoorde spreek van diepe gevoel (193 sqq.).

Sy liefde is diep en opreg en sy versoek is dat sy gedurig aan hom moet dink, hom moet liefhê (192 sqq.):

.....

„me speres, me te oblectes, mecum tota sis:

meu' fac sis postremo animu' quando ego sum tuos.-"

So groothartig is hy dat hy haar vir drie dae aan sy teenstander gee. Tog beveel hy Parmeno om alles te doen wat hy kan om sy mededinger af te weer (213 sqq.) Hy is egter onseker van homself, of hy drie dae op die plaas sal kan bly. Openhartig erken hy sy swakheid en vra Parmeno om raad,soek by hom versekering (217 sq.): „censen posse me obfirmare et

perpeti ne redeam interea?"

Tog gee Parmeno hom geen troos nie, want hy ken sy jong heer: van al sy goeie voornemens om haar te vergeet, sal niks kom nie (v.221): „vigilabi' lassus: hoc plus facies."

Hy is dan ook heeltemal reg omtrent homself, want sy pessimistiese oordenkings en sy wantrouige gemoed, bring hom dadelik weer terug. As hy dan nie by haar mag wees nie, mag hy haar darem sien: dit alleen sal hom ook tevredestel. Sy liefde is groot genoeg daarvoor (638 sq.): „si non tangendi copias

eho ne videndi quidem erit?"

Teenoor andere slaan hy 'n meerderwaardige houding aan, en is vol selfvertroue, vol van homself. Hy wil Pythias gladnie glo as sy hom vertel van die eunuchus se optrede nie (v.655):

„temulenta's."

Sy taal teenoor die arme eunuchus self is uiters beledigend en hy is baie in sy skik met homself dat hy hom gevang het, en verwaand (v.674): „quidni habeam?" Hy is hoogs verontwaardig as Pythias hom wil wysmaak dat dit nie sy eunuchus is nie, want sal hy dan nie sy eie eunuchus ken nie (689 sqq)? Hy kan maar nie glo dat die eunuchus self die waarheid praat nie (v.713):

„non potest sine malo fateri, video",
en hy behandel hom hardhandig.

Wanneer alles vir hom regkom en Chaerea hom maan dat hy Thais verkeerd geoordeel het, dat sy wel sy liefde verdien, is hy ook hooghartig (v.1052): „hui mihi illam laudas?" alhoewel hyself byna buite homself van vreugde was oor Parmeno se nuus (v.1049). Parmeno is sy getroue handlanger: „Parmeno and Phaedria are natural embodiments of the confidential slave and the weak lover. Their relations to one another are brought out with more delicate irony and finer psychological analysis than those..... of Plautus."⁶⁾

Sy swakheid kom duidelik daarin uit dat hy homself deur Gnatho laat oorhaal tot 'n skandelijke reëling, omdat dit vir hom winsgewend sal wees (v.1085). Hy prys selfs vir Thraso (v.1088). Hy is voorwaar nie standvastig of baie eerbaar nie!

6. Chaerea

Chaerea is die hoofkarakter in die Eunuchus, want die blyspel is ook na hom vernoem in die rol wat hyself aangeneem het.⁷⁾

Rand noem hom „one of the most charming scapegraces in all comedy - impulsive, passionate, tender, resourceful, manly, pious, true, a Catullus in action, scandalously indecorous, irresistibly lovable." En Harsh⁸⁾ sê: „He is the very incarnation of irresistible adolescent exuberance. Most effective is his excitement at first falling in love, his naive conceit of being a connoisseur of feminine beauty, his dash and determination, and the virgin innocence of his companion Antipho. His enthusiasm for/79 possessing

possessing Pamphila in the future (613-14), furthermore, is as natural to his character as it is necessary to the plot."

Hy is beslis baie impulsief, en word so meegesleur deur sy gevoelens dat hy onkeerbaar is, onverantwoordelik selfs. Hy is veronderstel om op wag te wees in die hawe, maar as hy 'n mooi meisie sien, laat vaar hy alles net so en gaan om haar te soek. Sy woorde laat Parmeno sy arme vader bejammer, want hy ken Chaerea se hartstogtelike natuur: Phaedria is bedaad in vergelyking met hom: as hy begin met die liefde, dan sal sy vader meen dit is kinderspeletjies in vergelyking met wat sy waansin sal doen!

(297 sqq.) Chaerea is vol vuur en geesdrif: dit is die ware liefde dié! Hy is verlore omdat hy haar verloor het (v.292):
„Occidi!

neque virgost usquam neque ego, qui illam e conspectu amisi meo." Hy is nou sommer ook moeg vir alle ander meisies, en volgens sy woorde aan Antipho, is dit eintlik sy grootste belangstelling. Almal weet hoe 'n kenner van skoonhede hy is (v.566):

„quam elegans formarum spectator."

Sy beskrywing van die meisie toon egter dat sy verliefdheid net bloot fisies is (v.318): „color veru', corpu' solidum et suci
plenum."

Dit is 'n brandende begeerte by hom om haar te kry, en hy is gewoond om alles te kry wat hy wil hê, op sy eie verantwoordelikeid, eerlik of oneerlik. Natuurlik moet Parmeno dit vir hom bewerk (v.319): „ipsam hanc tu mihi vel vi vel clam vel precario
fac tradas: mea nil refert dum potiar modo."

Hy moet haar kry, maar hy kan nie eers vir Parmeno sê wie sy is of waar sy vandaan kom of bly nie (v.321): „nescio hercle." Al wat hy weet, is dat hy haar in die straat gesien het. Dog al weet hy nie, is hy tog nie moedeloos nie: sy optimistiese geaardheid laat dit nie toe nie. Hy weet dat waar sy ookal is, sy nie vir altyd kan versteek bly nie (v.295). Hy is hopeloos verlief(v306):
„ita prorsu' sum oblitus mei."

Hy kan Parmeno verseker dat dit 'n saak is wat die moeite werd was om hom voor in te span, sodat hy regverdiglik kon eis dat Parmeno hom moet help. Hyself het Parmeno baie gehelp deur van sy vader se lekkernye vir hom te steel (v.310) en net soos hy altyd sy beloftes nakom, verwag hy dat Parmeno dit ook moet doen. Hy eis dit selfs met sy selfversekerde houding (v.311):

„fac sis nunc promissa adpareant."

In sy roekelose voortvarendheid het hy nie veel aanmoediging van Parmeno nodig om hom die eunuchus se plek te laat inneem nie. Sy eie vindingryke verstand skep dadelik 'n regverdiging vir sy daad en 'n plan om sy vader te bedrieg. Dit is geen sonde om na so 'n plek te gaan en om die vrouens te bedrieg net soos hulle altyd alle mans bedrieg nie (382 sqq.).

Nogtans is hyself sterk genoeg om alle verantwoordelikheid op hom te neem. Hy eis wel Parmeno se hulp, maar hy sal alle blaam dra (389 sq.): „cogo atque impero:

numquam defugiam auctoritatem."

Hy voer dan ook dadelik sy plan uit, en hy voel gladnie sleg oor sy skandelige gedrag nie. Met smaak vertel hy dit aan Antipho, sonder enige skaamte (vv.562 - 606), en hy raak selfs in vervoering, byna buite homself van ekstase (550 sqq):

„iamne erumpere hoc licet mi gaudium? pro Iuppiter,
nunc est profecto interfici quom perpeti me possum,
neu hoc gaudium contaminet vita aegritudine aliqua."

Hy skroom nie vir 'n oomblik om bedrog te pleeg nie: hy doen homself voor as uiters betroubaar en skaam, want toneelspeel kan hy goed (v.579): „adnuo

terram intuens modeste."

Antipho, wat hom goed ken as geheel en al skaamteloos, spot met sy betroubaarheid (v.578): „satis tuto tamen?" en Thais maan Pythias dat hy van wolf skaapwagter gemaak het (v.832). Onbeskaamd is hy voorwaar, en roekeloos (v.644):

„hoccin tam audax facinu' facere esse ausum!" sê Pythias en

...../81 sy

sy noem hom „*os inpudens*“ (v.838). En watter selfversekerdheid! (v.839). As Thais hom beskuldig, noem hy dit „*paullum quiddam*“ (v.856). Vir hom is dit sommer net 'n kleinigheid. Hy is vir niks bang nie, en alhoewel hy deur die hele stad dwaal sodat sy pa of broer hom nie moet sien in die klere van die eunuchus nie, ruk hy hom dadelik reg, want wat kan hulle tog eintlik aan hom doen? Hy het mos niks so vreeslik gedoen nie! (v.849):

„*quid mea autem? quid faciet mihi?*“

Tog hy het 'n klein hartjie en is dadelik vol berou as Thais mooi met hom praat, en hy pleit bekoorlik, soos 'n klein seuntjie: Sy moet hom net hierdie een keer vergewe. As hy dit ooit weer doen, moet sy hom maar doodmaak (852 sq.). en ewe vroom vertroos hy haar (v.875):

„*quid si hoc quispiam voluit deus?*“

Sy eie liefvallige geaardheid gee dadelik in as daar mooi met hom gepraat word, en hy verseker Thais van sy liefde vir die meisie, en sy goeie bedoelings. Hy het dit alles net terwille van die liefde gedoen (v.877):

„*unum hoc scito, contumeliae*

me non fecisse causa, sed amoris.“

Hy verseker Thais ook sommer dat hy haar liefhet, en vra haar hulp in hierdie saak, netsoos hy reeds Antipho gevra het. Sy liefde is opreg en so vurig dat hy sal sterf as hy nie met Pamphila mag trou nie (v.888): „*emoriari si non hanc uxorem duxero.*“

As hy ook sy vader se toestemming het, borrel hy oor van vreugde en dankbaarheid (1031 sqq.). Sy vroom jong hart roep tot Iuppiter om hierdie seënninge vir ewig te laat duur (v.1049).

Chaerea is egter ook opvlieënd van geaardheid, en dan kan sy taal baie beledigend wees, al is sy tekeninge baie raak. Van sy vader se vriend sê hy (335 sqq.):

„*continuo occurrit ad me, quam longe quidem,*

incurvo' tremulo' labiis demissis gemens.“

Hy is nogtans ook simpatiek, want hy laat hom deur die ou man keer en is dan spyt dat hy so jammerhartig is (302 sqq.). Hy kry

sy arne broer jammer omdat sy geskenke so afsteek by die van Thraso (355 sq.), en hy is baie bly om sy ontwil as hy sy geliefde kry (v.1038): „meo fratri gaudeo esse amorem omnem in tranquillo.” Hy het Parmeno altyd gehelp toe hy jonger was (v.310):

„quom in cellulam ad te patri' penum omnem congerebam clanculum.” en hy is nou baie dankbaar teenoor hom vir sy hulp en loof hom oorvloediglik (v.1034): „o nearum voluptatem omnium inventor inceptor perfector.”

want hy is ook uiters welsprekend.

'n Behoorlike deugniet, voorwaar!

7. Chremes

Chremes is 'n uiters lafhartige jongman, maar doen homself voor as net versigtig, oordrewe versigtig. Hy is selfs vir Thais bang, maar maak of hy haar van slim planne verdink. As hy haar bedoeling om hom te roep, oordink, kan hy net besluit (v.508):

„haec Thai' mihi magnum malum.”

Dit verg al sy moed om op haar versoek na haar huis te gaan en hy verstaan gladnie wat sy bedoel nie. Hy verdink haar van allerlei slegte bedoelings (v.515): „dolo malo haec fieri omnia.”

Hy glo dat sy wil voorgee dat sy sy verlore suster is, en probeer homself dapper hou, en vasberade, maar slaag slegs daarin om bespotlik te wees (v.530) „non hercle veniam tertio.”

Hy vertrou ook nie haar bediendes nie, en wanneer Pythias hom lief talliglik aanspreek, styg sy wantroue (532):

„dico ego mi insidias fieri?”

Nadat hy egter by die feesmaal was, is sy tong los. Hy vlei selfs Pythias en sy moet erken dat hy inderdaad baie vroliker is (732 sqq.). Hyself erken eerlik dat die wyn te veel vir hom was (727):

„Attat data hercle verba mihi sunt.”

Hy is daar weg omdat daar 'n rusie was tussen Thais en die Kaptein. Swaap wat hy was, het hy nie verstaan toe sy vir hom geknik het nie, maar gemaak dat hy weghom omdat hyself te bang was. Hy is so

...../83 onnosel

onnosel dat hy nie eers besef het dat die rusie oor hom was nie (v.745).

Beare⁹⁾ sê van hom: „Donatus tells us that in Menander's „Eütoukhos' Chremes was a 'rustic'; in Terence's play he is effectively portrayed as a timid creature, who has to be raised to action by the encouraging words of a courtesan!"

Hy is darem dankbaar as Thais sy verlore suster aan hom wil teruggee (v.750), maar hy is te lafhartig om haar te verdedig. Sy moet moedeloos uitroep dat haar verdediger self iemand nodig het om hom te verdedig (v.770). Tog stry hy dat hy nie bang is nie: nee, hy is net versigtig (v.757):

„egon formidolosu'? nemo est hominum qui vivat minus."

Hy glo daaraan om gevaar te vermy (v.761). Hy wil ~~li~~ewers sy vriende gaan haal, en dit kos baie verduidelikings van Thais voor hy verstaan en nog twyfelmoedig beloof om hom sterk en streng te hou (v.769). Onder haar invloed word hy egter dapper, selfs dreigend teenoor die Kaptein (v. 806 sqq.) So oortuigend is sy argumente dan dat Thraso ingee omdat ook Gnatho hom waarsku omdat hy van so 'n groot man sy vyand maak (v.802):

„hunc tantum hominem."

Hy kry dus sy verlore suster en dien om die blyspel meer komies te maak, maar hy dien ook as 'n integrale deel van die intrige. „Especially neat is Thais' anticipation of Chremes' later appearance; for Chremes, though essential only for indentifying Pamphilus, is thus worked into the exposition. With equal deftness he is later to be worked into the complication."¹⁰⁾

8. Antipho

Antipho is ook deel van die korrupte gemeenskap waaraan Chaerea behoort. Hy verskyn net om Chaerea in die geleentheid te stel om te vertel wat hy gedoen het. Hy is effens verbaas oor Chaerea se kleredrag (v.547):

„nequeo satis mirari neque conicere."

Ewe behulpsaam voldoen hy aan Chaerea se versoek om hom te vra wat met hom verkeerd is (v.557):

„adibo atque ab eo gratiam hanc, quam video velle, inibo."

Hy is 'n baie groot vriend van Chaerea en is hom simpatiek-
gesind in alles; daarom is Chaerea so bly om hom te sien (561 sq).
Hy is skynbaar net so skaamteloos. Harsh¹¹⁾ praat van „the virgin
innocence of his companion Antipho (604) - this last an addition
of Terence is quite opposite to the picture." Nadat hy geduldig na
Chaerea se storie geluister het, merk hy ewe koel op (v.607):

„sane hercle ut dici'. sed interim de symbolis quid actumst."

Sy aandag is dus eintlik by die feesmaal wat Chaerea moes laat voor-
berei het, maar bedagsaam nooi hy hom om homself by hulle huis te
gaan verkleed. Hy is ook gereed om as raadgewer te dien wanneer
Chaerea sy hulp wil hê oor hoe om die meisie te kry (612 sqq.).

D. PHORMIO.

9. Antipho

Antipho moes eintlik Chremes se seun gewees het, want hy
is net so lafhartig soos hy.

Wanneer sy vader weggaan, is hy eers 'n gehoorsame, goeie seun,
wat geen kwaad bedink nie (v.80):

„noster mali nil quicquam primo."

Hy het maar elke dag saam gegaan om vir Phaedria by sy siter-
speelstertjie te wag. Maar toe hy eers verlief raak, was die gort
gaar, en dit het alles so skielik gebeur! Uit jammerhartigheid het
hy gaan kyk na 'n meisie van wie 'n vriend hulle vertel het (v.103):

„imus veninus

videmu'."

stel Geta dit. En toe raak hy hals-oor-kop verlief, al was sy 'n
Aspoestertjie met kaal voete en 'n vuil rok, wat oor haar moeder ge-
rou het. Hy het deur dit alles haar skoonheid en goedheid gesien.
Omdat hy vurig van geaardheid is, gaan hy sommer net die volgende
dag om die meisie te sien, en toe daar geen ander uitkoms is nie,

...../85 laat

laat hy hom deur sy raadgewers oorhaal, want hyself kan niks vir homself uitdink nie. Hy trou met haar ten spyte van sy vrees vir sy vader (v.117): „et illam ducere

cupiebat et metuebat absentem patrem."

Dit was 'n roekelose daad: iocularem audaciam!" (v.134), en hy is later bitter spyt daaroor, want sy vrees vir sy vader oorheers sy liefde vir sy vrou heeltemal. Hy verkeer in gedurige angs (v.160):

„at non cotidiana cura haec angeret animum."

en vir sy pessimistiese geaardheid is so-iets te veel om te verdra. Hy meen dat hy die ongelukkigste man op aarde is, en sien geen seëninge raak nie. Hy voel net jammer dat hy so onbedagsaam was:

„incogitans" (v.155), en hy noem dit 'n „audaci' facinori'" (v.156)

Phaedria vermaan hom dat andere sleg voel omdat hulle geen geluk het nie, maar hy, omdat hy te veel het daarvan (v.162 sqq).

Hy probeer homself dapper hou, 'n egte martelaar vir wie die lewe te veel is, as hy van sy geliefde Phanium geskei moet word (v.202): „nullast mihi vita expetenda."

Tog erken hy eerlik dat hy te lafhartig is om met hierdie saak voort te gaan (v.208): „quom hoc non possem, illud minu' possem."

Harsh sê:¹²⁾ „Antipho has been characterized by timorous remorse. Misgivings and remorse have grown to terror with the sudden arrival of Demipho," en Duckworth¹³⁾ praat van „Antipho's cowardice and inability to face his father." Geen dreigemente of moeipraat help nie, want hy ken sy eie swakheid en sy vader se streng geaardheid, en daarom hardloop hy maar liewers weg en laat sy Phanium sonder 'n beskermmer (v.316): „relictam solam."

Sy vader en almal weet dan ook dat hy van nature 'n lafaard is, senuweeagtig en beskeie. Daarom kan Phaedria dit in sy pleidooi gebruik om sy oom te laat verstaan waarom hulle die hofsaak teen Phormio verloor het (v.281 sqq.)

„functust adolescentulist

officium liberali': postquam ad iudices

ventumst, non potuit cogitata proloqui;

ita eum tum timidum ibi obstupescit pudor."

Ook Demipho gee toe dat hy dit weet (v.294):

„inprudens timuit adulescens."

en hy het geen tyd vir sy dwaasheid nie. Hulle hoef hom niks van sy seun te vertel nie: woorde kan nie sy dwaasheid uitspreek nie (401 sq).

Antipho self besef dat hy verkeerd gehandel het en probeer pateties om homself te betig (465 sqq.) Hy voel jammer vir sy arme vrou, want sy mag haar vertroue in hom verloor en al haar hoop is op hom alleen gevestig (v.470). Dog dit alles is net grootpraat en hy weet dit goed, want, soos hy ewe filosofies vir Phaedria verduidelik: (506 sq): „immo, id quod aiunt, auribu' teneo lupum:

nam neque quo pacto a me amittam neque uti

retineam scio."

Hy is darem dankbaar teenoor Geta en almal wat hom gehelp het (v.478): „mi Geta, omnis vos a me," maar as hy dan van sy oom hoor, is hy klaar weer bang. Hy is vol wantroue oor wat sy oom mag doen (v.608).

„quam timeo adventus huius quo inpellat patrem!"

As hy dan aangehoor het wat Geta aan hulle vertel, is hy woedend en bytend sarkasties (vv.685 - 693). Weg is al sy dankbaarheid nou, want hy sien altyd net die slegte kant van 'n saak raak (v.698):

„tu id quod bonist excerpi', dici' quod malist."

Hy is altyd swartgallig en wysgeriglik verduidelik hy vir homself (vv.820 - 828). Hoe verstandig is dit om begeertes te hê wat maklik reggestel kan word as sake verkeerd loop! Ongeduldig, soos altyd, luister hy na Geta se verhaal waarom hy hom beskou as die enigste gunsteling van die gode (850 sqq.).

„omnium... hominum homo ornatissime."

As hy egter besef dis waar, is al sy swartgalligheid weg. Hy jubel dit uit in ekstase (v.882):

„quin ergo rape me: quid cessas."

Want hy is 'n man van wisselende buie, en sy liefde vir sy vrou is werklik opreg en standvastig. Geta spot dat hy by die huis

boer (v.194): „ibi plurimumst," en wanneer Geta hom stuur om haar te gaan troos (567 sqq.), is hy maar te gretig en bly, hoewel hyself te hulpeloos is om handelend op te tree. Hy moet altyd hulp en raad van andere kry.

Hy is ook jammerhartig en vol meegevoel met Phaedria. Sy gepleit by Dorio roer sy hart so, dat hy Dorio vol verontwaardiging beskuldig (528 sqq. en 536 sqq.). Hy pleit vuriglik by Geta om sy arme neef te help (539 sqq). Baie oortuigend verseker hy hom dat hy alleen dit kan doen: hy word selfs ongeduldig as hy nie wil begryp nie! (542 sqq.). Hy troos Phaedria en beloof Geta dat hulle almal saam die blaam sal dra (v.556):

„noli metuere: una tecum bona mala tolerabimus."

Maar dit is eintlik net praatjies want hy is nie van plan om iets daaraan te doen nie. Sy hulpvaardigheid is taamlik beperk: hy weet dat hulle nie sy hulp nodig het nie (v.563).

„numquid est quod opera mea vobis opu' est?"

Geta sal dit alles doen, en dus kan hy homself uit die voete maak en na sy geliefde gaan. Dit is al wat hy werklik met sy hele hart doen.

10. Phaedria

Hy is die vrolike, voortvarende optimis wat sommer dadelik, sodra sy vader weg is, 'n meisietjie vind om op verlief te raak, hopeloos verlief (v.82):

„hanc ardere coepit perditte."

Sy liefde is onkeerbaar en omdat hy geen geld het om haar te koop nie, kan hy maar net na haar kyk en behulpsaam haar begelei; maar hy is tevrede (85 sqq): „restabat aliud nil nisi oculos pascere, sectari, in ludum ducere et reducere."

Sy liefde is opreg en getrou sodat hy nie eers die skoonheid van Antipho se meisie raaksien nie: sy is slegs „satis" (v.110).

Davos noem hom spottend Pamphila se „paedagogus" (v.144), maar hy gee nie moed op nie, al het hy ook niks anders as hoop nie (v.146):

„immo nil nisi spem meram."

...../88 Gevolglik

Gevolgluk kan hy Antipho verwyf wanneer hy kla: want sy lewe is iets waarvoor andere kan bid: so wonderlik (vv162-172)!

So roekeloos is hy dat hy kans sien om te sterf as hy maar so gelukkig kan wees! (165 sq):

„ita me di bene ament ut mihi liceat tam diu quod amo frui,
iam depecisci morte cupio."

Ewe wysgerig is hy; soos 'n ouer broer en raadgewer maan hy Antipho om tevrede te wees met wat hy het. Hy is selfs ongeduldig oor sy pessimistiese geklag, want hyself is net die teenoorgestelde van sy neef: 'n blymoedige optimis.¹⁴⁾

Wanneer hy egter met Dorio te doen het, is hy baie nederiger (v.485 sqq.) en so hardkoppig en gevoelloos dat hy hom deur geen beledigings laat stuit nie. Hy smeek en pleit sonder ophou en as alles niks help nie, verwyf hy hom dat hy 'n hart van klip het (497 sq.). Dorio teken hom egter as 'n skaamtelose, onnosel wese (499 sq): „incogitantem atque inpudentem", en eerlik erken hy dat dit waar is (v.501): „ei, veris vincor!"

Ook wys Dorio hulle daarop dat Phaedria hom bedrieg het, vir maande lank eindelose beloftes gemaak het, en dan huil hy nog! (520 sqq) „pollicitantem et nil ferentem, flentem."

Dit toon egter sy standvastigheid en die sterkte van sy liefde en pateties verwyf hy Dorio dat hy nie so behoort op te tree nie (v.527). Jammerlik pleit hy by Antipho en Geta om hom te help. So wanhopig is hy dat hulle skrik, omdat hy hulle met dodelike erns maan om vir laas met hom te praat (548 sqq.) Hy sal sy geliefde volg, waar sy ookal gaan, of anders sterf (v.550). Antipho besef hoe diep sy liefde vir Pamphila is (v.518) en sy erns laat hom vrees dat hy sy dreigemente sal uitvoer (555 sq.).

Selfs in sy eie smart dink hy egter nog aan Antipho ook (502 sq.), want hy is goeheartig en simpatiek van geaardheid en altyd gereed om andere te help. Antipho praat van sy „beneficium" (v.538), hoe hy hom gehelp het, want hy is nie vervul met so'n onheilige vrees vir Demipho as Antipho nie, en onverskrokke staan hy sy man

teen hom, om Antipho se saak te verdedig. Wanneer Antipho vlug, is hy dadelik gereed om vir hom te veg: ongeduldig maan hy Geta om op te hou kla en hom te sê wat hy moet doen (v.223): „quin tu quid faciam impera." Hy doen dit dan ook op meesterlike wyse. Antipho kan geen beter pleitbesorger hê nie, want so goed pleit hy vir hom en so reëlskilder hy die gebeure dat Geta bewonderend sê (v.278):

„ni nossem causam, crederem vera hunc loqui."

Hy lieg so oortuigend, 'n „artificem probum" (v.259), en maak asof hy verbaas is dat Demipho kwaad is (259 sqq.). Demipho weet dat Phaedria Antipho sal verdedig al het hy ook verkeerd gehandel, want hulle help mekaar altyd (266 sqq.): „tradunt operas mutuas." Dit is dan ook waar, want al verwyf hy en Antipho mekaar en wys mekaar die een op die ander se geluk, staan hulle mekaar tog altyd by waar nodig. Geta verseker Antipho dat Phaedria nog nooit gefaal het om hom te help nie (v.475).

Dit is dan ook reg dat hy die beloning kry wat hy verdien: Phormio se hulp word ingeroep en deur sy slim set word die nodige geld gekry om die meisie te koop. Al sy sorge word daardeur weg-geneem (820 sqq.):

„hic simul argentum repperit, cura sese expedit."

Dan vertolk hy weer Antipho se rol deur vir sy vader te vlug (v835):

„ut fugitet patrem,"

want hy is ook maar bang vir sy vader. Hy hoef egter niks te vrees nie, want sy moeder tree namens hom op en verdedig hom teenoor Chremes. Hy word selfs as regter oor sy vader aangestel en volgens sy karakter, sal hy 'n regverdige regter wees (1045 sq.):

„eius iudicio permitto omnia:

quod is iubebit faciam."

E. HECYRA.

11. Pamphilus

Philotis sê van Pamphilus (v.152):

...../90 „pium

„*pium ac pudicum ingenium narras Pamphili.*“,
 en dit is ook die eienskappe wat hy deurgaans toon: 'n eerlike,
 gehoorsame seun, wat glo dat dit sy plig is om sy ouers te eer-
 biedig en te gehoorsaam, selfs al bots dit met sy eie begeertes.
 Hy was baie lief vir Bacchis, maar om sy vader te plesier het hy
 met Philumena getrou (294 sqq.) Tog was hy ook standvastig in
 sy gevoel vir Bacchis. Vir maande lank was hy slegs in naam Philu-
 mena se eggenoot en hy het daagliks probeer om Bacchis te besoek,
 alhoewel sy hom nie wou ontvang nie, soos Parmeno vertel (vv114-155)

Sy eerbaarheid het hom egter laat skaam kry oor sy swak be-
 handeling van sy vrou (148 sqq.)

„*neque honestum mihi neque utile ipsi virginist.*“
 Hy het begin insien hoe 'n goeie mens sy is, want sy het al sy be-
 ledigings geduldig verdra (164 sqq.) Toe was sy hart met jammerte
 vir haar vervul en langamerhand het hy sy liefde op haar begin
 oorplaas (v.169): „*huc transtulit amorem.*“

Hoewel hy onwillig was om van haar af weg te gaan, het hy tog
 op sy vader se bevel na Imbros gegaan, omdat hy 'n gehoorsame seun
 is. Om daardie rede is hy so verbitterd as hy terugkom en van die
 rusie tussen sy vrou en sy moeder hoor. Vol selfbejammering is
 hy, wysgerig (vv281-287). Hy is ontroosbaar in sy verdriet dat hy
 soveel smarte moet deurstaan, want hy sien geen uitweg in die saak
 nie. Hy moet kies tussen sy vrou en sy moeder (299 sqq):

„*tum matrem ex ea re me aut uxorem in culpa inventurum arbitror.*“
 Hy meen dat dit sy plig as seun is om sy moeder te glo en te ver-
 dra, maar hy voel hy is ook veel aan sy vrou verskuldig weens haar
 geduld en simpatie (301 sqq.).

So lief het hy Philumena nou dat hy vol vrees is oor haar
 gesondheid en vurig verklaar (325 sqq):

„*nam si periculum ullum in te inest, perisse me una haud dubiumst.*“
 Hy gaan dus na haar en wat hy daar sien en hoor, dompel hom in 'n
 afgrond van smart en vernedering (376 sqq.):

„O facinus indignum" inquam et corripui ilico
me inde lacrumans....."

Tog is hy dadelik vol bejammering vir Myrrina as sy by hom pleit om dit geheim te hou (v.379). Hy beloof om dit te doen en is vasbeslote om sy woord te hou, want hy is 'n eerbare man (v.402):

„pollicitus sum et servare in eo certumst quod dixi fidem."

Net so groot is sy medelye met Philumena (v.405):

„lacrumo quae posthac vita quom in mentem venit
solitudoque!"

Vir homself voel hy nie juis jammer nie, want hy is gehard deur al sy ervarings en glo dat hy hierdie liefde ook sal kan vergeet soos hy Bacchis vergeet het (407 sq). Dit sou nie eerbaar wees om Philumena terug te neem nie (v.403); daarom stuur hy Parmeno weg, want hy weet hy sal gou uitvind wat aangaan en dit is 'n saak wat hy ten alle koste geheim wil hou. So verstrooid is hy dat hy geen genoegsame rede gee nie, slegs 'n verspotte beskrywing van die vriend wat Parmeno moet gaan soek (439 sqq.).

Hy is so 'n goeie seun dat hy ook sy vader bo sy liefde stel (447 sqq.):

„nam me parenti potius quam amori obsequi
oportet."

Hy is dan ook eerbiedig teenoor sy vader (v.455) en gehoorsaam, maar hy vrees watter verskonings hy sal kan gee waarom hy nie sy vrou wil terug neem nie (v.443). Hy verwyt dus Phidippus dat hy getrou, vriendelik en teerhartig was teenoor sy dogter (v.472)

„fidei animo et benigno et clementi."

Om haar te beskerm gee hy voor dat Philumena die oorsaak van die rusie is en dat hy by sy moeder sal staan (v.481), alhoewel hy sy liefde vir sy vrou verklaar (486 sqq):

„amoque et laudo et vehementer desidero."

Wanneer hy egter sien dat hulle hulle nie aan sy besluit steur nie, hardloop hy weg, sodat Iaches hom van hardkoppigheid beskuldig, „pertinacia" (v.496), al meen hy tog ook dat hy standvastig is en 'n waardige eggenoot vir sy dogter (554 sqq.).

Hy wil egter nie die opoffering van sy moeder aanvaar nie: hy is liefdevol teenoor haar en vol waardering vir haar goedheid (590sq). Hoe gelukkig is hy om so 'n moeder en so 'n vrou te hê! (601 sqq). Alhoewel dit baie moeilik vir hom is om sy vader teen te staan, doen hy dit tog moedig (675 sqq.), sodat sy vader glo hy is nog verlief op Bacchis.

Bacchis ontken dit egter, en terwille van alles wat Pamphilus vir haar beteken het, help sy hom om sy vrou terug te kry, en bevry hom van sy vader en skoonvader se woede. Sy ken hom baie goed, hoe bandeloos hy was voor sy huwelik (vv 821-9), maar sy erken ook dat hy baie goed was vir haar en verdien dat sy hom moet help (v.760). Sy prys hom omdat hy altyd so vriendelik teenoor haar was (v.837):

„benigno et lepidio et comi.", en noem hom die gaafste man op die aarde (860 sq.) „numquam quisquam blandior."

Pamphilus is dan ook tereg diep dankbaar teenoor Bacchis wanneer hy die blye tyding van Parmeno kry (848 sqq). Hy waardeer haar opreg (v.856):

„O Bacchis, o mea Bacchi', servatrix mea!"

Ook teenoor Parmeno is hy dankbaar omdat hy die goeie nuus bring (852 sq.); dog hy vertel hom nie die waarheid nie. Dit hou hy 'n geheim en hyself is vol vreugde en opgetoë omdat alles reggekom het.

F. ADELPHOE.

12. Aeschinus

Aeschinus se openhartigheid, selfvertroue en stydlustigheid, maak die onbeholpenheid en skugterheid van sy broer Ctesipho des te meer opvallend. Die twee broers word as skerp teenstellings geteken, ook in teenstelling met hulle vaders: „The young brothers differ as violently. The sons are contrasted with the fathers, also, and in a way the liberally educated Aeschinus resembles Demia more than he does Micio."¹⁵⁾

Hy is die produk van Micio se toegewendheid en liefde wat van hom 'n „vir liberalis" wou maak, maar hy is heeltemal losbandig en verlore in Demea, sy ware vader, se oë. Hy noem hom „ille inpuru" (v.360) en praat van sy „flagitia ingentia" (v.721). Hy is heeltemal tereg woedend oor die wyse waarop sy oudste seun optree het: roekeloos, met geen vrees vir iemand nie, nie eers die wet nie (84 sqq.):

„quem neque pudet

quicquam neque metuit quemquam neque legem putat
tenere se ullam."

Hierdie misdaad van hom teen die samelewing toon Aeschinus dan ook as 'n bandelose jongman wat meen dat hy maar kan doen wat hy wil, al is dit hoe onregverdig. Hy doen dit wel uit liefde vir sy broer, maar so 'n drastiese optrede is nie nodig om sy broer van sy liefde te oortuig nie. Eintlik doen hy dit om homself te handhaaf, om sy krag en mag te toon. Sannio vra verslae aan hom (v.175): „regnumne, Aeschine, hic tu possides?" want dit is soos sy optrede lyk, asof hy koning is. In die middel van die oggend breek hy eenvoudig Sannio se huis oop, slaan hom en die res van sy huishouding en voer Ctesipho se sitterspeelstertjie weg na sy vader se huis, - dit alles doen hy openlik, waar die hele dorp dit kan sien en daaroor kan praat (cf. 88 sqq., 197 sqq., 328). Hy steur hom gladnie aan wat die gevolge mag wees nie. Impulsief het hy dit gedoen om sy broer te wys hoe lief hy hom het, maar heeltemal onbesonne. Hy behandel die arme Sannio, wat hom geen kwaad gedoen het nie, skandelik (155 sqq.) Hyself slaan hom nie, maar hy laat Parmeno dit doen (173 sqq.) Hy is vol selfvertroue, baie baasspelerig en onbeskaamd (v.157):

„numquam dum ego adero hic te tanget."

Hooghartig is sy verdediging van die meisie, veragterend, sarkasties sy woorde aan Sannio en hy is vol selfversekering: hy kan alles doen wat hy wil, en hy het niks verkeerd gedoen nie: dit is Sannio wat by hom moet pleit. Sannio stel die saak goed (198 sqq.):

...../94 „domo

„domo me eripuit, verberavit; me invito abduxit meam

(ob male facta haec tantidem emptam postulat sibi tradier);

homini misero plus quingentos colaphos infregit mihi."

Tog betaal hy Sannio die volle som geld, wanneer hy tyd het:

(v.280) „omne reddet." Al die vreeslike bohaai was dus eintlik nie nodig nie. Hy kon sy broer op stemmiger wyse gehelp het; maar dit is maar sy geaardheid, wild, onbeteuelbaar, 'n bedorwe seun.

Micio is self bekommerd oor sy beskermeling wat so wild aangaan (147 sqq.): „quam hic non amavit meretricem," en hyself gee toe dat hy hom al die nodige middele verskaf om die lewe te geniet:

(51 sq.) „do praetermitto, non necesse habeo omnia
pro meo iure agere."

Hy het gehoop dat sy heethoofdigheid sou afkoel (v.152):

, defervisse adolescentiam."

want hy het hom baie lief: hy is die vreugde van sy lewe, sy dierbaarste sorg (v.49): Te alle tye verdedig hy hom teenoor Demea. Dog hy is te toegewend, sy stelsel slaag nie, want Aeschinus is ook nie heeltemal openhartig teenoor sy aangenome vader nie. Hy vertel hom nie van sy liefde vir Pamphila nie, omdat sy eie skamtegevoel en sy eerbied vir sy vader hom keer (629 sqq.). Hy het geweet dat hy verkeerd handel, maar kon homself nie sover bring om dit vir Micio te vertel nie. Sy nalatigheid bring hom onder verdenking en dompel die arme Sostrata en haar huis in die grootste vrees; want hulle het hom as hulle enigste steun beskou, 'n eerbare opregte man en baie getrou aan Pamphila (v.297):

„talem, tali genere atque animo, natum ex tanta familia."

Die storie van die wegvoering van die sitterspeelstertjie het hulle ore natuurlik ook bereik, en hoe kon hulle hom toe nog glo? (299 sqq.). Hegio noem dit „tam inliberale facinus" (v.449).

Wanneer Aeschinus self hoor waarin hy homself beland het, is hy vol berou en angs (610 sqq.), want hy het nooit aan die gevolge van sy eskapade gedink nie. Hier toon hy homself as nog goed en onbedorwe, eerbaar en eerlik, soos Harsh sê¹⁶):

...../95 „Indeed

„Indeed, the hesitant young man here hardly seems the same person who acted so aggressively in solving the difficulties of his brother Ctesipho; but perhaps his modesty where his own affairs are concerned is sufficient to account for the difference. Though Aeschinus does not prove as honest in his own affairs as Micio has believed him to be, still the relationship of Aeschinus to Micio as here brought out is touchingly affectionate and is far preferable to that of Ctesipho to Demea." Al sy selfvertroue is nou weg en hy is vol swaarmoedigheid (v.611):

„ut neque quid me faciam nec quid agam certu' siem!"

Hy erken rondborstig dat alles sy skuld is, want hy is geen lafaard nie (v.629): „haec adeo mea culpa fateor fieri!"

Sy liefde vir Pamphila is baie diep en opreg. Hy het gesweer dat hy nie sonder haar kan leef nie (v.332):

„qui sine hac iurabat se unum numquam victurum diem."

Wanneer hy sy vader se toestemming kry vir sy huwelik wil hy so gou moontlik trou (v.712). Hy is baie bekommerd oor haar (654 sqq.) en gaan om na haar welstand te verneem so gou hy die geleentheid kry. Hy weifel nie vir 'n oomblik in sy doel om uiteindelik met haar te trou nie, al verberg hy sy planne vir sy vader. Geta en Sostrata getuig van sy standvastigheid en daarom is hulle des te meer geskok oor wat hulle gehoor het van die sitterspeelstertjie (299 sqq., 306 sqq.).

Nie eers in sy eie ongeluk, egter, verraaï hy sy broer nie: hy hou die geheim vir homself (v.625):

„dicam fratris esse hanc? quod minimest opus
usquam efferri."

Ook sy liefde vir sy broer is diep en opreg, hoewel hy soms meerderwaardig en ongeduldig teenoor hom is (271 sqq.), en hom op broederlike wyse betig. Ctesipho prys sy goedheid (v.257):

„virtus tua" en noem hom „primarum artium mage principan" (v.259)
Hy sê dat hy sy belange opgeoffer het terwille van hom (v.262):

...../96 „quin

„quin omnia sibi post putarit esse prae meo commodo."

Hy het op roekelose wyse gehandel om sy broer te help en alle skuld op hom geneem, omdat hyself sterker is as sy broer (v.600):

„suspicionem hanc propter fratrem ei(u)s esse."

Hy is vol berou omdat hy nie openlik alles aan sy vader vertel het nie (v.630) en hy besluit manhaftig om te verbeter. Dit was eintlik as gevolg van skaamte en eerbied vir sy vader dat hy dit nie vertel het nie, en wanneer hy sy vader uit Sostrata se tuin sien kom, is hy oorstelp van skaamte. Dit is die een teken wat Micio het dat alles nog nie verlore is nie (v.643):

„erubuit: salva res est."

Duckworth¹⁷⁾ sê: „His sense of shame at concealment and respect for Micio are shown by the wellknown comment of the senex: (643): "He blushes; all is well."

Tog moet sy vader alles uit hom trek en hom met 'n storie uitlok om sy ware gevoel te toon, wat hy dan ook eindelik doen en vol verontwaardiging uitroep dat sy vader nie die meisie kan laat wegneem nie (v.661). Hy betig hom selfs dat dit nie reg is nie (662 sq), want so het sy vader hom geleer: hy is gesteld op eerbaarheid. Hy kan egter nie volhou met sy toneelspel teenoor sy vader wat hom so goed ken nie, en eindelik gee hy in, diep gesteurd en berouvol (v.679):

„pater, obsecro, ausculta."

Sy liefde en dankbaarheid jeens sy vader is ook opreg: (681 sqq):

„ita velim me promerentem ames dum vivas, mi pater, ut me hoc delictum admisisse in me, id mihi vehementer dolet et me tui pudet."

Micio verstaan hom dan ook heeltemal: hy het die hart van 'n ware heer, „ingenium liberale" (v.683), maar hy is te argeloos „indiligens" (v.684). Hy verwyt hom dat hy vals was teenoor homself en die meisie (685 sqq.), selfs onverantwoordelik: „socordem" (v.695). Hyself het niks gedoen om met sy geliefde te trou nie, maar skynbaar gehoop dat ander magte dit vir hom sou doen sonder

dat hy 'n vinger verroer het (v.693).

Aeschinus se dank is dan ook tereg oorvloedig en innig(700 sqq)

„di me, pater,

omnes oderint ni mage te quom oculos nunc ego amo meos."

Hy beloof opreg om nooitweer iets te doen wat sy vader mag seermaak nie (vv707-712).

Aan die einde van die drama help hy Demea om met sy flikflooier Micio om te praat om met Sostrata te trou, Syrus en sy vrou te bevry en 'n plaas aan Hegio te gee, dinge wat hy gladnie wou doen nie. Norwood¹⁸⁾ noem dit „wheedling Micio with an infantile cajolery which suggests the millionaire's spoiled daughter in Trans-Atlantic fiction."

Maar al sy goeie karaktertrekke regverdig Micio se hoop dat hy 'n man sal word soos hy wil hê (v.826), want hy sien tog in hom en sy broer Ctesipho 'n skerp verstand, eerbied wanneer nodig en wedersydse liefde (v.827):

„vido (eos) sapere intellegere, in loco

vereri, inter se amare."

Soos Sellar¹⁹⁾ sê: „Aeschinus shows a higher spirit and more energy of character than most of the other lovers in Plautus or Terence."

13. Ctesipho

Ctesipho is 'n lamelendige swakkeling en vorm 'n baie skerp teenstelling met sy roekelose broer Aeschinus. „Ctesipho is weak and timid and in general a far less attractive youth than Aeschinus" se Duckworth²⁰⁾ van hom. Ten spyte van die uiters streng opvoeding wat hy gehad het (396 sqq.), of gedeeltelik as gevolg daarvan, is hy maar net so losbandig soos Aeschinus, al meen sy streng ou vader dat hy die beste seun op aarde is, 'n voorbeeld vir sy broer: (94 sqq.), 'n seun na sy vaderhart (v.411):

„est simili' maiorum suom" en

„quom ita ut volo est." (139; cf 359 sqq. 409 sqq., 564).

Dog dit is slegs omdat hy sy enigste sorg is (v.436); daarom kry

...../98 Syrus

Syrus dit so maklik reg om Demea te bedrieg, want hy prys Ctesipho op alle moontlike maniere (405 sqq.). Hy noem hom 'n goeie seun wat woedend is oor sy broer se roekelose daad en hom (Syrus) geslaan het en vir Aeschinus gepreek het.

Dit is egter alles net bedrog. In werklikheid is hy die een vir wie die sitterspeelstertjie gesteel is. Hyself was te lafhartig om iets aan die saak te doen. Hy was al so wanhopig dat hy dit oorweeg het om weg te gaan van Athene af (v.274). Hy sê dat hy dit uit skaamte gedoen het, „pudebat” (v.274). Norwood²¹) noem hierdie „pudor” „a sense of honour, bashfulness, self-distrust or selfindulgence? It is something of all these: the scales are held very fairly.” Aeschinus noem dit dwaasheid, (v.274): „ah. stultitiast istaec, non pudor.”

Hy het, uit vrees, dit vir almal geheim gehou, selfs vir sy geliefde broer.

Gelukkig vir hom het sy broer egter opgetree, hoewel drasties, en haar vir hom gesteel. Hy is jubelend van vreugde en dankbaarheid en kan nie woorde genoeg vind om Aeschinus te prys nie (256 sqq., 261 sqq.).

„o frater, frater, quid ego nunc te laudem?”

Hierin toon hy ook duidelik hoe 'n swakkeling hyself is, want hy was te lafhartig om al hierdie dinge te verduur en gewilliglik laat hy al die las en skuld op Aeschinus kom (v.264). Om daardie rede moet sy lof groot wees en sy dankbetuigings vurig, ook omdat hy nie werklik 'n slegte mens is nie, maar liefvallig van geaardheid en baie lief vir sy ouer broer (v.268): „o mi Aeschine,

o mi germane!”

Sy liefde vir sy sitterspeelstertjie is ook opreg. Hy kan vir niks anders leef nie (v.589): „Ctesipho autem in amorest totus,” en Micio meen dat alleen sy hom by die huis kan hou (v.844). Wanneer hy haar het, is hy nie meer treurig en pessimisties soos hy voorheen was nie, (v.267): „tristitiem tuam.” Nee, hy laat vaar dit alles dadelik (v.268):

...../99 „ego”

„ego illam hercle vero omitto."

Sy lafhartigheid is natuurlik as gevolg van sy verskriklike vrees vir sy vader. Te midde van sy geluk en vreugde moet hy Syrus eers waarsku om die leno te betaal; anders mag sy vader daarvan hoor en dan is dit verby met hom (v.283): „ego tum perpetuo perierim." Hy is nooit van hierdie vrees bevry nie en dit maak hom swargallig, wanhopig, of senuweeagtig (539 sq., 543 sqq., 550 sqq.) Hy is self oneerbiedig en verwans sy vader dat hy so moeg sal wees na al die geloop om na hom te soek, dat hy vir drie dae in die bed sal moet bly (v.520), sodat hy homself intussen aan sy onsedelikheid kan oorgee. „Ctesipho's fear of his father does serve to continue the suspense over his eventual discovery; but far more important is the portrayal of his attitude toward his father - which is one of respectful hatred."²²⁾ Hy is jammer dat die plaas so naby is, want hy weet dat sy vader gou sal terugkom as hy hom nie daar kry nie (v.523). Hy is 'n hulpelose, onnosele wese wat nie eers 'n ver-skoning kan uitdink vir sy verblyf in die stad nie, maar hulpeloos aan Syrus vra (v.528): „quid dicam?" Selfs Syrus se spot oor sy hulpeloosheid verstaan hy nie (v.528).

Al wat hy wil doen, is homself oorgee aan die genieting van die oomblik, en dit wil hy roekeloos en bandeloos geniet, (v.521):

„nam hunc diem

misere nimi' cupio, ut coepi, perpetuom in laetitia degere."

„The country-bred Ctesipho certainly has the urban Micio's love of luxury," sê Harsh²³⁾ van hom.

Sodra sy vader egter terugkom, is hy hulpeloos van vrees en hy roep benoud na Syrus (v.538): „quid agimus?"

Hy gaan wel in die huis in, maar hy is so bang dat hy kort-kort sy kop uitsteek en Syrus vermaan om te sorg dat hy nie daar inkom nie (v.550). Hy vertrou hom nie eens nie, maar hardloop lievers heeltemal weg (551 sqq.):

„numquam hercle ego hodie istuc committam tibi;

nam me iam in cellam aliquam cum illa concludam."

...../100 Wanneer

Wanneer sy vader tog uitvind hoe verrot en laag gevalle sy geliefde suntjie werklik is (v.789)., is hy tereg verwoed (v.799). Al sy sorg en moeite was dus tevergeefs. Slegs Micio, met sy optimisme, meen dat Ctesipho nog 'n man sal word, so na sy vader se hart (826 sqq.):

„quae ego inesse illis videa, ut confidam fore
ita ut volumu'."

Miskien sal sy vader met sy nuwe lewensuitkyk wel 'n man van hom kan maak op die platteland waarheen hy hom wil neem met sy geliefde sitterspeelstertjie (v.840).

G. ADULESCENS

Karaktereien- skappe	Andria	Heauton- timorumenos	Eunuchus	Phormia	Hecyra	Adel- phoe
Positief	1 Pamphilus	2 Charinus	3 Clitipho	4 Clinia	5 Phaedria	6 Chaerea
Eerbiedigheid	A					
Gehoursaamheid	B			A	A	A
Onderdanigheid	B			B	A	B
Erbaarheid	A			A	A	A
Oprechtheid	A			A	A	A
Nederigheid				A	A	A
Onselfsugtigheid	A			A	A	A
Jammerhartigheid	A			B	A	A
Hulpvaardigheid	A			A	A	A
Dankbaarheid	B			A	A	A
Openhartigheid				C		B
Eerlijkheid	B			C	B	B
Verstandigheid					C	B
Lewenswijsheid		B				
Selfbeheersing	B			C		B
Standvastigheid	A			C		A
Reverdigheid	A			B	A	B
Vrouwheid				B		
Verdraagsaam- heid					A	
Matigheid	B				B	
Dapperheid	B					A
Vurigheid	B				A	
Ondernemings- gees						A
Skerpsinnigheid				A		A
Vindinrykheid			A		A	A
Praktiese kennis			A			A
Fyngevoeligheid	B			A		
Optimisme				A		
Vrölikheid	B			A		
Liefdelikheid	A			A		A
Verliefdheid	A	A		A	A	A
Getrouheid	A			A	A	A
Hartstog	A		A	A	A	A
Impulsiwiteit				A		A
Roekeloosheid	B			A		A

A = Sterk
B = Middelmatig
C = Effens

Karaktereien- skappe	Andria	Heauton- timorumenos	Eunuchus	Phormia	Hecyra	Adel- phoe
Negatief	1 Pamphilus	2 Charinus	3 Clitipho	4 Clinia	5 Phaedria	6 Chaerea
Opvlieëndheid						
Ongeduldigheid		A	A			
Heethoofdigheid		A	A			
Hardkoppigheid		A	A			
Beasspelerigheid						
Hoofhartigheid						
Verwaandheid						
Alwetendheid						
Selfversekering						
Wysgerigheid						
Selfsugtigheid		A	A			
Wysgerigheid						
Selfsugtigheid						
Skyneeljkheid						
Onerlikheid		B	A			
Onerbiedigheid			A			
Ongheoursaamheid		B	A			
Ondankbaarheid		C	A			
Onverantwoordeljkheid	B		A			
Nalatigheid						
Luiheid			B			
Onnoselheid		A				
Dwaasheid	B		A			
Lastigheid						
Hulpeloosheid		A	B			
Verstrooidheid						
Klaerigheid		A				
Swartgalligheid	A	A	A			
Selfbejammering	A	A	A			
Vreesagtigheid		A	A			
Lafhartigheid		A	A			
Jaloosie		A				
Bandeleloosheid						
Onbeheersheid						
Materialisme						
Wantrouwigheid		A				
Vraatsugtigheid		B				
Skaamteloosheid		A				

H. SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING

Die Adulescens van Griekse Nuwe Komédie is 'n jongeling wat smoorverlief is op hulle buurman se dogter of op 'n meisie wat beskou is as 'n hetaera, maar wat later gevind is 'n burgeres van Athene en van goeie afkoms te wees. Die basiese intrige van elke drama is dus 'n liefdesstorie, en dit beeld veral die jongman se pogings uit om sy geliefde te bekom, meestal met bittere teenkanting van sy vader of voogd en met behulp van 'n skelm en slim slaaf. „The basis of each play is a love story, and portrays the love of a young man for his neighbour's daughter or for a mistress whose identity is later revealed.”²⁴⁾

Harsh sê:²⁵⁾ „Usually the characters tend toward the typical: the unresourceful young lover.” Daar was gewoonlik ook twee jongelinge: die bestendige en die wispelturige seun - tipes wat goed bekend was in die alledaagse lewe van die Griekse volk. So het Menander dit voorgestel in sy dramas en so het Terentius dit op sy beurt oorgeneem en verwerk.

Maar sy adulescens word op 'n simpatieke wyse voorgestel: sy verliefdheid word nie bespotlik gemaak nie. Party van die adulescentes is reeds getroud, soos Pamphilus in die Hecyra en Antipho in die Phormio, maar meeste van hulle is jongelinge wie se liefde vir 'n meretrix, 'n slawemeisie of 'n meisie van goeie afkoms, die handeling motiveer.²⁶⁾ Pamphilus en Chaerea (Eunuchus), Phaedria (Phormio), Aeschinus en Ctesipho (Adelphoe). Hulle liefde is dan ook in die meeste gevalle baie sterk. Elf van hulle is smoorverlief, en slegs een van hulle kry nie uiteindelik sy geliefde nie, nl. Clitipho (Heauton.); sy liefde is ook maar van korte duur. Die ander twee in die Eunuchus dien hoofsaaklik om die handeling aan te help, nl. Chremes wat sy verlore suster kry, en Antipho, die vriend en helper van Chaerea. Twee van hulle se geliefdes is nie Atheense burgeresse nie, nl. Clitipho (Heauton) en Phaedria (Eunuchus), tog kry lg. die reg om haar as minnares te behou omdat die Atheense wet

hom nie toegelaat het om met haar te trou nie.

Verder is daar in vyf van die ses dramas twee adulescentes in elkeen wat verlief is, twee jongmanne van geheel uiteenlopende geaardhede, wat teenoor mekaar gestel word en wie se karakters dan deur middel van kontrastering uitgebeeld word. Pamphilus, die sterkere, en sy swakkeling vriend Charinus (Andria), Clitipho en Clinia (Heautontimorumenos), Phaedria en Chaerea (Eunuchus), Antipho en Phaedria (Phormio), Aeschinus en Ctesipho (Adelphoe). „He prefers to draw clearcut distinctions between the two lovers in the various comedies. The contrast is made by the speech of a third person, (e.g. Demea in Ad. 88 ff.) or is implicit in the words or actions of the characters themselves.”²⁷⁾

Terentius laat die verliefdheid van die adulescentes 'n groot rol speel en beeld hulle gevoelens en emosies duidelik uit, elkeen met sy eie wisselende verskille. Tog sien hy dit in 'n ernstige lig en hy stel dit nie bespotlik voor nie: dit is 'n ernstige probleem wat hulle hele lewe en feitlik al hulle handelingbeheer. „Terence, more interested in sentiment and less eager to make intrigue an end in itself, concentrates more upon the character and the emotions of the youthful lover.”²⁸⁾ Om daardie rede word hulle dan ook voorgestel as smoorverlief en getrou aan die voorwerp van hulle liefde. Hulle voel meestal jammer vir hulleself hieroor en is as gevolg daarvan nie instaat om hulleself te help nie. Selfs die onverskrokke Aeschinus (Adelphoe) is te bang om openlik uit te kom met die feit dat hyself ook getroud is. Hulle ly verder almal aan 'n gebrek aan geld om die nodige koopprys vir hulle geliefdes te betaal, en hulle vrees hulle vaders se woede as hulle sou uitvind wat hulle werklik doen, almal behalwe Pamphilus (Hecyra) wat wel reeds eerbaar getroud is met sy geliefde. Hulle lewer dan lang monoloë oor hulle liefde en die hopeloosheid daarvan en Chaerea (Eunuchus) dreig selfs om sy eie lewe te neem as hy nie sy geliefde sou kry nie. „Such threats of suicide and exile serve to

arouse the tension momentarily but they are even more effective in portraying the emotional reactions of the lovesick youth in comedy."²⁹)

Omdat hulle hulleself nie kan help nie, maak meeste van hulle staat op die planne van hulle slawe om hulle te help, bv. Pamphilus en Charinus (Andria), Clitipho (Heauton), Phaedria en Chaerea (Eunuchus), Antipho en Phaedria (Phormio). Party maak egter staat op die hulp van vriende of broers soos Clinia (Heauton) en Ctesipho (Adelphoe). Pamphilus (Hecyra), egter, maak nie gebruik van 'n slaaf of vriend nie, ook nie Aeschinus (Adelphoe) nie. Pamphilus doen, ^{sy bes}intendeel, om alles vir sy nuuskierige slaaf weg te steek.

Die meeste van die adulescentes is ook hulpvaardig, altyd gereed om hulle broers en vriende in verdrukking by te staan, en wanneer hulleself gehelp word toon hulle groot dankbaarheid, veral wanneer hulle hulle geliefde kry.

Alhoewel die karaktereienskappe van die adulescentes oorewegend negatief is, is die verskil in gevoelswaarde tog klein. Hulle is maar net gewone jongmanne soos jongmanne van alle eeue. vol planne om hulle hartsverlange te verky, selfsugtig en sonder veel meegevoel vir andere se gevoelens. Hulle is egter nie so ongehoorsaam en oneerbiedig soos die adulescens van Nuwe Komedie of die konvensionele adulescens nie. Hulle eerbiedig wel nog hulle ouers. Pamphilus (Andria) probeer sy vader se wense sover moontlik gehoorsaam; Clinia (Heauton) het uit eerbied vir sy vader se wense weggegaan om homself sterk te maak in oorlog soos sy vader self voorgeen gedoen het. Aeschinus (Adelphoe) het uit skaamte en eerbied vir Micio sy liefdesverhouding geheim gehou. Clitipho (Heauton) vrees sy vader wel, maar bedrieg hom nogtans; so ook Antipho (Phormio), wat te swak is om teen sy vader se wense te handel endie hulp van Phaedria en Andria kry, en Ctesipho (Adelphoe) wat 'n onheilige vrees vir sy vader het, maar self so losbandig is dat hy homself nie kan help nie, en by sy oom se huis wegkruip en verwag dat sy broer en slaaf hom moet beskerm. „The youths of Terence, as a rule are more respectful and respectable than those of Plautus;

they are also less amusing and somewhat less colorful."³⁰⁾

Ten spyte van die groot ooreenkoms in intrige, toon elke jöngeling tog sy eie bepaalde karaktertrekke, eienskappe wat varieer van die basiese en hom sodoende onderskei as individu, 'n eie mens, met sy eie gevoelens, begeertes, wense en drome. Ook reageer elkeen op sy eie manier alhoewel hulle almal in naastenby dieselfde situasies geplaas word.

Daar is al hewige kritiek uitgeoefen op die adulescens: hy word beskuldig dat hy 'n swakkeling is, oninteressant, 'n stereotipe karakter, sonder enige persoonlikheid. Henry³¹⁾ sê van die adulescens in Terentius: „Thus the part assigned to these youths is very similar in the various plays: and as a rule their characters are very much alike..... They are resourceless, relying on their slaves or good fortune to mend their truths - but living in a sort of fool's paradise..... They have not the courage and dash that make youth attractive. Sentimental, puny specimens of manhood, their whole interest in life begins and ends in love intrigue...'. But Henry admits that Chaerea (Eunuchus) and Aeschinus (Adelphoe) possess qualities which win our interest and admiration and he states that most of the others have predominating traits that differentiate them from each other." Kraemer³²⁾ sê: „His 'weak young men' are not merely characters drawn without accuracy or interest, but are the results of exact observation of youth in all the turmoil of transition from boyhood to manhood."

Die Adulescentes is miskien swak uitgebeeld as karakters, omdat hulle nie as volle mense geteken word nie, maar hoofsaaklik as minnaars; dog nie twee van hulle reageer eenders nie, en elkeen het sy eie persoonlike eienskappe anders as die van andere: skerp-sinnig of onnosel, hooghartig, selfversekerd, of onbeholpe en dwaas, verstandig of sonder ondernemingsgees, verwaand of jaloers of klaerig, miskien lui of selfsugtig of nederig, vroom of oneerlik, lafhartig, ongehoorsaam. Die eienskappe wissel in elke geval. Dit is nie maar bepaalde eienskappe wat aan 'n tipe geplak word nie. Elkeen

tree op volgens sy eie inherente persoonlikheid, soms sterk geteken soos Chaerea in die Eunuchus, bekoorlik, hoewel hy geen goeie seun is nie, en Aeschinus in die Adelphoe, onverskrokke, sonder om hom te bekommer oor wat die mense sal sê, tog vol skaamte oor wat hy gedoen het sonder om sy vader te raadpleeg; soms net om eienskappe in ander uit te bring soos Antipho en Chremes (Eunuchus). Elkeen word volgens sy eie meriete behandel, word in sy eie bepaalde situasie geteken om daarin te pas en so dat hy nie deur een van die ander vervang kan word nie. Dit is nie sommer maar 'n tipe nie, maar elkeen 'n jongman, en tog ook weer 'n mens verskillend van die ander, al is hulle die oninteressantse van al die hoofkarakters.

IV. SERVUS.A. ANDRIA.1. Davos

Davos is 'n verwaande, selfversekerde slaaf wat min eerbied aan sy heer betoon en eintlik optree as Pamphilus se raadgewer, wat altyd gereed is met 'n nuwe plan as die voriges gefaal het, alhoewel hy niks bereik met al sy planne nie. Duckworth¹⁾ sê van hom:

„Davus in the Andria is a bungler whose suggestions and schemes confuse everyone but actually accomplish little," en Norwood²⁾ noem hom „a fly on the wheel." Duckworth³⁾ weer, sê: „The plans and suggestions of Davus, the slave, merely get Pamphilus into greater trouble." Maar op 'n ander plek⁴⁾: „The role of Davus, which has been criticised as useless, provides much humour, for he aids constantly in the self-deception of Simo who is always expecting trickery at the wrong moment."

Davos bedrieg wel sy heer, maar in werklikheid is hy baie bang vir hom, sodanig, dat hy nie weet of hy Pamphilus moet help of Simo moet gehoorsaam nie (v.210):

„si illum relinquo, ei(u)s vitae timeo; sin opitulator, hui(u)s minas! Hy ken sy heer goed en daarom is hy altyd versigtig as hy met hom te doen kry (175 sqq.). Al sy planne is teen Simo en Chremes gemik en sy hoofdoel is eintlik om Simo te bedrieg en hom bespotlik te maak, en nie soseer om Pamphilus te help nie. Simo self besef dit (161 sqq.): „magis id adeo mihi ut incommodet

quam ut obsequatur gnato."

Daarin slaag hy dan ook wel, want Simo vertrou Davos gladnie en noem hom „sceleratus Davos" (v.159), en ook „mala mens, malus animus" (v.164). Hy besef dat hy nie 'n goeie raadgewer vir sy seun is nie (192 sqq.). Hy noem hom „hic veterator" (v.457) en sê dat hy altyd die oorsaak van alle bedrog is. (v.458): „nam si hic malist

...../108 quicquam,

quicquam, em illic est huic rei caput."

Davos besef dat sy heer hom nie vertrou nie (v.504) en hy lê hom dus daarop toe om sy vertrou te wen. In die opsig is hy 'n tipiese „servus callidus." Sy gedrag teenoor Simo is nooit juis oneerbiedig nie, want hy is gewoonlik besig om met hom die gek te skeer op 'n subtiële manier, dog soms ook openlik. Hy kan baie sarkasties-spottend wees (500 sqq.):

„eho an tute intellexti (hoc) adsimularier?

renuntiatumst; nam qui istaec tibi incidit suspicio?"

Hy gee voor dat hy 'n eerbiedige slaaf is wat altyd die waarheid vertel (v.437): „nil facilius"

Op eerbiedige wyse verseker hy Simo dat Pamphilus gladnie sleg voel oor die huwelik nie (v.440), alhoewel hy ook hier die gekskeer om Simo kwaad te maak. Selfvoldaan roep hy dan teenoor homself uit: „Commovi!" (v.456). Omdat Simo hom nie vertrou nie, kry hy die geleentheid om hom nog verder te bedrieg (v.498):

„teneo quid erret et quid agam habeo!"

Sy plan is anders as die gewone slim slaaf s'n. Hy vertel Simo presies wat gebeur het en gee sy eie leuenagtige verklaring daarvoor. Sy doel is kasting om Simo sy opinie van hom te laat verander (v.509). Hy vertel hom dit sodat hy nie later sal sê dit was hy wat hulle aangehits het om dit te doen nie. Op die wyse oortuig hy Simo.

Hy is altyd baie seker van homself (vv206-227, 353 sqq, 387 sqq, 670 sqq.) en vol wyse gesegdes (v.185, 768, 778), want hy is baie skerpsinnig en vind altyd gou uit wat aangaan. Wanneer hy sien daar is geen voorbereidings vir die huwelik nie, lei hy dadelik af dat daar geen huwelik sal wees nie. Vol selfvertroue gaan hy dan na Pamphilus, gretig om hom in te lig (v.339). Hy weet presies waarom Pamphilus en Charinus bang is (v.346):

„quid timeas scio."

en hy is vol vertrou dat hy hulle sal kan help (v.350):

„atque istuc ipsum nil periclist: me vide."

Op 'n omslagtige wyse vertel hy hom hoe om te handel (387 sqq.).
Hy is seker dat alles sal gebeur soos hy sê (409 sqq.):

„crede inquam hoc mihi, Pamphile....."

Sy raad is oënskynlik goed, en selfverwaand kan hy sê (v.423)

„sum verus?"

Tog help sy planne nooit iemand nie en hy moet hulle gedurig verander. Gelukkig dink hy baie vinnig. Wanneer hy en Simo Mysis hoor praat van Pamphilus se getrouheid (459 sqq.) is hy eers lam-geskrik (v.463), maar dan vermaan hy homself dat hy dadelik hiervoor 'n uitweg sal moet soek (v.468). Hy is ook slim genoeg om dadelik aan 'n ander plan te dink, want hy besef hoe sy heer homself misgis, en dit toon hom wat om te doen (v.498). Soos al sy planne, is ook hierdie een net bedrog en leuens, en dit dompel Pamphilus net verder in die ongeluk. Verslae moet hy dan erken (599 sqq.): „nullu' sum

.....
iam perturbavi omnia."

Hy het sy heer bedrieg en sy heer se seun in 'n huwelik in gedwing in plaas van om hom daarvan te verlos. Pamphilus het geheel en al op hom vertrou en gemeen hy is die beste mens op aarde, sy getroue raadgever (v.335): „Davom optume

.....quoi(u)s consilio fretu' sum."

Nou word hy van alle kante beskuldig (607 sqq.) en hy voel bitter sleg daarvoor, want hy besef dat dit alles sy eie skuld is. Eerlik erken hy dat hy die galg verdien (v.623). Tog bly hy kalm en selfversekerd omdat hyself voel dat hy altyd getrou gebly het aan sy jong heer, dat hy al sy planne beraam het net om hom te help. Gevolglik voel hy vernederd oor Pamphilus se wantroue in hom en verwyt hom (vv675-80) dat dit sy plig as slaaf is om dag en nag te werk om hom te help, om selfs sy lewe vir hom te waag (v.679):

„parum succedit quod ago; at facio sedulo."

Hy vind dus gou 'n nuwe plan, 'n plan wat Chremes en Simo laat besef wat aangaan, maar dit help hom natuurlik niks, want dit laat Simo eindelik besef dat hy hom net bedrieg het. Al sy slim-

...../110 hede

slimhede en praatjies help niks teen die genadelose Simo nie, al probeer hy homself verdedig dat hy nie gelieg het nie (v.864), want dit was tog eintlik deur die waarheid te praat dat hy Simo bedrieg het.

Teenoor andere, mense wat nie sy meerderes of base is nie, is Davos meerderwaardig. Hy snou Charinus onbeskof af wanneer hy sy hulp vra (v.704), al beloof hy tog later om te probeer om hom te help. Teenoor Mysis is hy ook baie brutaal (v.762), al is dit net om Chremes die rat voor die oë te draai. Hyself glo dat daar niks verkeerd mee is om oneerlik te wees nie, soos hy aan die geskokte Mysis vra (794 sq):-

„paullum interesse censes ex animo omnia,
ut fert natura, facias an de industria?"

Om daardie rede glo hy ook niemand nie en sien hy so maklik deur Simo se planne. Hy is baie sinies oor die storie wat Pamphilus en Glycerium uitgedink het (v.224), want dit is net hy wat stories kan uitdink wat die moeite werd is! Sy vertroue in homself en sy bekwaamheid is onbeperk; so ook sy optimisme (v.670):

„hac non successit, alia adoriemur via."

Al sy slim planne baat wel nie, maar sy getrouheid aan Pamphilus word tog beloon, omdat hy weer losgemaak word uit die kettings waarin die woedende Simo hom laat gooi het.

2. Byrria

Byrria is 'n wyse slaaf wat nie veel eerbied vir sy lafhartige jong heer het nie. Hy skep skynbaar 'n behae daarin om hom te vertel dat sy geliefde met Pamphilus gaan trou. Sy raad, hoewel spottend en gladnie bemoedigend nie, is goed (305 sq.)

„quoniam non potest id fieri quod vis,
id velis quod possit."

Hy sien effens neer op sy heer en behandel hom soos 'n lastige kind (v.310): „age age, ut lubet."

Hy dink niks van sy planne nie (v.314) en spottend sarkasties sê hy

...../111 Charinus

Charinus moet met Pamphilus gaan praat sodat hy kan weet Charinus is die minnaar van sy toekomstige vrou (v.315).

Hy is gladnie bang om reguit te praat en vir Pamphilus presies te vertel wat aangaan nie (723 sqq.). „Byrria is ready to do so with brutal directness.”⁵⁾ Hy doen werklik niks om Charinus te help nie: hy het geen wyse planne nie. Hy voer net sy bevele uit. Hy vorm 'n skerp teenstelling met Charinus se onbeholpenheid: „Byrria is depicted as a crude, mundane, and skeptically realistic person, thus standing out in sharp contrast to Charinus.”⁶⁾ Hy steur hom selfs gladnie aan Charinus se beledigings nie (v.337).

Hy is ook baie sinies, maar wanneer hy Pamphilus^{op} sy heer se bevel dophou, is hy geskok dat 'n mens niemand kan vertrou nie.

(v.425): „nullane in re esse quoiquam homini. fidem!”

Tog is hy baie wysgerig daaromtrent; want hy het self die skoonheid van die meisie gesien, (v.428): „virginen forma bona.”

Hy is ook vir niemand bang nie, want hy gaan gewilliglik om te berig wat hy gehoor het, al weet hy dit sal hom geen goeds bring nie (v.431).

3. Sosia: Libertus

Sosia is Simo se vryslaaf en tree eintlik net op om die gehoor op hoogte van sake te bring. Norwood⁷⁾ sê van hom: „Sosia's part may be, as we saw, a pious thanksoffering made by the dramatic neophyte: he is none the less, on the technical side, a thoroughly amateurish device for helping to convey information to the audience.”

Tog word hy geteken as 'n edel, getroue slaaf wat sy heer in alles bygestaan het en nog help. Simo prys sy getrouheid en vermoë om dinge vir homself te hou (v.34):

„fide et taciturnitate.”

Vir alles wat hy vir hom gedoen het, het hy hom sy verdiende beloning gegee: hy het hom sy vryslaaf gemaak omdat hy so opreg was (v.38): „propterea quod servibas liberaliter.”

...../112 Sosia

Sosia is onderdanig en gehoorsaam (v.34):

„exspecto quid velis."

Ook is hy dankbaar vir alles wat sy heer aan hom gedoen het (41. sq):

„si tibi quid feci aut facio quod placeat, Simo,
et id gratum fuisse advorsum te habeo gratiam."

Juis omdat hy so 'n goeie slaaf is, maak Simo se aanmerking hom seer, want hy is fynggevoelig: die feit dat Simo weer daarvan praat, lyk of hy hom verwyt vir ondankbaarheid. Hy is baie reguit en hou nie van hierdie omslagtigheid nie (v.46).

Hy luister dus maar gelate na wat Simo vertel en maak net nou en dan 'n wyse aanmerking (cf. vv. 61, 67, 141, 142):

„adprime in vita esse utile, ut nequid nimis." (61).

Dit is tog eintlik al waarvoor hy nodig is: om te luister en saam te stem, en as Simo hom vra om te help, belowe hy onderdaniglik om sy bes te doen (v.170) Ons hoor egter nie weer van hom nie: hy verdwyn van die toneel nadat hy sy doel gedien het.

B. HEAUTONTIMORUMENOS.

4. Syrus

Syrus is die slim slaaf, vol van sy slim planne, selfversekerd en altyd gereed om sy heer te bedrieg, maar ook om sy jong heer te help. Natuurlik moet die planne om Clitipho te help van so'n aard wees dat hy Chremes daarmee bedrieg. Hy is baie seker van homself en sê verwaand aan Clinia dat hy so slim is dat hy sy heer met die waarheid bedrieg. Dit is sy eie nuwe plan: (710 sq):

„qui vim tantam in me et potestatem habeam tantae astutiae
vera dicendo ut eos ambos fallam."

Hy kry dit dan ook waarlik reg om albei die ou manne te bedrieg deur die waarheid aan hulle te vertel. Duckworth⁸⁾ sê van sy bedrog: „Syrus' deception, on which he prides himself, is very unlike those of the intriguing slaves in Plautus."

Chremes verwag net bedrog van hom en vertrou dat hy altyd 'n plan sal bedink om sy jong heer te help. Gevolglik vra hy sy hulp, om daardeur Menedemus te bedrieg (543 sqq) Tog is Syrus lojaal

aan Clitipho en sy hoofdoel is om Chremes te bedrieg, om geld uit hom te kry (v.513):

„intendenda in senemst fallacia."

Hy weet net hoe om met Chremes te werk en spot met hom sonder dat hy dit agterkom (536 sqq.) Aangesien Chremes self aan hom die geleentheid gee om hom te bedrieg, maak hy tenvolle daarvan gebruik. Hy weet wel nie of die ou man die gek skeer as hy hom beveel om Menedemus te bedrieg nie, maar dit verskaf hom des te meer genot om hom te bedrieg (v.542):

„nisi mihi quidem addit animum quo lubeat magis."

Vol selfversekering is hy, want daar is niks wat hy beter kan doen as bedrieg nie: om die waarheid te sê, hy is 'n meester op daardie gebied (v.548): „etenim quo pacto id fieri soleat calleo." Hy vertel Chremes waarmee hy besig is, maar Chremes snap nie wat hy bedoel nie en Syrus is hoogs tevrede oor die wonderlike geleentheid wat hy het om sy heer met sy eie toestemming te bedrieg (559 sqq.).

Sy eerste wonderlike plan is om Bacchis na hulle huis te bring en voor te gee dat sy Clinia se geliefde is. Dit sal hom baie pret verskaf, want hy weet hoe suinig sy heer is, en hoe 'n groot gevolg Bacchis het (255 sqq.). Dit sal ook sy jong heer, Clitipho, die geleentheid gee om sy minnares by hom te hê. Dit is wel waaghalsig, maar hy deins vir niks terug nie: hy verseker Clitipho dat niks wat die moeite werd is, sonder gevaar gedoen kan word nie (v.314).

Hy speel eintlik baas oor Clitipho en het 'n meerderwaardige antwoord op al sy vrae. Hy berispe en vermaan hom om nie so lafhartig te wees nie (319 sqq.). Op omslagtige wyse vertel hy aan Clinia en Clitipho hoe hulle Clinia se mooi gevind het (vv269-307.) Sy tekeninge is baie raak en duidelik (vv273 - 294) en tussendeur vleg hy sy wysgerige aanmerkings (280 sq.) en hy laat niemand toe om hom in die rede te val nie (v.273).

Maar al berispe hy Clinia dikwels soos 'n klein seuntjie (cf.vv.639, 380), is hy tog altyd gereed om hom te help, selfs al

...../114 stel

stel hy homself in gevaar daardeur (v.349):

„adsum: dic quid est?"

Omdat hy Clitipho egter ken en weet hoe onverskillig hy is, vertrou hy hom nie, en dit stem hom pessimisties (v.564). Voor Chremes speel hy egter sy rol uitstekend: maak selfs asof hy kwaad is vir Clitipho oor sy skandelige gedrag (v.579) Hy beloof selfs om te help om geld vir Bacchis te kry, en probeer dit met mooi praatjies uit Chremes kry (599 sqq.) As dit nie slaag nie, dink hy gou 'n ander plan uit (v.674). Vir hom is niks te moeilik nie: daarvoor is hy ver te slim (v.675):

„nil tam difficilest quin quaerendo investigari possiet."

Hy haal Clinia ook oor om te help (688 sqq.) en spog teenoor Chremes dat hy alles reggekry het (v.760):

„dictum (ac) factum reddidi."

Hy geniet dit terdeë om sy storie wat in werklikheid die waarheid is, aan Chremes te vertel, (763 sqq.). Hy hou hom onderdanig en kry die geld deur op Chremes se gevoel te speel (v.797)

Chremes vertrou hom só dat hy selfs Menedemus eers nie glo nie, en Syrus se slimmighede, „callidates" (v.888), prys. Hy glo wat hy hom vertel het en noem hom „veterater" (v.889), terwyl Syrus hom slegs vir die gek gehou het, soos hyself dit meewarig moet erken (v.952):

„qui sibi me pro deridiculo ac delectamento putat."

Syrus voel jammer oor die ongeluk waarin hy Clitipho gedompel het sonder dat hy dit bedoel het (v.970), maar hy gooi nie tou op nie: hy is 'n gebore optimis. Hy spot selfs nog (v.981):

„modo liceat vivere, est spes nos esurituros satis."

Met sy nuwe plan bedrieg hy selfs Clitipho, want nou voel hy ook vir homself jammer en bekommerd oor waar sy brood vandaan sal kom (v.978). Hierdie plan van hom moet die ou man oorhaal om sy seun te vergewe (996 sq.).

Sy planne het dus eintlik nie veel vir Clitipho beteken nie, maar hy neem dapper al die skuld op homself en hy beskuldig Chremes

dat dit verkeerd is om sy seun te straf omdat hy, Syrus, gesondig het (v.975). Hy verdien dit dat Clitipho vir hom 'n voorspraak is by Chremes, want hy het darem so hard probeer!

5. Dromo

Dromo tree net twee keer op en hyself doen of sê feitlik niks. Hy en Syrus loop en babbel net (v.242):

„dum sermones caedimus."

As dit Syrus byval van alles wat die meisies moet dra, beveel hy Dromo om terug te gaan (v.249). Hy gehoorsaam dadelik gedwee en beloof Syrus om stil te bly oor alles wat hy weet, en later om Bacchis en haar gevolg na Menedemus se huis te neem (v.748):

„mutum dices."

Sy karakter word dus nie uitgebeeld nie: hy help maar net om die handeling te bevorder.

C. EUNUCHUS.

6. Parmeno

Parmeno is baie filosofies en wys, verwaand soos in 923 sqq. waar hy homself prys vir die wyse raad wat hy aan Chaerea gegee het. Hy noem dit (930):

„id verost quod ego mi puto palmarium."

Hy weet baie van die lewe en is gedurig besig om wyse raad aan sy jong here te gee, „a wiser Aristotelian than his master"⁹⁾

(cf. w 50 sqq., 102, 931):

„quae res in se neque consilium neque modum

habet ullum, eam consilio regere non potes" (57 sq).

Dit is gewoonlik goeie raad (vv 50 sqq. en 84), maar hy is baie lief om lang, filosofiese redenasies te voer as hy die geleentheid kry (vv 50 - 70, 225 - 231). Hy weet altyd wat om te sê en laat hom deur niemand van stryk bring nie: hy is altyd gereed met 'n paslike aanmerking. Wanneer Gnatho hom vra: „quid agitur?

...../116 antwoord

antwoord hy dadelik: „statur." (v.271).

Hy is ook baie sinies in sy opvatting van die liefde en veral van meretrices en hy waarsku Phaedria (59 sqq.):

„in amore haec omnia insunt vitia: iniuriae,
suspiciones, inimicitiae, indutiae,
bellum, pax rursum."

Hy vertrou Thais gladnie en noem haar „nostri fundi calamitas" (v.79). Hy spot met haar, dat liefde haar Phaedria laat wegwys het (v.98), en waarsku haar op 'n oordrywend-spottende wyse dat hy nie leuens kan verdra nie: daarvoor is hy te opreg! (103 sqq):

„quae vera audiui taceo et contineo optume;
sin falsum aut vanum aut finctumst, continuo palamst."

Sy opmerkings oor die lewe is wel meestal sinies, maar reguit. Hy weifel nie om reguit aan Thais te sê dat hy nie haar stories glo nie (v.121): „utrumque hoc falsumst: effluet."

Hy glo ook nie Phaedria se standvastigheid nie (v.218), want hy ken sy jong here, ook Chaerea, en as hy hom oor die liefde hoor praat, is hy vol simpatie vir hulle vader (v.298):

„o infortunatum senem!"

Tog weet hy hoe om met albei van hulle te werk. Hy gehoorsaam Phaedria se bevele, want hy is geheg aan albei sy jong here en help hulle met sy wyse raad, maar hy vermaan Phaedria dat hyself weet wat om te doen (v.216):

„memini, tam etsi nullu' moneas."

Hy beloof om ook Chaerea te help as hy kan (v.362):

„faciam sedulo ac
dabo operam, adiuuabo."

Tog is hy baie versigtig, selfs lafhartig, en hy keer Chaerea dadelik as hy besef wat hy wil doen (378 sq.). Hy besef dit is verkeerd (v.382), maar stem tog in. Nogtans weier hy om die skuld op hom te neem (v.388):

„quid istic? si certumst facere, facias: verum ne post conferas
culpam in me."

...../117 want

want hy is maar lafhartig. Wanneer hy egter sien dat dit hom die geleentheid gee om Gnatho, van wie hy niks hou nie, te oortref, speel hy tog saam, omdat hy daarvan hou om die meerdere te wees. Sy gladde tong weet net hoe om die geskenke van sy heer voor Thais te prys, ten koste van Gnatho en Thraso (472 sqq.). Hy is baie beledigend teenoor Gnatho (489 sqq.) en smalend sê hy aan Thraso (v.494):- „haud convenit

una ire cum amica imperatorem in via."

Dit is daarom dat Pythias so min van hom dink en haar daarop toelê om hom te bedrieg (718 sqq.). Sy is dan ook te slim vir hom, want hy glo haar dadelik (960 sqq.); maar haar storie bring die beste eienskappe in hom na vore. Hy is wel baie bang, maar hy sal alles aan Chaerea se vader vertel, want hy moet die jongman help (968 sq.):

„dicam huic annon? ei dicam hercle; etsi mihi magnum malum scio paratum; sed necessest huic ut subveniat."

Openhartig en eerlik vertel hy dan ook alles (976 sqq.), maar hy verontskuldig homself eers (979 sq.)

„quidquid huius factumst, culpa non factumst mea."

Hy is belaglik in sy verwaandheid, soos Pythias sê (v.1009):

„numquam pol hominem stultiores vidi nec videbo."

Hy is so onnosel terwyl sy al die tyd gemeen het hy is wys en slim (v.1011): „callidum et disertum," want hy prys homself en eien homself die lof toe, alhoewel hy te lafhartig is om die skuld op hom te neem (v.925). Ewe kalm ontvang hy Chaerea se lof, asof dit alles deur sy toedoen was: hy maak of hy alles weet (v.1036): „audivi.", al het hy niks gedoen om enigeen te help nie.

¹⁰⁾
Duckworth sê van hom: „Parmeno is no rascally intriguing slave. The impersonation of the eunuch was his suggestion, but he spoke in jest and later endeavoured to dissuade Chaerea from carrying out the idea. Parmeno was himself later deceived by Pythias' fiction concerning the punishment to be meted out to Chaerea and so revealed the whole truth to his aged master -not the conventional thing for a slave to do."

...../118 7. Sanga.

7. Sanga

„Centurio Sanga et manipulus furum" (v.776) tree net in die gevegstoneel op om met Thraso die spot te dryf. Hy toon homself as 'n skerpsinnige slaaf: hy kom met 'n spons na die geveg toe omdat hy Thraso ken as 'n dapper man. Daarom het hy iets nodig om die bloed mee af te vee (778 sqq.):

„sine sanguine hoc non posse fieri: qui abstergerem vulnera?" Hy is gladnie lafhartig (ignave), soos Thraso hom beskuldig nie (v.777); nee, net slim. Ook spot hy saam. „Sannio is tuis vir die tuiswag!" (v.780).

Hy is maar te bly as die geveg verby is, want hy dink net aan sy kospotte (v.816):

„iamdudum animus est in patinis."

Hy help om die komiese in die blyspel te bring.

D. PHORMIO.8. Geta

Geta is die vertoueling slaaf van Demipho aan wie hy en sy broer hulle seuns opdra as hulle na die buiteland gaan (71 sq):

„abeuntes ambo hic tum senes me filiis

relinquont quasi magistrum."

Hy vergoed egter nie juis die vertroue wat sy heer in hom stel nie: inteendeel, hy erken self aan Davos dat hy spoedig besef het dat die getrouheid hom niks sou baat nie, want die jong here het hom nie toegelaat nie (75 sqq.). Om sy eie vel te red, het hy toe maar ingestem met al die wense en begeertes van die twee jongmanne (v.78):

„coepti is omnia

facere, obsequi quae vellent."

Alhoewel hy sy eie lot bekla, lyk dit tog nie of hy sleg voel daaroor nie, want hy is 'n slim, behendige slaaf en aanvaar sy lot filosofies: hy sal, wat ookal gebeur, met 'n gelate gemoed verdra (v.138): „aequo animo." Hy doen dit alles omdat dit homself

...../119 genot

hy dat genot verskaf, en gewetenloos bedrieg hy sy heer, al besef hyself in die grootste gevaar verkeer (137 sqq.) Hy het nie veel eerbied vir sy heer nie en praat veragterend van sy liefde vir geld (vv70, 120). Ook is hy gladnie bang vir sy heer nie, maar sien kans vir sy woede (vv287 sqq., 302, 346 sqq.). Om daardie rede geniet hy dit so om op 'n slinkse en bekwame manier geld uit Demipho te kry om die jongmanne te help.

Al sy simpatie is vir die twee jongmanne en hoewel hy spot met hulle verliefdheid, is dit goedige spot. Op 'n baie geestige wyse vertel hy aan Davos hoe Phaedria eers op 'n sitterspeelstertjie verlief geraak het, en daarna Antipho op 'n ander meisie (80 sqq.)

„.....

imus venimus

videmu'." (v.103).

Bondig maar tekenend is sy skets.

Hy maak of hy vreeslik heldhaftig is (v.138) en vol verwaande selfvertroue (v.139): „in me omni' spes mihi est."

Tog is dit nie net grootpraat nie, want hy weet altyd hoe om 'n uitweg uit enige moeilikheid te vind: sy skerp verstand sien dadelik raak hoe om te handel of wat om te sê (v.235):

„atqui reperiam: aliud cura."

Hy weet net hoe, soos Davos sê (v.79): „scisti uti foro."

(cf. 289 sqq., 555 sqq.). Hy het altyd 'n plan vir enigiets (cf. 179 sqq., 225 sq., 705 sqq., 781):

„nam hercle ego quoque id quidem agitans mecum sedulo

inveni, opinor, remedium huic re." (615 sq.)

Hy is ook geen lafaard nie. Hy besef wel wat gaan gebeur as sy heer van hulle roekelose daad hoor, maar hy hardloop nie weg nie (179 sqq.). Dadelik dink hy 'n aanvalsplan uit, want sy goedige hart is vol jammerte vir Antipho (187 sq.):

„heu me miserum! quom mihi paveo, tum Antipho me excruciat animi:

ei(u)s me miseret, ei nunc timeo, is nunc me retinet."

Pragtig opofferend is dit, en daarom is hy so verontwaardig as Antipho self niks wil doen nie (204 sqq.). Wysgerig en baie

optimisties moedig hy hom aan. (v.203) Hy vermaan hom en vertel hom presies wat om te sê, want hyself is altyd vol selfvertroue, roekeloos, selfs gewetenloos. (210 sqq.) Wanneer Antipho tog weghardloop, gooi hy nie tou op nie, maar bly self om die saak vir hom te veg met behulp van Phaedria, want hy is seker dat hulle 'n goeie saak het, en sal wen (226 sqq.):

„iustam illam causam facilem vincibilem optumam." Hy het alles reeds oordink en sien kans daarvoor, want sy optimisme is onver-nietigbaar.

Onverskrokke staan hy dan ook sy man teen die verwoëde Demipho (289sqq.) en maak of sy sakastiese aanval nie geregverdig is nie. Hy wys hom daarop dat hy, as slaaf, niks teen die gereg kon doen nie (v.291), maar gedwee alles gedoen het wat hy gemeen het reg was.

Hy het egter minder vertroue in homself as in Phormio. Hy koester 'n groot bewondering vir hom (. 591 sqq.) en met sy hulp slaag hy dan ook daarin om Demipho goed om die bos te lei en te laat glo dat hy werklik getrou was aan sy heer (v.478).

Tog is hy ook vir Phaedria 'n goeie vriend en handlanger. Hy is baie jammer vir hom (vv519, 539) en hy is vol beledigings teenoor Dorio wat so genadeloos is (v.526). Op Antipho se gesoebat stem hy dan ook in om te help, maar hier vra hy Phormio se hulp (v.560). Op uiters bekwame wyse hanteer hy beide Chremes en Demipho (610 sqq) terwyl hy homself voordoen as die onderdanige slaaf wat sy bes vir sy heer doen. Hy is heeltemal skaamteloos, vermetel, maar speel so fyn op Demipho se gevoel dat hy sy doel bereik en die geld kry. Soos hy dit vrolik stel (v.682):

„emunxi argento senes."

Hy oortuig Antipho dat sake ook vir hom sal regkom (696 sqq.), want hy het immers ook altyd sy belange op die hart gedra, en hy was 'n getroue slaaf (v.187). Om daardie rede is sy vreugde onkeerbaar as hy van Antipho se geluk hoor (841 sqq.). Sy slim planne het dus albei die jongmanne gehelp, al het hy ook sy heer bedrieg: „The old men fall easy victims to the machinations of

...../121 Geta,"

Geta," sê Harsh."¹¹⁾

9. Davos

Davos hou 'n lang alleenspraak waarin hy te velde trek teen die onregverdige konvensies wat 'n arme slaaf verplig om sy enigste bietjie spaargeld op sy ryk heer te spandeer (vv35-50). Hy is baie skerp in sy kritiek (41 sqq.):

„quam inique comparatumst, î qui minus habent
ut semper aliquid addant ditioribus!"

Hy is 'n eerlike man en mors nie baie woorde nie, maar gedadelik Geta se geld, alles wat hy hom skuld, en nie 'n pennie minder nie (v.52): „accipe, em:

lectumst; conveniet numeru' quantum debui."

Hyself meen ook dat dit baie mooi van hom is om dit wel terug te gee, veral met sedes soos dit vandag is (v.55), want hy is ook filosofies en baie sinies (55 sqq.):

„adeo res redit:

siquis quid reddit magna habendast gratia."

Wanneer Geta hom nie vertrou nie, vermaan hy hom skerp, sarkasties (59 sqq.) Hy is vol van sy vermoëns, oor wat hy sou doen as hy koning was! (v.70).

Tog is hy Geta simpatiekgesind, want hy weet hoe 'n moeilike taak dit is om jongmans op te pas (73 sqq.) Hy is ook baie nuuskierig en vra Geta ongenadiglik uit (cf. vv 119, 144 sqq.) Hy bied egter tog sy hulp aan as dit nodig mag wees (v.151), hoewel Geta nie daarvan gebruik maak nie. Hy dien slegs om aan die gehoor bekend te stel wat eintlik aangaan.

E. HECYRA.

10. Parmeno

Parmeno is die komiese slaaf, maar hy doen niks om die handeling te bevorder nie. Norwood¹²⁾ sê: „Parmeno understands what is expected of him, but he is never given his chance. Never was there a role more desperately devoid of what professional

slang calls 'fat'. Every time this unhappy satellite enters manfully to perform his duty as a veterator, a versutus servus, and the rest, he is mercilessly ordered off the stage to make room for the play."

Hy het geen planne om sy heer te help nie, maar verskaf slegs die komiese element in die spel met sy wysgerigheid, alwetenheid en nuuskierigheid, alhoewel sy nuuskierigheid nooit bevredig word nie. Hy is geslepe soos gewone slawe en waarsku Scirtus om te sê dat hy na die hawe is as die baas hom vra, dog slegs as hy sou vra (76 sqq):

„si non quaeret, nullu' dixeris,
alias ut uti possim causa hac integra."

Hy is bang om iets te doen wat homself mag benadeel (108 sqq.). Hy is wel bang dat sy meesteres iets sal oorkom, maar net so vrees hy dat hyself gestraf sal word (v.335):

„era in crimen veniet, ego vero in magnum malum."

Sy optrede is dus grotendeels om homself te beskerm: hy is baie versigtig en begaan oor sy eie vel.

Hy is ook baie praatsiek, 'n regte skinderbek, en maar te gretig om die hele storie aan Philotis te vertel (111 sq):

„vera haec praedicat
et illud mihi vitiumst maxumum."

Hy vertel dit ook met smaak, lank en uitgerek (v114-194). Pamphilus besef hoe praatsiek hy is en daarom laat hy hom nie toe om iets van die saak te wete te kom nie. Hy stuur hom weg op 'n nuttelose soektog omdat hy bang is sy skerpsinnige verstand snap wat aangaan (412 sq):

„vereor, si clamorem ei(u)s hic crebro exaudiat,
ne parturire intellegat."

Sy nuuskierigheid ken geen perke nie. Harsh¹³⁾ sê: „His laziness and curiosity, both of which he is continually prevented from indulging, form an amusing incidental leitmotif throughout the play." Hy gaan dadelik om Pamphilus by die hawe te ontmoet en om

hom te vertroos met sy wysgerigheid (vv288 - 292), maar ook om te probeer uitvind waarom Pamphilus bedroef voel. Sy skerp ore hoor dadelik wat in Philumena se huis aangaan. Hy wil sommer net ingaan, en as Pamphilus hom keer, verwyf hy hom klaerig (v.317):

„tute loqueris, me vetas."

Hy druk homself orals in en dring hom aan almal op. As hy Sostrata sien, kom hy dadelik na vore om haar met sy wysgerige erns te waar-sku (v.342):

„non visas? ne mittas quidem visendi causa quemquam."

Hy weet klaar weer dat Philumena aan Pamphilus sal vertel wat ver-keerd is (348 sqq.). Voordat hy egter kan hoor wat die uitslag is, stuur Pamphilus hom weg om die slawe met die bagasie te help. Dit maak hom baie ontevrede (v.360), want hy het gehoop om alles te hoor, aangesien hy voorheen Pamphilus se vertroueling slaaf was (v.410). Wanneer hy weggestuur word om 'n gedenkbeeldige vriend te gaan soek, terwyl hy staan en wag om te sien of Pamphilus hom nodig het (429 sqq.), is hy nukkerig en kwaad, want sodoende weet hy, sal hy nie sy nuuskierigheid kan bevredig nie (434 sq.):

„perii. vovisse hunc dicam, si salvos domum

redisset umquam, ut me ambulando rumperet?"

Hy probeer sy bes om Pamphilus te oortuig dat hy nie kan gaan nie, praat aanhoudend teë, en is selfs parmantig (v.443): „non queo: ita defessu' sum.-"

Wanneer die gevaar verby is, kom hy terug, nog nukkeriger omdat daar so 'n gek van hom gemaak is (799 sqq.) Hy is on-middelklik nuuskierig as hy Bacchis sien (806 sq.). Hy probeer haar uitvra, maar ook sy vermaan hom om nie so nuuskierig te wees nie (v.810):

„tua quod nil refert percentari desinas."

Sy stuur hom ook weg, maar met 'n boodskap aan Pamphilus waarvan hy egter niks verstaan nie (v.850):

„nihilo enim;

nam neque in nuntio neque in me ipso tibi boni quid sit scio."

Hy hou aan om aan Pamphilus te torring om hom te vertel waarvan hy praat (v.873), maar alles help hom niks. Donatus¹⁴⁾ sê hiervan: „Terence cleverly arranges it so that the more inquisitive Parmeno is, the less he finds out what he is eager to learn." Hy beskryf Parmeno as „garrulus" en „curiosus" (Ad. Hec. 193, 799).

Wanneer Parmeno sien dat Pamphilus hom niks vertel nie, maak hy maar asof hy self kan raai (v.874):

„tamen suspicor."

Hy, die alwetende, weet altyd wat hy doen (v.877):

„immo vero scio, neque (hoc) inprudens feci."

want hy weet altyd alles (cf.vv.88, 347 sqq., 812).

Hy is dan ook baie in sy skik met homself oor al die goed wat hy tog onwetend gedoen het, soos hy eerlik teenoor homself erken (v.879):

„equidem plus hodie boni

feci inprudens quam sciens ante hunc diem umquam."

Daardeur maak hy homself nog meer belaglik. Duckworth¹⁵⁾ sê dat Parmeno presies die teenoorgestelde is van die gewone skelm, geslepe slaaf. „He adds an occasional touch of comedy to the play but in an unconventional manner. He is funny when he is prevented from being funny. He is constantly being shoved off the stage on one pretext or another, and even at the end, when he is the bearer of good tidings to Pamphilus, he has no knowledge of the significance of the message. No other slave in Roman comedy is ever kept so completely in the dark. His final speech sounds the keynote of Terence's treatment "I've done more good today unknowingly than I ever did knowingly before."

11. Sosia

Sosia is 'n pessimistiese, klaerige ou slaaf wat aan Parmeno vertel hoe 'n bitter tyd hy aan boord van die skip deurbring het (416 sqq.). Droewig beskryf hy dit (421 sq.):

„dies triginta.....semper mortem expectabam miser."

Hy dreig dat hy lievers sal weghardloop as om weer huis toe te gaan (v.424). Parmeno glo hom egter nie en spot dat hy onbetroubaar en lafhartig is. (426 sq.).

„olim quidem te causae inpellebant leues,

quod nunc minitare facere, ut faceres, Sosia."

Dan verdwyn hy weer vir goed van die toneel nadat hy sy doel gedien het: om Parmeno 'n kans te gee om die toedrag van sake aan die gehoor te skets.

F. ADELPHOE.

12. Syrus

Syrus is Aeschinus en Ctesipho se handlanger en raadgewer en help hulle om Demea te bedrieg. Hy word ook geteken as teenstelling teen die getroue, opregte Geta: „Even the slaves are contrasted- the strait-laced Geta and the dissolute Syrus."¹⁶⁾

Hy is so selfversekerd en verwaand dat hy vir alles kans sien. Daar is geen einde aan sy planne, leuens, bedrog en spot nie. Hy geniet dit terdeë om andere vir die gek te hou, en slaan 'n meerderwaardige houding teenoor almal aan. Hy weet altyd hoe om te handel en stel Aeschinus gerus dat hy met Sannio sal werk (209 sqq.): „Tace, egomet conveniam iam ipsum: cupide accipiat faxo atque etiam bene dicat secum esse actum?"

Sy optrede teenoor Sannio is dan ook uiters meerderwaardig en alwetend. Wysgerig vermaan hy hom dat hy verkeerd gehandel het teenoor Aeschinus (210 sqq.) want:

(v.216): „pecuniam in loco neglegere maxumum interdumst lucrum."

Hy weet alles wat aangaan en weet dadelik dat Sannio op die punt is om na Cyprus te vertrek (v.226). Op die wyse haal hy hom met sy raak aanmerkings oor om kosprys vir die slavin aan te neem.

Ook met Demea maak hy wat hy wil, al vertrou Demea hom nie, en al sê hyself dat Syrus 'n lid van die bende is en getrou is aan hulle (362 sq.):

...../126 „atque

„atque hercle hic de grege illost; si me senserit

eum quaeritare, numquam dicet carnufex."

Hy ken immers Demea se swakheid, sy liefde vir sy jongste seun

(v.533) „ego illi(u)s sensum pulchre calleo."

Deur sy voorbeeldige seun, Ctesipho, te prys en ook Demea se wysheid, en deur uit te vaar teen die skandelijke gedrag van Aeschinus (392 sqq.) stel hy Demea gerus en laat hom vasgevang word in die nette van sy bedrog. Alles wat hy egter aan hom sê is vol spot en sarkasme (v.398):

„vigilantiam tuam tu mihi narras?" Op meesterlike wyse dryf hy die spot met Demea se wysheid deur dit toe te pas op sy kospotte (421 sqq.):

„moneo quae possum pro mea sapientia." (v.427)

Hy verseker Ctesipho dat hy met Demea sal werk (v.534). Harsh¹⁷⁾ sê hiervan: „The slave Syrus knows the truth better than anyone, and he makes merciless sport of the old man."

Sy tema is natuurlik weer Ctesipho se deugde, en daarmee kalmeer hy die omgekrapte Demea maklik (558 sqq.). Hierdie keer is sy storie dat Ctesipho hom en die arme siterspeelstertjie geslaan het. Deur te maak of hy baie verontwaardig en gepynigd voel, vlei hy Demea en stuur hom om Ctesipho te gaan soek, só dat hy die hele dag sal moet loop en soek (v.587):

„i sane: ego te exercebo hodie, ut dignus es, silicernium."

Daarna gaan hy om alleen die fees te geniet wat hy so sorgvuldig laat voorberei het, want hy is baie lief vir kos (590 sq).

„nam iam abibo atque unum quicquid, quod quidem erit bellissimum, carpam et cyathos sorbilans paullatim hunc producam diem." en in sy selfsug dink hy gewoonlik aan sy eie plesier.

Wanneer hy dan later smoordronk uitkom en Demea voor die deur kry, ken sy vermetelheid geen perke nie. Brutaal is hy en hy sê aan Demea (770 sq.): „dis quidem esses, Demea,

ac tuam rem constabilisses."

Hy is heeltemal onbekommerd en vrolik ten spyte van die „groot misdaad" wat daar gepleeg is, net soos toe hy tevore gedrink

het asof hy 'n groot kordaatstuk gevier het (v.774). Hy probeer wel nog lieg om Ctesipho te beskerm, maar as Demea hom nie wil glo nie, gee hy nie juis om wat gaan gebeur nie. Hy het nou skynbaar genoeg gedoen, en ewe tevrede en lafhartig gaan kruip hy weg om sy roes uit te slaap (v.785): „dum haec silesunt turbae."

Deur so met Demea die gek te skeer, help hy wel sy twee jong here, en gevolglik word hy nie gestraf vir al sy bedrog en vermetelheid nie, maar ryklik beloon as gevolg van Demea se nuwe vrygewigheid (959 sqq.). Vermetel loof hy sy eie goedheid en getrouheid aan sy here (962 sq.):

„ego istos vobis usque a pueris curavi ambo sedulo:

docui monui bene praecepi semper quae potui omnia."

Skynheilig prys hy nou ook Demea (vv 961, 966) en is onkeerbare van vreugde en dankbaarheid teenoor veral Demea, wanneer ook aan sy vrou haar vryheid geskenk word (v.978):

„di tibi, Demea, omnes semper omnia optata offerant!"

13. Geta

Geta vorm 'n skerp teenstelling met die geslepe, brutale Syrus. Hy is 'n goeie, eerlike en opregte slaaf watten spyte van alle teenslae getrou aan Sostrata en haar dogter gebly het. Soos Hegio van hom sê (479 sqq.):- „hic Geta praeterea, ut captus (es)t servolorum , non malus neque iners: alit illas, solus omnem familiam sustentat."

18)
Duckworth sê: „One of the most serious and trustworthy slaves in all Roman comedy is Geta (Ad. 299 ff.) who, having the welfare of Sostrata and her daughter at heart, denounces vehemently what he believes to be Aeschinus' desertion."

Hy is Sostrata en Pamphila se enigste steunpilaar. Om daardie rede is hy gevul met brandende smart en wraakbegeertes as hy hoor dat Aeschinus hulle bedrieg het (299 sqq.) In 'n stortvloed van

woede en verontwaardiging lug hy sy gevoel (v.304):

„hoccin saeculum! o scelera, o genera sacrilega, o hominem inpium!

Hy is byna van sy verstand af van woede (v.310):

„me miserum, vix sum compos animi, ita ardeo iracundia."

Vreeslik is die dreigemente wat hy teen Aeschinus en sy hele huis lug (318 sqq.)

Dit is alles egter net as hy alleen is. Wanneer hy by Sostrata kom, is hy wel nog verontwaardig en aangedaan (324 sqq.), maar hy vertroos haar as sy huil, en vermaan haar wyslik om liefers te sien wat hulle in die toekoms moet doen, en om nie toe te laat dat dit hulle breek nie (335 sqq.). Hy verkies die verstandige weg: stilbly van alles (v.336), want hy is bang dat hulle goeie naam deur die modder gesleep sal word. Dit is sy hoofdoel in die lewe: om hulle op te pas (v.340):

„tua fama et gnatae vita in dubium veniet."

Sy simpatie vir Pamphila is ook so groot dat hy nie wil hê sy moet met 'n man trou wat haar nie liefhet nie (v.342). Tog gehoorsaam hy Sostrata dadelik (v.351) en gaan verduidelik die saak aan Hegio, die enigste vriend van die familie. Hy beroep hom op Hegio, want hulle het geen ander hoop nie (v.455):

„in te spes omnis, Hegio, nobis sitast."

Wanneer alles reg is en Demea hom prys omdat hy sy heer se belange so getrou behartig het, is hy vol nederige dankbaarheid (892sqq):

„nam is mihi profectost servo' spectatus satis

quoi dominu' curaest."

Karaktereiens- skappe	Andria	Hetont- nomen	Eunuchus	Phormio	Hegyra	Adel- phoe	Andria liber- tus						
Negatief	1 Davos	2 Byrria	3 Parneno	4 Dromo	5 Parmeno	6 Sanga	7 Geta	8 Davos	9 Parmeno	10 Sosia	11 Tyrus	12 Geta	13 Sosia
Verwaandheid	A		A	A		A	B			A			
Mysgerigheid	A	A	A	A		A	A			A			
Meerderwaardigh- heid	A	A	A	B						A	A		
Alwetendheid	A			A	B	A	A			A	A		
Selfsuettigheid			B			A	A				A		
Ooneerbiedigheid	B	B	B	A		B	A			B			
Brutaliteit	A					B	C			A			
Vermetelheid						B	A			A			
Slinksheld	A		A			A	A			A			
Geslepenheid	A		A			A	A						
Skyndheiligheid	A		A			A	A			B			
Ooneerlikheid	A		A				A			A			
Onbetroubaar- heid	A		A				A						
Roekeloosheid	A	A	A				A			A			
Beledigend				A									
Sarkasme	A						A						
Stinisme	A			A									
Wantrouwigheid	A			A									
Pessimisme			B					A					
Jafhartigheid				B		C	A		A				
Selfbejammering							B						
Gedweerdheid				A									
Onnosselheid				B									
Mukkerigheid							B						
Nuuskerigheid							A						
Praatsiekheid	A		A	A		A	A						
Omslagtigheid	A		A	A		A							
Guustigheid			B			A				A			

A	="	Stærk
B	="	Middelmatig
C	="	Effens

H. SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING

Van die dertien slawe wat in die ses dramas optree, vervul slegs vyf 'n minderbelangrike rol, en gevolglik word hulle persoonlikhede nie volledig uitgebeeld nie. Dromo in die *Heautontimorumenos* dien slegs om Syrus geleentheid te gee om sy meerderwaardige baas-spelerigheid te toon. Hyself doen niks, behalwe om gedwee te doen wat hy beveel word.

Sanga in die *Eunuchus* word slegs terwille van die komiese element ingebring as hy ongenadiglik spot met sy lafhartige heer. Davos in die *Phormio* bekla sy lot teenoor Geta en nuuskierig vra hy hom uit oor alles wat in sy afwesigheid gebeur het, sodat die gehoor ook daardeur kan hoor wat eintlik aan die gang is. Ook Sosia in die *Hecyra* is pessimisties, en klaerig: hy kla net teenoor Parmeno oor al die ongelukke wat hom getref het op hulle seereis: dus hoor die toeskouers waarom Pamphilus weg was van sy huis af. Sosia, die vry-slaaf in die *Andria*, luister slegs eerbiedig en dankbaar na sy heer se lof en sy nuwe planne, maar hy het geen deel in die handeling nie. Hierdie slawe se optrede is dus slegs nodig om die gehoor op hoogte van sake te bring sodat hulle ook kan weet watter probleme die hoofkarakters mee te kampe het.

Agt van die slawe het 'n gemeenskaplike eienskap, nl. wysgerigheid. Hulle wy graag op omslagtige en langdradige wyse uit oor al hulle planne. Hierdie wysgerigheid van hulle maak hulle ook verwaand en meerderwaardig teenoor sowel hulle gelykes as hulle here, en lei gevolglik ook tot oneerbiedigheid. Dog elkeen tree tog op sy eie manier op.

Die belangrikste slawe, wat ook 'n groot rol in die handeling speel, is Davos (*Andria*), Syrus (*Heauton*), Geta (*Phormio*), Parmeno (*Eunuchus*), Parmeno (*Hecyra*) en Syrus (*Adelphoe*). Gevolglik is daar dus in elke drama een slaaf wat 'n belangrike rol speel.

Duckworth¹⁹⁾ sê van die slawe in Romeinse komedie: „Almost all the slaves have one characteristic in common - talkativeness; from this stems their boastfulness and self-glorification, their
...../131 impudence

impudence and insolence, their inquisitiveness, indiscretion, and love of gossip, their fondness for moralizing. A free and easy attitude prevails in their dealing with others and they show little respect towards their elders and betters. They are often lazy and indifferent, fond of good food and drink, and they do not hesitate to lie, cheat, and steal when it seems necessary - usually for the benefit of their young masters rather than for their own personal advantage, but not always."

Hy sê ook ²⁰⁾ : „The slave ceases to be the cunning architectus doli of Plautine comedy. In Terence the slave often has a role very different from the traditional one assigned to such characters. Even when he takes an active part in the plot, he may be, like Davos in the Andria, a bungler whose suggestions and schemes confuse everyone but actually accomplish little."

Volgens Duckworth ²¹⁾ is die funksie van die slaaf tweeledig: (i) om humor te verskaf, en (ii) om te help met die bedrog: „to supervise or assist in trickery and impersonation."

Die bedrog van die belangrike slawe in Terentius is gerig teen die senex, aangesien hulle optree as helpers van hulle jong here. Hulpvaardigheid is dan ook een van hulle belangrike karakter-eienskappe. Dog terwyl Davos (Andria) optimisties en selfversekerd is en nogtans nie daarin slaag om sy jong heer te help nie, alhoewel hy sy bes doen en altyd gereed is met 'n nuwe plan, is hy ook in 'n mate oneerbiedig, oneerlik en verwaand.

Syrus in die Heautontimorumenos is verstandig en wys en uiterse getrou aan sy jong heer. Hy doen alles in sy vermoë om Clitipho en Clinia te help en slaag ook daarin om albei die senes te bedrieg. Hy is altyd vol planne en word nie mismoedig as dit nie slaag nie. Tog is hy ook meerderwaardig teenoor Clitipho en sy gelykes, en begaan oor homself.

Parmeno in die Eunuchus is 'n wyse slaaf, vol lewenskennis, en daarom ook sinies, versigtig. Hy gee sy jong here geen planne

nie, maar bedien hulle met wyse raad. Hy waarsku Chaerea om nie soveel dinge teen sy vader se sin te doen sodat hy voortdurend vir hulle kwaad sou wees nie. Hy neem geen skuld op hom nie, want hy is lafhartig, en verontskuldig homself dadelik wanneer hy alles aan die jongmans se vader bieg.

Geta in die Phormio help sy jong here omdat hy jammer vir hulle voel, maar ook om sy eie behendigheid te beoefen en te toon. Daar is geen kwaadwilligheid in hom nie, hy geniet dit net.

Parmeno in die Hecyra is nuuskierig soos die tradisionele *servus*, maar sy nuuskierigheid word nooit bevredig nie. Hy word gedurig weggestuur en het dus nie nodig om enige planne te beraam of bedrog te beoefen nie. Hy is lui en nukkerig en verwaand en dink net aan homself.

Syrus in die Adelphoe is oneerbiedig, slegs brutaal teenoor Demea, selfsugtig, en hy skeer op bekwame wyse die gek met Demea deur sy goeie seun te prys. Hy is ook skynheilig en maak later of hy wel sy dank verdien het, terwyl hy in werklikheid niks gedoen het, behalwe om hom te beledig nie.

Geta, inteendeel, is 'n opregte, getroue slaaf by wie daar geen teken van selfsug of vermetelheid is nie. Sy hele lewe wy hy aan sy meesters en haar dogter: nederig en hulpvaardig dien hy hulle, maar verwoed en diep vernederd kan hy ook uitgaan wanneer hy meen dat hulle deur Aeschinus bedrieg is.

Die bedrog wat die slawe beoefen spruit slegs by twee van hulle uit selfsug. Die ander is getrou aan hulle jong here en help hulle sover dit in hulle vermoë is. Die ander twee wat selfsugtig is, doen niks vir hulle here nie, nl. die twee Parmeno's in die Eunuchus en die Hecyra. „Neither is a typical *servus callidus*; in the Eunuchus, Parmeno not only does not engage in deception but he attempts to dissuade Chaerea from the impersonation and he is himself deceived later by Pythias; in the Hecyra the slave is useful only for purposes of exposition; there is no deception, and Parmeno, sent upon one errand after another, never does find out the truth.”²²⁾

Die taal van die slawe is baie beskaafd, meer soos die van hulle here; maar baie van die slawe van die middestand was natuurlik heeltemal beskaafd en is gebruik as metgeselle en leermeesters van die seuns. „Davus, Parmeno, Syrus, Geta, speak in the terse and epigrammatic language of gentlemen and men of the world!"²³⁾ Ook is die slawe nie so komies en bespotlik as die slawe van Ou Komedie nie, want selfs Terentius se slawe toon meer lewenserns. Omdat hy beskaafde, goeie mense voorgestel het, laat hy sy slawe ook nie toe om so 'n groot rol te speel en die komedies in klugte te verander nie. Hulle is meer op die agtergrond: hulle slim planne slaag meestal nie omdat hulle baie slimmer as hulle is. Sellar²⁴⁾ se van hulle: „The Davus, Geta, and Syrus of the other plays are tamer and less humorous than the slaves of Plautus; but they play their part with wit and liveliness, and the role which they have to perform is not felt to be incompatible with the ordinary conditions of life."

Hulle is nie goeie mense nie, maar hulle is tog mense met hulle eie gebreke en tekortkominge, en hulle dien om die komiese in die dramas te bring, dramas wat andersinds nie komedies sou gewees het nie. Hulle toon wel meer negatiewe karaktereienskappe as positiewe, maar hulle was tog maar slawe en het gepas in die tyd waarin hulle geleef het. Elkeen speel sy eie rol op sy eie manier om sy spesifieke doel te vervul. Hoewel hulle so 'n groot mate van ooreenstemming toon in karakter, verskil hulle tog geweldig as individue, want Terentius het ook die rol van die slaaf losgemaak van die stereotipe en ook hulle geteken as mense: „As individuals they vary greatly - some are trustworthy and unselfish, others self-centered and a bit stupid, others frivolous and witty. Yet these slaves, even more than the normal faithful servants, lack true individuality. They entertain us, they win our interest, but they do not gain our sympathy..... The slaves in general provide delightful comedy and several of them control much of the intrigue, but they are not as true to life as are many husbands, wives, and courtesans!"²⁵⁾

V. FEMINAEA. MATRONA1. Sostrata - Heautontimorumenos

Sostrata is Chremes se eggenote, sagmoedig en gehoorsaam aan hom, selfs bang vir hom, want hy speel geheel en al baas oor haar en behandel haar nie soos 'n eggenote nie. Hy het geen respek vir haar nie en veragtend sê hy aan sy slaaf dat hy nie bekommerd hoef te voel omdat sy besorgd lyk nie; sy skop altyd 'n bohaai op oor allerhande nietighede (v.621):

„ne ista hercle magno iam conatu magnas nugas dixerit."

Dog Syrus, wat haar ken as sy meesteres, weet dat sy nie sommer sonder rede bedruk sal lyk nie; dit maak hom selfs bang (v.620): „nescioquid tristis est: non temerest."

Sostrata is ook nie verniet bang nie: sy ken vir Chremes, en alhoewel die saak wat sy aan hom moet vertel, haar groot vreugde verskaf en haar opgewonde maak (614 sqq.), weet sy dat sy nou sal moet erken watter misstap (volgens hom) sy jare gelede begaan het. Sy weet ook hoe hard hy kan wees: daarom vrees sy so (v.664):

„quam timui male."

Gevolgtlik maak sy eers baie seker dat dit wel die ring is wat syself aan haar baba gesit het, omdat sy nie kon toesien dat haar kind geen deel in hulle rykdom het nie (v.652):

„ne expers partis esset de nostris bonis."

Haar sterk moederliefde het haar teen Chremes se uitdruklike bevel laat handel, want hy wou geen dogter hê nie (626 sq). Sy het wel nie die kind grootgemaak nie, omdat sy nie heeltemal teen sy bevel wou handel nie, soos sy ook aan hom verklaar (v.623), maar sy het wel die kind aan 'n ou vrou gegee om iewers as 'n vondeling neer te lê. Sy was te jammerhartig, soos Chremes self erken (v.637):

„misericordia, animu' maternus."

Sy het egter nie gedink dat dit verkeerd mag wees nie: sy wou net goed doen (v.631): „si peccavi, mi Chreme,

insciens feci."

Teenoor Chremes is sy die deemoedigheid self: geen verdedigende woord wat haar in 'n beter lig teenoor hom kan stel, verlaat haar lippe nie. Tog kan daaruit haar eie sterk karakter gesien word. Sy probeer hom eers verseker dat sy niks teen sy bevele gedoen het nie (623 sq.), en nederig vertel sy aan hom die verhaal van haar moederliefde en teerhartigheid. Ootmoedig luister sy na sy tirade oor haar dwaasheid (vv.632-643) en eerlik erken sy dan dat sy wel verkeerd gehandel het (v.644):

„mi Chreme, peccavi, fateor: vincor."

Nederig vra sy hom om haar haar dwaasheid te vergewe, want alles wat hy sê en doen is reg. Haar bewondering en liefde vir hom is onbeperk (645 sq.):

„quanto tuos est animu' natu gravior, ignoscentior,
ut meae stultitiae in iustitia tua sit aliquid praesidi."

Haar vreugde is diep en opreg as hy met sy meerderwaardigheid haar wel vergewe (v.664):

„ut praeter spem evenit."

Met groot eenvoud vertel sy die verhaal, hoe sy haar dogter teruggevind het: 'n verdiende beloning vir haar liefde en sorg.

2. Nausistrata - Phormio

Nausistrata is die veronregte vrou van Chremes, maar sy self weet nie dat haar man haar ontrou was nie. Sy speel in elk geval baas oor hom en hy het 'n doodse vrees vir haar. Hy noem haar wreed (v.744):

„conclusam hic habeo uxorem saevam."

en hy is bang dat sy hom die huis sal uitskop as sy weet wat hy aanvang, want soos sake reeds staan, is hy net baas oor homself (v.587):

„nam ego meorum solu' sum meus."

Gevolglik wil hy ook hê dat sy met Phanium moet praat voor hulle haar wegstuur, want hy weet sy is baie gesteld op wat die wêreld sal sê (v.720), en sy self toon ook dat sy is (v.803).

Nogtans is sy nie so 'n slegte vrou nie. Demipho prys haar

...../136 takt,

takt, „sua voluntate" (v.785) en syself is dadelik gewillig om hom te help as hy haar hulp vra (v.787): „factum volo." Sy doen ook dadelik wat hy vra (v.795); want sy is ook jammerhartig en gesteld daarop dat hulle geen familie moet veronreg nie (v.803):

„au obsecro, vide ne in cognatam pecces."

Sy is baie bly as sy hoor Phanium mag daar bly, want sy hou van haar (814 sq.).

Haar opinie van haar man is egter nie baie hoog nie, want in vergelyking met haar vader, skiet hy ver te kort (v.790):

„vir viro quid praestat!"

Sy meen hy handel te sorgeloos met haar vader se geld, „indiligenter" (v.788), en beskuldig hom ook daarvan dat dit deur sy toedoen is dat sy nie alles kan doen wat sy behoort te doen nie (v.786).

Sy is baie lief om te vertel wat sy sou doen as sy 'n man was (v.792): „virum me natam vellem:

ego ostenderem."

dan sou sy hom wys hoe om te handel! Wanneer sy Chremes so deur-mekaar hoor praat, is sy dadelik agterdogtig (v.806). Wanneer Phormio haar roep om die hele storie te hoor, tree sy heeltemal meerderwaardig teenoor die swak Chremes op. Snyderd-sarkasties sê sy, dadelik vol agterdog (v.998):

„non pol temerest quod tu tam times."

Sy is wel vol selfbejammering as sy die waarheid hoor (v.1006), maar nog meer vol veragting vir haar trouelose man, (v.1008):

„pro di immortales, facinur miserandum et malum!"

Sy verwyt hom bitter, want sy verstaan nou alles, ook waarom haar vader se plase so min opgelewer het. Sy wil nie na Demipho se pleidooi luister nie, want sy het dit nie verdien nie (v.1031):

„at meo merito credo."

Sy was deur al die jare 'n goeie vrou vir hom (1031 sqq.). Sy weier ook om hom te vergewe, want haar regverdigheidsin is te sterk (1044 sq.). Eers wil sy haar seun se mening hoor, want haar bewondering vir hom is groot.

Phormio prys haar ook as 'n wyse vrou (v.1046):

„mulier sapiens es."

Sy is dankbaar teenoor hom vir wat hy gedoen het en beloof vuriglik dat sy in die toekoms alles sal doen wat hy wil hê, sover dit in haar vermoë is (v.1050); want sy is 'n goeie vriend vir die wat haar help en vertrou, maar 'n vyand vir hulle wat haar teenstaan.

3. Sostrata- Hecyra

Sostrata is die skoonmoeder na wie Terentius hierdie toneelstuk vernoem het, en sy verdien dit ook, want die hele handeling is afhanklik van haar, haar rustige, geduldige en wyse gees.

Laches meen dat sy verantwoordelik is vir Philumena se vertrek, maar Parmeno verklaar dat daar nooit enige rusie tussen hulle was nie, dat Philumena se skynbare haat gladnie geregverdig is nie (179 sqq.)

„niris modis odisse coepit Sostratam:

neque lites ullae inter eas, postulatio

numquam."

Dit het Sostrata nogtans diep seergemaak, want haar minsame gedardheid kan geen onenigheid verduur nie, en sy is altyd gereed om te vergewe. Sy het Philumena soos 'n dogter behandel (v.278):

„nam numquam secus

habui illam ac si ex me esset gnata."

Sy het niks gedoen wat Philumena se optrede regverdig nie (v.580)

„numquam sciens commerui merito ut caperet odium illam mei."

Sy het haar bes gedoen om haar tuis te laat voel en wanneer sy van haar af weggaan en Sostrata hoor dat sy siek is, gaan sy dadelik na haar, vol simpatie (188 sqq.):

„nostra ilico

it visere ad eam."

Selfs wanneer sy nie toegelaat word nie, word sy nie kwaad nie. Stil verdra sy dit en glo dat Philumena te siek voel om haar te ontvang

(v.238): „enim lassam oppido tum esse aibant: eo ad meam non .

admissa sum."

Omdat sy self so opreg en goed is, verdink en verwyf sy nooit iemand anders nie. Sy vind selfs 'n mooi verskoning vir Philumena: sy het weggegaan om by haar moeder te wees, nie omdat sy nie van Sostrata hou nie (235 sq.)

Wanneer Laches haar so wreed en onverdiend beskuldig (198 sqq.), verdra sy dit geduldig en antwoord hom nederig en stil, vol tere liefde (206 sqq):

„non, ita me di bene ament, mi Lache,

itaque una inter nos agere aetatem liceat."

Op sy brutale belediging (v.207), antwoord sy eenvoudig en wys (v.208)

„En eendag sal jy uitvind dat jy my onverdiend beskuldig het."

Tog verdedig sy nie haarself ten koste van haar skoondogter nie (v.232)

Stil, op haar plek, luister sy na al Laches se aantygings, ook hoe hy haar teenoor Phidippus beledig. Net die gepynigde uitroep (v.271)

„heu me miseram!" ontsnap haar. Selfs vir haar man se optrede vind sy 'n verskoning as sy alleen is (277 sqq.) Sy weet slegs dat sy onskuldig is, en dit doen haar groot verdriet en pyn aan dat so-iets met haar kon gebeur (v.279): „nec qui hoc mi eveniat scio."

Alhoewel sy reeds verbied was om in Philumena se huis in te gaan, laat haar liefde en simpatie haar dadelik na vore kom as sy Philumena se gekerm hoor (336 sq.). Sy voel diep seer omdat sy nie eers Pamphilus se vrou mag besoek as sy siek is nie (340 sq.) tog laat sy haar deur Parmeno ompraat, want haar invloed oor hom is ook so sterk dat hy sy nuuskierigheid bedwing uit vrees dat hy haar mag kwaad aandoen (v.335): „era in crimen veniet."

Sy vestig al haar hoop op haar geliefde seun om hierdie onreg wat haar aangedoen word, uit die weg te ruim. Pamphilus word dan ook sterk deur sy moeder beïnvloed. Wanneer hy van die rusie hoor, meen hy dat dit sy plig is om tussen sy vrou en sy moeder te kies (v.480):

„segredenda aut mater a me est, Phidippe, aut Philumena."

en die keuse is baie moeilik, want hy plaas sy moeder op dieselfde hoë voetstuk as sy vrou (v. 601 sq):

„quam fortunatu' ceteris sum rebus, absque una hac foret,
hanc matrem habens talem, illam autem uxorem."

Sy liefde vir sy moeder, „pietas," laat hom voel dat hy by sy moeder moet staan (v. 495): „matris servibo commodis."

Sostrata is baie lief vir hierdie seun van haar en baie bekommerd oor sy verdriet (v. 355): „quid tu igitur lacrumas? aut quid
es tam tristi'?

Haar liefde vir hom is so sterk dat sy, lievers as om hom ongelukkig te maak oor sy vrou, die opoffering sal doen om weg te gaan: dit is haar beloning vir sy liefde, en sterk en fier verklaar sy haar waardering, (v. 583 sqq.): „nunc tibi me certumst contra gratiam
referre ut apud me praenium esse positum pietati scias."
Sy sal doen wat die beste vir almal sal wees; haar wysheid, opregtheid en goedheid straal uit haar verklaring (vv. 593 - 600):

„nil pol iam istaec mihi res voluptatis ferunt:

dum aetati' tempu' tulit, perfuncta sati'sum: satias iam tenet
studiorum istorum. haec mihi nunc curast maxuma ut nequod mea
longinquitas aetatis obstet mortemve expectet meam.

hic video me esse invisam inmerito: tempust me concedere.

sic optume, ut ego opinor, omnis causas praecidam omnibus:

et me hac suspicione exsolvam et illis morem gesserero.

sine me obsecro hoc effugere volgu' quod male audit mulierum."

1)
Norwood sê hiervan: „Terence has often written more dazzling lines, but even he has never excelled this magnificent expression of unforced sad dignity, this voice of sheer goodness. Her language is like her heart and brain, her conduct, even (as we may believe) the garments that she wove and wore - plain, humdrum, middle-class, but touched to unobtrusive charm. She wins the triumph of all nobly selfless spirits, that the lesser beings among whom she moves are lit by her radiance."

Laches word tereg ook getref deur hierdie ware wysheid van haar (v.608) „istuc est sapere," en hy stem ook in om te doen wat sy vrou vra, want hy besef nou ook dat sy reg is en dat hulle oumense hier niks kan doen nie (619 sqq.).

So het Sostrata haar oorwinning behaal nog voordat die ont-knoping deur Bacchis gebring is. So deurstraal haar persoonlikheid die hele drama.

Sy is die teenoorgestelde van die konvensionele skoonma, soos Donatus opmerk:²⁾ „Donatus says that Terence is departing from usual dramatic practice in presenting on the stage a mother-in-law who is good (cf. ad Hec. 198, 774.)" Ook Duckworth sê:³⁾ „Sostrata, the mother-in-law, is everything a mother-in-law is supposed not to be; she is tender and patient and self-sacrificing; devoted to her son Pamphilus and believing herself the innocent cause of Philumena's departure, she is eager to leave the city rather than stand in the way of her son's happiness. There is nothing conventional in Terence's delineation of these two characters."

Sy is 'n sterk persoonlikheid, een van die sterkste van al Terentius se karakters. Duckworth sê van haar:⁴⁾ „Sostrata is outstanding among Terence's matronae (all of whom are more realistically portrayed than the majority of wives in Plautus)." Ook Norwood⁵⁾ sê: „Sostrata and Bacchis are characters who would do credit to any dramatist in the world's history", en loof haar verder⁶⁾ ten regte: „She is a marvel of tender serene strength, dignity which is never pride, patience which is never weakness, sympathy always watchful, wise and unfailing."

4. Myrrina - Hecyra

Myrrina se handeling word geheel en al aangedryf deur haar liefde vir haar dogter. Sy is gebroke oor die ramp wat haar kind getref het, maar haar ingebore trots en moederliefde laat haar Philumena vuriglik beskerm teen alles en almal, al moet sy ook daardeur haar eggenoot en al die ander mense bedrieg. Sy hou almal weg van haar dogter af, selfs haar skoonmoeder, onder

allerlei voorwendsels (186. sqq.). Wanneer Pamphilus tog haar geheim uitvind, is sy totaal verslae en verleë (378 sq):

„mater consequitur: iam ut limen exirem, ad genua accidit lacrumans misera."

Sy is self bitterlik bedroef; tog neem sy nog haar seun se gevoelens in ag. Sy wil hom nie seermaak nie, maar nederig en opreg smee sy hom om dit geheim te hou (387 sq.):

„per eam te obsecramus ambae, si ius si fas est, uti advorsa eiu' per te tecta tacitaque apud omnis sient."

Haar gepleit tref Pamphilus diep. Sy is nog sterk: sy is vasbeslote om haar dogter te beskerm, om nie hierdie vernedering van haar wêreldkundig te maak nie. As dit nie anders kan nie, sal sy selfs lieg, want niemand sal weet wat presies gebeur het nie: (398 sq.)

Wanneer haar man dit uitvind, voel sy verlore en ellendig, want haar eerlike inbors stuit teen al die bedrog (v.516):

„Perii, quid agam? quo me vortam? quid viro meo respondebo ^{miseram?}
Nederig en bedeesd en onskuldig is sy teenoor hom (v.523):

„mihine, vir?"

Tog weet sy hoe om met hom te handel, want sy is die sterkere van die twee. Hyself erken dat hy oorheers word (v.270):

„ego sum animo leni natus:

non possum advorsari meis."

Bitter verontwaardig en verwyttend bevlieg sy hom, as hy durf vra wie die vader is (v.527): „istuc patrem rogare est aequom?"

Sy laat haar nie beskuldig nie, maar meerderwaardig maak sy hom stil (v.556): „mitte adulescentem obsecro

et quae me peccasse ais."

Eers wanneer hy weg is, versink sy in 'n jammêrlike geklag (566 sqq.). Niemand is ellendiger as sy nie. Sy vrees vir wat mag gebeur as hy die waarheid uitvind, en dat sy nog verder verneder mag word (570 sq.):

„hoc mi unum ex plurimis miseriis relicuom fuerat malum."

Dog sy word die vernedering bespaar. Saam met Bacchis en Pamphilus bewaar sy die geheim, 'n welverdiende beloning vir haar getroue moederliefde.

5. Philumena - Hecyra

Philumena is eintlik nog nie 'n matrona in die ware sin van die woord nie: sy is nog 'n bruid wat maar pas haar huwelikslawe begin het. Sy self tree nie op nie, maar word deur andere vir ons beskryf as 'n nederige, opregte jong vrou, getrou aan haar eggenoot, en vol skaamte oor die ramp wat haar getref het.

Norwood⁷⁾ beskryf haar as „Philumena, the neglected loving bride never shown to us, but who sways her husband, father and mother quietly and steadily throughout."

Pamphilus is gou getref deur haar mooi persoonlikheid, want sy verdra al sy beledigings geduldig (164 sqq.):

„haec, ita uti liberali esse ingenio decet,
pudens modesta incommoda atque iniurias
viri omnis ferre et tegere contumelias."

Hy het teen sy sin met haar getrou omdat hy nog verlief was op Bacchis, maar hy kom onder die bekoring van haar karakter, is vol lof vir haar goedheid, verdraagsaamheid en geduld, en word spoedig net so lief vir haar as voorheen vir Bacchis (169 sq.):

„paullatim elapsust Bacchidi atque huc transtulit
amorem, postquam par ingenium nactus est."

Gevolgtlik verskaf dit hom pyn om te hoor dat daar rusie was tussen haar en sy moeder, wat hy net so lief het (300 sq.). Hy voel hy moet sy moeder se kant kies omdat sy plig hom daartoe roep, maar dit kos inspanning om hom van sy vrou af weg te skeur (301 sqq.) Hy het haar nou innig lief (vv260,488).

Philumena het hom ook lief en vra hom nederig om haar te vergewe (389 sqq.): „si umquam erga te animo esse amico sensisti eam,

mi Pamphile,

sine labore hanc gratiam te uti sibi des pro

illa nunc rogat."

...../143 Philumena

Philumena se moeder, wat haar dogter baie liefhet, beskerm haar ten alle koste (378 sqq.). Ook Sostrata, haar skoonmoeder, is vol waardering vir haar en offer selfs haarself op sodat sy terug kan kom na Pamphilus (586 sqq.). Selfs Iaches glo dat sy geen skuld het aan die rusie nie (v.219) en is verontwaardig omdat Pamphilus haar nie wil terugneem nie (671 sqq.). Phidippus, wat nie verstaan nie, noem haar gedrag skandelik, maar meen tog dat dit onder invloed van haar moeder is (622 sqq.):

„nam hercle factumst abs te turpiter.”

Bacchis bewys haar die hoogste eer, want sy meen dat syself onwaardig is om voor Philumena te verskyn (v.793), en wanneer sy haar wel gesien het, het sy net lof vir haar (862 sqq)

„ recte amasti, Pamphile, uxorem tuam;

.....

perliberali' visast.”

6. Sostrata - Adelphoe

Sostrata is die moeder van die veronregte Pamphila, en sy is vol bekommernis oor haar dogter, want hulle is heeltemal alleen op die aarde (v.291):

„miseram me, neminem habeo (solae sumu').”

Sy vestig al haar hoop op Aeschinus se eerbaarheid (v.294), en wanneer sy van sy bedrog hoor, is sy totaal gebroke (330 sqq):

„ me miseram! quid iam credas aut quod credas? nostrumne Aeshinum nostram vitam omnium, in quo nostrae spes opesque omnes sitae erant?”

Tog is sy nie lafhartig nie, maar fier en sterk. Haar ingebore trots laat haar haarself beheer en wyslik verklaar dat sy sake nie so kan laat nie. Haar selfrespek laat dit nie toe nie, want sake kan nie erger wees as wat dit reeds is nie (v.344):

„peiore res loco non potis est esse quam in quo nunc sitast.”

Waardig is sy, en gereed om te veg vir hulle goeie naam, want hulle het niks verkeerd gedoen nie (348 sq). Teenoor Geta en Canthara is haar optrede vriendelik en opreg, soos teenoor gelykes

en haar innerlike krag deurstraal haar woorde en optrede (vv342 - 354). Om daardie rede sal sy die saak openbaar maak en Hegio se hulp inroep, alhoewel dit haar seermaak. Norwood⁸⁾ sê: „The fine self-respect of Sostrate introduces Hegio.”

Dit is dan ook reg dat Hegio namens haar optree en vir hulle goeie naam veg. Hy vertel aan Micio hoe hierdie saak Sostrata pynig en dat dit reg is dat sy getroos word (v.602):

„nam et illi(c) animum iam relevabi', quae dolore ac miseria tabescit.”

Demea noem haar 'n eerlik en eerbare vrou, „proba et modesta” (v.930) en oortuig Micio dat hy met haar moet trou omdat sy nou so eensaam is, „solast” (v.932).

B. MERETRIX

1. Chrysis - Andria

Chrysis is reeds dood aan die begin van die drama, maar sy leef nog voort in die nagedagtenis van haar vriende as iemand wat nie vergeet kan word nie. Norwood⁹⁾ sê van haar: „In the Andria Chrysis does not appear on the stage at all; she is dead before the play opens, but her goodness and gentle wisdom suffuse the scenes with a glow of distant sunshine.” Hy praat ook van „the delightful glimpses we obtain of the departed Chrysis - a very real and lovable woman.”¹⁰⁾

Simo vertel dat sy deur armoede van Andros af gedryf was (71 sq.): „inopia et cognatorum neglegentia

coacta, egregia forma atque aetate integra.”

Sy is dus deur haar familie verwaarloos, en omdat sy beeldskoon was en sterk van karakter, het sy van haar vaderland af weggegaan om 'n heenkome op 'n vreemde plek te soek. Eers het sy dan ook hard probeer om eerbaar te leef deur te weef en te spin en spaarsaam te lewe (74 sq.):

„primo haec pudice vitam parce ac duriter
agebat, lana ac tela victum quaeritans.”

Dog, omdat dit so moeilik was en omdat sy maar net 'n mens was (v.77), het sy die beroep van meretrix gekies:

„accepit condicionem, de(h)inc quaestum occipit." (v.79).

Almal was egter lief vir haar, en was baie bedroef oor haar heengaan, Glycerium die meeste van almal (80 sqq., 130 sqq.), want Chrysis het, ten spyte van haar armoede en die feit dat Glycerium geen familielid van haar was nie, haar opgepas en beskerm soos haar eie suster. Op haar sterfbed selfs het sy Pamphilus laat belowe dat hy Glycerium nie in die steek sou laat nie (v.284):

„iam ferme moriens me vocat."

Haar woorde het so 'n diep indruk op hom gemaak dat hy dit nooit kan vergeet nie, want teenoor hom was sy altyd soos 'n suster, „in germani fratri' dilexi loco" (v.292).

Mysis praat ook met liefde van haar (v.803):

„nos quidem pol miseras perdidit."

Crito, wat na haar dood kom om haar besittings op te eis, sê dat sy verkies het om op 'n oneerbare wyse ryk te word, eerder as om eerbaar maar arm in haar eie land te bly (797 sqq.).

Tog is die indruk wat ons van haar kry, nie die van 'n inhalige, spandabel meretrix nie, maar 'n meisie met 'n sterk karakter wat Glycerium in alle eerbaarheid opgevoed het sodat sy 'n goeie meisie sou wees (v.274).

2. Bacchis - Heautontimorumenos

Bacchis beskrywe haarself en haar soort baie eerlik wanneer sy Antiphila prys. Dit help hulle nie om goed te wees nie, want dit is net hulle skoonheid wat die mans aantrek (388 sqq.):—

„nos, quibu'cum est res, non sinunt;
quippe forma impulsu nostra nos amatores colunt;
haec ubi immutata est, illi suum animum alio conferunt:
nisi si prospectum interea aliquid est, desertae vivinus."

Gevolgluk leef sy dan ook as 'n geharde meretrix, alhoewel

...../146 die

die bewondering wat sy vir Antiphila toon (381 sqq.), tog wys dat sy self ook graag so goed sou wou wees. „Bacchis (though the least admirable of all) is heard on her first appearance uttering to Antiphila words of wistful admiration and envy."¹¹⁾ Sy word dan ook geteken as die ware geldgierige meretrix; dog selfs sy is dus nie geheel en al verhard nie. Duckworth¹²⁾ sê: „Terence's only mercenary courtesan is Bacchis in the Heauton; extravagant and expensive, she arrives at Chremes' home with a retinue of servants (cf. 449 ff.) and proceeds to set the house in an uproar." Harsh sê ook¹³⁾ „The two girls are nicely characterized, Bacchis as the hardened courtesan."

Sy is 'n skoonheid, maar losbandig, spandabelrig, hoogmoedig en eiesinnig, soos Clitipho haar self beskryf (v.227):

„meast potens procax magnifica sumptuosa nobilis."

Sy is ook kieskeurig, gee nie maklik toe nie, en wys selfs die grootstes af. Clitipho is verbaas dat Syrus haar kon oorhaal om na hulle huis te kom (362 sq):

„qui tam facile potueris
persuadere illi, quae solet quos spernere!"

want sy ken die kuns om met die mans te speel (366 sq):

„haec arte tractabat virum,

ut illius animum cupidum inopia incenderet."

en sy laat hulle bedel om haar guns (v.365). Sy is gewoond om haar sin te kry, en om bevele te gee wat uitgevoer word (v.461):

„omnis sollicitos habui - atque haec una nox," soos Chremes kla.

Haar skoonheid gee haar hierdie mag en selfs Syrus en Chremes merk dit op. Syrus prys haar (v.521):

„mulier commoda et

faceta haec meretrix."

Ook Chremes stem saam dat sy werklik aantreklik is (v.524.):

„forma luculenta." Om daardie rede kan sy so spandabel en kieskeurig wees dat Chremes sy nood by Menedemus moet kla oor al haar bediendes en haar klere, en al die onkoste wat hy gehad het om

hulle een ete te gee (vv.450 - 464). Syrus beskuldig haar (v.599):
 „pessuma haec est meretrix."

want sy is baie bekommerd oor die geld wat hy haar beloof het, en dreig dat sy hulle sal bedrieg as sy dit nie kry nie, (v.728). Sy het, in haar gierigheid, net terwille van die geld gekom, en nie om enige liefde vir Clitipho nie

„Sati' pol proterve me Syri promissa huc induxerunt,
 decem minas quas mihi dare pollicitust." (723 sqq.)

Syrus weet dat sy haar dreigemente sal uitvoer (729). Sy weet hoe om met hom te werk, al is hy so slim, en laat hom gou-gou beloof dat hy dadelik die geld sal gee, want sy laat nie met haar die gek skeer nie, nie eers deur Syrus nie (v.741):

„dignam me putas quam inludas?"

Arme ou Chremes kan die gedagte dat sy in werklikheid sy eie seun se minnares is, nie verdra nie, want hy vrees vir sy besittings (vv.908 sqq., 1050). Dit is voorwaar net haar skoonheid wat Clitipho kan bekoor, en daarom is dit ook reg dat hy haar moet prys-gee vir 'n beter meisie (1056 sqq.).

3. Thais - Eunuchus

Daar is veel geskrywe oor Thais se karakter, om haar te loof. Norwood¹⁴⁾ sê: „Thais in her own person pervades and directs the action, a figure structurally analogous to Phormio," en¹⁵⁾ : „She dominates the action throughout - wise, gracious, affectionate and resourceful."

Sellar¹⁶⁾ sê: „Thais is the most favourable delineation of the Athenian 'Hetaera' in ancient literature. She has grace and dignity, a consciousness of her charms combined with a proud humility, and not only kindness of nature, but real goodness of heart."

Duckworth¹⁷⁾ toon aan dat Terentius se meretrix oor die algemeen geheel en al verskil van die algemene opvatting van 'n meretrix -

'n geharde, geldgierige vrou. „When Thais and Bacchis enter they prove to be almost paragons of virtue and generosity." Hy sê

verder¹⁸⁾ : „As a character, however, Thais is on a far higher

level than Phronesium and many other courtesans in Roman comedy. She is wise, generous, and sympathetic, truly in love with Phaedria, and interested in the welfare and happiness of the girl in her charge."

Terentius se doel was dan ook om Thais te teken as 'n edel vrou en om sodoende te toon dat 'n meretrix nie maar sommer 'n bepaalde tipe is nie, maar dat hulle ook mense is soos in alle ander beroepe. Sy het per slot van rekening 'n beroep uitgeoefen, wat wel nie as baie eerbaar beskou is deur die Romeine nie, maar wat nogtans heeltemal wettig was. Volgens die beskrywing wat Parmeno, Phaedria en Gnatho van haar gee, klink sy soos die tradisionele meretrix, want hulle beskuldig haar van die gewone swakhede - wisselvalligheid, hardheid en gierigheid (cf. vv. 46 sqq., 67 sqq., 71 sqq., 446 sqq.). Phaedria noem haar (v.71) „illam scelestam," Parmeno noem haar selfs 'n dief (v.79): „nostri fundi calamitas;" Gnatho beskuldig haar van gierigheid: (v. 447 sqq.) en Thraso meen sy is onbetroubaar (446). Wanneer syself egter verskyn, vind ons geen een van hierdie slegte eienskappe nie. Inteendeel, sy is 'n toonbeeld van 'n goeie vrou, ten spyte van haar beroep, en sy oefen 'n verbasende invloed op almal uit, 'n invloed in elke geval ten goede.

Phaedria aanbid haar en kan nie eers vir twee dae van haar af wegbly nie (v. 636 sq.). Net om na haar te kyk, is vir hom genoeg (v.639): „eho ne videndi quidem erit?" Sy liefde vir haar het hom geheel en al verander, soos Parmeno getuig (v. 225 sqq.). Hy is so behep met sy liefde vir haar dat hy aan niks anders kan dink nie (cf. vv. 71 sqq., 91 sqq.). Hy doen alles wat sy vra: koop vir haar net wat sy wil hê (cf. vv.165 sqq.). Hy laat hom selfs deur haar oorhaal om vir twee dae van haar af weg te gaan om Thraso te plesier (v.185).

Hy is wel vol twyfel oor haar liefde vir hom (cf. vv. 46 sqq., 70 sqq.) maar sy het hom opreg lief (v.201):

„cordi esse quemquam cariorum hoc Phaedria."

...../149 Sy

Sy is baie bekommerd dat hy haar bedoeling verkeerd mag verstaan (81 sqq.) So opreg is haar liefde dat sy liewers haar begeerte om Pamphila aan haar familie terug te gee, sal laat vaar, eerder as om hom kwaad te maak (v.174). Sy verwyte martel haar en dit maak haar diep seer dat hy meen haar woorde is nie opreg nie (179 sqq.), want ook sy gee altyd toe as hy iets vra (179 sq.):

„quam ioco

rem voluisti a me tandem, quin perfeceris?"

Sy verseker hom dat sy hom liefhet, niemand anders nie, en vertrouos hom (95 sqq): „ne crucia te obsecro, anime mi, (mi) Phaedria.

non pol quo quemquam plus amem aut plus diligam
eo feci."

Nederig pleit sy by hom om haar te help, want haar bedoelinge is heeltemal opreg en onselfsugtig. Sy doen dit alles net omdat sy Pamphila aan haar ouers wil teruggee (145 sqq.), want Pamphile is soos haar suster (v.146). Pateties verduidelik sy selfs dat sy dit ook wil doen om sodoende 'n huisgesin te kry om haar te beskerm, want sy is so eensaam: sy het geen vriend of familie nie (147 sq.): „sola sum: habeo hic neminem

neque amicum neque cognatum."

Omdat sy 'n mæretrix is, mag sy ook nie net 'n Atheense burger trou nie; daarom behandel sy Pamphila, die slavinnetjie wat Thraso aan haar geskenk het, soos 'n suster en gee haar diensmeisies sorgvuldiglik opdrag om haar op te pas (v.505). Sy verdedig haar ook teen Thraso (v.625) omdat sy nie wil toelaat dat Pamphila na sy feesmaal tyd geneem moet word nie. Sy laat Chrenes kom en vertel hom alles (513 sqq.) en gee sy suster aan hom terug sonder om 'n beloning te vra, onselfsugtig (v.749): „hanc tibi dono do neque repeto pro illa quicquam abs te preti!"

Sy beïnvloed hom ook sodanig dat al die manlikheid in hom na vore kom, want alhoewel hy lafhartig en halfdronk is, moedig sy hom aan om nie bang te wees nie (756 sqq., 599). Taktvol verduidelik sy vir hom wat om te doen (v.768). Haar aansporing laat hom sy lafhartigheid vergeet en laat hom selfs net gesag optree

...../ 150 teen

teen die grootprater, Thraso, en sy leer (797 sqq.).

Haar optrede is ten alle tye opreg, eerlik en eerbaar. Sy vertel haar verhaal aan Phaedria ten spyte van Parmeno se snydende aanmerkings: sy verwyf hom slegs in eenvoudige taal (v 99):

„sicin agi' , Parmeno?"

Teenoor haar diensmeisies is haar optrede ook so dat sy hulle eerbied en agting afdwing. Met groot sorg gee sy eers opdragte voor sy van die huis af weggaan: 'n goeie, noukeurige huisvrou en 'n sorgsame meesteres (500 sqq.):

„diligenter, Pythias,

fac cures....."

Ook aan Chaerea se beskrywing van wat gebeur het terwyl sy van haar huis af weg was (578 sqq.) kan ons hoor dat dit 'n goedgeordende huishouding was. Wanneer sy terugkom en Pythias se storie hoor, is sy baie verontwaardig en beskuldig haar dat sy onverstandig was (829 sqq)

„quid ais, sacrilega,

istucine interminata sum hinc abiens tibi?"

Chaerea vertrou haar ook eers nie en meen dat sy maar soos alle vroue van haar soort is, soos Parmeno hom geleer het: daarom skroom hy nie om hom so skandelik te gedra nie, en is nie bang vir haar nie (v849). Dog wanneer Thais self met hom praat, bedaard en kalm, hom op verstandige wyse op sy fout wys, verdwyn al sy heldhaftigheid. Hy kom onmiddellik onder haar bekoring, want haar verwyte is nederig, hulpeloos (865 sqq):

„nam si ego digna hac contumelia

sum maxime, at tu indignu' qui faceres tamen."

19)
Donatus noem dit: „mira accusatio mixta laude et blanditimento (Ad. Eun.864-6)." Sy doen 'n beroep op sy manlikheid, want sy verstaan hom en kan hom sy misstap vergewe omdat sy self 'n mens is (879 sqq.): „.....

non adeo inhumano ingenio sum, Chaerea,

neque ita inperita ut quid amor valeat nesciam."

...../151 Sy

Sy laat Pythias nie toe om hom te beledig nie (vv 864, 884), maar glo Chaerea as hy sê dat hy die meisie werklik lief het, en be-loof selfs om hom te help, wanneer hy haar hulp vra (v887). Hy vertrou homself nou geheel en al aan haar toe (886 sqq.):

„ego me tuae commendo et committo fide (i),

te mihi patronam capio, Thai."

en sy, met haar diepe mensekennis, verstaan dat hy in werklikheid 'n goeie hart het en, met die regte leiding, 'n eerbare man sal word.

Ook teenoor Thraso is sy beleefd. Daar is geen koketterie in haar optrede teenoor hom nie. Sy bring hom eenvoudig die dank wat hy verdien vir die waardevolle geskenk, en neem sy uitnodiging aan (vv458, 460). Dog sy is ook net bereid om hom te verdra, solank hy homself gedra. Wanneer hy by die feesmaal in sy jaloesie rusie maak oor Chremes, en dan Pamphila wil laat haal, kom sy dadelik in opstand. Haar eerbaarheid sal dit nie toelaat nie (625 sq.):

„illa (exclamat)" minime gentium!

in convivium illam?" '

Sy kom dan ook so gou moontlik huis toe, hoogs verontwaardig oor sy skandelijke gedrag. Sy is egter glad nie bang vir hom nie en minagtend praat sy van sy „ineptiam et magnifica verba" (v.741). Sy is heeltemal instaat om haar man te staan (v.743) en sy doen dit ook op waardige wyse, ten spyte van haar lafhartige verdedigers, want sy weet dat Thraso ook net 'n lafaard is. Met koue veragting beantwoord sy sy beskuldigings (v796): „Lubuit." Harsh²⁰⁾ sê: „The only brave person proves to be Thais herself." Dog, alhoewel Thraso die aftog moet blaas, is haar bekoring oor hom so sterk dat hy op die ou end weer terugkom om homself onvoorwaardelik oor te gee (v.1055):

„precibu' pretio ut haeream in parte aliqua tandem apud Thaidem."

Selfs Phaedria se vader kom onder Thais se bekoring en prys haar (v.1039): „Thais patri se commendavit." Sy word onder hulle beskerming geneem (v.1040), om voortaan alleen Phaedria se geliefde te wees, omdat die wet hom nie toelaat om met haar te trou nie.

So beheer sy dus die handeling geheel en al en help almal so ver sy kan, iets wat die tradisionele meretrix nie doen nie. Donatus self sê dat Terentius 'n „bona meretrix" uitbeeld wat „contra officium meretricis" handel.²¹⁾ Sodoende wyk hy af van die bestaande konvensies.

Thais verdien Charea se entoesiastiese lof (vv1051):

„nil est Thaide hac, frater, tua

digniu' quod ametur: ita nostrae omnist fautrix familiae." want, soos Norwood²²⁾ sê: „She is a splendid creation!"

4. Bacchis - Hecyra

Bacchis is ook 'n „bona meretrix" wat „contra officium meretricis" handel, soos Donatus sê oor v840.²³⁾ Norwood maak melding van haar „sunny kindliness"²⁴⁾ en noem haar „this magnificent woman."²⁵⁾ Hy sê verder:²⁶⁾ „Bacchis in The Mother-in-Law is one of the noblest, most authentic, most loveable characters in Roman literature." Duckworth noem haar „almost a paragon of virtue and generosity."²⁷⁾

Sy is 'n wonderlike vrou met 'n baie sterk persoonlikheid en hooggeag deur almal wat haar ken. Philotis bekla die feit dat Pamphilus haar in die steek gelaat het (58 sqq.) en hoop dat sake weer sal regkom terwille van Bacchis (102 sq.). Parmeno vertel egter hoe sterk haar invloed oor Pamphilus was. Hy was baie verlief op haar (v114):

„hanc Bacchidem amabat."

en hy het met die grootste teensin sy vader se bevale uitgevoer en met Philumena getrou (120 sqq.). Vir maande was hy egter slegs in naam haar eggenoot en het Bacchis nog elke dag besoek (v.157). Bacchis is egter 'n verstandige vrou en het die deur vir hom gesluit (v752):

„me segregatum habuisse, uxorem ut duxit, a me Pamphilum."

Sy het dit gedoen, nie om hom te vermaak nie, maar juis omdat sy hom so lief gehad het, dog haar liefde was onselfsugtig en op-

...../153 opofferend

opofferend. Sy self erken eerlik (v.838):

„incommode mihi nuptiis evenit, factum fateor."

Tog het sy dit met wyse insig aanvaar en was nog dankbaar oor wat die vroeëre verhouding vir haar beteken het: (v840):

„multa ex quo fuerint comoda, ei(u)s incommoda aequonst ferre."

Sy dra Pamphilus se belange op haar hart en terwille van hom verduur sy al Laches se bedekte beledigings (731 sqq.); sy gaan selfs na Philumena om haar onskuld aan die vroue te verklaar, al vrees sy dit, omdat sy self eerbaar en fyng gevoelig is: soos sy opreg verklaar (758 sqq.):

„sed nolo esse falsa fama gnatum suspectum tuom,

nec leviozem vobis, quibus est minime aequom, eum viderier

innerito; nam meritu' de me est quod queam illi ut commodem."

Sy is bekommerd wanneer sy op Laches se versoek na hom kom (727sq), en ook tereg. Sy woorde, hoewel taktvol, is beledigend en gevoelloos. Wanneer hy nog weifel om sy doel te verklaar, toon sy haar edelmoedigheid in haar antwoord. Dit is verdedigend, openhartig en vol waardigheid, maar daar is geen teken van die gewone onbeskaamdheid van die meretrix nie (734 sq):

„ego pol quoque etiam timida sum quom venit mi in mentem quae sim,

ne nomen mihi quaesti obsiet; nam mores facile tutor."

Sy is trots daarop dat sy nie 'n gewone meretrix is nie en kalm en bedaard antwoord sy Laches se waarskuwings (741 sqq.)

Eenvoudig, pateties verseker sy hom dat sy sedert Pamphilus se huwelik niks met hom te doen gehad het nie. Haar woorde is vurig, vroom en opreg (750 sqq.):

„aliud si scirem qui firmare meam apud vos possem fidem

sanctius quam iusiurandum, id pollicerer tibi, Lache."

Hy verstaan nie hoeveel pyn die onderhoud haar aandoen nie, en sy verdra dit ook moedig, want sy is diep bekommerd oor Pamphilus.

Sy verduur selfs Phidippus se verskriklike belediging dat die gode hulle rug keer op vroue van haar soort (v.772), en bied waardig aan dat hy haar slavinne mag gebruik in 'n ondersoek (773 sq.). Sy stem selfs in om te doen wat niemand van haar soort sal waag om

te doen nie: om na Philumena te gaan (756 sq.) sodat sy Pamphilus van die verdenking kan bevry en sy vrou aan hom kan teruggee (774 sqq.). Dit is vir haar 'n groot opoffering, selfs vernederend, maar moedig gaan sy, en daar is skerp pyn in haar uitroep: „perii, pudet Philumenaë!" (v 793).

Haar besoek is dan ook nie tevergeefs nie, en haar blydskap is groot omdat haar besoek die hele probleem opgelos het (816sqq.). Onselfsugtig is haar vreugde, nederig (v821):

„hic adeo his rebus anulus fuit initium inveniundis."

Sy stuur onmiddellik 'n boodskap aan Pamphilus om sy genoed te verlig (808 sqq.) Sy besluit teenoor haarself dat sy nooit sal toelaat dat gierigheid haar sover bring om ander te benadeel nie.

²⁸⁾
Norwood stel dit mooi: „She is filled with generous delight at his good fortune, and utters over her own lost happiness an epitaph of the most piercing sweetness and dignity, words the most affecting and beautiful that even Terence ever penned." (837 sqq.):

„ego dum illo licitumst usa sum benigno et lepido et comi.

incommode mihi nuptiis evenit, factum fateor:

at pol me fecisse arbitror ne id merito eveniret.

multa ex quo fuerint commoda, ei(u)s incommoda aequomst ferre."

Wanneer sy dan Pamphilus groet, die man aan wie sy vir altyd vaarwel gesê het uit wysheid en eerbaarheid, is haar optrede vol edelmoedigheid. Geen verwyd kom oor haar lippe nie. Sy prys sy vrou grootmoediglik met die hoogste lof moontlik (v864). Bekoorlik is hulle vriendskap en bewondering vir mekaar, want Pamphilus waardeer haar soos hy behoort na alles wat sy vir hom gedoen het (v856): „O Bacchis, o mea Bacchi, servatrix mea!"

Sy verdien sy opregte bewondering (858 sqq.):

„antiquamque adeo tuam venustatem obtines

ut voluptati obitu' sermo adventu' tuo', quoquomque adveneris, semper siet."

Sy verdien Norwood²⁹⁾ se lof as hy haar noem „this noble and adorable woman."

5. Philotis - Hecyra

Philotis is 'n praatsieke, nuuskierige klein koket, naar daren nog saggeaard en simpatiek teenoor haar medemens. Haar bewondering vir Bacchis is groot en opreg. Sy bekla die feit dat Pamphilus haar in die steek gelaat het (60 sqq.) Ten spyte van haar jeug is sy al vol lewenswysheid en sinisme (58 sq):

„Per pol quam paucos reperias meretricibus
fidelis evenire amatores."

Haar meegevoel met Bacchis laat haar hoop dat Pamphilus se huwelik nie standvastig is nie (vl02):

„ita di deaque faxint, si in rem est Bacchidis."

Sy bewonder ook Pamphilus (v.152):

„pium ac pudicum ingenium narras Pamphili."

en sy is verontwaardig oor Laches se behandeling van hom (v.134).

Sy is lighartig en vrolik van geaardheid en hou daarvan om te gesels: daarom was die lewe in Korinthe vir haar so vreeslik (v.87):

„biennium ibi perpetuom misera illum tuli."

Daar kon sy nie praat soos sy wou nie en sy het voortdurend verlang na haar vry en gemaklike lewe in Athene (90 sqq.):

„.....

vosque hic videndi, antiqua ut consuetudine
agitarem inter vos libere convivium."

want sy is nog lief vir die mansgeslag, en nie so verhard soos Syra nie (v. 71). Sy glo nog nie dat almal sleg is nie. Sy weet dan ook hoe om Parmeno oor te haal om vir haar te vertel wat gedurende haar afwesigheid gebeur het want syself brand van nuuskierigheid om dit te weet (97 sqq.) Baie soet en stroperig pleit sy by hom (105 sqq.) Hy vertrou haar nie, en weet dat sy dit graag sal oorvertel (108 sq.), maar sy oortuig hom met haar eerlikheid, want baie reguit maan sy hom dat hy dit sekerlik net so graag wil vertel as wat sy dit wil weet (105 sq.)

Sy bly egter die meretrix, sinies, hard: daarom glo sy nie die hele storie nie (v.140):

...../156 „non

„non veri simile dici' neque verum arbitror."

en sy gaan lighartiglik om haar afspraak na te kom. Sy vorm dan ook 'n skerp teenstelling met die saggeaarde, wyse Bacchis. Sy en Syra „serve by contrast to heighten the attractiveness of the character of Bacchis and to suggest her milieu."³⁰⁾ Saam met Parmeno help sy ook om die gehoor in te lig waarom die intrige gaan.

C. VIRGO.

1. Glycerium - Andria

Glycerium die Andria, tree nie self op in die drama nie, maar van verskeie persone verneem ons van haar karakter. Simo vertel hoe beeldskoon sy is, hoe beskeie, en hoe geheg sy aan haar suster, Chrysis, was (117 sqq.). Hyself raak in ver-voering oor haar in sy beskrywing: (118 sqq.):

„unam aspicio adulescentulam

forma.....et voltu, Sosia,

adeo modesto, adeo venusto ut nil supra."

Hy kon self sien dat sy beter was as die ander vrouens op die begrafnis, en dieper bedroefd (121 sqq.):

„.....lamentari praeter ceteras

visast et quia erat forma praeter ceteras

honestas ac liberali."

So lief was sy vir Chrysis, wat nie eers haar eie suster was nie, dat sy amper waansinnig was van verdriet oor haar dood. Sy het nie omgee wat sy doen nie en te na aan die vlamme gegaan (v.130): „accessit imprudensius,

sati' cum periculo,"

en toe Pamphilus haar red, val sy wenend in sy arms (v.136)

Pamphilus het haar baie lief en is ook baie jammer vir haar, want sy het haarself heeltemal aan hom toevertrou en hy kan haar nie bedrieg nie: sy is te hulpeloos (272 sq.):

...../157 „quae

„quae mihi suum animum atque omnem vitam credidit,
quam ego animo egregie caram pro uxore habuerim?"

Hy noem haar 'n toonbeeld van deug en reinheid (v.274):

„bene et pudice ei(u)s doctum atque eductum."

Hy vertel ook hoe getrou sy altyd aan hom was en hoe sy aan al sy wense voldoen het (293 sqq.).

Glycerium het hom ook baie lief en vrees dat hy haar in die steek mag laat. Om daardie rede smeek sy hom om te belowe dat hy hulle kind sal erken (401 sqq.) As sy van sy huwelik hoor, stuur sy Mysis om hom na haar te bring, want sy voel verlore en baie treurig (v.693): „proptereaue nunc misera in maerorest."

Mysis wat so geheg is aan haar, is baie besorgd oor haar (229 sqq), en vertroos haar (v.684). Sy vermaan Pamphilus om Glycerium nie te vergeet nie (v.281), want sy het dit nie verdien nie:

„hanc meritam esse ut memor esses sui."

Pamphilus bly egter getrou aan haar. Hy sweer dat hy haar nooit sal verlaat nie (v.694), en erken aan sy vader dat hy haar lief-het en enigiets terwille van haar sal verduur (v.896):

„ego me amare hanc fateor."

Hulle liefde word dan ook beloon, want sy is in werklikheid Chremese se verlore dogter (v.932).

2. Antiphila - Heautontimorumenos

Antiphila tree net in een kort toneeltjie op, maar sy word duidelik vir ons geteken deur beskrywings van andere. Norwood³¹⁾ sê: „So attractive is she and so vital to the story, that one finds it hard to realize that she appears in only one brief scene and speaks but thirty-three words all told."

Dit is sy wat die oorsaak is van Clinia se folteringe, sy is die voorwerp van sy liefde, en is sy liefde in alle opsigte waardig. Clitipho beskryf haar as goed en edel opgevoed (v.226):

„bene et pudice eductam, ignaram artis meretriciae."

Syrus teken ook haar onskuld en reine, armoedige, maar vlytige lewe vir Clinia (vv.285 - 290):-

„textentem telam studiose ipsam offendimus,
mediocriter vestitam vesti lugubri
(ei(u)s anui' causa opinor quae erat mortua)
sine auro; tum ornatam ita uti quae ornantur sibi,
nulla mala re esse expolitam muliebri
capillu' pexu' prolixus circum caput
relectu' neglegenter."

Dit was dus haar voorkoms, sorgeloos, onopgesmuk. Sy rou oor die vrou wat nie eers haar moeder was nie en wat Clinia nie vertrou het nie, maar gemeen het dat sy Antiphila sal laat versleg omdat syself net aan geld gedink het (233 sq).

Sy bly ook getrou aan Clinia, en haar liefde vir hom is opreg, want as Syrus aan haar vertel dat Clinia haar vra om na hom te kom, huil sy uit verlange en blydschap (306sq):

„continuo et lacrumis opplet os totum sibi,
ut facile scires desiderio id fieri (tuo)."

Bacchis, die geharde meretrix, prys ook Antiphila se skoonheid en haar voorbeeldige lewe, wat soveel van haar eie verskil (v.382): „id quom studuisti isti formae ut mores consimiles forent". Dit is immers nie haar skoonheid wat die mans aantrek nie, maar haar deug en haar standvastige karakter (v.388):

„nam expedit bonas esse vobis."

Bacchis verseker haar dat wanneer meisies van haar soort trou met 'n man met dieselfde geaardheid as hulleself, word hulle so aan mekaar verbind dat niks hulle liefde kan skei nie (394 sqq.). Antiphila self antwoord nederig en opreg dat sy altyd haar bes gedoen het om in Clinia se vreugde ook haar eie te vind (396 sqq).

„nescio alias: mequidem semper scio fecisse sedulo
ut ex illiu' commodo meum compararem commodum."

Geen wonder dus dat Clinia haar so lief het en haar sy leidster noem nie (v398):

...../159 „mea

„mea Antiphila, tu nunc sola reducem me in patriam facis."

Wanneer sy Clinia self sien, is sy oorstelp van vreugde oor sy veilige terugkeer (v.407): „salvom venisse gaudeo."

Sy verdien Clinia se vreugde om haar ontwil, dat Chremes en Sotrata haar ouers is (686 sqq):

„.....

quam ego scio esse honore quovis dignam."

Haar mooi, skoon karakter vorm dan ook 'n skerp teenstelling met die geharde Bacchis: „The only virgo who appears on the stage in Terence is Antiphila, whose presence in one short scene sets in relief the character of Bacchis." ³²⁾ ³³⁾ Harsh beskryf haar as „Antiphila, the naïve girl so virtuous that we immediately recognize her good birth and anticipate her recognition."

D. SERVAE

(a) Ancilla : 1. Mysis : Andria

Mysis is Glycerium se slavin, maar ook haar getroue vriendin. Sy is baie geheg aan haar meesteres, net soos sy voorheen aan Chrysis geheg was, sodat sy selfs na haar dood nog met groot meegevoel van haar praat (v.803). Sy is altyd gereed om Glycerium teen almal te beskerm en te verdedig. Sy wil nie Lesbia gaan haal om vir haar meesteres te kom sorg nie, want sy vertrou haar nie (229 sqq.) en sy smee die gode om haar meesteres te beskerm (232 sq.).

Wanneer sy dan Pamphilus hoor vertel van sy pa se planne en sy huwelik, is sy dadelik vol vrees en angs vir haar meesteres (v.251):

„oratio haec me miseram exanimavit metu "

Sy is ook dadelik gereed om vir Glycerium te veg, want wyslik besef sy dat as sy nou met hom praat, sy nog die saak kan wen, aangesien hy twyfel wat om te doen. (265 sq.) Sy verwyt hom dat hy haar geliefde meesteres veel smart aandoen met sy gedrag (268 sq.) want sy vrees dat hy nie sterk genoeg is om dwang te weerstaan nie (276 sq.).

Tog het sy 'n baie hoë dunk van Pamphilus (v.466): „optimum”
Hy is die een uitsondering wat sy in haar lewe gevind het, want
oor die algemeen is sy maar sinies oor die mansgeslag (v.460).
Sy meen dat Pamphilus 'n ware seën vir haar meesteres is (v.717),
maar haar sinisme laat haar tog twyfel aan sy betroubaarheid, en
sy het eers versekering nodig dat hy wel Glycerium liefhet (v.698).

Teenoor Glycerium is sy altyd die ene besorgdheid (v.685)
en selfs wanneer sy aan Pamphilus se getrouheid twyfel, besluit
sy tog op Davos se versoek, om alles te doen wat sy kan om hulle
te help. (v.730). Selfs al verstaan sy niks, stem sy nog in, on-
selfsugtig en hulpvaardig (737 sqq.)

„ego quid agas nil intellego; sed siquid est
quod mea opera opu' sit vobis, (a)ut tu plus vides,
manebo, nequod vostrum remorer commodum.”

Dapper probeer sy dan ook om alles uit te hou, maar haar vrees
vir Chremes (v.743) oormeester haar. Sy verstaan niks van al Syrus
se beskuldigings nie, en voel magteloos van woede (vv749, 761, 790).
Op dié wyse help sy Syrus egter, en verskaf ook 'n komiese toneel
in die drama. Wanneer sy egter besef dat dit alles tot voordeel
van haar meesteres was, vergewe sy hom grootmoediglik alles (v.793).

2. Phrygia - Heautontimorumenos

Phrygia is een van die diensmeisies
van Bacchis. Al wat sy doen, is om te luister na Bacchis se gekla
oor Syrus se beloftes wat hy nie wil nakom nie. Bacchis gebruik
haar dan ook om Syrus bang te maak, want sy vra haar, sodat hy kan
hoor, of sy gehoor het watter huis die van Charinus is (730 sq.)
Phrygia antwoord net dat sy gehoor het en nog die huis onthou (v732)

„ audivi memini.”

Dit is die enigste twee woorde wat sy uiter. Sy word dan na
Charinus se huis gestuur om sodoende Syrus te laat skrik. Deur
middel van haar gesprek met Bacchis, hoor die toeskouers ook wat
Bacchis se planne is.

...../161 3. Pythias

3. Pythias - Eunuchus

Pythias is Thais se getroue slavin, maar sy besit niks van die kalmte van haar meesteres nie. Sy is 'n klein rissie wat oorloop van beledigings. Sy voer haar meesteres se bevele stiptelik uit, en as sy uitvind dat Chaerea hulle bedrieg het, is sy vol van bittere verontwaardiging (644 sqq.) Sy kan hom nie sleg genoeg sê nie, en soek net na hom om met hom af te reken (647 sq): „qui nunc si detur mihi,

ut ego unguibus facile illi in oculos involem venefico!"

Sy beledig Phaedria somer en beskuldig hom omdat hy so 'n slegte geskenk aan Thais gegee het (651 sqq.) Sy is vol veragting omdat hy haar nie wil glo nie (v.655): „temulenta's", en baie gretig as sy meen dat hulle eindelik die skurk het (674 sq.) Baie skerp spreek sy die arme Phaedria aan as sy sien dit is die verkeerde man (v. 679), en haar beskrywing van die ou man is skerp, beledigend (688 sq)

„hic est vietu' vetu' veterosus senex,
colore mustelino."

Met snydende sarkasme spreek sy Phaedria aan (v.705). Haar wantrouige gees verdink dadelik Parmeno en sy sweer wraak (910 sqq.):

„Quid, quid venire in mentem nunc possit mihi,
quidnam qui referam sacrilego illi gratiam
qui hunc suppos(i)vit nobis?"

Haar skerp verstand snap dan ook dadelik as sy die geleentheid kry en met smaak, onbeskaamd vertel sy hom 'n klomp leuens (vv.950 - 970), terwyl sy hom aanhoudend beledig. Sy geniet dit van harte om te sien hoe sy hom bedrieg het (v.1004):

„mihi solae ridiculo fuit quid timeret scibam,".

want sy is baie bly dat hy sy verdiende loon gekry het (v.1023).

Teenoor Thais is sy egter die gehoorsame diensmeisie, gedwee. Sy voer haar bevele dadelik uit (vv.504, 532). Wanneer sy egter moet vertel hoe hulle bedrieg is, is sy baie beteuterd, want sy het Antiphila aan die eunuchus toevertrou terwyl sy self gaan bad

het (v.822): „quid tibi ego dicam misera?" Om daardie rede is sy so bly as sy Chaerea sien, want nou kan sy haar op hom wreek en al haar gif teen hom rig (859 sq.):

„vix me contineo quin involem in

capillum, monstrum: etiam ultro derisum advenit."

Thais moet haar keer, want sy kan haarself nie bedwing nie. Sy waarsku Thais selfs nog, want sy vertrou hom glad nie (v.884):

„nil tibi quicquam credo."

Teenoor Chremes is sy egter 'n egte koket. Baie stroperig verwelkom sy hom (v.531): „o capitulum lepidissimum!" Dit is genoeg om hom wantrouig te maak. Tog spot sy hom op haar beurt wanneer hy dronk van die feesmaal kom en haar vlei (v.731), want sy is vir niemand bang nie: haar skerp tong kan haar teen almal verdedig, en met haar pittige antwoorde vermaak sy die gehoor.

4. Dorias - Eunuchus

Dorias tree op om aan die gehoor te vertel wat daar by die feesmaal plaasgevind het. Sy is baie opgewonde en bang, om Thais se ontwil (615 sqq.):

„quantum ego illum vidi, non nil timeo misera,

nequam ille hodie insanu' turbam faciat aut vim Thaidi."

Net so verontwaardig is sy om die storie te hoor oor wat Chaerea gedoen het (v.664): „perii, obsecro! tam infandum facinu', mea tu, ne audivi quidem."

Sy is ook vol wysheid en raai Pythias aan om stil te bly oor Chaerea se optrede want sodoende sal sy haarself bevry van alle blaam, en Phaedria se dank ontvang (721 sqq.):

„.....

hae re et te omni turba evolves et illi gratum feceris."

(b) Nutrix : 5. Canthara : Heautontimorumenos

Canthara was teenwoordig by die geboorte van Sostrata se dogter, Antiphila,

...../163 en

en het gesien hoe die ring aan haar vasgemaak is. Gevolglik help sy om die ontknoping te bewerkstellig, want sy word gevra om te kyk of sy die ring herken. Sy is baie seker van haarself, en herken dit dadelik (616 sq.) „ilico eum esse." Dan word sy weer weggestuur, want sy moes net sekerheid gee oor Antiphila se afkoms.

6. Sophrone - Phormio

Sophrone is 'n eerbare, goeie vrou wat haar bes vir Phanium doen en Antipho op sy plig wys. Sy staan vas by haar besluit (116 sqq.): „lege id licere facere: sin aliter, negat."

Sy was baie lief vir haar meesteres, en altyd getrou aan haar: daarom is sy so verdrietig en wanhopig as sy hoor wat Demipho wil doen (728 sqq.) Sy is vol berou want sy het hulle die raad gegee om te trou, en nou is sy bang dat haar meesteres daaronder sal ly (v.730):

„nam vereor era ne ob meum suum indigne iniuria adficiatur." Sy is heeltemal verwilderd van vrees en skrik: „exanimata," noem Chremes haar (v.732).

Haar vertroue in Chremes is groot (v.738): daarom het sy gekom om na hom te soek en sy dogter aan hom te gee. In trane vertel sy hom die verhaal: hoe haar meesteres gesterf het, en hoe sy, oud, verlate en sonder geld, haar bes gedoen het om Phanium met Antipho te laat trou (v.751):

„anus deserta egens ignota."

Nou vra sy hom om raad omdat sy gehoor het dat die jongman se vader baie kwaad is.

Omdat sy self niks oneerliks doen nie, is sy eerlik en opreg verbaas as sy hoor dat Chremes nie sy eie naam aan hulle vertel het nie (742 sq.): „quid? non obsecro es

quem semper te esse dictitasti?"

Maar omdat sy dankbaar is omdat die saak van haar skouers af is,

...../164 beloop

beloof sy om sy geheim te bewaar (v.765):

„nemo e me scibit;” en sy sal ook getrou bly.

7. Canthara : Adelphoe

Canthara is Sostrata se getroue nutrix.

Sy is baie simpatiekgesind teenoor Pamphila (289 sq.), maar sy vermaan Sostrata om nie so bang te wees nie, omdat Aeschinus spoedig sal kom (v.293). Sy is optimisties en meen dat hulle moet bly wees dat Pamphila se geliefde 'n man soos Aeschinus is (v.295):

„e re nata meliu' fieri haud potuit quam factumst, era.”

Sy is uiters getrou aan haar meesteres en wil hulle naam beskerm so ver sy kan.³⁴⁾ Sy is baie kwaad en verontwaardig as sy hoor wat Aeschinus gedoen het, en meen dat hulle alles geheim moet hou (v.336). As sy Aeschinus in die straat sien, val sy hom verwoed, skerp aan (620 sqq.):

„abi abi iam, Aeschine,

sati' diu dedisti verba, sat adhuc tua nos frustratast fides.”

Tog is sy ook maar 'n praatsieke ou vrou. Aeschinus is bang om die waarheid aan haar te vertel uit vrees dat sy dit sal oortel. Hy noem haar „garrulae” (v.624):-

„nequid de fratre garrulae illi dicerem ac fieret palam.”

(c) Anus : 8. Syra : Hecyra

Syra is geheel en al verhard teen die mansgeslag: 'n siniese ou vrou wat Philotis die raad gee om geen jammerte vir enige man te voel nie (64 sqq.):

„et moneo et hortor ne quousquam misereat,

quin spolies mutiles laceres quemque nacta sis.”

Sy vertrou geen man nie: sy beskou almal as oneerbaar, en sy spreek uit rype ervaring. Hulle is haar vyande en daarom is dit reg dat sy haar op hulle sal wreek as sy die kans kry en hulle verkul waar moontlik. Baie skerp is haar verontwaardiging omdat

...../165 Philotis

Philotis dit nie glo nie (72 sqq.):

„iniuriam autem est ulcisci advorsarios,

aut qua via te captent eadem ipsos capi?"

Sy dien as teenstelling vir Bacchis se opregtheid en teerhartigheid.

(d) Obstetrix : 9. Lesbia : Andria

Lesbia is slegs die vroedvrou en speel dus nie 'n belangrike rol nie. Mysis dink nie veel van haar nie, en beskrywe haar as 'n roekelose, dronk vrou wat gladnie geskik is om haar meesteres op te pas nie (229 sqq.):

„sane pol illa temulentast mulier et temeraria

nec sati' digna quoi committas primo partu mulierem."

Sy is die „compotrix" van Archylis (v.232). Sy deel skynbaar Mysis se siniese beskouing oor die mansgeslag. Tog meen ook sy dat Pamphilus 'n goeie jongman is omdat hy getrou gebly het aan Glycerium (v.488):

„veritus optumae adolescenti."

Haar doel is dus eintlik om die karakter van Pamphilus te help uitbeeld deur middel van die verhaal, en ook om die gehoor in te lig oor die intrige.

Karaktereieien skappe	Positief.	A. Matrona					B. Meretrix					C. Virgo		(a) Ancilla				D. SERVAE		(c) Anus		(d) Obste	
		1	2	3	4	5	1	2	3	4	5	1	2	1	2	3	4	1	2	1	2	1	2
Wysheid		A	A																				
Verstandigheid		A	A																				
Bevoud		A	A																				
Reinheid																							
Deugsamheid																							
Herbaarheid																							
Edelmoedigheid																							
Opregtheid		A	A																				
Geironheid		A	A																				
Herlikheid		A	A																				
Vroomheid																							
Trots																							
Waardigheid																							
Onselfsugtigheid		A	A																				
Reverdigheid		A	A																				
Grootmoedigheid		A	A																				
Geudigheid		A	A																				
Beleefdheid		A	A																				
Beskeidenheid		A	A																				
Saamloedigheid		A	A																				
Simpatie		A	A																				
Nederigheid		A	A																				
Onderdanigheid		A	A																				
Soetsamheid																							
Vlytigheid																							
Noukeurigheid																							
Spaarsamheid																							
Dankbaarheid																							
Hulpvaardigheid																							
Onskuld																							
Openhartigheid																							
Moedigheid																							
Blymoedigheid																							
Wynsaamheid																							
Liefderikheid		A	A																				
Moederlijke		A	A																				
Besorgdheid		A	A																				
Fyn gevoeligheid		A	A																				
Bedroefheid																							
Hulpeloosheid																							
Eensaamheid																							
Wenslikheid																							
Vindigrykheid																							
Lighartigheid																							
Skerpsinnigheid																							
Selfversekering																							

A = Sterk
B = Middelmattig
C = Effens

E. FEMINAE.

	A. Matrona	B. Meretrix	C. Virgo	(a) Ancilla	D. Nutrix	(c) Anus	Obste
Karaktereien- skappe	Sostrata Heauton Chrysis Andria Bacchis Heauton Thais Eunuchus Bacchis Hecyra Philotis Hecyra	Glycerium Andria Antiphila Heauton Mysis Andria Phrygia Heauton Pythias Eunuchus Dorias Eunuchus Canthara Heauton	Sophrone Phormio Canthara Adelphoe Syras Hecyra	Lesbia Andria			
Negatief.	1 Sostrata 2 Heauton 3 Chrysis 4 Myrrina 5 Hecyra 6 Philumena 7 Sostrata 8 Adelphoe 9 Chrysis 10 Andria 11 Bacchis 12 Heauton 13 Thais 14 Eunuchus 15 Bacchis 16 Hecyra 17 Philotis 18 Hecyra	1 Glycerium 2 Andria 3 Antiphila 4 Heauton 5 Mysis 6 Andria 7 Phrygia 8 Heauton 9 Pythias 10 Eunuchus 11 Dorias 12 Eunuchus 13 Canthara 14 Heauton	1 Sophrone 2 Phormio 3 Canthara 4 Adelphoe 5 Syras 6 Hecyra	1 Lesbia 2 Andria			
Wyskerigheid							
Sinisme							
Meerderwaardig- heid	A	A					
Baaspelerig- heid	A						
Heethoofdigheid	A						
Sarkasme	A						
Hardvoortigheid	B						
Hoogenoed							
Selfsuftigheid							
Eiesinnigheid							
Gemaksuchtigheid							
Spandabelrig- heid							
Geldfrierigheid							
Roekeloosheid							
Iosbandigheid							
Koketterie							
Skaanteloosheid							
Gevoelloosheid							
Muskierigheid							
Praatsug							
Onbetroubaardheid							
Geslepenheid							
Dronkenskap							
Selfbejammering	B	C					
Gesteld op wat	A						
Afgeroogtig- heid	B						
Kieskeurig- heid		A					
Gedweehheid							

A - Sterk
B - Middelmatig
C - Effens

F. SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING

Die vroulike rolle kan in vier groepe verdeel word:

- A. die Matrona of moeder en huisvrou.
- B. die Meretrix of straatvrou.
- C. die Virgo of maagd.
- D. die Servae: bediendes of vroedvroue: (a) ancilla; (b) nutrix;
(c) anus ; (d) obstetrix.

A. Matrona.

Daar is ses Matronae wat in vier van die dramas optree, nl. Sostrata in die Heautontimorumenos, Nausistrata in die Phormio, Sostrata, Myrrina en die jong Philumena in die Hecyra, en Sostrata in die Adelphoe.

Hierdie ses vroue toon sterk oorwegend positiewe karaktereenskappe: hulle is almal goeie, voorbeeldige vroue, opreg, nederig, vol meegevoel vir andere, en besonder geheg aan hulle kinders.

Duckworth³⁵⁾ sê van hulle: „Equally human and pathetic are the women who are eager to locate long-lost daughters, and those who are concerned about the happiness of their children, e.g., the three Terentian Sostratas (Adelphoe, Heauton, and Hecyra)". Laasgenoemde drie is dus aldie eerstens moeders.

Sostrata in die Heauton is nederig en opreg en vol eerbied vir haar eggenoot. Haar teerhartigheid het haar teen sy wil laat handel deur haar dogter nie dood te laat maak by geboorte nie. Wanneer sy dit aan hom moet vertel, is sy beangsd en neem alle skuld op haar, smee selfs deemoedig om vergifnis. Daar is geen bedrog in haar nie, net bewondering en liefde vir haar man.

Sostrata in die Hecyra, die skoonmoeder, is die sterkste van al die matronae: 'n wyse vrou, geduldig en rustig; sy kan geen onenigheid verdra nie en glo niks sleg van enigeen nie. Sy weet sy self is onskuldig, en sy voel bitter seer omdat sy so valslik beskuldig en seergemaak word, maar haar liefde vir haar seun, haar man en haar skoondogter laat haar haarself gewilliglik opoffer: sy gaan weg sodat hulle geluk mag vind. Fier en sterk is sy, veel sterker as haar man, wys en verstandig en minsaam.

...../168 Sostrata

Sostrata in die Adelphoe het net haar dogter om voor te leef, en sy voel diep bedroef oor die onreg wat Aeschinus hulle aandoen, tog is sy sterk en gereed om hulle goeie naam te verdedig. Sy het nie meer 'n eggenoot nie en moet dus 'n vriend se hulp kry: en sy voel seer om hulle vernedering aan die wêreld openbaar te maak; tog doen sy dit omdat sy weet Hegio sal help. Eerbaar en eerlik is sy, waardig en trots.

Ook Myrrina in die Hecyra is 'n moeder, diep bekommerd oor haar dogter se welsyn. Sy is veel sterker as haar eggenoot, nie deemoedig en sag nie, maar sterk en fier. Sy bevlieg hom dan ook woedend terwille van haar dogter. Sy sien selfs kans om bedrog te pleeg om haar dogter se goeie naam te beskerm, al is sy self eerlik van inbors.

Nausistrata, aan die ander kant, is die veronregte vrou van die swak Chremes. Sy is veel sterker as hy, ja, verag hom eintlik oor sy swakheid. Hy vrees haar ook ten regte, want sy verwyt hom gedurig. Teenoor mense wat sterker as sy is, soos Demipho, is sy egter behulpzaam, sag en taktvol. Ook sy is baie lief vir haar seun.

Philumena is eintlik nog geen matrona nie, want sy is maar pas getroud. Sy tree nie self op nie, maar word uitgebeeld as nederig en sag, verdraagsaam en eerbaar, deur almal bemind. Almal probeer haar beskerm: sy het 'n versagtende invloed op almal as gevolg van haar goedheid.

So tree die matronae dus op, elkeen as 'n mens, met dieselfde inherente eienskappe, maar met soveel afwykings dat daar geen teken meer is van die tipe, die ou matrona van vroeëre komedie nie. Hulle is feitlik almal goeie mense, want Terentius se matronae, soos al sy ander karakters, is eerbare mense. Hy skeer nie die gek met die huwelik soos dit die gewoonte in komedie was nie. Feitlik al die matronae is opreg en nederig, vol meegevoel en moederliefde, maar party is sagmoedig en andere opvlieënd. Party is geduldig, andere beangsd en bekommerd; sommige agterdogtig, hardvogtig, andere deemoedig, onderdanig. Daar is soveel variasies op elkeen se ingebore goedheid, dat hulle, die meeste van al Terentius se karakters, elkeen

na vore tree as 'n ware mens, 'n individu, weliswaar té goed soms, maar tog glad nie die tradisionele tipe van ou drama nie.

B. Meretrix.

Daar is vyf meretrices en slegs een van hulle, Bacchis in die Heauton, is die meretrix soos sy algemeen bekend was - gierig, hard, gewetenloos. Dog selfs sy is ook vol bewondering oor Antiphila se goedheid, en beny haar dit. Sy is tog ook losbandig, spandabelrig, hoogmoedig en selfsugtig en ken al die kunsies van haar soort, net soos sy ook al hulle slegte eienskappe besit.

Maar die vier ander is die teenoorgestelde van wat van 'n meretrix verwag is. Hulle is goeie vrouens en geen slegte straatvrouens nie. Beare³⁶⁾ sê: „Indeed one of the things that struck ancient critics was the nobility of Terence's courtesans. (Donatus: ad Hec. 840).” Norwood³⁷⁾ sê: „Terence seems to dwell with especial delight on the idea of a noble and amiable courtesan.” Ook Duckworth³⁸⁾ getuig: „The younger playwright even here follows his general tendency of presenting his characters as decent and reputable persons, hence the more objectionable type of courtesan does not appear in his plays.”

Chrysis (Andria) het wel verkies om op 'n oneerbare wyse ryk te word eerder as om arm in haar eie land te bly, soos Crito dit stel; tog het sy so eerbaar moontlik geleef en Glycerium met sorg en liefde opgepas soos haar eie suster. Sy speel egter geen aktiewe rol in die drama nie; net haar nagedagtenis leef voort in die harte van haar vriende en beïnvloed hulle nog, selfs na haar dood.

Thais (Eunuchus), daarenteen, beheer feitlik die hele handeling in die Eunuchus. Norwood³⁹⁾ sê: „Thais in her own person pervades and directs the action.” Sy is wys en sterk, maar nederig en liefderik, sagmoedig soms, tog ook vurig wanneer nodig, verontwaardig, veragkend as daar onreg geskied. Sy pas Pamphila op en verdedig haar op alle moontlike maniere en doen alles in haar vermoë om haar aan haar familie terug te besorg. Sy is ook getrou in haar

...../170 liefde

liefde vir Phaedria en beïnvloed almal wat met haar in aanraking kom, deur die beste in hulle na vore te laat kom.

Bacchis in die Hecyra speel ook 'n baie belangrike rol en word geteken as 'n sterk persoonlikheid. Sy is trots op die feit dat sy nie 'n gewone meretrix is nie, want sy is geheel onselfsugtig, edelmoedig en eerbaar. Dog sy is ook wys, verstandig en grootmoedig: hoewel sy in haar hart getrou bly aan Pamphilus, doen sy haar bes om hom en Pamphila gelukkig te maak in hulle huwelik, verneder selfs haarself en verduur al Laches se beledigings. „Her actions in the play are the result of her character," sê Duckworth.⁴⁰⁾

Philotis in die Hecyra is wel gemaksugtig, nuuskierig, en praatsiek, maar sy is nog nie verhard nie en is in werklikheid saggeaard, liefvallig, vol simpatie vir haar medemens. Sy is maar net jonk en geniet die lewe.

Die Meretrices is dus ook feitlik almal inherent goeie mense wat deur omstandighede gedwing word om te wees wat hulle is, want in Athene kon geen vreemdeling met 'n Athener trou nie: al wat hulle kon doen, was om iemand se meretrix te word. Elkeen van die meretrices van Terentius is egter 'n mens in haar eie reg; al besit hulle basies dieselfde karaktereienskappe, tree elkeen op sy eie manier op as 'n individu., sterker geteken as enige ander van Terentius se karakters. Hulle is goeie meretrices omdat dit Terentius se doel was om aan te toon dat in elke mens iets goeds skuil, en dat die term wat aan hom geplak word om sy soort te bepaal, tog nie sy karakter bepaal nie. Soos Norwood⁴¹⁾ dit stel: „He loves to take some familiar dramatis persona and discover a new character beneath the traditional mask..... Terence always discloses the strength and righteousness of a recognised 'black sheep.' Duckworth⁴²⁾ stel dit ook: „This is essentially what Donatus says of both Thais and Bacchis - that they are traditional characters presented in a new way; repeatedly he makes the point that Terence in the Hecyra departs from convention and portrays a bona meretrix who acts contra officium meretricis."

C. Virgo.

Die Virgines speel 'n baie klein rol in die dramas waarin hulle optree en baie min aandag word gewy aan hulle karakteruitbeelding. Hulle het nie self deel in die ontwikkeling van die drama nie, alhoewel hulle die dryfveer agter die handeling van die adulescentes, senes en servi is: want die hooftema is die liefde van die jongman vir een of ander onbekende meisie, en die middele wat hy aanwend om haar te kry ten spyte van die teenkanting van sy vader.

Sosiale toestande het nie toegelaat dat jongmeisies van goeie afkoms in die openbaar verskyn nie. Gevolglik moes die meisies of van slegte afkoms wees of meisies wat hulle ouers verloor het, en teen die einde van die drama hulle weer vind, sodat hulle geskik kan wees om die wettige vrou van die held te word. Soos Norwood⁴³⁾ dit stel: „Menander and his followers were compelled to evolve a stock female dramatic persona, a girl who was of free Athenian parentage (therefore a fit and legal wife for the jeune premier and also, therefore, chaste, gentle, and refined) who had, nevertheless, been lost in childhood - whether by theft, shipwreck, or the horrible custom of exposing female infants - and who had in consequence been brought up amid poverty and the resultant social sans-gêne, so that she could with ease be encountered by her future husband. She was thus found at the opening of a typical comedy possessing all the qualities then dramatically desirable - young, beautiful, chaste, unspoiled, but moving in public with something of a courtesan's freedom, herself hovering on the verge of that profession, often indeed actually the mistress of the 'hero,' often again on the point of being sold into vice by the familiar leno, and rescued in the critical moment by revelation of her birth and the recovery of her parents..... This curious convention, then, Terence has adopted like other ancient playwrights. No originality of conception can here be claimed for him, but he has treated the situation with tenderness and beauty."

Vgl. ook Duckworth⁴⁴): „Social convention and the rigidity of the stage setting (with its lack of interior scenes) alike made it difficult for young girls of good family to take part in the action. When the heroines of Roman comedy are girls of respectable parentage, they remain off-stage, e.g., Philumena (Andria), Pamphila (Adelphoe)."

Gevolgtrek tree Glycerium ook nie op in die drama nie, maar haar karakter word geteken deur alles wat andere van haar vertel. Almal prys haar skoonheid, haar deugsaamheid, haar reinheid, hoe geheg sy aan Chrysis was, en hoe getrou aan haar liefde vir Pamphilus, maar tog beskeie en afhanklik van sy steun en hulp.

Antiphila tree self op, alhoewel slegs in een kort toneeltjie „It is a significant advance that the heroine, Antiphila, unlike Glycerium, is brought before us," sê Norwood,⁴⁵ en Duckworth⁴⁶) sê: „The only virgo who appears on the stage in Terence is Antiphila, whose presence in one short scene sets in relief the character of Bacchis." Ook haar karakter word egter geteken deur wat andere van haar vertel. Ook sy is goed en edel, onskuldig, onopgesmuk en rein. Sy is armoedig, maar 'n vlytige werkster terwyl sy op Clinia wag. Sy is ook getrou aan Clinia. Haar voorkoms is nederig, onopgesmuk en sy vorm 'n skerp teenstelling met die geharde Bacchis.

Terentius se virgines is dus albei goeie, onskuldige meisies, standvastig van karakter en getrou. Hy het, getrou aan die konvensies van sy tyd, ook 'n virgo geskep om aan die eise van die drama te voldoen, maar hy teken die liefdesverhouding teer en skoon en die meisies elk om in haar bepaalde drama te pas.

D. Servae.

Die bediendes, servae, speel in Terentius se dramas, slegs 'n anorganiëse rol. Daar is verskillende soorte: (a) ancilla; (b) nutrix; (c) anus en (d) obstetrix.

'n Karaktereienskap wat aan feitlik almal eie is, is hulpvaardigheid. Hulle is ook almal getrou aan hulle meesteresse,

...../173 maar

maar party is sagsinnig, gedwee, andere weer opvlieënd, sarkasties. Wysgerigheid kom ook feitlik by almal voor.

(a) Daar is vier Ancillae. Phrygia (Heauton) en Dorias (Eunuchus) se karakters ~~en~~ word baie flou geteken, want hulle tree net vir 'n kort tydjie op om te help met die ontwikkeling van die handeling. Mysis (Andria) het 'n langer rol, maar sy word ook maar vaag geteken as 'n behulpsume, getroue bediende. Sy is regverdig en eenvoudig van gees, maar onselfsugtig. Pythias (Eunuchus), daarenteen, is 'n skerp klein rissie wat wel gehoorsaam is aan Thais, maar taamlik meerderwaardig teenoor haar gelykes is. Sy help om Parmeno te bedrieg en om sodoende die ligter sy van die komedie uit te bring.

(b) Die Nutrices: Hulle help om die identiteit van die verlore dogters te bepaal. Canthara (Heauton) herken die ring, Sophrona (Phormio) bring Chremes se dogter aan hom terug, en Canthara (Adelphoe) doen ook haar bes om haar meesteres te help. „There are many characters in Roman comedy whose primary function is to serve as 'discovering agents' e.g. Sophrona in the Phormio, but such characters are usually bound neatly to the plot of the play," sê Duckworth⁴⁷⁾.

(c) Anus: Syra (Hecyra) is 'n verharde, siniese ou vrou wat slegs dien as teenstelling vir Bacchis se karakter.

(d) Obstetrix: Lesbia (Andria) is ook 'n siniese ou vrou wat haar opinie oor die mangeslag lug en in haar gesprek met Mysis die intrige aan die gehoor help openbaar. Sy getuig ook aangaande die karakter van Pamphilus.

Die Servae word dus nie uitgebeeld as sterk karakters nie, maar hulle dien om die ontknoping van die intrige aan te help, deur belangrike informasie te verskaf in verband met die identiteit van die heldin. Hulle help ook soms om die karakters van die belangrike persone uit te beeld, of hulle help om humor in te bring deur

die gek te skeer soos Pythias met haar skerp woorde en koketterie teenoor Chremes. Hiervan word daar slegs een keer gebruik gemaak in Terentius se dramas. Oor die algemeen voer die servae slegs be-vele uit. „In most cases the maids run errands or aid in the discovery of identity but the part they play in the action is usually very slight and they are seldom used either for characterization or humor..... The role of the maid in Terence is reduced to a bare mechanical minimum.”⁴⁸⁾

Maar al word die servae nie juis as karakters uitgebeeld nie, toon die paar karaktereienskappe wat hulle toon dat hulle tog ook verskil as mense en nie heeltemal net 'n werktuig is nie.

VI. PROFESSIONELE KARAKTERS.A. PARASITUS.1. Phormio

Duckworth¹⁾ sê van hom: „Phormio, the parasite, an impudent rogue, who controls the action from beginning to end, is one of the cleverest scoundrels in ancient comedy." Norwood²⁾ noem hom „far less a parasite than a sykophanes, a subtle and elegant blackmailer."

Hy is dan ook 'n parasiet, vol selfversekering, soos Geta sê (122 sq.) „est parasitu' quidam Phormio, homo confidens."

maar hy toon nie veel van die karaktertrekke van die tradisionele parasitus van ou drama of selfs soos ons hom in Plautus se dramas aantref nie. Hyself praat slegs een maal van sy hongerigheid (v335) „alere nolunt hominem edacem," en wy dan uit oor die voordele om by ander mense te eet (vv338 - 345). Dog, soos Norwood sê³⁾: „even there, what attracts him is less the delicate viands than the sense of power and savoir - vivre - he is a scenic Aristippus."

Waarín hy hom eintlik verlustig, is om planne te maak, om stories te versin om sy vriende te help en sy vyande te kul, en alles wat hy aanpak, voer hy uit en rond hy af tot in die fynste besonderheid. Hy hou daarvan om sy mag te toon, om sy bekwaamhede te beoefen. Daar is niks wat hy so geniet as om alle verantwoordelikheid op hom te neem nie, en hy doen dit ook sommer vanself, sonder dat hy eintlik gevra word (317 sq.):

„ad te summa solum, Phormio, rerum redit:

tute hoc intristi: tibi omnest exedendum; accingere."

Hy is altyd gereed om stories uit te dink om andere te help. Hy is die welwillende raadgewer van die jeug wat aan Antipho die plan gee wat hom help om sy beminde sy vrou te maak. Dit plan is wel waaghalsig, „iocularum audaciam" (v.134), maar hy gee nie om nie, want hy is heeltemal vreesloos (v.133):

...../176 „mihi

„mihi paratae lites: quid mea?"

Hy is bereid om alle verantwoordelikheid op hom te neem, om alles haarfyn uit te werk (129 sqq.): „qui fuerit pater,

quae mater, qui cognata tibi sit, omnia
haec confingam."

Wanneer hierdie „tam facinus audax," soos Antipho dit noem(v156) uitgevoer is, en hy uitgevind het dat Antipho gevlug het en dat sy pa baie kwaad is, neem hy weer alles op hom en bedink dadelik 'n nuwe plan (v.321): „iam instructa sunt mi in corde consilia omnia." Hy het die hele saak dadelik deurgesien en in bondige taal stel hy dit aan Geta: Hy wil hê dat Phanium Antipho se vrou moet bly, dat Antipho gered moet word van sy vader se verwyte en dat die hele vloedgolf van die ou man se toorn op hom (Phormio) gerig moet word (322 sqq.) Dit alles sal hy doen: niks is te veel vir sy behendigheid nie; want hy is vol selfvertroue dat sy ingebore skrandereid en stoutmoedigheid hom ook hierin sal laat seëvier. Hy is vir niks bang nie, want dit is nie sy eerste bedrog of misdad nie (v.327), en Geta prys hom as 'n dapper man en vriend (v.324):

„o vir forti's atque amicus."

Sy filosofiese geaardheid het alle gevare reeds oordink en vir alles 'n uitweg gevind (vv330 - 336).

Met knappe behendigheid hanteer hy dan ook die hele situasie en vaar met gemaakte verontwaardiging teen Demipho uit (421 sqq.). Hy dryf hom tot rasende woede met sy raak aanmerkings, sy onweerlegbare logika, terwyl hyself koel bly, onversteurbaar, bedaard: hy het selfs die vermetelheid om voor te stel dat hulle vriende moet wees (430 sq.) Demipho is magteloos teenoor hom: hy kan niks teen sy dreigemente doen nie.

So help hy dus die lafhartige Antipho; maar hy is ook maar te bly om Phaedria te kan help as hy die geleentheid kry (596 sqq.), want hy is voorwaar 'n opregte vriend: welwillendheid kenmerk al sy handeling (561 sq.):

„praestost: audacissime oneri' quidvis inpone, ecferet;

...../177 solus

solus est homo amico amicus."

Sy skerpsinnige verstand snap onmiddellik wat aangaan. Geta is vol bewondering vir hom (591 sq.):

„Ego hominem callidiorem vidi neminem
quam Phormionem "

Hy gee gladnie om om leuens te vertel om sy vriende te help nie. Geta kan maar vertel hoe spandabel hy is, hoe volkome skaamteloos (645 sqq.). Demipho roep uit (v.644): „ut nil pudet!" Phormio weet hoe om die nodige geld van hulle af te pers op 'n fyn, subtiële wyse, en hoe om hulle nog boonop uit te lag (v.669). Demipho is wel woedend, maar hy moet die geld betaal, die geld wat Phaedria sal help. Ook hierdie plan van Phormio is foutloos uitgewerk sodat Antipho nie hoef te vrees dat hy sy vrou sal verloor nie. Phormio sal net eenvoudig nie met haar trou nie, maar voorgee dat hy ongunstige voortekens gesien het en dan die geld wat Phaedria se vriende sal gee, terugbetaal aan die ou man (696 sqq.).

Phormio is baie trots op homself dat alles so glad uitgewerk is, want hy is ook maar verwaand, so seker van homself (829 sqq.). „Argentum accepi, tradidi lenoni, abduxi mulierem, curavi propria ut Phaedria poteretur."

Hy wil graag hê dat andere moet dink dat hy slim is. Bond en Walpole⁴⁾ noem hom „a gentlemanly adventurer, careful rather of a reputation for shrewdness and tact than for honesty, unscrupulously intriguing for the gratification of self, but nice and discriminating in the choice of means."

Onselfsugtig het hy eers vir sy vriende gesorg: nou sal hy vir homself sorg. Dan val dit hom egter by dat hy nou 'n geleentheid het om Phaedria verder te help en om so die saak volkome af te rond. Hy kan dit nie laat verbygaan nie, want hy is gesteld daarop om alles wat hy doen heeltemal te voltooi. Bowendien is dit vir hom 'n genot om die ou man uit te oorleë (885 sq.):

„summa eludendi occasiost mihi nunc senes
et Phaedriae curam adimere argentariam."

Hy speel sy rol van die verontwaardigde veronregte uitstekend, sodat Demipho en Chremes lamgeslaan is. Hy wys hulle selfs daarop dat dit onregverdig is dat hulle hom nou bedrieg, hy wat 'n man van sy woord is, alhoewel hy geen wêreldse besittings het nie (v.904):

„tamen adhuc curavi unum hoc quidem, ut mi esset fides."

So verhewe is sy toon dat selfs Demipho dit nie kan uithou nie en praat van „istac magnificentia" (v.930).

Selfs hy kan egter nie altyd goedhartig bly en al die beledigings verduur nie (988 sqq.) Hy wreek hom dan ook op hulle deur alles aan Chremes se vrou te vertel. Dit kom daarvan om met Phormio die gek te skeer! (1027 sq.):

„age nunc, Phormionem qui volet laccessito:

"faxo tali sum mactatum atque hic est infortunio."

Dog sy woede duur nie lank nie, (v.1029) hy geniet sy meerderwaardige posisie te veel, en hy kry sy laaste kans om Phaedria se saak ook in 'n gunstige lig te stel en Nausistrata sy kampvegter te maak (1036 sqq.). Boonop kry hy ook 'n maaltyd op sy versoek (v.1054). Hy verdien Nausistrata se dank, want hy is voorwaar 'n vriend van die familie (v.1049):

„vostrae familiae hercle amicus et tuo summu' Phaedriae."

So beheer hy dus al die handeling, bekwaam en selfversekerd, maar nooit kwaadwillig nie, nie die uitgehongerde parasiet van vroeëre drama nie. Cicero se waardering van hom is beslis nie geregverdig nie: „Nec minus niger, nec minus confidens, quam ille Terentianus est Phormio" (Pro Caecina X)., want soos Duckworth⁵⁾ sê: „Phormio is not the typically hungry parasite of Plautus; he is an impudent rogue who engineers the trickery and whose cleverness solves the difficulties of the play. He has been called "one of the most engaging scoundrels in the rich annals of the stage."

Vgl. ook wat Sellar van hom sê:⁶⁾ „Phormio is himself a type of parasite, as distinct from Gnatho, as he is from the Gelasimus or Curculio of Plautus."

...../179 2. Gnatho

2. Gnatho : Eunuchus

Parmeno beskou Gnatho as laag en gemeen: (v.489)

„infra infimos omnis" omdat hy Thraso se aanhanger is; maar hyself meen dat hy wonderlik is. Hy loop oor van verwaandheid. Hy is beter as alle ander mense, en slimmer. Teenoor homself erken hy sy verbasing dat hy so slim kan wees en ander mense sulke gekke (232 sqq.). Hy is trots op homself en sy prestasies. Dit is selfs 'n prestasie dat hy sy erfenis uitgedobbel het (v.235)! Ja, hy is 'n man met verstand, want alhoewel hy niks besit nie, het hy ook geen gebrek nie (v.243):

„omnia habeo neque quicquam habeo; nil quom est, nil deficit tamen."

Hy is nie soos ander parasiti nie, want hy het 'n heel oorspronklike manier om kos of wat hy ookal nodig het, te kry. Hy alleen is die uitvinder daarvan (v.247):

„hoc novomst aucupium; ego adeo hanc primus inveni viam."

Beare⁷⁾ sê: „Gnatho describes himself in his monologue as a new kind of parasite, one who attaches himself to would-be wits and plays upon their vanity." Duckworth⁸⁾ sê ook van hom „Terence has endeavoured to make Gnatho an unconventional parasite. Instead of telling jokes like Gelasimus (in Plautus' Stichus) he earns his livelihood by flattering people and laughing at them."

Sy plan is om met alles saam te stem wat die persoon by wie hy hom gevoeg het, sê: hy glimlag hulle toe en prys alles wat hulle sê en doen (250 sqq.):

„sed eis ultro adrideo et eorum ingenia admiror simul.

quidquid dicunt laudo; id rursum si negant, laudo id quoque."

Dit is dan ook die beleid wat hy op Thraso toepas. Hy stem met alles saam wat hy sê en prys sy verstand en geestigheid, geniet sy grappe en vertel hom hoe wonderlik hy is. (416 sq.):

„pulchre mehercule dictum et sapienter. papae

iugularas hominem."

Hy glo natuurlik nie 'n woord van Thraso se prestasies nie, want hy is self skerpsinnig en besef baie goed hoe onnosel Thraso is,

so onnosel dat hy nie Gnatho se fyn spot en ironiese aanmerkings snap nie (cf. vv. 452, 773, 791, 1045):

„immo nullorum arbitrator,

si tecum vivit," sê hy (409 sq.) as Thraso sê dat die koning kieskeurig was in die keuse van sy vriende en daarom hom gekies het. Ook van sy spot snap Thraso niks (v.427): „facete lepide laute nil
supra.

tuomne, obsecro te, hoc dictum erat? vetu'
credidi."

Hy gee Thraso raad in al sy handelinge, vertel hom dat Thais op Pamphila jaloers is en dat hy daarvan gebruik moet maak (439 sqq.) Hy is baie selfversekerd, so dat hy Parmeno kan beledig en Phaedria se geskenke kan bespot, maar nogtans onder die dekmantel van vriendelikheid, want hy hou daarvan om in sy wysheid met andere die gek te skeer (v.269):

„nebulonem hunc certumst ludere."

Hy maak selfs asof hy Parmeno 'n baie groot guns kan bewys, want hy is ook baie kruiperig: hy maak maar so met vriende!
(v279): „sic soleo amicos."

Ook meen hy dat hy baie populêr is (256 sqq.):

„concurrunt laeti mi obviam cuppedenarii omnes."

Hy kan nie uitgepraat raak oor homself wanneer hy by Thraso is nie. Teenoor hom is hy die onderdanigheid en behulpsaamheid self. Hy luister gedwee na sy vertellings, hoewel hy homself nie kan bedwing om vir homself te sê dat hy dit al 'n duisendmaal gehoor het nie (422), of om soms op die verkeerde plek te lag (497 sqq.) Dog hy weet gou hoe om dit aan Thraso te verduidelik sodat hy sy eiewaan streel. Sy opmerkings is sinies, vol snydende spot(790 sq.): „di vostram fidem,

quantist sapere! numquam accedo quin abs te abeam doctior"

Tog is dit vleitaal vir Thraso (v.802):

„miseret tui me qui hunc tantum hominem facias inimicum tibi."

Hy beledig Chremes wel op Thraso se bevel (v.799), maar raai

...../181 Thraso

Thraso dadelik aan om liewers huis toe te gaan (v.811), want hy is self niks anders as 'n lafaard nie. Hy is ook oor niks anders bekommerd as om altyd genoeg kos te hê nie. „He runs true to type also in his interest in food.” sê Duckworth.⁹⁾ Dit is dan ook sy versoek aan Thraso (1058 sqq.):

„postulo ut mihi tua domus

te praesente absente pateat, invocato ut sit locus semper.”

Sy optrede is heeltemal selfsugtig en hy erken dit ook, want hy is heeltemal gevoelloos (v.1070):

„me huius quidquid facio id facere maxime causa mea.”

Agter Thraso se rug beledig hy hom en vra Phaedria om hom tot hulle huishouding toe te laat, want sy wysheid kan Thraso nie meer uithou nie (1085 sq.). Hy is voorwaar 'n verwaande vent! Soos Parmeno van hom sê (v.254):

„scitum hercle hominem! hic homines prorsum ex stultis insanos facit.”

Ten spyte van sy gebreke, is hy tog komies: „a really humorous parasite, Gnatho,”¹⁰⁾ „a new and more subtly conceived type of parasite.”¹¹⁾

B. MILES.

3. Thraso : Eunuchus

Beare¹²⁾ sê van Thraso: „Terence's Captain is boastful, lecherous and cowardly, like all other Captains,” en ook: „Thraso seems to be very much the stock type of captain.”¹³⁾

Maar Thraso is nie heeltemal die stereotype soldaat nie. Hy is vol verwaandheid, maar nie oor sy militêre prestasies nie: hy spog met sy geestigheid en slimheid. Duckworth¹⁴⁾ sê hiervan: „Thraso differs in many respects from the soldier as portrayed by Plautus. Although he is amusingly stupid and conceited, he does not boast of his military exploits; he prides himself upon his wit, and his victories are those of the word rather than of the sword.” Ook Rose¹⁵⁾ beskou hom as nie so 'n klug as die miles van Plautus nie:

...../182 „Thraso

„Thraso, a less farcical Pyrgopolynices, attended by a really humorous parasite, Gnatho."

Hy is in werklikheid net 'n onnosele grootprater wat nie kan agterkom dat Gnatho hom vir die gek hou nie. Hy is oortuig daarvan dat hy 'n spesiale gawe besit om alle mense se guns te wen (395 sq.):

„est istuc datum

profecto ut grata mihi sint quae facio omnia."

Die koning het hom kastig altyd meer bedank as andere en hom so vertrou dat hy sy hele leër en beleid aan hom toevertrou het (396 sqq.) Hy praat gedurig van die oorwinnings wat hy deur middel van sy geestigheid behaal het, terwyl dit in werklikheid maar baie flou is, en vertel dit oor en oor. Tog is hy te onnosel om die ironie in Gnato se vraag te snap as hy wil weet of hyself die geestige antwoorde uitgedink het (427 sqq.) Ewe selfvoldaan antwoord hy (v. 429):

„meumst."

In sy verwaandheid glo hy dat Thais jaloers is op hom; tog moet hy Gnato se raad vra of hy haar moet vertel dat hy nie op Pamphila verlief is nie. (434 sqq.). Hy neem dan ook Gnato se raad aan om haar jaloers te maak met Pamphila (v. 451), want hyself is baie verlief op Thais (v. 1053)

„perii, quanto minu' spei 'st tanto magis amo"
en baie jaloers (cf 137 sqq. en 437 sqq):

„si quando illa mentionem Phaedriae

facit aut si laudat, te ut male urat?"

Hy vertrou haar nie en is so vermakerig dat hy eers nie Pamphila aan haar wil gee nie, maar allerlei verskonings besin (v. 138), en haar probeer jaloers maak deur voor te gee dat hyself op Pamphila verlief is (624 sqq.)

Nogtans is hy darem vrygewig: dit is sy een goeie eienskap. Hy koop duur geskenke vir Thais, soos Pamphila: voorwaar 'n duur geskenk wat selfs Chaerea imponeer (v. 353). Dit is natuurlik eintlik meer om te spog as iets anders, want hy is ryk: sy geld is al

...../183 wat

wat hy het (v.1078):

„principio et habet quod det et dat nemo largius."

Hy beloof Gnatho enigiets as hy sy saak by Thais kan bevorder (v.1057): „id optatum auferes." Hy is wel op haar verlief, maar meer gesteld op sy geld en sy mooi geskenke: hy meen dat hy haar daarmee kan omkoop, en wil weet of sy hom liefhet omdat hy vir haar die mooi slavinnetjie gegee het (455 sq.).

Hy is ook opvlieënd van geaardheid en ongeduldig. Hy hou aan by Thais dat hulle moet gaan (v.506): „eamu'". Hy maak beledigende aanmerkings teenoor Parmeno en praat veragterend oor Phaedria se geskenke (v.471). Wanneer Chremes ook na die feesmaal kom, is hy dadelik kwaad (v.618): „ill' continuo irasci." want hy is baie jaloers, dog is te lafhartig om iets te sê „neque negare audere." (619).

Om daardie rede probeer hy Thais vermaak deur te beveel dat Pamphila daarheen gebring word. Wanneer Thais weier, ontstaan 'n rusie (v.626) Hy dreig selfs dat hy die meisie met geweld sal gaan terugneem, wat tog net blote grootpraat is:

„ineptiam et magnifica verba," soos Thais dit noem (v.741).

Hy is dan ook woedend, en met 'n leër van sy bediendes kom hy asof hy 'n kasteel gaan bestorm, vol dreigemente, wat hom net nog meer bespotlik maak (773 sq.):

„primum aedis expugnabo..... virginem eripiam.....

male mulcabo ipsam."

Harsh¹⁶⁾ noem hom „the braggart Thraso, whose culinary army has come equipped with - a sponge!"

Ewe windmakerig gee hy sy bevele en is baie vererg vir Sanga wat met 'n spons kom! Sanga ken egter sy heer se dapperheid! (778 sq):

„imperatoris virtutem noveram et vim militum;

sine sanguine hoc non posse fieri; qui abstergerem vulnera?"

Sy dapperheid is dan ook van so 'n aard dat hyself in die agterhoede stelling inneem (v.781), en wanneer hy tot handeling moet oorgaan, besluit hy wyslik om liewers eers te probeer onderhandel.

...../184 (v.789)

(v.789: „omnia prius experiri quam armis sapientem decet"

Hy is maar te dankbaar om, op Gnatho se raad, sy leër te ontbind (v.816).

Wanneer hy dan hoor dat Thais nou Phaedria se minnares alleen is, wil hy sommer tou opgooi (v.1044). Hy is bereid om homself nou onvoorwaardelik oor te gee, en dit moet Gnatho vir hom doen, want hyself is te lafhartig en sleg om iets te doen (1054 sq.):

„perforce hoc precibu' pretio ut haeream in parte aliqua tandem apud Thaidem."

Alhoewel hy bly is dat Gnatho dit bewerkstellig, is hy tog nie verbaas nie, want almal is mos altyd so lief vir hom (1091 sq). Hy is egter nie bewus van Gnatho se opinie van hom nie (1079 sq):

„fatuus est, insulsu' tardu', stertit noctes et dies:

.....facile pellas ubi velis."

Met sy onnosele grootpraterij speel hy dus tog 'n belangrike rol in die komedie en verskaf veral die ligter sy daarvan: „The soldier Thraso plays an essential role from the beginning of the play to the recognition of Pamphila," verklaar Harsh.¹⁷⁾

C. LENO.

4. Dorio : Phormio

Dorio is die genadelose geldskietster wat geen simpatie en ook geen eergevoel het nie. Hy is verontwaardig dat Phaedria vir hom kwaad kan wees omdat hy sy woord wil breek, want:

„sic sum: si placeo, utere" (527).

Hy is per slot van rekening tog meer net 'n geldskietster, dit is sy beroep, en alle geldskietsters is maar skelm.

Om daardie rede skroom hy nie vir 'n oomblik om sy beloftes te breek as hy 'n beter voorstel kry nie, want sy leuse is:

„ut potior sit qui prior ad dandumst. (v.533).

Hy is heeltemal skaamteloos en wanneer Antipho hom maan

„non pudet vanitati'?" (v.525)

antwoord hy kalm: „minime, dum ob rem." (v.526)

...../185 Dit

Dit is maar soos alle geldskieters maak: hulle hoofdoel is tog maar om soveel wins te maak as wat hulle kan.

Hy is ook baie gierig, en wanneer Phaedria iets nuuts wil voorstel, stem hy dadelik in om te luister (v.487). Hy wil egter na geen beloftes luister nie, en hy is heeltemal hard en genadeloos. Geen smeekbedes van Phaedria kan hom versag nie: hy het 'n hart van klip (497 sqq.):

„adeon ingenio esse duro te atque inexorabili

ut neque misericordia neque precibu' molliri queas!"

So onmenslik wreed is hy, „homo inhumanissimus" (v.509), dat hy Phaedria se Pamphila verkoop, en hy skroom gladnie om te erken dat die dag van betaling wat hy vir Phaedria bepaal het, nog nie verby is nie: (524): „num ego istuc nego?"

Dan is hy nog boonop sarkasties daaromtrent: hy het net sy eie besittings verkoop! (v.511). Op al Phaedria se smekinge, gee hy net spottende antwoorde (v.496): „garri modo."

Hy voel veronreg, want hy is altyd skelm, soos nou ook, maar Phaedria het hom anders voorgedoen as wat hy werklik is (v.530):

„iste me fefellit, ego isti nihilo sum aliter ac fui."

Hy is maar net 'n geldskierter, wie se beroep dit is om oneerlik te wees en andere te bedrieg.

5. Sannio : Adelphoe

Sannio is die slagoffer van Aeschinus en sy helper, Syrus. Hy word deur hulle mishandel en beroof (88 sqq.) Hy roep tot almal in die gemeenskap om 'n ongelukkige en onskullige man in sy wanhoop te help (v.155):

„osecro, populares, ferte misero atque innocentibus auxilium"

Soos hy Aeschinus verseker, is hy wel 'n slawehandelaar, maar 'n eerlike man (v.161):

„leno ego sum...at ita ut usquam fuit fide quisquam optuma."

Sy vrae en antwoorde aan Aeschinus is pateties, want wat het hy gedoen om sulke behandeling te verdien? Watter reg het

...../186 Aeschinus

Aeschinus om sy slavin, wat hy gekoop en betaal het, af te neem (v.179)? Al sy dreigemente (v.163) en sarkasme (v.183) help niks, want Aeschinus steur hom nie daaraan nie. Sannio is mos maar net 'n leno soos alle ander, 'n swendelaar, leuenaar, die verderf van die jeug, en hy erken dit openlik (188 sq.):

„leno sum, fateor, perniciosus communis adolescentium,

periurus, pestis; tamen tibi a me nulla est orta iniuria."

Hy kry homself wel jammer oor die skandelige mishandeling, maar hy is ook verstandig, of lievers uitgeslape: 'n man van sy soort moet die wêreld ken! Iemand wat sy beroep wil beoefen, moet weet dat hy deur jongmanne mishandel sal word (206 sq.):

„verum cogito id quod res est: quando eum quaestum occeperis, accipiunda et mussitanda iniuria adolescentiumst."

Sy wysheid in dié opsig is onverbeterlik. Al waaroor hy bekommerd is, is geld, en daarom kan hy ewe sinies sê (v.219):

„ego spem pretio non emo."

Solank hy sy geld kan terugkry, sal hy ook enige beledigings verduur. Syrus noem hom „hominum homo stultissime." (v.218), maar hy gee niks om nie, en antwoord net sarkasties dat hy nooit slim genoeg was om nie alles wat hy kon kry, te verkies nie (221 sqq.) Hy is geldgierig soos enige leno (v.187):

„cupio, modo aequi aliquid."

Hy kan baie gou 'n saak deursien en besef wat die voordeligste vir hom sal wees (vv228 - 235). Syrus is egter te slim vir hom, en alhoewel hy hom groot probeer hou, laat sy gierigheid hom tog maar instem omdat hy besef dat hy vasgetrek is (247 sqq.). Jammerlik pleit hy selfs by Syrus om hom net te help om sy geld terug te kry: hy sal al die slae vergeet, ook die gereg. Hy is nou sag, soos Syrus sê: „iam mitis est" (v.276).

Sannio is dus eintlik nie die tipiese tradisionele leno nie. Hier word nie uitgebeeld hoe hy iemand bedrieg nie, maar hy is eintlik 'n bejammerenswaardige figuur, want hy is wel 'n swendelaar, maar tog 'n wettige handelaar wat deur Aeschinus mishandel

...../187 word

word. Duckworth¹⁸⁾ sê: „Sannio has been the victim of mistreatment and is almost a sympathetic character." Die tonele waarin hy optree word hoofsaaklik gebruik om die karakters van Aeschinus en Ctesipho te help uitbeeld.¹⁹⁾

D. EUNUCHUS.

6. Dorus : Eunuchus.

Die arme Eunuchus self is nie van veel belang nie. Hy is bowendien so lelik dat niemand veel aandag aan hom sal gee nie. Chaerea voel eintlik jammer vir sy broer dat hy so 'n geskenk aan Thais moet gee (356 sq.):

„illumne obsecro
inhonestum hominem, quem mercatus est heri, senem mulierem?"
Pythias is ook baie verontwaardig dat Phaedria kan meen dat hierdie verdorde, uitgedroogde ou man met die vel van 'n wiesel, aan hulle geskenk was (688 sq):

„hic est vietu' vetu' veterinosus senex,
colore mustelino."

Dorus self is egter 'n jammerlike figuur wat vol vrees is as Phaedria hom in hulle huis kry waar hy wegkruip met Chaerea se klere aan (v.669). Hy antwoord in so min woorde moontlik, in tranes oor Phaedria se hardhandige behandeling. Dit maak hom so deurmekaar dat hy bewe van vrees en gedwee weer ontken wat hy so pas gesê het (v.713). Hy pleit om genade (v.715): „obsecro te vero, Phaedria.", en huil jammerlik omdat hy gestraf word vir iets wat hy nie gedoen het nie. Hy het geen organiese rol in die ontwikkeling van die drama nie, maar help slegs om Chaerea se planne uit te voer, want dit is Chaerea, in die klere van die eunuchus, wat al die moeilikheid veroorsaak.

E. ADVOCATI : PHORMIO.

7. Hegio

Hegio is een van Demipho se vriende en raadgevers wat hom

...../188 moet

moet help teen die planne en strikke van Phormio, maar hy is 'n uiters versigtige man. Hy is eers bang om sy mening te lug en luister self na Cratinus se raad. Dan eers kom hy met sy weloorwoë mening. Hy is vol wysheid en selfvertroue en meen dat sy plan beter as Cratinus s'n is, want „quot homines tot sententiae: suo' quoque mos." (v.454). Hy glo 'n mens behoort nie iets te doen wat hom tot oneer sal strek nie, en dat dit skandelik is om iets wat wettiglik gedoen is, ongedaan te probeer maak (455 sq.):

„quod sit factum legibus

rescindi posse; et turpe inceptust.

8. Cratinus

Hy is die voortvarende wat Demipho die raad gee dat, wat sy seun in sy afwesigheid doen, nie wettig is nie (450 sqq.) Hy is ook baie bedagsaam en probeer net sê wat tot Demipho se voordeel sal strek (v.449)

„ego quae in rem tuam sint ea velim facias."

9. Crito

So versigtig is hy dat hy niks wil sê nie, maar meen dat daar nog veel oor die saak gedink moet word, want dit is 'n baie ernstige saak (v.457): „ego amplius deliberandum censeo,"

Elkeen van hierdie drie vriende probeer dus die beste raad vir Demipho gee, maar sy vertroue in hulle word teleurgestel, want nie twee van hulle stem ooreen nie, en hulle laat hom nog onsekerder as wat hy was: hulle maak hom net belaglik:

„incertior sum multo quam dudum" (v.459).

Hulle tree ^{op} slegs as toevallige karakters om humor te verskaf deur hulle nuttelose raad aan Demipho.

Karaktereien- skappe.	A. Parasitus 1 Phor- mio. Phormio	B. Miles 2 Gna- tho Eunnuchus	C. Ieno 4 Dorio Phormio	D. Eunnuchus 6 Dorus Eunnuchus	E. Advocati 7 Heg- 8 Cra- 9 Cri- to
Opregtheid	C				
Getrouheid	A				
Onselfsugtig- heid	B				
Welwillend- heid	B				
Bedagsaamheid					B
Opoffering	B				
Hulpvaardig- heid	A	C			
Vrygewigheid		A			
Lewenswyshheid	B				
Begeerdigheid					A
Erns					
Kalnte	A				
Deursettings- vermoë	A				
Selfversekerd- heid	A	A			A
Dapperheid	A				
Skerpheid	A				
Skerpsinnig- heid	A	A			
Vindingrykheid	A		B		
Behendigheid	A				
Sorgvuldigheid	A				
Bondigheid	A				
Versigtigheid	A				A
Geestigheid	B	B	C		
Stoutmoedig- heid	A				
Voortvarend- heid	A				B

A = Sterk
B = Middelmatig
C = Effens

Karaktereien- skappe.	A. Parasitus 1 Phor- mio. Phormio	B. Miles 2 Gna- tho Eunnuchus	C. Ieno 4 Dorio Phormio	D. Eunnuchus 6 Dorus Eunnuchus	E. Advocati 7 Heg- 8 Cra- 9 Cri- to
Negatief.					
Wysgerigheid	A	A			A
Sinisme	A	A		A	
Alwetendheid	A	A			
Windmakerig- heid		A	A		
Praatsiekheid		A	A		
Grootpraterig- heid		A	A		
Verwaandheid	A	A	A		
Aanmatiging	B		A		
Spandabelrig- heid			B		
Vermakerigheid	B	A	A		
Dikveligheid		A	A		
Inkruprig- heid		A	A		
Skyneiligheid		A			
Gemeenheid		A			
Selfsug		A			
Ondankbaarheid		B			
Ongeduldigheid	A				
(Onnoselheid)					
Stompsinnigheid			A		
Dwaasheid			A		
Wantrouwigheid			A		
Jaloosie			A		
Selfbejammering					
Onbetroubaar- heid		A			
Oneerlikheid	B	A			
Eerloosheid					
Astrantheid	A		B		
Veglustigheid	A				
Sarkasme	A	A			
Opvlieëndheid	B		A		
Onbeskoftheid		A	A		
Geweldadigheid					
Wreedheid					
Skaamteloosheid	B	A			
Lafhartigheid		A			
Hongerigheid	B	A			
Gierigheid		A			
Hulpeloosheid			A		
Geslependheid	A				

G. SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING.

Duckworth²⁰⁾ sê van die „professionele karakters:” „Professional” roles^{are}, „all apparently inherited from New Comedy and all rich in comic possibilities..... Comic characters such as the slavedealer, the parasite, the Braggart warrior would also have little appeal for Terence.”

Aangesien Terentius se dramas veel ernstiger is, komedies, maar veel eerder vol van humor as lagwekkend, maak hy ook nie veel gebruik van die tradisionele professionele karakters wat ten doel gehad het om die gehoor te laat skaterlag nie. Sy dramas lok veel eerder net 'n glimlag uit, en dus vind ons in slegs drie van sy dramas professionele karakters, en met die uitsondering van Phormio, speel hulle 'n baie klein rol.

(a) Parasitus.

Die twee parasiti, Phormio en Gnatho, toon ook dat Terentius soveel moontlik afwyk van die tradisionele karakters in sy uitbeelding daarvan. Duckworth²¹⁾ sê van die stereotype parasitus: „The parasite is the "funny" man par excellence of Roman comedy. Living by his wits and always on the lookout for a free meal, he is at times a professional jokester eager to amuse his prospective host, at times a "handy man" anxious to win favor by running errands and willing to accept both insult and abuse, at times a flatterer who points up the stupidity of others by his cynical asides. The parasite had a long tradition in the Greek theater, deriving ultimately from Epicharmus, but it is very possible that Plautus developed and enriched the role.” Verder²²⁾ sê hy ook: „Both the character of the parasite and the role he plays differ from comedy to comedy, so that it is unwise to refer to him as a conventional type; but one characteristic all parasites display in common - love of good food and a desire for free meals.....The true "art" of the parasite is to be a ridiculus, to entertain others with his jokes....Although the primary function of the role is comedy, most parasites have an important

part in the action."

Gnatho speel 'n minder belangrike rol en het geen deel in die ontwikkeling van die drama nie. Hy verskaf slegs humor met sy wysgerigheid, selfvoldaanheid en vleiery, wat hy sy „nuwe manier" noem. Hy is ook begaan oor kos soos die tradisionele parasitus. Phormio, daarenteen, beheer die handeling in die Phormio van begin tot end. Hy is 'n sterk karakter en sy persoonlikheid oorheers almal om hom: die jongmanne wat sy raad kom vra, en die ou manne teen wie hy sy planne smee. Hy is onselfsugtig, vol lewe, skerpsinnig, vindingryk en voer sy beloftes getrou uit deur al sy vriende te help waar hy kan. Die manier waarop hy Demipho en Chremes uitoorlê, is meesterlik, maar tog doen hy dit veel meer op 'n bedaarde manier as lagwekkend. Ook is hy nie veel begaan oor kos nie. „He has none of the parasite's usual characteristics,.....Neither he nor Gnatho has much in common with laughter-provoking characters such as Ergasilus, Peniculus and Gelasimus." ²³⁾

(b) Miles.

Die Miles tree slegs een keer op, in die Eunuchus. Die tonele waarin hy optree, het ook geen invloed op die ontwikkeling van die eintlike verhaal nie. Duckworth ²⁴⁾ sê hiervan: „There is a more farcical underplot in which appear two stock characters, the boastful soldier Thraso and the parasite Gnatho." Sy rol is slegs komies, want met sy onnosele verwaandheid, grootpraterij en dwaasheid verskaf hy genoeg komiese aan die spel. In Plautus is die Miles „a caricature rather than a character," ²⁵⁾ wie se oorwegende karaktereienskap grootpraterij oor sy militêre prestasies is. Dog Thraso praat nie groot oor sy oorwinnings as soldaat nie, maar wel oor sy skerpsinnige gevatheid „Thraso lacks the vigor and forcefulness of the usual miles even though he may result from Terence's attempt to be amusing in a more farcical, Plautine manner," sê Duckworth. ²⁶⁾ Norwood ²⁷⁾ wys dan ook daarop dat Terentius 'n mislukking gemaak het van sy uitbeelding van so 'n soort karakter omdat hy nie homself in komedie van so 'n aard

kon inleef nie.

C. Leno.

Die Lenones waarvan daar twee is: Dorio en Sannio, word ook nie sterk uitgebeeld nie. Duckworth²⁸⁾ sê: „The Plautine slavedealer, denounced as a class, is characterized by greed and accused of impiety, perjury, faithlessness, cruelty, and inhumanity.....Boastful and confident, proud of his astuteness but actually credulous and stupid, the leno is a conventional type of grotesque comic character who is made the victim of deception and the butt of ridicule.. The slavedealer accepts abuse calmly, even complacently, and returns it in good measure."

Die Leno was 'n sakeman, en alhoewel die handel wat hy gedryf het, vir ons onmenslik lyk, was dit in die tyd van slawehandel heeltemal wettig. Gewoonlik is die Lenones voorgestel as gierige onbeskaamde leuenaars wat almal om hulle bedrieg en uitbuit. Die twee Lenones van Terentius toon egter hierdie eienskappe in geringe mate. Hulle is wel begaan oor hulle geld en Dorio breek dan ook sy woord teenoor Phaedria, maar tog is hy eerder bejammerenswaardig. So is ook Sannio eerder 'n fatsoenlike handelaar wat deur sy klient bedrieg en mishandel word. „The farcical and grotesque note of Plautus is absent and as a result the two slavedealers become more worthy of respect."²⁹⁾

Terentius het dus ook hier probeer om karakters uit te beeld wat goeie mense is. „Terence has made of him a tradesman,"³⁰⁾ sê Norwood van die leno.

D. Eunuchus:

Die werklike Eunuchus, Dorio, tree slegs vir 'n baie kort tydjie op as 'n arme, stomme mens wat totaal deur sy meerderes oorheers word. Hy self het geen deel in die drama nie, maar dien slegs as doel vir Chaerea sodat hy, deur hom te verpersoonlik, sy plan kan uitvoer. Sy persoonlikheid kom slegs na vore in sy jammerlike onderdanigheid.

E. Advocati:

In die Phormio maak Terentius gebruik van drie advocati, raadgewers, bloot toevallige karakters wat slegs kom om Demipho raad te gee, en om sodoende 'n bietjie humor te bring deur hulle weloorwoë menings wat Demipho tog niks help nie. Hulle is al drie baie ernstig en wêreldwys. „Demipho in the Phormio seeks the advice of three advocati, and their suggestions are less than helpful. Terence's subtle humor is here most effective.”³¹⁾

Die professionele karakters tree dus op om gelag te veroorsaak in hierdie komedies, maar Terentius beperk die rol wat hulle speel tot die blote minimum, behalwe in die geval van Phormio. „Terence uses these roles less frequently and with more restraint, the soldier is less laughable, the parasite less clownish, the slavedealer more decent, but they do provide humor and somewhat more boisterous action.”³²⁾

Sy doel met hierdie karakters was dus nie om persoonlikhede uit te beeld nie: hy gebruik hulle as tradisionele tipes, en tog bly hulle nie blote tipes nie, want deur nie slegs die slegte in elkeen te teken nie, gee hy ons mense wat vir die vermaak van die gehoor verskyn en die ligte kant van die komedie beklemtoon. Dit was, per slot van rekening, sy doel. „He portrayed them with his usual restraint in an effort to avoid the farce and buffoonery of his predecessor.”³³⁾

D E E L 3.

FINALE SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING.

VII. FINALE SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING.

Terentius se dramas, soos die komedies van ander Romeinse skrywers, kan dus nie karakterstudies genoem word nie, behalwe, in 'n mate, die *Adelphoe*. Die intriges was in hoofsaak stereotipe ver-
hale waarvan die handeling aangedryf is deur toeval of bedrog, en die hoofdoel kon dus nie die uitbeelding van karakter wees nie. Die karakters groei nie uit die handeling nie, hulle karakter as sodanig bepaal nie alleen die verloop van die handeling nie, met die uitsondering van die twee broers in die *Adelphoe* en die skoonmoeder, *Sostrata*, in die *Hecyra*.

Terentius was deur talle vorms en konvensies, sover dit die teater betref, gebind. Hy kon nie sy eie karakters skep nie, want selfs in die keuse van sy stof was hy gebonde. Hy moes komedies skryf waarin sy gehore sou belangstel, verhale wat hulle geken het en kon waardeer, aangesien hulle smaak taamlik eensydig was sover dit toneelopvoerings betref. Hy kon dus nie 'n skeppende kunstenaar, een wat sy eie werke en sy eie karakters skep, wees nie. Hy neem slegs wat reeds geskep is, en verwerk en herbou dit om aan te pas by sy eie skeppende mag. Hy neem die tradisionele tipes wat hy so goed ken en waarvan hy in die proloë praat, o.a. die *Heautontimorumenos*; . 37 sqq.:—

„ne semper servo' currens, iratus senex,
edax parasitu', sycophanta autem inpudens,
avaru' leno adsidue agendi sint seni
clamore summo, cum labore maxumo.”

en die *Eunuchus*, . 35 sqq.:—

„quod si personis isdem huic uti non licet:
qui mage licet currentem servom scribere,
bonas matronas facere, meretrices malas,
parasitum edacem, gloriosum militem,
puerum supponi, falli per servom senem,
amare odisse suspicari? denique
nullumst iam dictum quod non dictum sit prius.”....

...../195 Hierdie

Hierdie tipes kom almal uit Nuwe Griekse Komedie, en Terentius het hulle dus ook geneem om in sy komedies op te tree. Hy strewedaarna om die Griekse leefwyse getrou weer te gee: die lewenshouding van die karakters, die gewoontes, die atmosfeer, die hele drama is 'n weergawe van die Griekse, 'n verwerking wel, om dit aanneemlik te maak vir die Romeinse gehore, wat self nog nie goed ingelig was oor die Griekse kultuur en leefwyse nie. Die dramas is almal Palliatae omdat dit die neiging van die tyd was om dramas, in Griekse kleeed' te skryf. Die gemeenskap waarin Terentius opgegroeï en beweeg het, se hele leefwyse was beheer deur hulle bewondering vir die Griekse kultuur. Dit was vir hulle wat Terentius geskryf het, maar ook vir die algemene volk, want sy doel was om hulle op te voed in die hoër Griekse kultuur.

„The Greek comedy of Menander was a lesson to the Romans in manners, in tolerance, in kindly indulgence to equals and inferiors, and in the cultivation of pleasant relations to one another..... The idea of 'human nature' in its weakness and in its sympathy with weakness, may be said to be the new element introduced into Roman life by the comedy of Terence. The qualities of 'humanitas, clementia, facilitas,' - general amiability and good nature, - are the virtues which it exemplifies."¹⁾

Terentius is wel lastig geval deur die vorms en konvensies van die oorspronklike wat hy getrou moes weergee; nogtans kom sy skeppende mag juis daarin uit dat hy die sosiale dramas van die Grieke so herbou het dat hy sy eie belangstelling in die menslike karakter kon toon en ook sy volmaakte beheer van dramatiese struktuur.

Hy neem die tradisionele tipes en beeld hulle uit in sy komedies, maar sy doel was om aan te toon dat hulle nie bloot tradisionele tipes hoef te wees nie en nie hoef op te tree soos van sulke tipes verwag is nie. Soos Norwood²⁾ dit uitdruk: „The trade-catalogue of theatrical humanity is to him of no value save as a starting-point." Hy skets wel die iratus senex, die servus currens,

...../196 die

die edax parasitus, die bona matrona, die meretrix mala, omdat dit van hom verwag is, maar telkens wyk sy tipe af van die tradisionele en word uitgebeeld as mense wat self dink en voel en handel volgens hulle eie wesentlike menslikheid.

Dit is wel feitlik dieselfde soorte karakters wat in elke komedie voorkom, maar hulle is nogtans nie stereotiep nie: daar is 'n groot verskeidenheid van karakters in elke soort. Elke individuele karakter word met groot sorg uitgebeeld, en al tree almal nie op as individue nie, is geen twee karakters tog dieselfde nie. Die situasies waarin hulle optree, verskil en elkeen het, behalwe die basiese karaktereienskappe van alle mense, ook sy eie onderskeiden-
de karaktertrekke. Duckworth³⁾ stel dit as volg: „In general, the characters are differentiated rather than individualized. They are far more than stock types, but they lack subtlety and complexity.”

Terentius probeer aantoon dat die karakters nie maar tipes is met aangeplakte maskers om hulle bepaalde soort voor te stel nie: hulle handelinge toon nie welke tipe hulle is nie, maar veel eerder watter soort mens hulle is. Te ver durf hy nie afwyk van die tradisionele nie, want die Romeine het, ook sover dit die teater betref, vasgehou aan hulle konvensies en tradisies, en slegs wanneer hy hulle smaak sou tevrede stel, sou hy hulle belangstelling hê. Hy neem reeds veel van die lagwekkende uit die komedies weg en skryf dramas wat bedoel is om veel eerder net 'n glimlag uit te lok, 'n simpatieke glimlag vir 'n mens soos ook die toeskouer self is en soos almal wat hy ken in sy gemeenskap.

Sy karakters is oor die algemeen goeie, fatsoenlike mense, lede van 'n fatsoenlike huisgesin in hellenistiese Athene, elkeen besig om sy eie lewe te voer soos van hom verwag word. Wat hulle doen, is nie die skepping van die skrywer nie, selfs watter tipe hulle is in die breë, is ook nie sy keuse nie: dit is reeds vir hom bepaal deur sy voorgangers. Maar hoe hulle dit doen in die kleine, dit kan hyself bepaal, en dit is daarin dat hy sy variasies bring

om hulle van mekaar te onderskei as mense. Met fyn tekeninge, subtiële skakerings in sy karaktereienskappe, neem hy die masker weg van die tipe en laat hom voor sy gehoor optree as mens, anders as ander mense van sy bepaalde soort.

„As a painter of life it is not by striking effects, but by his truth in detail, and his power of delineating the finer distinctions in varying specimens of the same type, that he gains the admiration of the reader. There are no strongly-drawn or vividly conceived personages in his plays, but they all act and speak in the most natural manner..... There is no more truthful, natural, and delicate delineator of human nature, in its ordinary and more level moods, within the whole range of classical literature," sê Sellar.⁴⁾ Beare⁵⁾ sê van hom: „In character-drawing, according to Varro, Terence was first among Latin writers of comedy." Ook Harsh⁶⁾ sê dat Terentius beskou was as die beste uitbeelders van karakter in Romeinse komedie.

In elke karakter-soort toon hy dat dit nie maar die tradisionele tipe is nie, hoewel hulle basies naastenby dieselfde eienskappe toon. „It would be a mistake to consider the characters of Roman comedy as merely stock characters, for there is a great diversity among the characters in each class," sê Duckworth.⁷⁾

Terentius se senex is nie die stereotype iratus senex, die tipe waaraan die Romeine gewoond was in ou drama, nie. Hulle toon wel sommige eienskappe wat die toeskouers van 'n Atheense vader verwag het: strengheid, opvlieëndheid, eerbaarheid, maar Terentius toon dat elkeen feilbaar is op sy eie manier, dat elkeen tog verskil van die voriges met eienskappe, variasies wat hom onderskei van die ander. Selfs al gebruik hy dikwels dieselfde name, veroorsaak dit nog geen verwarring nie, want dieselfde name word nie beperk tot een tipe nie. Chremes is soms die naam van 'n ou man en soms die van 'n jongeling. Dit is maar net die gewone name soos ons dit aantref in die alledaagse lewe, die gewone burger of

burgeres, slaaf of vryman, name wat bekend was in die alledaagse lewe van Griekse Athene, want sy doel was om die dramas se atmosfeer so Grieks as moontlik te hou.

Die adulescens is nie 'n swakkeling omdat die skrywer hom so teken nie, maar omdat die verhaal dit vereis. Tog is hy eerbiediger en gehoorsamer as die tradisionele adulescens. Hulle word in naastenby dieselfde situasies geplaas, maar tree tog nie heeltemal eenders op nie, omdat hulle nie dieselfde mens is wat net so uit een drama geneem kan word en in die volgende oorgeplaas kan word nie. Sommige is lafhartig, afhanklik van die hulp van hulle slawe of vriende, andere sterk en onbevreesd, impulsief en beminlik soos Chaerea (Eunuchus) en Aeschinus (Adelphoe). Hulle is meestal getrou aan hulle geliefdes, maar elkeen op sy eie manier.

Die servus is nie die stereotipe slim slaaf nie: Terentius be-roof hom van sy tradisionele eienskap. Slim is hulle wel nog, maar party van hulle word self bedrieg en kry nie geleentheid om hulle bekwaamheid te toon nie; party kry wel alle geleentheid om hulle wysheid te toon, dog rig niks daarmee uit nie. Hulle word nie oordrywend geskets nie, is nie bloot net 'n eienskap nie, maar ook 'n mens, al is dit maar net 'n slaaf. Hulle karakters groei wel nie uit die handeling van die drama nie, hulle is slegs daar om die handeling aan te help en om soms die komiese in te bring, maar hulle is nie almal eenders nie.

Die Feminae is nie die gewone matrona soos die tradisionele tipe nie. Sy kla nie voortdurend oor haar eggenoot se ontrouheid nie en verwyt hom ook nie. Sy is ook 'n moeder soms, diep bekommerd oor haar kind, 'n mens wat met haar karakter andere se lewens kan beïnvloed, soos die sterk skoonmoeder, Sostrata, in die Hecyra. Sommige van die matronae is miskien tē goed, tē eerbaar en opreg, maar dan ook weer nie almal nie, sodat hulle nie maar 'n bepaalde tipe bly nie. So is ook die meretrix net die teenoorgestelde van wat gewoonlik van haar verwag is, met die uitsondering van Bacchis in die

...../199 Heautontimorumenos,

Heautontimorumenos, en selfs sy is nie heeltemal sleg nie. Terentius toon dat die meretrix nie maar 'n slegte vrou is, geldgierig en selfsugtig, nie. Sy is ook maar 'n mens, elk met haar eie probleme en haar eie gevoelens en begeertes: hy neem die aangeplakte term van haar weg en ontroof haar van die tradisionele geldgierigheid en losbandigheid. Ook haar sterk karakter beïnvloed soms die lewe van andere, soos Bacchis in die Hecyra.

Selfs die verskillende servae, wat geen inherente deel van die dramas vorm nie, maar wie se hulp slegs nodig is vir die bevordering van die handeling, word elkeen geteken vir sy eie besondere optrede of doel. So het ook die professionele karakters, nie 'n groot deel in die ontwikkeling van die handeling nie, behalwe Phormio wat die handeling van sy bepaalde drama grotendeels beheer, maar ook hulle is nie maar net die tradisionele tipe nie. Die leno van Terentius is 'n ernstige slawehandelaar wat 'n beroep beoefen waarvan hy moet lewe, en nie die gewone skelm nie; tog toon hy ook die eienskap van oneerlikheid, elkeen in 'n bepaalde mate soos nodig vir sy bepaalde rol.

Oor die algemeen, dus, is die karakters almal goeie mense:

„It is, then, the plain truth that in Terence everyone (save always Thraso and Gnatho) is, despite lapses, on the whole and in his situation, sound, worthy of respect, what our colloquial language calls

'decent.'"⁸⁾ Hy probeer sy komedies op 'n hoër vlak plaas, die fatsoenlike lewe van 'n gesin van die middestand: geen groot misdade nie: meestal slegs opvoedkundige probleme, die bekommernis van vaders oor hulle kinders, jongelinge wat besig is om op te groei tot manne. „Terence portrays normal, decent, wellmeaning individuals."⁹⁾ Daar is niks verspots in sy komedies nie. Hy probeer die lagwekkende sover moontlik beperk. „His plays are marked by quiet humor rather than boisterous laughter."¹⁰⁾ Die lewe is vir Terentius baie ernstig en dit moet op 'n ernstige wyse benader word:

„Life is a serious matter; it cannot be successfully lived without

...../200 tenderness

tenderness as well as wisdom," stel Beare¹¹⁾ dit. Dit is geen personifikasie van eienskappe nie: daar is geen oordrywing of kariatuur nie. Sellar¹²⁾ sê: „The character-painting in Terence is altogether free from the tendency to exaggeration and caricature which is the besetting fault of some of the greatest humourists."

Sy karakters is goeie, gewone mense uit die alledaagse lewe: „Characters, circumstances, motives, etc., are all in keeping with a cosmopolitan type of citizen or family life, courteous and humane, taking the world easily, and outwardly decorous in its pleasures, but without serious interests, or high aspirations."¹³⁾ Omdat hy 'n ernstige skrywer was, is sy komedies veel meer vol humor as uitbundige lawwigheid. Sy hoofdoel is nie om die belaglike in elke karakter uit te bring nie. Sy vaders is eerbare ou manne, die jongelinge wel ongehoorsaam, maar vol eerbied teenoor hulle ouers; ook die slawe is eerbiedig teenoor hulle meesters. Selfs die meretrices is nie bloot selfsugtige meisies nie. Om hierdie rede kom sommige van sy karakters, veral die van die vroue soms as tē goed, tē onreël voor. „He avoids farcical and grotesque roles and seeks to represent his characters as well-meaning and decent citizens. They are admirably adapted to comedies designed to arouse "thoughtful laughter," sê Duckworth.¹⁴⁾

Die karakters is wel nie baie sterk nie en oor die algemeen groei hulle ook nie uit die drama self nie. Demea en Micio, die streng en die toegewende broers in die Adelphoe, die edel skoonmoeder en die teerhartige meretrix in die Hecyra, is die sterkste karakters in die komedies. Desnieteenstaande, word elke karakter tog geteken as 'n mens. Daar is soveel variasies binne elke soort dat daar nie sondermeer van 'n tipe gepraat kan word nie. Niemand tree op 'n bepaalde wyse op, juis omdat hy daardie tipe is nie, maar omdat hy ook 'n mens is, anders as andere, al is hy tog dieselfde soort mens, met dieselfde probleme en moeilikhede: 'n ouer wat bekommerd is oor sy kind, 'n jongeling wat verlief is op 'n meisie, 'n slaaf wat sy heer behulpzaam is, 'n eggenote en moeder

'n meretrix wat nie 'n burgeres mag word nie, 'n slawehandelaar wat ook moet lewe en daarom ook bedrog moet pleeg as dit nodig is in die uitoefening van sy beroep.

Daar is geen personifikasie van eienskappe nie: dit is wel universele eienskappe wat te alle tye in mense aangetref word, mense van verskillende soorte, maar daar is geen bepaalde formule vir elke tipe nie. Dit is wel dieselfde soort mense, mense van dieselfde stand en gemeenskap, want in die seleksie van sy karakters was hy in 'n groot mate gebonde aan die tradisie van sy tyd, en hy kon hom nie daaraan onttrek nie. Nogtans is sy karakters almal mense, op 'n subtiele wyse van mekaar onderskei. Niks is te gering vir sy aandag nie:-

„Homo sum: humani nil a me alienum puto.“¹⁵⁾

AANTEKENINGE EN BRONNE.DEEL EEN.I. DIE AGTERGROND VAN TERENCE'S KARAKTERS.

- ✓ 1) Cf. Ashmore, S.G. : The Comedies of Terence : Introduction, p.4.
- ✓ 2) Duckworth, G.E. : The Nature of Roman Comedy, p.25.
- ✓ 3) Harsh, P. : A Handbook of Classical Drama, p.317.
- ✓ 4) Duff, J. Wight. : A Literary History of Rome : From the Origins to the Close of the Golden Age, p.121.
- 5) Duff, J. Wight. : Ibid., p. 122.
- ✓ 6) Duckworth, G.E. : Op. Cit., p. 31.
- ✓ 7) Horatius. : Epistulae II, 1, 139-163 (Cf. Duckworth, G.E. Op. Cit., p.4).
- ✓ 8) Cf. Duckworth, G.E. : Op. Cit., p. 8.
- ✓ 9) : Ibid., p.11.
- ✓ 10) : Ibid., p.16.
- 11) Ashmore, S.G. : Op. Cit., p.13.
- 12) Ibid., : p.25.
- ✓ 13) Sellar, W.Y. : The Roman Poets of the Republic, p.211.
- 14) Ashmore, S.G. : Op. Cit., p.49.
- 15) Ibid. : p.43.
- ✓ 16) Duckworth, G.E. : Op. Cit., p. 89 sq.
- 17) Cf. Heautontimorumenos, Vv. 37 sqq., Eunuchus, Vv.35 sqq.
- 18) Duff, J. Wight. : Op. Cit., p.115.
- ✓ 19) Duckworth, G.E. : Op. Cit., p.81.
- 20) Duff, J. Wight. : Op. Cit., p.128.
- ✓ 21) Duckworth, G.E. : Op. Cit., p.140.
- 22) Duckworth, G.E. : The Complete Roman Drama, Volume I, p. xxviii.
- ✓ 23) Cf. Duckworth, G.E. : The Nature of Roman Comedy, p.31.

DEEL TWEE.II. SENEX.

- ✓ 1) Collins, W. Lucas. : Plautus and Terence, p.103.
- ✓ 2) ad Andria praef. 1,3
(Cf. Duckworth, G.E. : The Nature of Roman Comedy, p.242).
- 3) Cf. Duckworth, G.E. : The Nature of Roman Comedy, p.172:
„Simo in the Andria attempts to deceive his son by the trick of the pretended marriage; he is the best example in Terence of a senex who is so shrewd that he overreaches himself and continually draws the wrong conclusions..... Donatus says correctly that Simo is deceived by his own excessive sagacitas in a new fashion (ad Andria 459)."
- 4) Cf. Duckworth, G.E. : The Complete Roman Drama, Volume II, p.142: „It is the father, Simo, who attempts to trick his son and the slave by means of the pretended marriage: usually the father is the butt of the trickery."
- ✓ 5) Norwood, G. : The Art of Terence, p.30.
- 6) Harsh, P. : A Handbook of Classical Drama, p.384.
- 7) Norwood, G. : Op. Cit., p.30.
- 8) Cf. Harsh, P. : Op. Cit., p.386: „That Chremes is interested in all human affairs, especially the affairs of other people, is clearly brought out in the opening scene. So is his penchant for offering free advice on the most intimate subjects and his smug confidence in the usual moral clichés."
- ✓ 9) Duckworth, G.E. : The Nature of Roman Comedy, p.244.
- 10) Cf. Harsh, P. : Op. Cit., p.386: „In the end Chremes will find that he too has not learned the lesson of the Golden Mean, and that he will have his own advice thrown back at him with interest. He, like Menedemus, must learn the hard way. Every father is to some extent, at least, a self-tormentor."
- ✓ 11) Cf. Rose, H.J. : A Handbook of Latin Literature, p.75:
„Menedemus has driven his son, Clinia, from home by keeping too tight a reign on him, and is smitten with remorse and living a hard and laborious life by way of penance."
- 12) Cf. Harsh, P. : Op. Cit., p.386: „Contrast plays a most important part in the portrayal of the characters. That between the studiously

morose Menedemus and the affable, inquisitive Chremes, is a main interest throughout the play."

- 13) Norwood, G. : Op. Cit., p.68.
- 14) Cf. Norwood, G. : Op. Cit., p.60: „Finally the outraged father of Phaedria and Chaerea is mollified by her charm."
- ✓ 15) Cf. Bond, J. en Walpole, A.S. : „The Phormio of Terence:" Introduction, p.xxiv : „Demipho, the father is an excellent study of a man at heart a miser grasping after the money which he has paid to redeem his own and his son's honour."
- 16) Cf. Harsh, P. : Op. Cit., p.389: „The contrast between the two old men is effective."
- 17) Ibid. : p.393.
- 18) Norwood, G. : Op. Cit. p.94.
- 19) Ibid. , : p.98.
- 20) Duckworth, G.E. : The Complete Roman Drama, Volume II, p.364.
- 21) Cf. Norwood, G. : Op. Cit., p.111: „The precise centre of interest is the clash between the policy of Micio and that of Demea."
- 22) Cf. Rose, H.J. : Op. Cit., p.77: „The two brothers, Demea and Micio, are of strongly contrasted character, the former being frugal and strict, the latter easygoing."
- 23) Norwood, G. : Op. Cit. p.120.
- 24) Duckworth, G.E. : The Complete Roman Drama, Volume II, p.404.
- 25) Bond, J. en Walpole, A.S. : Op. Cit., p xxiv.
- 26) Norwood, G. : Op. Cit., p.122.
- 27) Ibid. , : p.120.
- 28) Ibid. , : p.122.
- 29) Ibid. , : p.125.
- 30) Harsh, P. : Op. Cit., p.395.
- 31) Duckworth, G.E. : The Nature of Roman Comedy, p.144.
- 32) Cf. Harsh, P. : Op. Cit., p.398: „This vengeance falls so squarely and so heavily upon Micio that he too in the end is forced to admit that his theories need rectification... Indeed, after all, perhaps it is Micio who is forced to make the greater concessions."

- 33) Norwood, G. : Op. Cit., p.117.
- 34) Cf. Bond, J. en Walpole, A.S. : Op. Cit., p.xxiv: „Nothing can be more admirable than the contrast between the two brothers: the father all anxiety for the fate of his boys, making himself by his vigour universally unpopular, obliging deceit to conceal his foibles in that son whom he keeps under his own charge."
- ✓ 35) Duckworth, G.E. : The Nature of Roman Comedy, p.245.
- 36) Cf. Beare, W. : The Roman Stage, p.95: „Demea and Micio are two elderly brothers; Micio is a genial bachelor, Demea is the care-worn father of two sons, Aeschinus and Ctesipho. Aeschinus has been adopted by his uncle, who has given him every freedom, hoping by indulgence to win his confidence; Ctesipho has been kept under strict surveillance by his cross-grained father."
- 37) Norwood, G. : Op. Cit., p.118.
- 38) Harsh, P. : Op. Cit., p.395.
- 39) Ibid. , : p.398.
- 40) Ibid. , : p.398.
- 41) Norwood, G. : Op. Cit., p.120.
- 42) Ibid. , : p.112.
- ✓ 43) Duckworth, G.E. : The Nature of Roman Comedy, p.242.
- ✓ 44) Ibid. , : p.243.
- ✓ 45) Cf. Ibid., : p.179: „It is a regular feature of Roman Comedy to present balanced pairs of characters - two brothers, two wives, or sweethearts, two old men, two slaves. Cf. Beare, W.: Op. Cit., p.97: „Terence's great interest is humanity. The keynote of his dramatic technique is contrast of character."
- ✓ 46) Duckworth, G.E. : The Nature of Roman Comedy, p.159.
- ✓ 47) Ibid. , : p.248.
- ✓ 48) Ibid. , : p.242.
- 49) Harsh, P. : Op. Cit., p.317.

III. ADULESCENS.

- 1) Norwood, G. : The Art of Terence, p.26.
- 2) Beare, W. : The Roman Stage, p.88.
- 3) Harsh, P. : A Handbook of Classical Drama, p.382.
- 4) Norwood, G. : Op. Cit. , p.32.
- 5) Harsh, P. : Op. Cit. , p.386: „Clitipho is the typically young blood enamoured of a grasping courtesan and terrified at the thought of his father's discovering the affair."
- 6) Sellar, W.Y. : The Roman Poets of the Republic, p.216.
- 7) Duckworth, G.E. : The Nature of Roman Comedy, p.242.
- 8) Harsh, P. : Op. Cit. , p.388.
- 9) Beare, W. : Op. Cit. , p.98.
- 10) Harsh, P. : Op. Cit. , p.388.
- 11) Ibid.
- 12) Harsh, P. : Op. Cit. , p.391.
- 13) Duckworth, G.E. : The Complete Roman Drama, Volume II, p.310.
- 14) Harsh, P. : Op. Cit., p.390: „The two young men are nicely characterized in their first scene. Antipho regrets having embarked upon such a rash course as his marriage proves to be. He is certainly given no consolation by Phaedria, who is rudely impatient with his cousin, being incapable of sympathy for anyone who actually possesses his love and is still unhappy."
- 15) Harsh, P. : Op. Cit. , p.396.
- 16) Ibid. , : p.397.
- 17) Duckworth, G.E. : The Nature of Roman Comedy, p.242.
- 18) Norwood, G. : Op. Cit. , p.116.
- 19) Sellar, W.Y. : Op. Cit. , p.216.
- 20) Duckworth, G.E. : The Complete Roman Drama, Volume II, p.403.
- 21) Norwood, G. : Op. Cit. , p.115.
- 22) Harsh, P. : Op. Cit. , p.397.
- 23) Ibid. , : p.396.
- 24) Duckworth, G.E. : The Nature of Roman Comedy, p.28.
- 25) Harsh, P. : Op. Cit., p.318.
- 26) Cf. Duckworth, G.E. : The Nature of Roman Comedy, p.237.

- ✓ 27) Ibid. , : p.241.
- ✓ 28) Ibid. , : p.238.
- ✓ 29) Ibid. , : p.239.
- ✓ 30) Ibid. , : p.242.
- ✓ 31) Cf. Ibid. , : p.240.
- ✓ 32) Cf. Ibid.

IV. SERVUS.

- ✓ 1) Duckworth, G.E. : The Nature of Roman Comedy, p.173.
- ✓ 2) Norwood, G. : The Art of Terence, p.33.
- 3) Duckworth, G.E. : The Complete Roman Drama, Volume II, p.142.
- 4) Ibid.
- 5) Harsh, P. : A Handbook of Classical Drama, p.382.
- 6) Ibid.
- 7) Norwood, G. : Op. Cit., p.32.
- 8) Duckworth, G.E. : The Complete Roman Drama, Volume II, p.195.
- 9) Harsh, P. : Op. Cit., p.387.
- 10) Duckworth, G.E. : The Complete Roman Drama, Volume II, p.253.
- 11) Harsh, P. : Op. Cit. , p.391.
- 12) Norwood, G. : Op. Cit. , p.92.
- 13) Harsh, P. : Op. Cit. , p.393.
- ✓ 14) Duckworth, G.E. : The Nature of Roman Comedy, p.251.
- ✓ 15) Duckworth, G.E. : The Complete Roman Drama, Volume II, p.364.
- 16) Harsh, P. : Op. Cit. , p.396.
- 17) Ibid. , : p.397.
- ✓ 18) Duckworth, G.E. : The Nature of Roman Comedy, p.252.
- ✓ 19) Ibid. , : p.249.
- ✓ 20) Ibid. , : P.173.
- ✓ 21) Ibid. , : P.250.
- ✓ 22) Ibid. , : p.251
- 23) Sellar, W.Y. : The Roman Poets of the Republic, p.215.
- 24) Ibid. , : p.216.
- ✓ 25) Duckworth, G.E. : The Nature of Roman Comedy, p.253.

V. FEMINAE.

- 1) Norwood, G. : The Art of Terence, p.96.
- ✓ 2) Duckworth, G.E. : The Nature of Roman Comedy, p.257.
- 3) Duckworth, G.E. : The Complete Roman Drama, VolumeII, p.364.
- ✓ 4) Duckworth, G.E. : The Nature of Roman Comedy, p.257.
- 5) Norwood, G. : Op. Cit. , p.91.
- 6) Ibid. , : p.95.
- 7) Ibid. , : P.91.
- 8) Ibid. , : p.112.
- 9) Ibid. , : p.145.
- 10) Ibid. , : p.28.
- 11) Ibid. , : p.147.
- ✓ 12) Duckworth, G.E. : The Nature of Roman Comedy, p.259.
- 13) Harsh, P. : A Handbook of Classical Drama, p.386.
- 14) Norwood, G. : Op. Cit. , p.145.
- 15) Ibid. , : p.58.
- 16) Sellar, W.Y. : The Roman Poets of the Republic, p.215.
- ✓ 17) Duckworth, G.E. : The Nature of Roman Comedy, p.259.
- 18) Duckworth, G.E. : The Complete Roman Drama, VolumeII, p.253.
- 19) Cf. Norwood, G. : Op. Cit. , p.60.
- 20) Harsh, P. : Op. Cit. , p.388.
- ✓ 21) Cf. Duckworth, G.E. : The Nature of Roman Comedy, p.259.
- 22) Norwood, G. : Op. Cit. , p.60.
- ✓ 23) Duckworth, G.E. : The Nature of Roman Comedy, p.259:
Cf. Norwood, G. : Op. Cit. , p.99: „Terence insists on
taking every human being on his own me-
rits; labels are mischievous rubbish in his
eyes. We have seen time and again how he loves
to take some familiar dramatis persona
and discover a new character beneath the
traditional mask....Terence always dis-
closes the strength and righteousness
of a recognised 'black sheep.' Bacchis
is his noblest achievement in this
field."
- 24) Norwood, G. : Op. Cit. , p.97.
- 25) Ibid. , : p.98.

- 26) Ibid. , : p.145.
 Cf. Duckworth, G.E. : The Complete Roman Drama, Volume II, p.364:
 „Bacchis is the most attractive courtesan
 in Roman comedy, dignified, kindhearted,
 and generous. Her actions in the play
 are the result of her character, and she
 is happy to be the means of reconciling
 Pamphilus and his wife."
- 27) Duckworth, G.E. : The Nature of Roman Comedy, p.259.
- 28) Norwood, G. : Op. Cit. , p.101.
- 29) Ibid. , : p.102
- 30) Harsh, P. : Op. Cit. , p.393.
- 31) Norwood, G. : Op. Cit. , 45.
- 32) Duckworth, G.E. : The Nature of Roman Comedy, p.253.
- 33) Harsh, P. : Op. Cit. , p.386.
- 34) Cf. Norwood, G. : Op. Cit. , p.112: „Cathara's loyalty
 brings Aeschinus to the door of his be-
 loved at a critical moment (Vv.610-634)."
- 35) Duckworth, G.E. : The Nature of Roman Comedy, p.257.
- 36) Beare, W. : The Roman Stage, p.98.
- 37) Norwood, G. : Op. Cit. , p.145.
- 38) Duckworth, G.E. : The Nature of Roman Comedy, p.259.
- 39) Norwood, G. : Op. Cit. , p.145.
- 40) Duckworth, G.E. : The Complete Roman Drama, Volume II, p.364.
- 41) Norwood, G. : Op. Cit. , p.99.
- 42) Duckworth, G.E. : The Nature of Roman Comedy, p.259.
- 43) Norwood, G. : Op. Cit. , p.24.
- 44) Duckworth, G.E. : The Nature of Roman Comedy, p.253.
- 45) Norwood, G. : Op. Cit. , p.45.
- 46) Duckworth, G.E. : The Nature of Roman Comedy, p.253.
- 47) Ibid. , : p.159.
- 48) Ibid. , : p.255.

VI. PROFESSIONELE KARAKTERS.

- 1) Duckworth, G.E. : The Nature of Roman Comedy, p.157.
- 2) Norwood, G. : The Art of Terence, p.76.
- 3) Ibid.
- 4) Bond, J. en Walpole, A.S. : The Phormio of Terence: Introduction,
 p.xxiv.

- 5) Duckworth, G.E. : The Complete Roman Drama, Volume II, p.309.
- 6) Sellar, W.Y. : The Roman Poets of the Republic, p.216.
- 7) Beare, W. : The Roman Stage, p.95.
- 8) Duckworth, G.E. : The Complete Roman Drama, Volume II, p.253.
- 9) Ibid.
- 10) Rose, H.J. : A Handbook of Latin Literature, p.75.
- ✓ 11) Sellar, W.Y. : Op. Cit. , p.216.
- 12) Beare, W. : Hermathena 71 (1948) p.80 (Cf. Duckworth, G.E: The Nature of Roman Comedy, p.265)
- 13) Beare, W. : The Roman Stage, p.95.
- 14) Duckworth, G.E. : The Complete Roman Drama, Volume II, p.253.
- 15) Rose, H.J. : Op. Cit. , p.75.
- 16) Harsh, P. : A Handbook of Classical Drama, p.388.
- 17) Ibid. , : p.387.
- ✓ 18) Duckworth, G.E. : The Nature of Roman Comedy, p.263.
- 19) Cf. Norwood, G. : Op. Cit. , pp.116 sq., 126 sq.
- ✓ 20) Duckworth, G.E. : The Nature of Roman Comedy, p.261.
- ✓ 21) Ibid. , : p.265.
- ✓ 22) Ibid. , : p.266.
- ✓ 23) Ibid. , : p.267.
- 24) Duckworth, G.E. : The Complete Roman Drama, Volume II, p.252.
- ✓ 25) Cf. Duckworth, G.E. : The Nature of Roman Comedy, p.264.
- ✓ 26) Ibid. , : p.265.
- 27) Norwood, G. : Op. Cit., p.67.
- ✓ 28) Duckworth, G.E. : The Nature of Roman Comedy, p.262.
- ✓ 29) Ibid. , : p.263.
- 30) Norwood, G. : Op. Cit. , p.148.
- ✓ 31) Duckworth, G.E. : The Nature of Roman Comedy, p.261.
- ✓ 32) Ibid. , : p.267.
- ✓ 33) Ibid. , : p.268.

...../211 Deel III

DEEL DRIE.VII. FINALE SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING.

- 1) Sellar, W.Y. : The Roman Poets of the Republic, p.213.
- 2) Norwood, G. : The Art of Terence, p.152.
- ✓ 3) Duckworth, G.E. : The Nature of Roman Comedy, p.270.
- 4) Sellar, W.Y. : Op. Cit. , p.212.
- 5) Beare, W. : The Roman Stage, p.98.
- 6) Harsh, P. : A Handbook of Classical Drama, p.376.
- 7) Duckworth, G.E. : The Complete Roman Drama, Volume I, p.xxx.
- 8) Norwood, G. : Op. Cit. , p.149.
- ✓ 9) Duckworth, G.E. : The Nature of Roman Comedy, p.270.
- 10) Harsh, P. : Op. Cit. , p.376.
- 11) Beare, W. : Op. Cit. , p.100.
- 12) Sellar, W.Y. : Op. Cit. , p.217.
- 13) Ibid. , : p.212.
- ✓ 14) Duckworth, G.E. : The Nature of Roman Comedy, p.392.
- 15) Cf. Heautontimorumenos, V.77.

BIBLIOGRAFIE.

- Ashmore, G. : The Comedies of Terence. Oxford University Press, New York, 1910.
- Beare, W. : The Roman Stage. Methuen, London, 1955.
- ✓ Bond, J. en Walpole, A.S. : The Phormio of Terence. Macmillan, London, 1931.
- ✓ Collins, W. Lucas. : Plautus and Terence. William Blackwood, London, 1873.
- Duckworth, G.E. : The Complete Roman Drama, Vols. I e II. Random House, New York, 1942.
- : The Nature of Roman Comedy, Princeton University Press, Princeton, 1952.
- Duff, J. Wight. : A Literary History of Rome: from the Origins to the Close of the Golden Age - ed. by A.M. Duff. Ernest Benn, London, 1953.
- * Gray, J.H. : Terence: Heautontimorumenos. University Press, Cambridge, 1933.
- ✓ Harsh, P.W. : A Handbook of Classical Drama. University Press, Stanford, 1948.
- Kauer, R. e Lindsay, W.M. : P. Terenti Afri Comoediae. Clarendon Press, Oxford, 1953.
- Mason, W.F. : Terence, Adelphi. University Tutorial Press, London.
- Norwood, G. : Plautus and Terence. G.G. Harrap, Massachusetts, 1932.
- ✓ : The Art of Terence. Basil Blackwell, Oxford, 1923.
- Rose, H.J. : A Handbook of Latin Literature. Methuen, London, 1958.
- Sargeaunt, J. ✓ : Terence (Loeb Classical Library). William Heinemann, Cambridge, 1953.
- ✓ Sellar, W.Y. : The Roman Poets of the Republic. Oxford University Press, London, 1932.
-